


MANUALIA COMPOSITA 2
UNISA 1988





Kalliopê was een van die nege Muses, godinne wat die kunste (verskeie letterkundige genres, musiek en dans) geïnspireer het. In laat-Romeinse tye is elkeen 'n spesifieke kunsvorm gegee. So was Kalliopê, byvoorbeeld, muse van die helde-epos. In die vroeë periodes van die Griekse en Latynse poësie was die Muses se funksies egter nie so rigied nie, en word Kalliopê met die liriese poësie verbind.

Dié afbeelding van Kalliope is afkomstig van die Francis-vaas (ongeveer 570 v.C., Florence) en is die vroegste voorstelling van 'n identifiseerbare muse (die woord KALIOPE is regs van haar kop op die kruik geskryf). Sy hou 'n stel panfluite vas. [Afbeelding na W. Roscher, Lexicon der griechischen und römischen Mythologie, Georg Olms, Hildesheim 1965]

KALLIOPE II

'N BLOEMLESING VAN GRIEKSE LIRIESE POËSIE VAN ALKMAN TOT PINDAROS

*Saamgestel met kommentaar, struktuuranalise
en interpretasie deur*

J H BARKHUIZEN

Mede-professor in Grieks
Universiteit van Pretoria

W J HENDERSON

Professor in Klassieke Tale
Randse Afrikaanse Universiteit

C A VAN ROOY

Emeritus-professor in Klassieke
Universiteit van Suid-Afrika

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
PRETORIA 1988

© 1988 Universiteit van Suid-Afrika
Alle regte voorbehou

ISBN 0 86981 529 6

Geset deur die
Universiteit van Suid-Afrika

Gedruk deur
Sigma Press
Koedoespoort

Uitgegee deur die
Universiteit van Suid-Afrika
Muckleneuk, Pretoria

δεῦρ' ἄγε, Καλλιόπεια λίγεια

(Stesichoros fr. 63P)

Die publikasie van hierdie werk is moontlik gemaak deur bykomende finansiële steun van die volgende:

Die Navorsings- en Publikasiekomitee van die Universiteit van Pretoria; die Navorsingsafdeling van die Randse Afrikaanse Universiteit.

Inhoud

VOORWOORD ix

AFKORTINGS xii

1 INLEIDING: LIRIEK 1

2 ALKMAN VAN SPARTA 5

2.1 Lewe en werk 5

2.2 Fragment van Alkman 8

Fr.1P : Partheneion (Meisieskoorlied) 8

3 ALKAIOS VAN MUTILENE 32

3.1 Lewe en werk 32

3.2 Fragmente van Alkaios 35

(a) Fr.34aL-P : Die reddende gode 35

(b) Fr.38aL-P : Drink ... voordat ons sterwe! 39

(c) Fr.42L-P : Helena en die smarte van Troje 43

4 SAPPHO VAN MUTILENE 51

4.1 Lewe en werk 51

4.2 Fragmente van Sappho 54

(a) Fr. 1L-P : Liefdesgebed 54

(b) Fr.16L-P : Mooiste is die liefde 69

(c) Fr.31L-P : Liefdesemosie 79

5 IBUKOS VAN RHEGIUM 94

5.1 Lewe en werk 94

5.2	Fragmente van Ibukos	96
(a)	Fr.1P	: Die mag van die poësie 96
(b)	Fr.5P	: Teisterende liefde 109
(c)	Fr.6P	: Onweerstaanbare liefde 117
6	ANAKREON VAN TEOS EN ABDERA	123
6.1	Lewe en werk	123
6.2	Fragmente van Anakreon	125
(a)	Fr.12P	: Liefdesgebed 125
(b)	Fr.13P	: Meisie met die bont sandale 130
(c)	Fr.50P	: Afkeur vir die ouderdom en angs oor die Onderwêreld 135
(d)	Fr.72P	: Meisie van Thrakië 139
7	SIMONIDES VAN KEOS	143
7.1	Lewe en werk	143
7.2	Fragmente van Simonides	145
(a)	Fr.26P	: Vir die gesneuweldes by Thermopulai 145
(b)	Fr.38P	: Danaë se angs ter see 151
8	BAKCHULIDES VAN KEOS	159
8.1	Lewe en werk	159
8.2	Gedig van Bakchulides	161
	Ode 3: Vir Hierôn van Sirakuse, wenner van die perdewedren te Olimpia, 468 v.C.	161
9	PINDAROS VAN KUNOSKEPHALAI	191
9.1	Lewe en werk	191
9.2	Gedig van Pindaros	195
	Isthmiese Ode 7: Vir Strepsiades van Thebe, wenner in die Pankra- tion vir seuns	195
	BIBLIOGRAFIE	213

Voorwoord

Kalliope Band II volg op Band I, 'n bloemlesing van Griekse jambiese en elegiese poësie, saamgestel met kommentaar, struktuuranalise en interpretasie deur dieselfde skrywers (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria 1986). Band II is 'n soortgelyke bloemlesing van die Griekse liriese poësie vanaf Alkman tot Pindaros. Aangesien die doel en opset daarvan, *mutatis mutandis*, dieselfde is as in die eerste band, word die leser ook na die Voorwoord van *Kalliope* I (pp. xi–xiii) verwys.

Weer eens is die soort hulp, wat by die lees en vertolking van die tekste verskaf word, bedoel om die student te begelei in die drie fases wat by die ontsluiting van 'n antieke literêre teks ter sprake kom: 1. die *taalontleding* (filologie, grammatika en tekskritiek), 2. die *vormontleding* (metrum en struktuuranalise) en 3. *vertolking* (interpretasie, literêre kritiek). Die *apparatus criticus* wat op elke teks volg, dien om sover moontlik die belangrikste teksvariante en -voorstelle (emendasies) as hulpmiddel by die kommentaar op, en vertolking van, die teks aan te dui. Ter oriëntering word die tekste voorafgegaan deur 'n kort inleiding oor die lewe en werk van elke digter.

Soos in die geval van Band I het geen bestaande model as voorbeeld vir *Kalliope* II gedien nie. Die bestaande bloemlesings bevat in hoofsaak naas die teks 'n filologiese kommentaar, terwyl struktuuranalise en vertolking selde en soms glad nie ter sprake kom nie. Om die taak van die student te vergemaklik, en

om sy begrip 'en waardering van die gedig as geheel te bevorder, het die skrywers dus telkens 'n struktuuranalise en 'n interpretasie (asook 'n literatuurlys) bygevoeg, en het hulle gepoog om 'n eie bydrae veral op dié twee gebiede te maak.

In die Republiek van Suid-Afrika — soos in toenemende mate ook elders, selfs in die 'eerste wêreld' — word Grieks nie meer op skool gedoseer nie, en moet feitlik alle studente hul studie van Grieks op universiteit begin. Wat Griekse poësie betref, lees hulle dele van Homeros en verder tragedie en/of komedie in die tweede en derde jaar. Vir die Griekse kortpoësie, soos in *Kalliope* I en II vervat, kan vroegstens in die derde en/of vierde jaar plek ingeruim word, o.a. weens die moeilike Grieks waarin dit geskryf is; in die geval van Alkman en Pindaros eers in die vierde jaar. Selfs dan moet die student nog steeds filologies-grammatiese hulp ontvang — nog meer in die liriek as in die jambiese en elegiese vers. Die liriese poësie (*stricto sensu*) bied moeiliker probleme ten opsigte van die taal en dialek, die metrum en versstruktuur, en die verskeidenheid van geleenthede waarvoor die gedigte geskep is. Om dié rede word daar dan ook in *Kalliope* II meer hulp in hierdie verband gegee.

Wat die struktuuranalise betref, mag die indruk ontstaan dat (wat hierdie dikwels verwaarloosde aspek betref, ook in die bestaande literatuur oor vele gedigte) die hulp wat aan die student verleen word, oordadig is: hy of sy sou redelik spoedig in staat wees om dit self te kan doen. Uit ons ondervinding blyk egter dat, behalwe in uitstaande gevalle, die betrokke student nog nie 'n skerp oog vir strukture met gepaardgaande gedagtegang in die poësie ontwikkel het nie, hoofsaaklik omdat die studie van Grieks as taal eers op universiteit begin en nie gestut word deur 'n 'onderbou' wat deur hoërskoolstudie opgebou is nie. In elk geval laat ons in albei bande van *Kalliope* iets aan sowel die student as die dosent oor. Eerstens kan hy die struktuuranalise kritiseer en/of hersien of daaraan toevoeg. Tweedens kan hy ondersoek instel of daar 'n groter korrelasie tussen die struktuur van 'n gedig en die vertolking van die gedig bestaan as wat ons daargestel het.

Vir die interpretasiegedeeltes by elke gedig geld dieselfde as wat in die Voorwoord tot *Kalliope* I (p. xii) gestel is. Ons bly daarvan bewus dat ons vertolking (met gepaardgaande literêre kritiek) van 'n gedig, of een waarmee ons saamstem, nie dié, of die enigste, korrekte of volledige vertolking kan wees of bly nie. Met ander woorde, die debat sal voortduur, en ou of huidige benaderings en opvattinge sal deur nuwes verander, aangevul of vervang word. Ons doel sal vervul word as verdere bespreking en kritiek deur die vertolkings geprikkel word.

Om nou nader aan die uitgangspunt, nl. die teks en die *apparatus criticus* te kom. In plaas van die teks van een of ander 'standaard'-editeur te gebruik, bied ons 'n eie teks aan deur die kritiese gebruik van wat na ons mening die beste bydraes is wat geleerdes tot die oorgelewerde teks gemaak het. Dit stem ooreen met ons praktyk in *Kalliope* I, sonder enige bedoeling om self 'n standaardteks daar te stel. Weer eens wyk ons ook af van die standaardvorm van 'n *apparatus criticus*, deur die bron van ons lesing, asook belangrike variante lesings, in

voetnote by die teks te gee. Om dit vir die leser te vergemaklik om die teks in ander belangrike standaarduitgawes te raadpleeg en vergelyk, gaan ons soos voorheen as volg te werk. Bo aan elke gedig staan eerstens die fragment- of gedignommer van die editeur wie se teks as uitgangspunt gebruik word, tesame met die eerste letter van sy naam; dit word gevolg deur die nommer(s) plus letter(s) wat in alfabetiese volgorde na ander uitgawes verwys (vir 'n sleutel tot die name van die editore, kyk p. xii). Persoonlik vind ons dat hierdie 'n makliker vergelykende verwysingstegniek is om in 'n bloemlesing te gebruik, as om sinoptiese tabelle aan die einde van die boek te verstrek.

Soos in *Kalliope* I is die werk min of meer gelykop tussen die skrywers verdeel. Elkeen het die leiding met bepaalde digters en gedigte geneem (sy voorletters word aan die einde van elke seksie aangedui), en sy konsepmanuskrip daarvoor vooraf aan die ander outeurs beskikbaar gestel; daarna is dit tydens gereelde samekomste deur al drie bespreek, gekritiseer en in hoofsaak goedgekeur, met aanvulling van die bibliografie waar nodig. Wisseling van skryfstyl, betoog en belangstelling was uiteraard weer eens onvermydelik, maar daar is gepoog om die groots moontlike gelykvormigheid te bewerkstellig.

Graag betuig die skrywers hulle opregte dank en waardering aan Gregor Maurach, hoogleraar in Braunschweig en voorheen kollega aan die Universiteit van Suid-Afrika. Te midde van vele verpligtinge en sy eie navorsing en publikasies het hy met sowel spoed as sorg die hele manuskrip gelees, verbeterings voorgestel en 'n waardevolle bydrae tot die vertolking van die gedigte gedoen. Vanselfsprekend word daarmee nie geïmpliseer dat hy alles in die boek onderskryf nie. Ons bedank vervolgens die biblioteke van die Universiteit van Suid-Afrika, van die Unversiteit van Pretoria en van die Randse Afrikaanse Universiteit vir hulp met die verkryging van veral tydskrifmateriaal. In die besonder dank ons die Universiteit van Suid-Afrika wat, net soos met *Kalliope* I, ook die publikasie van *Kalliope* II onderneem het; asook die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Pretoria vir finansiële steun deur hulle vir die publikasie verleen. Ten slotte 'n hartlike dankwoord aan ons medeskrywer W.J. Henderson wat die tekste en hele manuskrip persklaar gemaak het; en aan die Departemente Uitgewersdienste en Produksie van die Universiteit van Suid-Afrika wat die versorging en set van die manuskrip bekwaam gehanteer het. Graag bedank ons ook dr. G. Mader vir sy hulp met die korreksie van die proewe.

Die verantwoordelikheid vir enige foute en gebreke berus by die outeurs.

Die skrywers
Pretoria/Johannesburg
April 1987.

Afkortings

1. Die name van Griekse en Latynse skrywers en hulle werke word meestal afgekort soos in Liddell-Scott-Jones (afgekort LSJ), *Greek-English Lexicon* xvi–xli, en Lewis-Short, *A Latin Dictionary* vii–xi.
2. Daar word na boeke verwys deur middel van die skrywer se naam as dit sy enigste werk is, of deur middel van 'n sleutelwoord van die werk se titel.
3. Die name van vaktydskrifte word afgekort soos in *l'Année Philologique*. In die Bibliografie word die titels van die artikels en werke volledig verskaf.
4. Die gedigte se nommers word vergesel van die volgende aanduidings van die editeur(s) (vgl. die Bibliografie vir volledige gegewens):

B	Bergk
C	Campbell
D	Diehl
E	Edmonds
G	Gentili
L–P	Lobel-Page
P	Page
V	Voigt

5. Die volgende afkortings en terminologie is in die *apparatus criticus* gebruik:

alii:	"ander" manuskripte, getuies of geleerdes
alii alia:	"ander lees verskeie ander lesings"
apographi:	kopiïste
ceteri:	"die res" van die manuskripte of kritici
cod. (<i>codex</i>):	manuskrip
codd. (<i>codices</i>):	manuskripte
in marginibus scripta:	"in die kantlyne geskryf"
manus prima:	"die eerste hand", d.w.s. 'n korregeerder wat op die manuskrip self 'n "verbetering" aangebring het wat vroeër as enige ander korregeerder gedateer kan word
manus secunda:	'n "tweede hand" wat die korreksie van 'n tweede persoon op die manuskrip aandui
manus tertia:	'n "derde hand" wat die korreksie van 'n derde persoon op die manuskrip aandui
nonnulli:	"sommige" manuskripte of geleerdes
om. (<i>omisit, omiserunt</i>):	"het weggelaat"
pap.:	papirus
p.c. (<i>post correcturam</i>):	die lesing van die manuskrip "na die korreksie"
postea:	"later"
recentiores:	"meer resente" manuskripte
reliqui:	"die res"
suprascripti:	"het bokant geskryf", 'n aanduiding van 'n korreksie wat bokant die hoofteks aangebring is

6. Benewens afkortings hierbo genoem, is daar ook vryelik gebruik gemaak van algemeen taalkundig aanvaarde afkortings soos vervat in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Schoonees e.a.).
7. Vir volledige gegewens oor die tekskritici, raadpleeg Page v–x; Maehler, *Lieder I, XIII–XVIII*; Gerber, *Emendations in Pindar 1513–1972*; Degani-Burzacchini VII–X; Smyth cxxxv–cxlii.

SKRYFWYSE VAN GRIEKSE EIENAME

Griekse eiename word in Afrikaans getranskribeer eerder as om die Latynse vorm te gebruik. Dus is k bo c, -os en -on bo -us en -um, en u (soos in Afr. uwe) bo y (die y-grec) verkies. Die ch, th en ph is behou omdat hulle 'n akkurater weergawe van die Griekse χ, θ en φ is. Die Griekse ou (as ou getranskribeer) moet soos die oe in goed uitgespreek word.

1. Inleiding: Liriek

Ons generiese term 'liriek', wat vir enige kort gedig gebruik word, was vir die antieke Griek onbekend. Die genre-term *λυρικός*, afgelei van *λύρα* (die lier, die instrument wat hoofsaaklik hierdie digvorm begelei het), verskyn in oorgelewerde tekste vir die eerste maal in die *Τέχνη Γραμματική* van die Alexandrynse geleerde Dionusios Thrax (*floruit* 80 v.C.) wanneer hy die frase *λυρική ποιήσεις* gebruik. Die adjektief *λυρικός* is dan eintlik gebruik van 'n digter wat vir die *λύρα* gedig het.

Die vroeë Grieke gebruik die woorde *μολπή*, 'lied' (vgl. Hom. *Il.* 1,472; 13,637; *Od.* 1,152; Sappho fr. 96,5L–P; Simon. fr. 126,9D; Stesich. fr. 55,2P; Xenophanes fr. 1,12W; Pind. *O.* 1,102; 6,97; 10,84; fr. 52b,96Snell; Bakch. fr. 4,57) of *μέλος*, 'lied' (mv. *μέλη*; vgl. *Homeriese Himne* 19,16; en dikwels by die *lirici*: vgl. Fatouros). Die liriese digter word *μελοποιός*, 'maker van *μέλη*', genoem om hom te onderskei van die *ἐποποιός*, 'maker van *epos*', en *δραματοποιός*, 'maker van drama' (vgl. Aristoph. *Ra.* 1250; Plato *R.* 379d, 607a; Athen. 1,3c).

In plaas van die algemene genre-term soos ons 'liriek', is meer spesifieke benaminge *volgens die bepaalde geleentheid* gebruik. So vind ons bv. *hymnos* (himne), *prosôdion* (optog lied), *paiân* (loflied aan Apollo), *di-*

thúrambos (ditirambe, loflied aan Dionusos), *skolion* (drinklied), *erôtikón* (liefdeslied), *huménaios* en *epithalamion* (huweliksliedere), *thrénos* (treurlied), *enkômion* (loflied), en *epinikion* (oorwinningslied, segelied).

‘Meliese’ poësie, soos die Griekse liriek dikwels genoem word (die oudste oorblywende gebruik van μελικός vind ons egter eers in Plutarchos (1ste–2de eeu n.C.) se *Moralia* 120c, waar dit van Pindaros as liriese digter, en 348b, waar dit van die liriese poësie, gebruik word), het ook *volgens die wyse van opvoering* in twee hoofvorms ontwikkel, die solo-liriek of monodie, en die koorliriek of koraalsang.

Die solo-liriek was ‘n meer persoonlike of subjektiewe, meer private of sekulêre (d.w.s. minder deur godsdienstige geleentheid bepaalde) liriek, wat deur die digter self gesing of geïnkanteer is met lier- of fluitbegeleiding, en wat uit ‘n onbepaalde aantal vier-reëlige strofes in verskeie (hoofsaaklik Aioliese) versmate opgebou is. So ‘n monodie is bedoel vir ‘n klein, beperkte gehoor (soos in ‘n *thiasos* of by ‘n *sumposion*), en het die taal (bv. dialek), lewenswyse en wêreldbeskouing van daardie gehoor gereflekteer of vergestalt. Omdat die digter self sy gedig voor die gehoor uitgevoer het, is die ‘ek’ in hierdie soort liriek makliker met die digter se eie persoon vereenselwig, en kan soms, soos in die geval van bv. Sappho en Alkaios, baie persoonlike gevoelens en opvattinge oor die ‘hier en nou’ in so ‘n gedig voorkom. Digtters in hierdie tradisie was bv. Sappho, Alkaios, Anakreon.

Die koorliriek was meer onpersoonlik, objektief en religieus-georiënteerd as die solo-liriek. Dit is deur ‘n *ensemble* gesing en gedans met musikale begeleiding op lier, fluit en slaginstrumente (tromme, kastanette, ratels). Die struktuur is meer ingewikkeld en indrukwekkend: of ‘n reeks strofes van onbepaalde lengte, of ‘n reeks strofes in triadegroepeerings (strofe, antistrofe en epode). Die metriese basisse en die taal is hoofsaaklik Dories. Die koorsang is vir die breër *polis* geskep, en is tydens bepaalde openbare feeste voor die vergaderde *polis* opgevoer. As gevolg hiervan reflekteer dit duidelik die elemente van so ‘n geleentheid: die godsdienstige ritueel, die kultusmite, ‘n sterk gnomiese of moraliserende inslag of ‘boodskap’, en ‘n sterk bewussyn van die gemeenskap se verlede. In so ‘n komposisie is dit moeilik om seker te wees van die mate van persoonlike uiting wanneer die eerste persoon gebruik word: die ‘ek’ in hierdie liriekvorm is nie noodwendig die digter self nie. Hy praat dikwels namens ‘n gemeenskap, as verteenwoordiger. Sekere vorms van die koorliriek, bv. die *epinikia*, is voor meer beperkte gehore, soos aan

die hof van 'n tiran, opgevoer. Die belangrikste digters in hierdie vorm was Alkman, Stesichoros, Simonides, Pindaros en Bakchulides.

Antieke literêre teoretici, Grieke sowel as Romeine, het ons weinig nagelaat oor die liriese gedig. In sy *Poetica* behandel Aristoteles liriek slegs indirek. Hy verwys naamlik na die liriese vorm ditirambe, en na fluitspel (αὐλητική) en lierspel (κιθαριστική) saam met tragedie en kome-die in 1447a. Opmerklik is die noue verband wat liriek steeds met musiek gehad het, vanaf sy vroegste verskyning tot vandag (vgl. Plato *Lg.* 669, 812; *Prt.* 326). Van al die poëtiese genres het die liriek die langste as 'lied' sy verbinding met musiek behou.

Alle volkere besit 'n *corpus* van volksliedere. So ook die vroeë Grieke. Naas die verhalende sagas en religieuse inkantasies, het volksliedere die volk se tradisies, geskiedenis en sedes bewaar. Die verskeie vorms van 'liriek', die geleentheidsliedere, het geskiedenis wat tot die heel vroegste samelewings in 'Griekeland' teruggaan. Onder die Kretensers, byvoorbeeld, was die lier al teen 1500 v.C. bekend: dit word op muurskilderye van Knossos en op 'n sarkofaag van Hagia Triada uitgebeeld (afbeeldings in S. Alexiou *et al.*, *Ancient Crete*, Londen 1968, 138; P. Demargne, *Aegean Art. The Origins of Greek Art*, Londen 1964, fig. 142–143; S. Marinatos, *Crete and Mycenae*, Londen 1960, 65–69, plate XXVII–XXIX; vgl. ook die Kukladiese beeldjies van die harpspeler en fluitspeler: M. Andronicos, *The Greek Museums*, Athene 1975, 46). Homeros dra in sy eposse kennis van himnes aan gode (*Il.* 1,472–474 aan Apollo), treurliedere aan gestorwe helde soos Patroklos (*Il.* 18,314 e.v.), Hektor (*Il.* 24,723 e.v.) en Achilleus (*Od.* 24,60 e.v.), bruilofsliedere (*Il.* 18,493 e.v.), en die lier-begeleide Linoslied (*Il.* 18,572 e.v.). Die vroegste oorblywende liriese fragment in Grieks bestaan uit twee reëls en word aan 'n sekere Eumelos (c.730 v.C.) toegeskryf. Die Alexandrynse geleerdes het die gedigte van die groot lirici versamel, ingedeel in soorte en boeke, en gekommentarieer. Hulle het ook 'n lys van nege 'standaard'-lirici nagelaat: Pindaros, Bakchulides, Sappho, Anakreon, Stesichoros, Simonides, Ibukos, Alkaios en Alkman.

LITERATUUR

- Bowra, *AGL* 17–31.
- Bowra, *GLP* 1–15.
- Bowra, *Landmarks* 106–149.
- Bremer, *Het gemaskerde ik*.
- Burn, *Lyric Age*, veral 157–319.
- Edmonds, *Lyra Graeca* III, 583–679.
- Färber, *Die Lyrik*.

- Henderson, *Aristoteles en Horatius*.
Henderson, *Gesag en Norm*.
Henderson, *Apollo* 1 (1981) 10–15.
Henderson, *Humanitas* 7 (1981) 61–64.
Kirkwood 224–227.
Lattimore, *Greek Lyrics* iii–vi, xii–xiii.
Lesky 13, 107–109, 302–305, 413–417, 637–641, 750–763.
Rösler, *QUCC* 19 (1985) 131–144.
Smyth, *GMP* xvii–cxxxiv.

(WJH)

2. *Alkman van Sparta*

2.1 LEWE EN WERK

'Op twee kontinente heers 'n stryd of hy nou Lidiër of Lakoniër was: liedmakers het baie moeders' (AP 7,18,5–6). So bewaar Antipater van Thessalonika (tussen die 1ste eeu v.C. en die 1ste eeu n.C.) die antieke onsekerheid oor die herkoms van hierdie eerste groot koorlirikus waarvan 'n redelike hoeveelheid fragmente behoue gebly het. Spore van hierdie debat is herkenbaar ook in onlangse papirusvondse met kommentaar op Alkman se poësie. (P. Oxy. 2389 fr. 9 kol. i = fr. 13a,b,c Page; P. Oxy. 3389 fr. 6 kol. i, 12–13 = PMG p. 7; P. Oxy. vol. XXIX, fr. 1 kol. iii = fr. 10(a), 30–44P). Die *Souda*-leksikon (s.v. Ἀλκμάν, A1289 Adler) beweer dat Alkman 'n Lakoniër was en dat Krates gefouteer het deur die digter 'n Lidiër te noem. Hierteenoor gee Alexander van Aitolië (AP 7,709), Aelianus (VH 12,50) en Velleius Paterculus (1,18,2) Sardis in Lidië as die geboorteplek van Alkman aan. Hy sou dan na Sparta ontbied gewees het soos in die geval van Terpandros van Lesbos, Turtaios van Miletos (?), Thaletas van Gortun, Olimpos van Frigië en Polumnestos van Kolophon. Alkman se fr. 16P gee ook geen deurslag nie, aangesien dit nie noodwendig outobiografies is nie (vgl. Page, *Alcman, The Partheneion* 168; Gerber, *Euterpe* 83). Dat hy nie-Spartaans en 'n slaaf was (Herakleides van Pontos, *Pol.* 2; *Souda*) is moontlik bewerings voortspruitende uit

latere anti-Spartaanse propaganda (vgl. Smyth 170–171; Gerber, *Euterpe* 83).

Oor sy datums is ook onder die antieke *testimonia* onenigheid. Die *Souda* plaas sy *floruit* in die 27ste Olimpiade (d.w.s. 672–669 v.C.), terwyl Eusebios vanuit sy bronne die vierde jaar van die 30ste Olimpiade (657 v.C.) en die 42ste Olimpiade (612–609 v.C.) rapporteer. Sowel die *Souda* as Eusebios bring Alkman se *floruit* in verband met die sewende jaar van die bewind van koning Atus van Lidië, wat deur Herodotos tussen 678 en 629, en deur Africanus tussen 663 en 626 geplaas is. Herodotos en die *Souda*, en Africanus en Eusebios stem dus ooreen. Die latere datum word nou gestaaf deur 'n papiirusfragment van 'n kommentaar op Alkman, *P. Oxy.* 2390 fr.2 kol. ii,14 e.v. (= fr. 5.2 kol.iP), waar verwys word na 'Leotuchidas, koning van die Lakedaimoniërs' en vermoedelik sy seun en dogter, Hippokratidas en Timasimbrotas. Hulle bewind val in die laat 7de tot vroeg 6de eeue, c. 625–600 en c. 600–575 onderskeidelik.

Finale uitsluitel kan met die huidige getuienis nie bereik word nie. Die bestaande fragmente van sy gedigte bevat ook geen verwysing na eietydse geskiedenis nie. Dit kan egter met sekerheid aanvaar word dat Alkman sy skeppende lewe as digter in Sparta deurgebring het, en ook daar begrawe is, tussen die heiligdom van die Hippoëkontidai en die heroën van Herakles (Paus. 3,15,2). Hy was amptelik die afripter van staatskore van veral jong meisies, wat by feeste en godsdienstige geleenthede opgetree het (vgl. fr. 10,30–37P; Calame, *Les chœurs*, I).

Volgens die *Souda* het hy ses boeke liriese poësie geskep. Hieronder was waarskynlik *partheneia* (meisieskoorliedere), himnes aan verskeie gode, *huporchēmata* (danskoorliedere), paiane, *erotiká* (liefdesliedere), *humenaia* (trouliedere) en dalk *skolia* (drinkliedere). Sy liefdesliedere het hom die reputasie gegee van 'n 'baie erotiese' persoon en die skepper van die liefdespoësie: καὶ ὢν ἐρωτικὸς πάνυ εὐρετὴς γέγονε τῶν ἐρωτικῶν μελῶν (*Souda*), 'n oordeel wat niks met die werklike feite te make hoef te hê nie.

Alhoewel hy deels 'n tydgenoot van Turtaios in Sparta was, is die inhoud en gees van sy werk as geheel, héél anders as dié van Turtaios. Dit kan op verskillende wyses verklaar word. Eerstens het hy hoofsaaklik — maar geensins uitsluitlik — koorliriek geskryf wat deur jongvroue-kore gesing moes word; tweedens is dit moontlik dat sy poësie in hoofsaak in die vredestrydperk ná afloop van die Tweede Messeense oorlog geskryf is, en die Spartaanse *agogá* of opleidingstelsel nog verreweg nie volledig ontwikkel was nie. Nogensins bevat sy fragmente

verwysings na die militêre opleiding, en wel van die gesamentlike etes van die jong soldate, in twee fragmente (95P, 73 + 74E en 98P, 87E: *andreia*). Kyk verder Van Rooy, *Antieke Griekse Geskiedenis* 142–147.

Alkman het ook vir banketgeleenthede gedig: van die fragmente verwys na eet en drink, en hy sê van homself dat hy, wat alles eet, van warm papkos hou: 'hy eet nl. nie wat kunstig toeberei is nie — nee, soos die damos begeer hy die alledaagse spyse' (17P, 46E). Wat hier met die 'damos' bedoel word is moeilik om te bepaal, maar dit blyk by implikasie dat daar nog in Sparta luuks geëet kon word.

Van die nie-militêre sy van Sparta verneem ons in vele van sy fragmente, waaruit dit o.a. blyk dat goud nog nie soos later 'n verbode luukse in Sparta was nie. Nie alleen vergelyk hy die hare van die skone Hagesichora met suiwer goud nie (1,51–54P = 1E), maar sy jongvroue dra goue armbande of ander goue ornamente soos 'n slang van suiwer goud (1,66–67P = 1E), en hy praat ook van iemand wat 'n goue halsband dra met sierlike blare van kalcha-blomme (91P, 61E).

Indien fr. 41P, 62E met sekerheid aan Alkman toegeskryf kan word (Plutarchos, *Lukourgos* 21 haal hom aan as 'die Lakoniese digter' van die verse), dan was Alkman deeglik bewus van die twee kante (militêr en artistiek) van die lewe te Sparta in die sewende eeu: 'Want om goed op die lier te speel beweeg teen die swaard.'

Sy taal is Dories met Aioliese en Homeriese weerklanke (vgl. Page, *Alcman* 102–163). Vir kenmerke van die Doriese dialek, kyk Campbell, *GLP* 194–195; Buck, *Greek Dialects*; Koster 19; en Hoffman-Debrunner 39–47 ('Die Dorier und ihre Sprache').

TESTIMONIA

- Bowra, *GLP* 16–19.
 Campbell, *GLP* 192–194.
 Edmonds, *Lyra Graeca*, I,44–51.
 Fränkel, *EGP* 159–170.

LITERATUUR

- Bowra, *GLP* 16–28.
 Burns, *Lyric Age* 175–185.
 Calame, *Les chœurs*, II,21–22.
 Calame, *QUCC* 20 (1975) 227–228.
 Campbell, *GLP* 192–194.
 Davison, *From Archilochus* 173–195.
 Fränkel, *EGP* 159–170.
 Harvey, *JHS* 87 (1967) 67 e.v.

Janni, *StudUrb* 32 (1958) 173–181.

Janni, *StudUrb* 33 (1959) 162–172.

Lefkowitz, *Lives* 34–35.

Lesky 149–151.

Page, *Alcman* 164–166.

Treu, *RE Suppl.* XI, kol. 21 e.v.

West, *CQ* 59 (1965) 188 e.v.

(WJH)

2.2 FRAGMENT VAN ALKMAN

(a) Fr.1P (23B, 1D, E)

Partheneion (Meisieskoorlied)

* * *

Ἔστι τις σιών τίσις·

ὁ δ' ὄλβιος, ὅστις εὖφρων

ἀμέραν [δι]απλέκει

ἄκλαντος· ἐγὼν δ' αἰίδω

Ἄγιδῶς τὸ φῶς· ὀρῶ

Ἔ' ὥτ' ἄλιον,¹ ὄνπερ ἄμιν

Ἄγιδῶ μαρτύρεται

φαίνην· ἐμὲ δ' οὐτ' ἐπαινῇν

οὔτε μωμήσθαι νιν ἅ κλενὰ χοραγὸς

οὐδ' ἀμῶς ἐῆ· δοκεῖ γὰρ ἤμεν αὐτα

ἐκπρεπῆς τὼς ὥπερ αἵτις²

ἐν βοτοῖς στάσειεν ἵππον

παγὸν ἀεθλοφόρον καναχάποδα

τῶν ὑποπετριδίων ὀνείρων·

ἧ οὐχ ὀρῆς; ὁ μὲν κέλης

Ἐνετικός³ ἅ δὲ χαίτα

τᾶς ἐμᾶς ἀνεψιάς

Ἀγησιχόρας ἐπανθεῖ

χρυσὸς [ὥ]ς ἀκήρατος·

40

45

50

1. Diels: Ἄγιδῶς τὸ φῶς ὀρῶς/ὥτ' ἄλιον Puelma

2. Page, *PMG*: αὐτά (... αἱ τις) Page, *Alcman*

3. pap.: Ἐνητικός Diels: φενητικός Page

55	τὸ τ' ἀργυρίον πρὸσωπον, διαφάδαν τί τοι λέγω; Ἀγμαιχόδρα μὲν αὐτά· ἃ δὲ δευτέρῃα περὶ Ἀγιδῶ τὸ Φεῖδος ἱππος Ἰβρηγὶ Κολαῖσιος δωμαίηται. ταὶ Πεληϊάδες γὰρ αἶψιν Ὀρθήγῃ⁴ φάδος φερόμεναι νύκτα δι' αἰμβροσίαν αὔτε σήριον ἄστρον ἀνιηθιμῆναι μάχονται.	
60		
65	οὔτε γὰρ τι ποδφύβας τόσος κόδος ὦστ' αἶψιναι, οὔτε ποικιλίος δὲ δάκνων παγχερβόριος, οὐδὲ μίττα Ἀυδία, νεανίδων ἱανογ[λ]εφάδων ἀγαμία, οὐδὲ ται Νανῶς κόμαι, ἄλλ' οἱδ' Ἀδέτα οἰεδής, οὐδὲ Ζυλάκας τε καὶ Κλέρησιήρα, οὐδ' ἐς Αἰνισμαβδό[ι]τας ἐθβοῖσα φασεῖς. Ἀστειφίς [τ]ε μοι γένοιτο καὶ ποτιγλήστοι Φιλανθά Δαμαγδ[ε]ῖτα τ' ἐγαστά τε Φιανθεμίς.	
70		
75		
80	οὐ γὰρ ἃ κ[α]λὰ λίσφυδος Ἀγμαιχ[ι]όδ[ι]α παρ' αὐτῇ, Ἀγιδῶ [δὲ] π[α]ρμῆνε⁵ θωστήθ[ι]α τ' αἶψ' ἐπαινεῖ; ἀλλὰ τὰν [εὐ]χάς,⁶ οἱοί, δέξασθε· [οἱ]ὼν γὰρ ἄνα καὶ τέλως. [χο]ροοῦσσι, Φεῖτοι μὲν κ', [εἰ] γλῶσσιν μὲν αὐτὰ παρσένος μάταν ἀπὸ θόδω λαέλαστα γλαυβ' ἐγλῶσσιν δὲ τῇ μὲν Ἀώτι μάλαστα	
85		
90	ἔξ Ἀγμαιχόδ[ι]α δὲ νεανίδες αἶψιν ἰάτωρ ἐγχεύτο. Φανδάνην ἐγὼ· πόνων γὰρ	

4. pap.: ὀρθίαι schol.

5. Page alii: ὁ ἔκταυ μῆναι Page
6. Blass

τῷ τε γὰρ σηρεφόρῳ αὐ[τῶς ⁷ ἐδ[τ[ψ] κυβερνάται δὲ χρῆ κ[ή]ν νᾶϊ μάλιστ' ἀκούην·	95
ἅ δὲ τῶν Σηρηγν[ί]δων ἁοιδοτέρᾳ μὲν οὐχί, ⁸ σῆαι γάρ, ἀντ[ί] δ' ἔνδεκα παίδων δεκ[ὰς ἅδ' αἰείδ]ει. ⁹	99
φθέγγεται δ' [ἄρ'] ὧ [τ' ἐπὶ] ¹⁰ Ξάνθῳ ῥοαῖσι κύκνος· ἅ δ' ἐπιμέρῳ ξανθῷ κομίσκα [[[[	105

BRON

P. Louvre E3320 + schol. A in marginibus scripta + P. Oxy. 238P (= schol. B).

7. Page
8. Weil: μέγ' αὐδῶ Wilamowitz: alii alia
9. Wilamowitz: δεκάς οἱ αἰεῖται Blass: δεκ ἔχουσ' αἰεῖται Van Groningen: δεκάς ὡς αἰεῖται
Puelma
10. Blass

1. VERSMAAT

In sy huidige toestand bestaan die gedig uit strofes van veertien reëls elk, soos volg uit trogeïese en Aioliëse ritmes (met die choriambes –υ–υ– as basis) opgebou:

8 reëls van alternerende trogeïese katalektiese (d.w.s. onvolledige) dimeters (–υ–υ | –υυ) en enoplia (υ | –υυ– | υ–υ);

2 reëls van trogeïese trimeters (–υ–υ | –υ–υ | –υυυ);

2 reëls van akatalektiese (d.w.s. volledige) trogeïese dimeters (–υ–υ | –υ–υ);

1 reël 'n daktiliese tetrameter (–υυ | –υυ | –υυ | –υυ); en

1 reël 'n alkaïese dekasillabe (–υυυ | –υυυ | υ–υ; 49, 63, 77) of 'n alkmaniese variasie (–υυυ | –υυυ | υυυ; 35, 91).

L.W. Resolusie word gebruik, d.w.s. een lang lettergreep kan in twee kortes opgelos word (reël 56), of twee kortes kan tot een lange saamsmelt (reëls 77, 90, 91).

Vgl. Page, *Alcman* 23–25; Gerber, *Euterpe* 84–85; Campbell, *GLP* 96–197; Snell, *Griech. Metrik*⁴, 25.

2. KOMMENTAAR

1–35 Die eerste vyf-en-dertig reëls van die teks is aan die linkerkant byna totaal afwesig a.g.v. beskadiging van die papirus. Die konteks is egter herwinbaar: 'n mite van Herakles word gebruik as illustrasie van die straf van *hubris*. Reëls 34–35 lui: 'Maar onvergeetlik/was hul lyding na die euweldade wat hul bedink het.'

Die mite van Herakles se geveg (met die hulp van die Dioskouroi) teen die seuns van Hippokoön word bewaar deur 'n scholion by Clemens Alexandrinus, *Protr.* 36 (vgl. Bowra 41 n. 1; Edmonds, *Lyra Graeca* I,50–51; Bergk III, 823–826), asook deur Apollodoros (*Bibl.* 2,7,3) en Pausanias (3,15,1 e.v.). Hippokoön en Tundareos was halfbroers; twis het tussen die Hippokoöntidai en Tundaridai (Poludeukes en Kastor) ontstaan, vermoedelik omdat hulle ἀντιμνηστῆρες, 'medeminnaars', was (schol.); en Tundareos en sy

seuns is deur die Spartaanse koning Hippokoön verban. Die Clemens-scholion verteenwoordig 'n latere weergawe waarvolgens Herakles (wat nie eksplisiet in die bestaande deel van die gedig voorkom nie) die Hippokoöntidai gedood het uit weerwraak vir die dood van Oionos. Daar is verwarring in die bronne oor die uitslag van die botsing: tien uit die twaalf Hippokoöntidai gedood (Apollodoros); al twintig Hippokoöntidai dood (Diodoros 4,33). Vir volledige bespreking, sien Davison 148–153 en Page, *Alcman* 26–33. Calame II,52–59 bespreek Herakles as beskawingsheld en beklemtoon die seksuele element in die stryd tussen hom en die Hippokoöntidai. Diels 347 e.v. het 'n tweede mite, die Gigantomachia, in die derde strofe gesuggereer; vgl. o.a. Hooker 216 e.v. Dit word deur Davison 152–153 en ander in twyfel getrek; vgl. Calame II,65–66.

36 σιών: = θεών.

τίσις: 'wraak'.

37 εὐφρων: = Hom. εὐφρονέων, 'goedgesind', 'goedgestem'; vgl. Puelma 3, 7; Hooker 217: 'of good intent towards', 'well disposed to'. Die gevoel is een van vrome goedgesindheid eerder as blymoedigheid (Page).

38 ἀμέραν: = ἡμέραν. Hierdie is die eerste in 'n reeks beelde van lig en helderheid: vgl. ook φῶς (40), ἄλιον (41), φαίνην (43), χρυσός (54), ἀργύριον πρόσωπον (55), σήριον/ἄστρον (62–63) en ξανθᾶ (101).

39 δ(έ): voortvoerend: 'in dié sin sing ek ...'. Die koor wil nie soos die mitologiese *exempla* ἄφρονες wees nie, maar εὐφρονες.

40 Ἀγιδῶς: objektiewe genitief: '(eer) aan Agido'.

φῶς: akk. by αἰίδω. Ander neem dit by ὁρῶ (bv. Puelma 9–10). Waar die meeste kommentatore die lig as metafoor vir Agido se skoonheid neem, wil Hooker 213, 215 dit as 'light of deliverance' interpreteer, terwyl Puelma 13–20 argumenteer dat dit niks met fisieke skoonheid te make het nie, maar eerder met die kultiese of rituele funksie in verband gebring moet word; nl. haar 'glans' bring

lewenskrag, redding, heil. Die punt is dat die digter die meisies in terme laat sing wat *hulle* interesseer, nl. dit wat helder, mooi en glansend is; vgl. Halporn 128. Maar daarby is dit waarskynlik dat sowel die fisieke skoonheid as die rituele funksie bedoel is: in sulke seremonies word juis mooi meisies gebruik om die sukses van die ritueel te verseker; vgl. Segal 265.

- 41 $\mathcal{F}$: = $\mathcal{F}\acute{\epsilon}$ = $\acute{\epsilon}$, 'haar'. Die papyrus lees $\delta\rho\omega/\rho'$ wat as $\delta\rho\omega'/\rho'$ (= $\acute{\alpha}\rho\alpha$) of $\delta\rho\omega/\rho(\epsilon)$ vertolk is. Page het in sy *Alcman* 7 aangedui dat die laaste letter nie 'n ρ is nie, maar 'n ϵ '. Dit vertolk Puelma 8–16 as C sodat sy teks lui: $\delta\rho\omega\sigma'$ (= $\delta\rho\omega\sigma\alpha$), die vrl. participium: 'ek sing (my lied) terwyl ek na Agido se (heilsame) lig kyk'; sodoende word die sang en sien in nouer kousale verband gebring (4). Maar Page (*Alcman* 7) meen ϵ' kon geskryf gewees het, d.w.s. die akk. $\acute{\epsilon}$ ($\mathcal{F}\acute{\epsilon}$). Puelma verontagsaam ook die reëlverdeling van die papyrus ($\delta\rho\omega/\sigma$).

$\omega\tau'$: Dories vir $\omega\sigma\tau\epsilon$.

$\acute{\alpha}\lambda\iota\omicron\nu$: = $\acute{\eta}\lambda\iota\omicron\nu$.

$\acute{\alpha}\mu\iota\nu$: = $\acute{\eta}\mu\iota\nu$; ook in reël 89.

- 42 $\mu\alpha\rho\tau\acute{\upsilon}\rho\epsilon\tau\alpha\iota$: $\delta\acute{\omicron}$ f 'as getuie roep (om te skyn)', d.w.s. vir die seremonie: (vgl. Hom. *Il.* 3,276–280: $\text{Ζεὺ πάτερ} \dots / \text{Ἡέλιός θ', ὃς πάντ' ἐφορᾷς καὶ πάντ' ἐπακούεις} / \dots \text{ὕμεις μάρτυροί ἐστε, φυλάσσετε δ' ὄρκια πιστά}$ en Aisch. *Eu.* 643: $\text{ὕμᾱς δ' ἀκούειν ταῦτ' ἐγὼ μαρτύρομαι}$; vgl. bv. Page, *Alcman* 84–85; Janni, Garzya, Bowra, Puelma); $\delta\acute{\omicron}$ f 'tot getuie roep (dat Agido glansend is': Wilamowitz, gevolg deur o.a. Smyth, Van Groningen, Stoessel, Rosenmeyer, Schwenn, Pavese, Halporn); $\delta\acute{\omicron}$ f 'getuig (dat die son skyn': Segal).

- 43 $\phi\alpha\acute{\iota}\nu\eta\nu$: = $\phi\alpha\acute{\iota}\nu\epsilon\iota\nu$, infinitief by $\mu\alpha\rho\tau\acute{\upsilon}\rho\epsilon\tau\alpha\iota$; vgl. Page 84–85; West, *CQ* 15,1965,194 en Puelma 16–19. Die onderwerp van $\phi\alpha\acute{\iota}\nu\eta\nu$ is die son (vgl. bv. Pavese, *QUCC* 4,1967,122–123) eerder as Agido (Wilamowitz).

$\acute{\epsilon}\pi\alpha\iota\nu\acute{\eta}\nu$: = $\acute{\epsilon}\pi\alpha\iota\nu\epsilon\acute{\iota}\nu$.

- 44 $\mu\omega\mu\acute{\eta}\sigma\theta\alpha\iota$: van $\mu\omega\mu\acute{\alpha}\omicron\mu\alpha\iota$ (- $\epsilon\omicron\mu\alpha\iota$).

$\nu\iota\nu$: = $\alpha\upsilon\tau\acute{\eta}\nu$, d.w.s. Agido.

ἀ κλεννά: = ἡ κλεινή, 'n *hapax legomenon*, waarskynlik demonstratief, 'hierdie', d.w.s. Hagesichora (vgl. χοραγός met χοροστάτης, 84). Oor die dialekvorm van die woord, vgl. Page, *Alcman* 107–108. Puelma 24–27 verstaan ἀ κλεννά as Agido omdat Hagesichora eers in reël 51 *genoem* word — maar sy kon al hier in die seremoniële opvoering *verskyn* het.

- 45 οὐδ' ἄμῳς: = οὐδαμῳς, adv. vorm, 'n argaïese woord vir τις: 'enigsins'.

ἐῆ: = ἐᾶ, 3de pers. enk. van ἐάω. Die gedagte is dat Agido 'onbeskryfbaar' is; vgl. Puelma 27.

ἦμεν: Wes-Grieks vir Atties-Ioniese εἶναι: vgl. Buck 128, par. 7.

αὐτα: = αὐτή, 'by haarself', maar sonder die implikasie dat sy nie werklik ἐκπρεπής is nie; vgl. Page, *Alcman* 50 en n.3. Die persoon is Hagesichora (Davison 153; Page 49).

- 46 τῳς: demonstratiewe adv., korrelatief met ὥπερ: 'só ... soos ...' (ὡς ... οὕτως).

ὥπερ: = ὥσπερ; vgl. ὥτ', reël 41.

αἷτις: = εἰ τις, 'soos wanneer 'n mens'.

- 47 στάσειν: potensieële optatief. Vir die assosiasie vrou-perd (veral as simbool van trotse elegansie en skoonheid en erotiese vitaliteit), vgl. Anacr. fr.72; Semon. fr.7,57 e.v.; Aristoph. *Lys.* 1305 e.v. Campbell 203 siteer ook Hom. *Il.* 9, 123–124 en 6,506 e.v. Vgl. Calame II, 67 e.v. oor die erotiese assosiasies in die perd-motief. Die perd-beeld (46–52) word weer in reëls 59 en 92 opgeneem.

- 48 παγόν: = πηγόν.

καναχάποδα: van καναχήπους (καναχεῖν, 'om enige geraas te maak').

- 49 ὑποπετριδίων: vir ὑποπετριδίων (*metathesis*; vgl. *Etym. Mag.* 783,20; Eur. *Hec.* 71), afgelei van ὑπόπετρος, ὑποπετρίδιος, gevleuelde'. Die vertaling is dan ' 'n perd van die soort in gevleuelde drome'; die genitief is partitief (Page 86–87). Ander (bv. Fränkel, *EGP* 165; Marzullo 193–194; Calame II, 67–68; vgl. schol. A se ὑπὸ πέτρα; Hom. *Od.* 24,11–12), vertaal 'van drome wat onder die rots woon'. Die presiese bedoeling in albei gevalle is duister.

- 50 ὄρεῖς: = ὄρεας.

ὁ: demonstratief: 'hierdie'.

κέλης: gen. κέλητος, 'ryperd', 'renperd'. Daar word na Agido verwys (Page 45–46, 51; Puelma), eerder as na Hagesichora (o.a. Diels, Schwenn, Davison 153).

- 51 Ἐνετικός: die verwysing is òf na die Ἐνετοί, 'n volk van Paphlagonië, bekend vir hulle wilde muile (Hom. *Il.* 2,851–852), òf na 'Veneties', van die noord-Adriatiese volk (vgl. Venisië), bekend vir hul perde (Xen. *An.* 5,6,8; Eur. *Hipp.* 231, 1131; Strab. 5,212). Vgl. Page 87–88; Devereux, *Hermes* 94,1966,129–134; Calame II,70.

χαίτα: = χαίτη, 'los, vloeiende hare', 'maanhare', hier dubbelsinnig vir sowel die perd se maanhare as die hare van Hagesichora.

- 52 τᾶς ἐμᾶς ἐνεψιᾶς: die aristokratiese meisies in die koor, as lede van die hegte, geslote θίασος of ἀγέλη, was dalk werklik familie van mekaar. Hesuchios s.v. κάσιοι verduidelik egter dat lede van dieselfde ἀγέλη 'broers' of 'neefs' geheet het: οἱ ἐκ τῆς αὐτῆς ἀγέλης ἀδελφοί τε καὶ ἀνεψιοί.

- 55 ἀργύριον: Atties ἀργυροῦν, 'n verwysing na die maanlig op haar gesig (Page 89), én na haar skoonheid (Calame II, 102), eerder as net in kontras met die goud (Gerber). In Sappho fr.34 word hierdie bnw. van die maan gebruik; hier dui dit die tyd van die aanvang van die seremonie tydens volmaan (?), voor die sonsopkoms (vgl. 40–44), aan.

- 56 διαφάδαν: = διαφάδην, 'openlik'. Die stylfiguur waar 'n katalogus of lys skielik stopgesit word, heet *aposiopesis*, 'stilword'.

- 57 αὐτα: = αὕτη = τοιαύτα, 'is só'; of anders: 'is hier'.

- 58 ἃ δὲ δευτέρᾳ κτλ.: Verskeie vertolkings is hier voorgestel en die teks word verder aangepas na gelang Agido of Hagesichora as 'eerste' beskou word: 1. πεδ' (= πεδά = μετά) is 'n voorsetsel, ('na') met Ἀγιδώ as akkusatief: 'sy wat tweede is ná Agido', d.w.s. Hagesichora (o.a. Bowra, Janni 59–62, Puelma 29–35; Page 47–48, 51 vertolk Ἀγιδώ as akk., maar met die verduideliking dat die persoon 'tweede na Agido' enige ander lid van die koor beteken); of 2. πεδ' is bywoordelik, met Ἀγιδώ nominatief (vgl. reël 42; schol. *P. Oxy.* 2389 fr. 6,1,1 e.v.): 'sy wat tweede is daarná, nl. Agido' (o.a. Marzullo, Garzya, Calame); of 3. πεδ' moet dat. Ἀγιδοῖ en Ἰβηνῶ hê: 'sy wat tweede met Agido sal hardloop soos 'n Kolaksiese met 'n Ibeniese perd' (Page 90).

Puelma 30–31, hoewel hy Agido eerste stel, maak die belangrike punt dat daar nie noodwendig wedywering geïmpliseer word nie.

Vgl. ook Halporn 130: 'nowhere in the poem is a literal contrast between the two girls intended'; ook West, *CQ* 15, 1965, 197.

τὸ φείδος: = τὸ εἶδος, akkusatief van betrekking.

- 59 Ἰβηνῶ: Lidies (schol. B fr.6,1,10) of, minder waarskynlik, Kelties (Steph. van Bisantium s.v. Ἰβαῖοι); die datief beteken 'met' of 'vir' (d.w.s. as pasaangewer) eerder as 'teen'; vgl. Diels 358 e.v.; Page 89–90; Calame II, 70–71; Puelma 32–33).

Κολαξαῖος: Skithies (Hdt. 4, 5–7). Vgl. Puelma 32–33: Hagesichora; schol. B fr.6, kol. i; Marzullo 196–197; Devereux, *CQ* 15, 1965, 176–178.

δραμήται: = δραμεῖται (+ dat.), fut. van τρέχω. Calame II, 70–72 betoog teen die opvatting van 'n ἀγών in skoonheid of snelheid (so Smyth, Gerber, e.a., en die schol. op Aristarchos gebaseer); vgl. ook Hooker 213. Die twee edele renperde hardloop sáám of daar is min te kies tussen hulle (Page 47; Puelma 32–33; Devereux, *CQ* 15, 1965, 177).

- 60 ταί: = αἱ; ook in reël 70.

Γιελιάδες: die betekenis van hierdie woord is seker ('Duiwe'), maar die presiese verwysing is problematies. Die voorstelle kan so opgesom word:

1. Plejades, 'Duiwe': 'n ander, wedywerende koor in 'n *agôn* met ons koor (Ten Brink, Ahrens, Bowra, Page, Campbell, Garzya, Scheidweiler, Rosenmeyer); vgl. *Pleiadum chorus* (Hor. c. 4, 14,21; Prop. 4,5,36). Dis 'n goeie naam vir 'n koor van Spartaanse meisies: (a) een van die Plejade-stergroep was Taügeta, 'n Spartaanse meisie en moeder van Lakedaimon en Erotas; (b) as dogters van Atlas en die Amasonekoningin, is hulle met die dans en naglange rites in verband gebring (vgl. Kallin. fr.693Pf., Hygin. *Astr.* 2,21); (c) die 'militêre' metafore vir stryd (μάχονται, 63; ἄμυναι, 65; ἰρήνας ἐρατὰς ἐπέβαν, 91) kan dui op 'n wedywering of kompetisie deur die kore in kleredrag, wedloop (vgl. Paus. 3,13,7: δρόμον ἀγῶνα van die sog. Διονυσιάδες; Hesych. s.v. ἐνδριῶνας; δρόμος παρθένων ἐν Λακεδαίμονι; en ook die wedlope ter ere van Hera by Olimpia, Paus. 5,16,2 e.v.), sang, skoonheid en (implisiet) die dans; en (d) daar was ander sulke groepe met name soos die 'Bye' (μέλιτται) en 'Berinne' (ἄρκτοι). Teen hierdie vertolking kan betoog word dat (i) die oorlogsmetafore, en veral μάχονται, lyk te sterk vir net 'n ἀγών (maar vgl.

- Page 54–55; Kukula 216 teenoor bv. Davison 158–159); (ii) so 'n verwysing na 'n ander koor is onbekend in die Griekse liriek (Pavese, *QUCC* 4,1967,125–126); (iii) daar is in die teks self geen getuienis vir die 'Gegenchor'-vertolking nie; vgl. Wilamowitz, *Hermes* 32,1897,259; Van Groningen 253–254, 261; Schwenn 300; Davison 158–161; Page 52–53; Marzullo 198; Puelma 34 e.v.; (iv) die Marmor Parium A46 dui op 'n *agôn* van *manskore* eers vanaf 508/7: ἀφ' οὗ χοροὶ πρῶτον ἡγωνίσαντο ἀνδρῶν, ὃν (?) διδάξας ...; en (v) in fr.3,8 is ἀγῶν 'n vergadering soos by Hom. *Il.* 20,33: βᾶν δ' ἵμεναι μετ' ἀγῶνα νεῶν (vgl. Barrett, *Gnomon* 33,1961,683; Marzullo 198 n.3).
2. Plejades, die stergroep in die konstellasie van Taurus, wat gedurende die oestyd styg (Hesiod. *Op.* 383–384) en dus met die landbou verbind is. Sirius en die Plejades is kwaadwillig en skadelik — en die koor inkanteer die lied om die effek van hulle styging af te weer —, of wedywer met die koor in helderheid en glans (vgl. Blass, Diels, Smyth, Van Groningen, Davison, Burnett, *CPh* 59,1964, Marzullo 199 met schol. A 60 e.v.; B 16 e.v.; *PMG* 18). Veral twee besware kan teen hierdie interpretasie geopper word: (i) μάχονται kan nie gebruik word soos hier voorgestel word nie, en (ii) die speelse toonaard van die gedig is nie paslik vir 'n *deprecatio*-funksie wat ernstig van aard is nie (vgl. Bowra, Puelma 34, Hooker 219; en vir ander besware, Page 54–55).
 3. Plejades, 'die Duiwe', 'n bynaam vir Agido en Hagesichora, en 'n verlenging van die dieresimboliek (perde, uil, swaan) wat in verband met die aristokratiese Spartaanse meisies gebruik word. Die scholion by die Louvre-papirus en *P.Oxy.* 2389 fr.6,ii steun hierdie vertolking (vgl. Wilamowitz, Schwenn, Calame, Gentili, Halporn). Twee besware is hier geopper: (i) die Plejadestergroep is nie helder genoeg om met Sirius vergelyk te word nie (vgl. Aratos, *Phaen.* 263–264: ὀλίγαι καὶ ἀφεγγέες, en hoe moet die vergelyking tussen die duiwe (sag en vreedsaam) en Sirius (warm en skadelik) vertolk word? (ii) Is die oorlogsmetafore nie te sterk vir die verhouding of 'spanning' tussen Agido en Hagesichora aan die een kant, en die res van die koor aan die ander kant nie? Op die eerste beswaar kan geantwoord word dat Athenaios die Plejades as 'n groep beskou het as τὸ ἐνδοξότατον τῶν ἀπλῶν ἄστρων (11,490c; vgl. Theokr. 13,25; Kallim. fr.693Pf.; Davison 159–160; Halporn 135–136). Buitendien is dit Sirius se helderheid gedurende 'n bepaalde tyd van die jaar (Halporn

135–136 n.38 suggereer November), eerder as sy skadelikheid wat ter sprake is, en dus by die ligbeelding en seremonie inpas. Segal, wat basies saamstem (273–274), sien die vergelyking van Agido en Hagesichora met Sirius as skyn-ernstige, gevatte vlytaat: hulle skoonheid ‘has the baleful brilliance of the star Sirius’ (266) in hulle verhouding met of effek op die res van die meisies; Agido en Hagesichora se lig as ‘Plejades’ is soos Sirius s’n teen die koor (268, met opgaaf van verwysings). Wat μάχονται betref: oorlog en liefde verskyn elders in die gedig as deel van die skyn-ernstige, speelse toon; vgl. ⁴by reël 63.

Calame II,74–77 wys op die Homeriese assosiasies van snelheid en ligtheid rondom duiwe, en argumenteer vir die assosiasie van maagdelikheid in Alkman se gebruik.

4. Plejades, beweerde ‘uitvinders’ van koordanse en dus ‘kooraanvoerders’ (Puelma 34–35).

Sien verder by die Interpretasie.

- 61 Ὀρθρία: Daar is reeds verskil van mening tussen die tekslesing van die papirus en die lesing van die kommentaar. Drie vertolkings is voorgestel:

1. Die papirus se ὀρθρία word as dat. eienaam Ὀρθρία geneem: ‘vir Orthria’, ‘n oggendgodin, te vereenselwig met Ἀῶτι (87) (so o.a. Ten Brink, Jurenka, Diehl, Van Groningen, Schwenn, Puelma). So ‘n godin is verder onbekend.
2. Die skolias A se ὀρθρία word as dat. eienaam Ὀρθρία geneem: ‘vir Orthia’, godin van vrugbaarheid en plantegroei, met ‘n kultus van meisies; vgl. die ruïnes van die heiligdom van Artemis Orthia in Sparta (opgegrawe 1906–1910; vgl. Van Rooy, *Antieke Griekse Geskiedenis* 145) (so o.a. Davison 154–157, 165–172; Page 71–82; Puelma 13, 20 n.49, 22 n.51, 33 e.v.). Daar is ‘n metriese probleem: ὀρθρία moes ‘n lang iota gehad het, wat hier nie sou pas nie. *φωρθαῖαι* of *φωρθεῖαι* was die Spartaanse skryfwyse en uitspraak (Bowra, Van Groningen, Page 77–78 teenoor Davison 156–157).
3. ὀρθριαί (Egger, Ahrens) of ὀρθρίαί (Blass, Bowra, Gerber, Segal), is nom.mv.adj. by ταὶ Πεληιάδες, ‘in die oggend’, ‘vroee’. Hierdie interpretasie versteur die eenheid van ἄμιν Ὀρθρία φᾶρος φεροῖσαι, en is teenstrydig met νύκτα δι’ (Puelma 20 n.49).

Bowra 52 e.v. argumenteer dat die godin wat in hierdie gedig aanbid word, Helena is, beskermster van meisies in Sparta, en vereer tydens die Ἑλένεια (Hesych.; Paus. 3,15,3; Hdt. 6,61,3). Haar ver-

band met die mite aan die begin van die gedig sou dan duidelik wees: die Dioskouroi was haar broers, haar vader het Hippokoön om haar onthalwe gevrees, en haar heiligdom was naby dié van Herakles waar hy die Hippokoöntidai sou gedood het. Ook die perdemetafoor sou sinvoller wees: die assosiasie vrou-perd was algemeen (Arist. *Lys.* 1308–1315), ook in die ritueel: 'n rituele πῶλος is in Sparta gebruik in verband met die priesteresse-gilde van die Λευκιππίδες (vgl. Hesych. s.v. πωλία), en later is die priesteresse van Demeter en Persephonê πῶλοι genoem (*IG* V,1,594,2; 1444a). Alhoewel Helena ook as 'n natuurgodin aanbid is (Paus. 3,19,10; Theokr. 18,48), is die konneksie hier met Ἀώτις 'n raaisel (vgl. Theokr. *Epith. Hel.* 18,26–28). Vgl. Calame II,119 e.v.

φᾶρος: Die papirus lees φᾶρος, die schol. φαρὸς, wat vertolk word:

1. φᾶρος (τό): 'ploeg' (schol. A, P. Louvre: ἄρατρον; vgl. Herodian. II, 942, 9 Lentz; Kallim. fr.287 Pfeiffer), 'n paslike wyoffer aan 'n godin van plantegroei en landbou (Page 78–79). Geen ploeg is egter in die opgrawings by die heiligdom van Artemis Ortheia in Sparta gevind nie; 'n ploeg verskyn wel saam met Artemis op 'n muntstuk van Leontini (Sicilië), en in Romeinse tye het seuns sekels aan Artemis Ortheia gewy (Athen. *Mith.* 22,334).
2. φᾶρος, later ook φάρος: 'mantel' (Herodian. 2,942,13: ἱμάτιον en ἄρατρον). Sulke wymantels is nie ongewoon nie: Hom. *Il.* 6,302–303: aan Athena; Paus. 5,16,3: aan Hera by Olympia; maar daar is geen getuienis van 'n mantel aan Artemis gewy nie, tensy die beskrywing van Artemis as Χιτώνη deur Kallim. (*Hymn.* 3,225; vgl. Steph. Byz. s.v. Χιτώνη) ter sprake is. Vgl. Davison 160; Calame II, 128–130.
3. φᾶρος = φαρὸς = φῶς (West), volgens Puelma 20 n. 49 onsin-nig, en voorgestel om die teorie van die wedywerende koor te handhaaf, téén die getuienis van die papirus en scholion en ten spyte van φῶς in reël 40.

φεροίσας: = φερούσας, dat. by ἄμιν.

62 νύκτα δι' ἀμβροσίαν: 'deur die hemelse nag', 'n Homeriese uitdruk-king; vgl. *Il.* 10,41.

62–63 σήριον/ἄστρον: Σήριον, adj. Vir die glans van Sirius, vgl. Ibuk. fr.33P: φλεγέθων ἄπερ διὰ νύκτα μακρὰν/σείρια παμφανώωντα. Siri-us is Orion die jagter se hond (Hom. *Il.* 22,29; Hesiod. *Op.* 582 e.v.)

63 ἀνηρομένοι: Lakonies vir ἀφηρομένοι van ἀείρομαι (αἴρομαι), 'op-styg', 'in die lug sweef'; vgl. Eur. *Alc.* 450.

- μάχονται: metafores en skyn-ernstig. Die woord kom in metaforiese sin in erotiese kontekste voor: vgl. Sappho fr.60,7L–P: ἴο ἔμοι μάχεσθαι, en vgl. ook fr.1,28L–P: σύμμαχος ἔσσο; Soph. *Ant.* 781: Ἔρως ἀνίκατε μάχαν; 795: νικᾷ δ' ... ἕμερος; 800: ἄμαχος; Bakch. fr.55,2: δῶρα δυσμάχητα Μοῖσαν. Die skyn-ernstige militêre beeld keer in ἀμύναι (65) en ἰρήνας (91) terug, en dui op die onderlinge rivaliteit tussen die koorlede. Puelma 38 interpreteer die onderlinge verhoudings as deel van die enkomiastiese *sunchrisis* (vergelyking) van εἶδος, eers van Agido teenoor Hagesichora en dan van Agido en Hagesichora saam teenoor die koor.
- 64–77 Die gewone koormeisies sien hulself in hierdie gedeelte as ondergeskik aan Agido en Hagesichora in skoonheid en sangvermoë.
- 64 πορφύρας: 'rooi', met Aphrodite geassosieer; vgl. Calame II, 78.
- 65 κόρος: (sc. ἀμῖν ἐστι) 'genoeg', 'oervloed'.
- ἀμύναι: infin. van doel: 'om af te weer'.
- 66 δράκων: 'n armband in die vorm van 'n slang, 'n aanduiding van die mag van Eros (Calame II, 99). Vir Marzullo 200–201 word daar hier verwys na geskenke wat aan die χορηγός gegee word om haar te oorreed (vgl. fr.3,61–68 en 77–81).
- 68 Ἀνδρία: bekend vir weelderige modes; vgl. Sappho fr.39,2–3; 98a,10–11L–P; Verg. *Aen.* 4,216; Xen. fr.3,1. Volgens Calame II, 99–100 is die hooftooisel hier simbool van vroulike skoonheid en rypheid vir die huwelik.
- νεανίδων: die meisies is ongeveer twaalf jaar oud; vgl. παρσένος (86) en παίδων (99), en Halporn 128–129 n.19.
- 69 ἱανογλεφάρων: = ἱανοβλεφάρων, 'met donker oë'. Hesuchios en die *Souda*-leksikon verbind ἱανοκρήδεμνος (hooftooisel of sluier) met violette (ἵα). Calame II, 100 wys op die erotiese assosiasies.
- 70 Ναννώς: gen. (= Ναννοῦ). Vir die hare in erotiese kontekste, vgl. Calame II, 101. Die reeks name is in priamel-vorm, en anafories deur οὐδέ verbind. Vgl. ook 92–101, en by die Struktuur.
- 71 σιειδής: Hom. θεοειδής, 'goddelik'.
- 72 Σύλακας: = Θύλακας.
- Κλεησιθήρα: = Κλεησίθερα.
- 73–77 'n Anekdote word in dialoogvorm gegee om as illustrasie te dien van die koor se liefde vir Hagesichora (Puelma 39–40).

73 ἐνθοῖσα: Aiologies vir ἐνθοῦσα (= Dor. ἐλθοῦσα).

φασεῖς: fut. = φήσεις, Dor. φασῶ (van φημί). Ainesimbrotia is 'n koorafrigster of 'n raadgeefster vir meisies in 'n ander *thiasos*, of 'n φαρμακεύτρια vir meisies met liefdesprobleme (vgl. Theokr. *Id.* 2; Hooker 219–220; West, *CQ* 15,1965,199–200; Puelma 40–41), maar duidelik nie een van die νεάνιδες nie.

74 γένοιτο: optatiewe konjunktief, 'mag sy ... wees'; so ook ποτιγλέποι (75) = ποτιβλέποι, 'mag sy kyk na'. Vir οἷ in 'n erotiese konteks, vgl. Alk. fr.3,61–62; Hesiod. *Th.* 910 (met West se kommentaar). ποτι- is Dories vir πρός.

76 ἐρατά: = ἐρατή, 'lieflike', 'begeerlike'; ook in reël 91.

77 τείρει: die P. Louvre en die schol. B van P. Oxy. 2389, 7b 3,11 bevestig hierdie lesing teenoor τηρεῖ, 'sy hou my vas', 'hou oor my toesig', 'beskerm my' (Fränkel, Smyth, Campbell; vgl. Davison 43), maar die betekenis bly onseker: 'sy maak my moeg', 'put my uit' — maar 'met al die lof wat sy van ons kry of verwag' (Bowra 61), met al die eise wat sy aan die koor stel, met die 'artless affection' in die intieme verkeer in die *thiasos* (Page), of met die sterker erotiese verhoudings (Marzullo, Gentili, West, Calame, Puelma 39–41)? Vir erotiese gebruike van die woord, vgl. Hesiod. fr.105 Merkelbach-West: δεινὸς γάρ μιν ἔτειρεν ἔρος; Telest. fr.1,5P: τί γάρ νιν εὐηράτοιο κάλλεος ὀξὺς ἔρωσ ἔτειρεν; Anakr. fr.2,8–9P: ἐγὼ δ' ἄσημι/τείρομαι. Die stelling is 'n kompliment vir Hagesichora.

78–81 γάρ κτλ.: 'n vraag: 'staan sy dan nie hier nie?' (Page se eerste uitgawe; Gerber); vgl. reël 50 waar die aandag ook met 'n vraag op Agido gevestig word.

79 πάρ': = πάρεστι.

αὐτεῖ: = αὐτοῦ (schol.), 'net hier/daar'.

80 ἰαργμένοι: Page se voorstelle vir die ontbrekende gedeelte is δὲ πᾶρμένει (= παρᾶμένει), 'sy bly langs', of ἰκτῆρ μένει, 'sy bly naby aan'.

81 θωστήρια: 'dankoffer', 'offerete'. Die woord kom net hier en in Hesych. (= εὐωχητήρια) voor, maar θῶσθαι beteken 'om fees te vier'. Schol. A bevestig met ἑορτή, 'fees', dat ons te make het met 'n rituele offer aan die gode. Vgl. Puelma 19.

ἄμ': = ἄμά = ἡμέτερα.

ἐπαινέι: van ἐπαινέω, 'goedkeur', 'loof', 'opdra'.

- 82 τᾶν: = τῶν = αὐτῶν, d.w.s. Agido en Hagesichora wat die seremoniële pligte uitvoer terwyl die koor voortsing en -dans. Vgl. reël 96: τᾶν.
σιοί: = θεοί, en σιών (83) = θεῶν. Oor die identiteit van die besondere gode is alleen spekulاسie moontlik; vgl. Davison 161–163.
- 83 ἄνα: ἄνη = ἄνυσις, 'vervulling'; vgl. Aisch. *Th.* 713; Kallim. *Hymn. Ion.* 90.
- 84 χοροστάτης: nom. vir vokatief; die vroulik van χοροστάτης. Hagesichora word nou direk aangespreek. Haar voortreflikheid as lied- en kultusleier, en haar tegniese vaardigheid word besing (vgl. Davison 162–163; Page 92; Puelma 23–24).
- 85 εἴποιμι: optativus potentialis van εἶπον.
αὐτά: '(ek)self', 'op my eie', d.w.s. die koor sonder Hagesichora se leiding (vgl. Puelma 43 nn. 78, 79 teen Page 97–98 se 'each one of us alone').
- 86 παρσένος: = παρθένος.
μάταν: = μάτην, 'vergeefs'.
θράνω: = θράνου (θράνος), 'bank', hier 'balk'.
λέλακα: pf. met praes. betekenis; λάσκειν word van verskeie skreeugeluide gebruik: van 'n valk (Hom. *Il.* 22,141), van die Skulla (*Od.* 12,85), van 'n nagtegaal deur 'n valk gevang (Hesiod. *Op.* 207), en van 'n kwaai vrou (Semon. fr.7,15 West).
- 87 γλαῦξ: 'n uil se onmusikale stem was idiomaties: vgl. Aristoph. *Av.* 261; *Lys.* 760–761; Theokr. 1,136. In hierdie gedig is nog geen sprake van die latere onheil aan die uil gekoppel nie. Vgl. Calame II, 77–78.
μέν: μέν-*solitarium*. Die woorde ἐγὼν δὲ ... ἔγεντο (87–89) is parenteties; die werklike apodosis met ἐγὼν μέν (85) is ἐξ Ἀγησιχόρας δέ (90).
τῶ = τῇ.
Ἀώτι: meestal aanvaar as 'n oggendgodin, Aōtis, verder onbekend, maar dalk identies met Orthria (61). Page 74 e.v. probeer 'n saak uitmaak vir adjektiwiese gebruik wat lokaliteit aandui: 'in die Ooste', 'n titel vir Artemis.
- 88 φανδάνην: = ἀνδάνειν (van ἀνδάνω; vgl. ἥδομαι), 'behaag'.

πόνων: die spesifieke lyding word verskillend geïdentifiseer: die lyding van die Spartaanse volk (Diels), die spesifieke lyding a.g.v. 'n historiese gebeure, bv. die Messeense oorloë (Jurenka), of die swaarkry in die voorbereiding vir en deelname aan die *agôn*, die musiekwedstryd (o.a. Bowra, Smyth, Fränkel, Garzya, Janni).

Vir al drie opvattinge is daar geen getuie in die teks self nie (vgl. Page 93–95; Puelma 21–22 n.50); eintlik spreek ἰάτωρ téen so 'n vertolking: ἰάσθαι dui nie op die suksesvolle voltooiing van iets soos 'n oorlog of 'n kompetisie nie. Die antwoord lê sekerlik nader aan die funksie van Aôtis wat jong meisies spesifiek raak: hulle wil juis die godin se hulp en goedgunstigheid verkry. Die bepaalde lyding is dan meer waarskynlik puberteit, en, uiteindelik, swangerskap en bevalling. Orthria-Aôtis fungeer dus soos Artemis-Eileithuia: vgl. Eur. *Ph.* 30; *El.* 70; Soph. *Tr.* 1209; fr.636 Nauck; Aisch. fr.255,3 Nauck; Pind. *P.* 3,65; schol. *ad* Pind. *O.* 3,54; Page 71 e.v.; Puelma 21–22 nn.50, 51).

Dit is ook glad nie uitgesluit nie dat die 'lyding' verwys na die fisieke inspanning in die opvoering van die gedig gedurende die seremonie, wat 'n hele nag kon geduur het (vgl. *pannuchis*; Pavese 127; Segal 268).

89 ἰάτωρ: = ἰατήρ, alternatief vir ἰατρός (hier vroulik), 'geneser', 'heler'.

ἔγεντο: gnomiese aor. = ἐγένετο, 'was dikwels in die verlede'; so ook ἐπέβαν (= ἐπέβησαν).

91 ἰρήνας: = εἰρήνης, gen. van εἰρήνη. 'n Kontras met πόνων word bedoel. Calame II, 119 n.141, in navolging van Marzullo 207, bring die 'vrede' in verband met die huwelik ('amorosa pace', 'paix amoureuse'; vgl. Pind. *N.* 1,69 e.v.) waarop die meisies voorberei word en wag, terwyl Puelma dit as 'Festfreude' verstaan. Vir Segal slaan die woord op die rus na die wedywing tussen Agido en Hagesichora en die koor na die naglange seremonie.

92–101 'n Priamel: vgl. Puelma 44–45, en by Sappho fr.16L–P.

92 τῷ σειραφόρῳ: die perd, veral aan die regterkant vir die linksdraai, wat die res van die span moes lei en help, en daarom krag en vaart moes besit; vgl. Hesych. σειραφόρον ἡγεμονικόν. Calame II, 82–84 verduidelik dat Hagesichora die σειραφόρος in die sin van die reeds geïnisieerde opvoedster en begeleidster ('directrice') is wat soos 'n

begeleidende ervare perd ('cheval conducteur') onder dieselfde juk die nuweling vergesel en touwys maak.

τε (γάρο): verklarende gebruik van τε, 'ja, byvoorbeeld'; vgl. die veralgemenende of illustrerende τε, Kühner-Gerth II, 242; Puelma 44 n. 80.

- 93 αὐτῶς: dalk 'op sy eie', soos αὐτά (45, 85; Hom. *Il.* 23,621; Puelma 44 n. 80a) eerder as 'op dieselfde wyse' (Page 96) waarvoor geen parallelle bestaan nie.

- 94 τῷ κυβερνήτῃ: die twee vergelykings verwys na Hagesichora se rol as leidster van die koor.

- 95 κῆν: = καὶ ἐν.

ναῖ: = ναί of νᾶ (schol.), Doriese datief vir Atties νῆ.

ἀκούην: = ἀκούειν.

- 96 ἄ: = αὐτή, d.w.s. Hagesichora (vgl. schol. A: τὴν χορηγόν: Puelma 45 met n. 82, Marzullo 208–209 contra Page 97–98 wat dit met die koor verbind).

τᾶν Σηρηνίδων: gen. van vergelyking. Vir die Sirenes se sang, vgl. Alkm. fr.30P; Pind. fr.106,7–8 Snell, en Calame II,79–82.

- 97 αἰδοτέρᾳ: komparatief van αἰδός, 'musikaal'.

μὲν οὐχί: vir die verskillende emendasies, vgl. Puelma 45–46 n.83.

- 98 σιαί: = θαί.

ἀντί: 'in plaas van', d.w.s. namens die hele koor (schol.; Marzullo 209), nie 'teen' 'n versinde tweede koor nie. Puelma 48 n.90 vertolk: 'in die aangesig van', 'teenoor' t.o.v. Hagesichora se posisie in reëls 79–84.

- 98–99 ἔνδεκα/ ... αἶδει: hierdie fragmentariese en problematiese gedeelte is al vertolk as verwysing na een koor met soms elf en soms tien lede, of (onwaarskynlik) een koor in twee dele van tien en elf onderskeidelik, of twee afsonderlike kore van tien en elf. Die schol. A verduidelik dat 'n koor soms uit elf, soms uit tien meisies bestaan het, maar dit hoef niks anders te wees as 'n afleiding vanuit die teks nie (Davison 163–165). Dat Agido en Hagesichora saam met die meisies in reëls 70–76 genoem, die getal tien maak, is dalk nie toevallig nie: dit sou dan 'n koor van tien impliseer; vgl. Page 46. Maar wie is dan die elfde lid? Ainēsimbrotas of 'n onge-noemde? As ᾄδ' (ῆδη) by δεκάς gelees word, met παίδων as deelsge-

nitief, is die vertaling: 'maar instede van (die normale) elf, sing (ons,) hierdie tiental jongmeisies tog'. Puelma 46–48 probeer die probleem oplos deur Hagesichora onderwerp van αἰδεῖ te neem en ὥς i.p.v. ἄδ' aan te vul. Hy vertolk dan so: 'doch sie (= Hagesichora) singt gegenüber elf Mädchen wie eine Zehnerschaft', waar 'sing soos tien' as 'n idiomatiese uitdrukking verstaan moet word (vgl. Hom. *Il.* 2,484 e.v.). Vir hom word hierdie reëls dan die klimaks van die priamel van die enkomion of lof aan Hagesichora, en van die hele gedig. Sy vertolking aanvaar egter 'n tweede, wedywerende koor. Die werklike betekenis bly steeds onseker; vgl. Page 98–99.

100 φθέγγεται: die onderwerp is die koor (Page 97–98) of Hagesichora (Marzullo 210; Puelma).

Ξάνθω: = Ξάνθου, 'n rivier in Likië (Hom. *Il.* 2,877; 5,479) of naby Troje (*Il.* 6,4; 20,74). Xanthos is die naam wat die gode die rivier gegee het; die mensdom het dit Skamandros genoem.

101 κύκνος: die vroegste bestaande verwysing na die lied van die swaan; vgl. Page 100. Die treurige klank daarvan kom egter eers by Aisch. A. 1444–1445 voor; vgl. Calame II, 79–80. Let op die kontras met γλαῦξ, ook aan die begin van die reël.

ἐφιμέρω: 'begeerlik', 'lieflik'.

Ξανθᾶ: = Ξανθῇ, met moontlike woordspeling op Ξάνθος (100). Die verwysing is na Hagesichora (vgl. 51–54).

κομίσκη: = κομίσκη, verkleinwoord van κόμη, 'hare'.

3. STRUKTUUR

3.1 Die gedig is 'n strofiese koorlied, d.w.s. 'n koorlied wat opgebou is uit 'n reeks strofes in dieselfde verspatroon. Die verlies van die aanvang van die oorblywende teks maak dit onmoontlik om te bepaal hoeveel strofes die volledige gedig gehad het. Dit is waarskynlik dat die bepaalde seremonie en die verbandhoudende kultusmite in die verlore gedeelte voorgekom het. Die einde van die bestaande teks word met 'n *coronis* by reël 105 aangedui.

3.2 Die gedagtegang van die fragment is lineêr: die oorspronklike lied het saam met die seremonie van aanvang tot afloop gegaan. Interne bindings is egter herkenbaar, en daar is 'n spanning tussen die strofe-blokke en gedagte-blokke. Die aandag word altemeer op die koor, Agido en Hagesichora gevestig met die verskillende fases van die seremonie.

- c. 77 Klimaks: *Hagesichora* 'put koor uit'.
d. 78–81 Rede: sy is hier en naas *Agido*.
- F 82–84a : a. 82–83a *Gebedsmotief*.
(= strofe 7) b. 83b–84a *Gnomê* as fundering:
vervulling by gode.
- G 84b–101 : a. 84b–87a *Koor* se sang is soos dié van 'n γλαῦξ.
(= strofes 7–8) b. 87b–88a *Koor* se begeerte om Aôtis te behaag.
c. 88b–89 Rede: sy was hulle geneser in πόνου.
d. 90–91 deur *Hagesichora* verkry koor 'vrede'.
e. 92–95 Rede: sy is soos
(i) σιραφόρος vir ἄρμα
en (ii) κυβερνάτα vir ναῦς;
f. 96–98a sy sing nie mooier as Sirenes nie —
hulle is gode.
g. 98b–99 Tien sing soos elf,
h. 100–101 maar sy sing soos 'n κύκνος.

Puelma 5–6, 12, 21–22, 49–50 maak 'n ander indeling: 'n Algemene meditatiewe deel waar die bomenslike of 'heilige' figureer (1–35), die werklikheid van die geleentheid waar die 'profane' figureer (36–105). Laasgenoemde gedeelte bevat 'n *enkomion* aan Agido se εἶδος gedurende haar aanbidding van Helios in haar rol as 'Führerin der Kultushandlung' (39b–51a), 'n *enkomion* aan Hagesichora se εἶδος as net tweede naas dié van Agido (51b–63), 'n *enkomion* aan die koorlede in hulle aanbidding van Orthria (64–77), 'n *enkomion* aan Agido en Hagesichora se τέχνη (78–91). Hagesichora se sang as 'Leiterin des Kultliedes' in haar diens aan Aôtis (92–102), en 'n veronderstelde terugkeer in ringkomposisie na lof op Agido (103–105? ~ 39b–51a).

Vgl. ook Segal 267: hy wys op die 'beweging' van die sentrale gedeelte (reëls 39–81), waar Agido en Hagesichora apart en gesamentlik die aandag geniet.

4. INTERPRETASIE

4.1 Hierdie is die vroegste koorliriek waarvan 'n redelike gedeelte behoue gebly het. Die probleme waarmee die interpretasie van die teks egter wemel, maak dit een van die moeilikste tekste in bestaande Griekse letterkunde. Finale uitsluitsel oor besonderhede en die geheel sal moet wag vir meer gegewens. Die bestaan van 'n verklarende kommentaar op papiirus (Page, *PMG* 6–9) suggereer dat ook die Alexandrynse geleerdes die gedig problematies gevind het.

4.2 'Partheneion' was die Alexandrynse benaming vir 'n koorlied deur 'n meisieskoor uitgevoer met sang en dans en fluitbegeleiding (vgl. Färber IIIa; 39–40; 66–67; Smyth cxxviii–cxxxii; Calame I, 19–20; II, 10; 147–166). Dit was 'n liriekvorm wat 'n belangrike sosiale en opvoedkundige rol gespeel het, veral in Sparta waar die vrou in die samelewing baie meer vryheid en gelykheid met die man geniet het as elders in Griekeland.

4.3 Die gedagtegang van die gedig is duidelik genoeg. Die fragment begin met die verhaal van Herakles se optrede teen die Hippokoöntidai. Die gebruik van so 'n mitiese vertelling spruit uit die kultuselemente van die seremonie, maar bied die digter ook die geleentheid om sy talente ten toon te stel, om die koor 'n dramatiese en skouspelagtige mimetiese dans te laat uitvoer, om die volk se verlede weer voor hulle te vergestalt in beweging, woorde en klank, en om die geleentheid vir 'n tyd tot die bomenslike te verhef. Hierdie bepaalde mite het sterk Spartaanse verband gehad: Herakles, Helena en die Hippokoöntidai is met monumente in Sparta vereer (Paus. 3,15,1; vgl. veral Page, *Alkman* 26–44). Die mite wys ook vir die gehoor die gevare van *hubris*, en vervul dus ook 'n morele funksie (1–39). Die aandag verskuif plotseling na die hede: die koor en geleentheid wat gevier word, en veral twee van die meisies, Agido en Hagesichora, wat die leiding neem in sekere seremoniële pligte ter ere van 'n liggodin (39–59, 77–95). Verdere elemente en fases van die seremonie ontvou, en bepaalde meisies word by name genoem (60–76). Die fragment sluit af met verwysings na die koor se sang en die rol van Hagesichora (96–101).

4.4 Maar binne hierdie oorsigtelike inhoudsopgawe is die presiese betekenis en heenwysing van besonderhede problematies. Die betrokke *seremonie*, die bepaalde rituele elemente en sin daarvan, en die godheid tot wie se eer die geleentheid in die eerste plek geskied, is nog nie finaal opgeklaar nie. Van enkele dinge kan ons 'n mate van sekerheid bereik. Die lokaliteit is 'n min of meer openbare plek in Sparta voor 'n gehoor (vgl. fr.3,73–74P), die tyd is douvoordag (40–43, 55, 60–63, 87), en dit is 'n godin van vrugbaarheid, seksuele rypwording en die huwelik wat opgeroep word. Die koor bestaan uit tien meisies wat sing en dans, plus Agido en Hagesichora, wat dalk náás sang en dans, ook ander funksies in die seremonie uitvoer. Albei word vir hulle skoonheid en deelname aan die ritueel uitgesonder, maar Hagesichora, die koorleider (χοραγός, 44) is 'opperste' (ἐκπρεπής, 46). Die koorlede vorm 'n hegte eenheid (ἀνεπιῶς, 52), en verkeer in 'n gemoedelike en speelse wedyweering met Hagesichora en Agido (43–45, 77, 84–87). Daar is sinspeling op

seksuele verhoudings tussen Agido en Hagesichora en tussen hulle en die koorlede. Die meisies se kleredrag is onvoldoende om hulle teen die 'Duiwe' (Agido en Hagesichora) te beskerm (64–69), en die meisies is nie in staat om die skoonheid van Hagesichora en Agido af te weer, d.w.s. te weerstaan, nie (70–76). Hulle dra ook 'n ploeg of mantel aan die godin op (60–61), en bid vir die aanvaarding van hul smeking (82–84) en verlossing van smarte (87–89). Agido en Hagesichora word met glans en lig (40–43, 54–55, 62–63, 101) en perde (45–51, 58–59, 92) vergelyk, en voëls figureer meermale (die Plejades, 60; die uil, 87; die Sirenes, 96–97; die swaan, 101). Dit is moontlik dat hierdie dieresimboliek met die seremonie iets te make gehad het (vgl. verder Page, *Alcman* 69–80).

4.5 Wat die *funksie* van die seremonie betref, is daar hoofsaaklik twee teorieë:

4.5.1 Die *agonale* teorie: die geleentheid is 'n liriek-wedstryd waarin twee kore kompeteer, die koor van Agido en Hagesichora (en Alkman) en dié van die 'Duiwe'. Die *agôn* sluit skoonheid, hardloop, kleredrag of kostumering, en sang en dans in. Hulle smee die godin, Artemis Orthia (= 'Aôtis'), om hulle oorwinning in die wedstryd en derhalwe 'n einde aan hulle smart (= inspanning in die *agôn*) te verskaf: vgl. veral Page, *Alcman* 44–82; Bowra, *GLP* 16–73; Campbell 205, en *Golden Lyre* 156–160; Fränkel, *EGP* 159–170; Gerber, *Euterpe* 79–98; Smyth, *GMP* 4–7, 175–188; Janni, *RFIC* 92, 1964; Scheidweiler, *RhM* 93, 1950; en West, *CQ* 15, 1965, 197–198. Hierdie interpretasie is reeds in 1897 deur Wilamowitz en onlangs al hoe meer (vgl. bv. Van Groningen, Davison, Calame, Halporn, Pavese, Marzullo, Puelma, Segal, West, *CQ* 20, 1970, 205) verwerp. Die aandag word gevestig op die erotiese element in die gedig, en 'n interpretasie daarop gebou van die onderlinge verhoudings tussen die meisies in die *thiasos* (vgl. veral Marzullo en Segal). Die wedywering sou dan tussen mekaar wees, en in die lighartige tergerij en lof in die gedig weerspieël word.

4.5.2 Die *inisiësie*-teorie: die geleentheid is die kulminasie van die jong vrou se voorbereiding in die *thiasos* vir haar uiteindelijke rol as vrou en moeder in Sparta. By haar bereiking van huweliksstatus en gereedheid om haar plek in die gemeenskap in te neem, word sy voor die vergaderde *demos* seremonieel bekendgestel en tot volwasse vrou geïnisieer. Sy word, soos Agido hier, deur 'n reeds geïnisieerde vrou, soos Hagesichora, begelei. Hagesichora is dus meer as net koorleidster. Tussen die twee vroue, en ook tussen hulle en die koorlede as groep of individue ontstaan wedywering

wat gebaseer is op onderlinge liefdesverhoudinge binne die *thiasos*, en wat in die gedig uitdrukking vind in die erotiese byklanke in die mite, perde- en voëlmetaforiek, kleredrag, kleure, slang, oë en hare. Skoonheid, maagdelikheid en gediensdigheid word veral in die duiwe-beeld versinnebeeld. Die duiwe is dus nie 'n ander koor nie, maar Agido en Hagesichora. Die koor smee dan om gemoedsrus en die einde van hul smarte in die inisiasie-proses. Hierdie opvatting word aanlokliker as hierdie *partheneion* met fr.3P bestudeer word. Die gedig bied insae in die vrou se wêreld in Sparta soos Turtaios se gedigte in die wêreld van die man (Calame II). Gentili, *QUCC* 22,1976,59–67 bou voort op hierdie vertolking: vir hom gaan dit om 'huweliksverbintenisse' tussen die meisies van die *thiasos*, as voorbereiding vir hulle uiteindelijke huwelike. In dié sin is die Spartaanse *thiasoi* met dié van Lesbos vergelykbaar. Die godin ter sprake is dan Aphrodite. Griffiths, *QUCC* 14,1972,7–30 beskou die gedig as 'n *epithalamion*.

4.6 Daar is argumente vir en teen hierdie twee basiese interpretasies.

Wat wel duidelik word, is dat die aard en funksie van die *partheneion* nie van die sosiale en opvoedkundige 'bedding' of die spesifieke geleentheid los te maak is nie. Vir die oorspronklike gehoor, wat die hele seremonie ouditief en visueel ervaar het, was daar nie onsekerheid of dubbelsinnigheid in die besonderhede nie. Hulle het die woorde as deel van 'n groter geheel en boodskap ontvang. Dit beteken dat ons net met verdere sekerheid oor die geleentheid die woorde wat alleen na ons gekom het, vollediger sal begryp. Dit is ook seker dat die gedig primêr 'n kultuslied is, en nie 'ein rein profanes Anliegen oder eine poetische Fiktion' is nie (Puelma 52). Die gedig of lied begelei die kultusritueel. Puelma 52 n.102 gebruik hierdie fundamentele gegewe as beswaar teen die eensydige interpretasie van 'n sekulêre, erotiese spel tussen die koor en Agido en Hagesichora, ten koste van die sakrale aard van die lied. Daarby is daar 'n enkomiastiese element, die lof aan Agido en Hagesichora in hulle onderskeie rolle. Puelma (wat blykbaar nie Calame se werk onder oë gehad het nie) neem 'n standpunt in wat die agonale en erotiese interpretasies verwerp ten gunste van 'n sakrale een (33–34, nn.63, 64). Die rolle van Agido en Hagesichora is na sy mening dié van 'n priesteres in organisatoriese funksie en 'n meer kunstige rol as 'Dirigentin' of 'Vorsängerin' onderskeidelik (23, 40–41, 44, 80, 84). Daarom plaas hy Agido eerste in rangorde, met Hagesichora tweede maar steeds belangrik waar die twee gesamentlik die uitvoering van die voordrag en ritueel lei. Calame versoen die erotiese met die sakrale in sy inisiasieteorie. Daarvoor moet Hagesichora Agido se meerdere wees.

LITERATUUR

Die literatuur oor hierdie gedig is te omvangryk om hier opgeneem te word. Die leser word verwys na die oorsigte van Gerber, *CW* 61 (1968) 325–327, en *CW* 70 (1976) 95–97, en die bibliografie by die artikel van Puelma, *MH* 34 (1977). Die belangrikstes is:

- Adrados, *Emerita* 41 (1973) 323–344.
 Bowra, *GLP* 30–65.
 Burnett, *CPh* 59 (1964) 30–33.
 Calame, *Les chœurs* I en II.
 Campbell, *GLP* 195–212.
 Campbell, *Golden Lyre* 156–160.
 Davison, *From Archilochus* 146–172.
 Devereux, *Hermes* 94 (1966) 129–134.
 Devereux, *CQ* 15 (1965) 176–184.
 Färber, *Die Lyrik*.
 Fränkel, *EGP* 159–170.
 Garzya, *Maia* 14 (1962) 209–211.
 Gentili, *QUCC* 22 (1976) 59–67.
 Gerber, *Euterpe* 79–98.
 Griffiths, *QUCC* 14 (1972) 7–30.
 Halporn, *Antidosis* 124–138.
 Hooker, *RhM* 122 (1979) 211–221.
 Janni, *RFIC* 92 (1964) 59–65.
 Lesky 149–150.
 Marzullo, *Philologus* 108 (1964) 174–210.
 Page, *Alkman. The Partheneion*.
 Pavese, *QUCC* 4 (1967) 113–133.
 Puelma, *MH* 34 (1977) 1–55.
 Rosenmeyer, *GRBS* 7 (1966) 321–359.
 Scheidweiler, *RhM* 93 (1950) 242–249.
 Schwenn, *RhM* 86 (1937) 289–315.
 Segal, *Mnem.* 36.3–4 (1983) 260–275.
 Smyth, *GMP* 4–7, 175–188.
 Van Groningen, *Mnem.* 3. 3 (1935–1936) 241–261.
 West, *CQ* 15 (1965) 194–202.
 West, *CQ* 20 (1970) 205.
 Wilamowitz, *Hermes* 32 (1897) 251–263.

(WJH)

3. *Alkaios van Mutilene*

3.1 LEWE EN WERK

Alkaios (gebore c.620) was lid van 'n aristokratiese familie in Mutilene. Hy was nog maar 'n seun toe die regering van die hardvotige adellike huis van die Penthelidai omvergewerp is en deur tiranne 'opgevolg' is. Die eerste was Melanchros, wat deur 'n sekere Pittakos en blykbaar Alkaios se twee (ouer) broers omvergewerp is. Na Melanchros het Mursilos, wat die steun van 'n sekere Deinomenes en ook van Pittakos geniet het, as tiran regeer.

As jongeling het Alkaios al drie geopponeer, met die gevolg dat hy in ballingskap gestuur is. Moontlik was dit sy straf vir *onder andere* die volgende gedig (fr.326L–P, 208C, 46aD, 37E) waarin hy die omstandighe-
de van sy *polis* allegories in seevaardertaal beskryf, na aanleiding van Mursilos se sameswering om tiran te word. Dit begin soos volg: 'Ek kan nie die twis van die winde verstaan nie: een golf rol naamlik van die een kant; 'n ander van die ander kant, en ons word daartussen gedra met die swart skip, al swoegend in 'n buitengewoon geweldige storm'. Gelukkig word Mursilos gedood in 'n geveg, sodat die digter kan uitroep: 'Nou moet ons dronk word ... want Mursilos het gesterf' (fr.332L–P, C, 39D, 42E).

Na Mursilos se dood het Alkaïos teruggekeer, en onder Pittakos as generaal teen Athene geveg om die behoud van Sigeion in c. 600 v.C. In hierdie oorlog het Alkaïos sy wapens verloor en — net soos voor hom Archilochos oor sy skild — 'n gedig daaroor gemaak (fr.428L–P, C, 49D, 121E). Na verdere faksiestryd het die burgers van Mutilene vir Pittakos tot *aisumnêtês* ('alleenheerser') gekies vir 'n tydperk van tien jaar, c. 590–580, om die politieke ewwels van die stad te genees. Pittakos was 'n wyse wetgewer en gematigde regeerder; maar Alkaïos wat die aristokrasie in mag en eer herstel wou sien, en die volk eweseer geminag het as die man wat deur hulle tot 'tiran' gemaak is, het sy haat en hoon op 'n Archilochiese wyse oor Pittakos in sy gedigte uitgestort (vir Alkaïos het daar natuurlik nie 'n verskil tussen 'n *aisumnêtês* en 'n tiran bestaan nie): '(Met een stem) het hulle die laaggebore Pittakos tot tiran opgestel van hulle stad wat geen gal het nie en onder 'n swaar lot gebuk gaan — terwyl hulle hom almal tesame grootliks prys' (fr.348L–P, C, 87D, 160E). Die skelterm 'laaggebore' hou waarskynlik verband met die bewering dat Pittakos se vader 'n Thrakiër was (volgens laat bronne, o.a. Diog. Laert. en die *Souda*).

Die gevolg was dat Alkaïos (en andere) vir 'n tweede keer sy stad as balling moes verlaat. Hy het na Egipte gegaan, terwyl sy broer Antimenidas 'n huursoldaat in die diens van Nebukadnesar, koning van Babilon, geword het. In 'n fragmentariese maar aangrypende gedig vertel hy aan 'n sekere Agesilaïdes van sy lot, o.a. hoe hy verlang om te hoor hoe die *agorá* (volksvergadering) en die *bolla* (*boulê*, raad) byeengeroep word (fr.130L–P, C; vgl. hieroor Lesky 132–133).

Pittakos — wat later as een van die sewe Wyse Manne van Griekeland gereken is — het wel daarin geslaag om 'n einde te maak aan die *stasis* of onderlinge politieke stryd in Mutilene, en met die koms van vrede het hy amnestie aan Alkaïos en ander bannelinge verleen, sodat hulle na hul stad kon terugkeer. Oor die verdere lewe van Alkaïos weet ons niks nie, ook nie oor die wyse en datum van sy dood nie.

Die fragmente van Alkaïos se liriese gedigte gaan in hoofsaak oor:

1. Die eietydse politiek en oorlogvoering, waaruit die meeste van bo-staande kom.
2. Drinkliedere, waarvan fr.38aL–P, C, 73D, 122E aan Melanippos vol melankoliese besinning is na die aansporing in die eerste vers om te drink: geniet die lewe op aarde, want ná die dood is daar geen terugkeer meer nie; verder, ten minste sommige smarte moet ons met die nodige uithoudingsvermoë dra (indien 'n tweede-eeuse papirus op hierdie laaste punt korrek aangevul is, vs.12).

3. Liefdesliedere, waarvan weinig bewaar gebly het.
4. Liedere aan die gode, bv. aan Apollo (fr.307L–P, C, 1E).
5. Homeriese temas met on-Homeriese uitsprake o.a. oor Helena en Achilleus, bv. fr.283L–P, C.

In een van waarskynlik sy eie fragmente spreek Alkaios vir Sappho, sy landgenoot, aan met verering, byna of sy bomenslik is (fr.384L–P, C, 63D, 124E), maar daar is niks oor enige verhouding tussen hulle bekend nie.

Alkaios en Sappho vorm die belangrikste paar onder liriese digters in die Lesbies-Aioliese dialek. Oor die dialek, kyk kortliks Campbell, *GLP* 262–264.

Oor die versmate van Alkaios, vgl. Raven, *Greek Metre* hfst. VIII en p. 100; Campbell 454 e.v., veral 458–460 en Platnauer, *Fifty Years of Classical Scholarship* 49 (ook oor die dialek).

TESTIMONIA

Campbell, *Greek Lyric* I, 206–233.

Edmonds, *Lyra Graeca* I, 308–317.

Treu, *Alkaios* 80–91 (met Duitse vertaling).

LITERATUUR

Campbell, *GLP* 285–288.

Fränkel, *EGP* 188–199, 219, 223.

Kirkwood 53–99, 227–241.

Lefkowitz, *Lives* 34–37.

Lesky 130–138.

Treu, *Alkaios* 103–127.

Treu, *RE* Suppl. XI, kol.8–19.

(CAvR)

3.2 FRAGMENTE VAN ALKAIOS

(a) Fr.34aL–P (C, 78D, 14E, 34V)

Die reddende gode

Δεῦτέ μοι νᾶ]σον¹ Πέλοπος λίποντες
παῖδες ἴφθιμοι² Δίος ἠδὲ Λήδας,
εὐνό]ω³ θύμῳ προφάνητε Κάστορ
καὶ Πολύδευκες,

οἱ κατ' εὐρηαν χθόνα καὶ θάλασσαν
παῖσαν ἔρχεσθ' ὠκυπόδων ἐπ' ἵππων,
ῥήγα δ' ἀνθρώποις θανάτῳ ῥύεσθε
ζακρυόεντος

5

εὐσδ[ύ]γων⁴ θρώσκοντες ἐπ'⁵ ἄκρα νάων
πήλοθεν λάμπροι πρότ[ον] ὄν]τ[ρ]έχοντες⁶
ἀργάλε⁶ δ' ἐν νύκτι φάος φέροντες
νᾶϊ μελαίν⁶.

10

* * *

BRON

P.Oxy. 1233 fr.4 + 2166(b) fr.3,9.

1. VERSMAAT

Sapphiese strofe:

— — — — — (1–3)

— — — — — (*adoneion* of *adonium*) (4)

Daar is *sunizesis* in ἀργαλέα (11).

2. KOMMENTAAR

1 μοι: 'tot my hulp'. Die Dioskouroi, Kastor en Poludeukes, word aangeroep om die skip te red.

1. δεῦτέ μοι Gallavotti: νᾶ- Lobel: δεῦτ' Ὀλυμπον ἀστέροπον Wilamowitz: δεῦτε γὰν κάλιαν Edmonds

2. Wilamowitz: ἄλκιμοι aut ὄβριμοι Hunt

3. Diehl: εὐμένει Bowra: ἰλλάω Wilamowitz

4. Edmonds: εὐέδρων θρώσκοντες Hunt

5. Jurenka: ὄν Hunt

6. Bowra: προτόνων ἐπέντες Hunt: προτόνουσ' ἴσοντες Edmonds

νάσον Πέλοπος: ook so in o.a. Turt. 2, 4: Πέλοπος νήσον. Die samegestelde vorm verskyn eerste by Hesiod. fr.189 Merkelbach-West. Die Dioskouroi is met Sparta in die Peloponnesos geassosieer.

2 ἡδέ: 'n Epiëse woord wat nie weer by die Lesbiese digters voorkom nie.

5 εὔρηαν χθόνα: vgl. Hom. *Il.* 4,182: εὐρεῖα χθών. Hierdie is die eerste van 'n reeks epiëse epitheta: ὠκυπόδων ... ἵππων (6); θανάτω ... ζακρυόεντος (8); εὐσδύγων ... νάων (9); en νᾱῖ μελαίνα (12). Barutone (d.w.s. die plasing van die aksent so ver terug as moontlik) in εὔρηαν en *psilosis* in οἷ is kenmerkend van Lesbies.

6 παῖσαν: = πᾶσαν, soos ook in Sapph. fr.31,14.

7 ῥήα: = ῥεῖα, epiëse, en vreemd aan Lesbies.

8 ζακρυόεντος: = διακρυόεντος, 'ysig'. Dit kom nie elders voor nie, maar Homeros ken wel κρυοίς en κρυερός, bv. *Il.* 9,2: φόβου κρυόεντος.

9 εὐσδύγων: '(skepe) met stewige roeibanke'; vgl. Hom. *Od.* 13,116 en 17, 288.

ἐπ': die alternatiewe emendasie ὄν (= ἀνά) sou dieselfde beteken.

10 πήλοθεν: = τηλόθεν.

λάμπροι: antisipeer φάος in reël 11. Vgl. die Interpretasie. Hier word verwys na die verskynsel wat as (Sint) Elmsvuur bekend staan, t.w. elektriese ontlading wat 'n gloed veroorsaak om die mastop en takelwerk van seilskepe (vgl. Campbell 290). Die vuurgloed is deur die Grieke beskou as 'n teken van die verskyning (*epiphania*) van die Dioskouroi en hulle beskerming van skepe. Vgl. Eur. *Hel.* 1495 e.v.; Plin. *NH* 2.101; *Handelinge* 28:11.

πρό[τον] ὄν[τε]ς: Bowra se voorstel het wye byval gevind: ὀντρέχοντες = ἀνατρέχοντες. Die mv. neut. προτόνα kom wel by die *Et.Gud.* 483,13 voor, terwyl πρότονοι die Homeriese vorm is.

11 φάος: 'probably here in the double sense of "light" and "safety"' (Gerber 189) — vgl. Hom. *Il.* 16,95–96: ἐπὶ φάος ἐν νήεσσι/θήης.

12 (νᾱῖ) μελαίνα: alhoewel Homeries-tradisioneel, is dit hier aktueel of relevant saam met νύκτι en in kontras met φάος.

3. STRUKTUUR

Alkaios fr.34L–P is 'n himne gerig tot die Dioskouroi en bestaan nog uit slegs drie van 'n moontlike ses strofes (vgl. Page 266, Martin 83, Kirkwood 85, en Campbell 289).

- A 1–4 (strofe 1) : Invokasie aan Dioskouroi: vermelding van kultusplek, afkoms, eienskappe, name
- B 5–8 (strofe 2) : Tradisionele hulpverlening aan matrose
- C 9–12(strofe 3) : Vorm van verskyning (epifanie).

Vir die algemene opbou van 'n himne, vgl. bv. Hom. *Il.* 5,116 e.v.; 2,412 e.v.; *Hom. Himnes* 6 en 8; Sappho fr.1. Die derde element van die tipiese himne was die gebed vir uitredding uit 'n huidige situasie. Dit is hierdie element wat in die verlore deel vervat was. Vgl. Wünsch, *RE* IX, 1, kol. 140–183, 'Hymnos', en Bremer, *Lampas* 1/2,1979,95–110.

4. INTERPRETASIE

4.1 'n Belangrike vraag rondom die interpretasie van hierdie himne is dié van die situasie of omstandighede, m.a.w. of dit heenwys na 'n bepaalde gebeure in Alkaios se lewe (Bowra) en of dit 'n bloot literêre skepping is (Gerber, Kirkwood, Page, Martin) wat na 'n moontlike beplande seereis heenwys.

Teenoor Gerber wat meen dit vertoon 'n gebrek aan intense gevoel, meen Martin dat dit 'n klank van dringendheid bevat soos geen ander van Alkaios se himnes nie. Die himne het volgens hom *allegoriese* betekenis in die lig van Alkaios se politieke gedigte, en veral dié van die beroemde 'staatskip'-beeld (frr.6, 73, 326L–P) waarvolgens die *storm* heenwys na die politieke euwels van tirannie, die *skip* en *matrose* na 'n politieke party wat worstel teen die tirannie, en die *reis* die politieke rigting van Alkaios se party (Vgl. Page 182 n.2 vir literatuur). Die gebed tot die Dioskouroi versinnebeeld dan die gebed om goddelike beskerming teen die tirannie.

4.2 Die dringende oproep in die eerste strofe vir die gode om Argos te verlaat en hier te verskyn herinner sterk aan Sappho fr.1, en Martin 83 meen dan ook dat ons hier miskien te make het met 'n besonder ontwerpte himne-tipe deur die twee Lesbiese digters. Na die kultusplek (ναῦσον Πέλοπος) volg die afkomsbeskrywing in die tipiese aanlooptegniek tot die eintlike naamsvermelding wat in 'n klemposisie aan die einde van die strofe staan.

4.3 Die tweede strofe bevat 'n lofprijsing op hulle mag wat hier betrekking het op die snelheid waarmee hulle verskyn. Die adjektiewe εὔρηαν (5), παῖσαν (6) en ὠκυπόδων (6) beklemtoon die besondere magsfeer van die Dioskouroi: afstand en ruimte is vir hulle geen hindernis in hulle magsuitoefening nie, soos ook nie vir Aphrodite in Sappho fr.1 nie. Hierdie nadruk op hulle magsuitoefening word ook deur die volgende chiasiese patroon na vore gebring:

- | | |
|--------------|------------|
| (a) εὔρηαν | (b) χθόνα |
| (b) θάλασσαν | (a) παῖσαν |

terwyl die uitdrukking ὠκυπόδων ἐπ' ἵππων (6) bydra om die snelheid van verskyning uit te lig. Die uitdrukking herinner ons daaraan dat die Dioskouroi perde-gode is. En saam met προφάνητε (3), wat daarop wil dui dat hulle *sigbaar* in die Elmsvuur is, het ons dus 'n besondere kombinasie van hulle spoed en hulle perde wat baie realisties is.

4.4 Die derde strofe bevat die *tradisionele vorm* van verskyning en word in drie fases verdeel:

- (a) eerstens spring hulle van *veraf* op die maste van die skepe. Deur 'n komma of pouse na πῆλοθεν te veronderstel, word beter sin verleen. Dit onderstreep die gedagte van die tweede strofe oor die relatiewe afstand en ruimte, en vind ook steun in Sappho fr.1,6 (πήλοι).
- (b) Vervolgens 'hardloop' hulle soos 'ligte' op met die voorstagte. Volgens legende simboliseer dit die einde van die storm, 'n geloof wat nog steeds te vinde is in die Sint-Elmsvuur van die Middellandse seegebied, en wat reeds so vroeg as die Homeriese Himne aan die Dioskouroi (33) voorkom, maar dan minder dramaties (vgl. Treu 148; Bowra 177; Page 267, en veral G.G. Carey, *American Neptune* 23,1963,29–38).
- (c) Derdens en ten slotte word verwys na die heil wat hulle bring: hierdie slotsin is fyn gestruktureer, is vol dramatiese beelde, en bevat ook 'n chiasme:

- | | |
|-------------|-------------|
| (a) ἀργαλέα | (b) νύκτι |
| (b) νᾱϊ | (a) μελαίνα |

Eerstens het ons nag en donkerte teenoor lig terwyl daar óók 'n chiasme is; daar is bowendien ook die alliterasie in φάος φέροντες: teenoor die pynlike nag en die donker skip staan helder uit (λάμπροι, 10) die lig en reddingsmag van die Dioskouroi. Alkaios se uitbeelding van die Dioskouroi wat as Elmsvuur verskyn is meer as blote konvensionele beskrywing. Die geheel word in dramatiese terme geskep.

LITERATUUR

- Bowra, *GLP* 176–177.
 Burnett 128–130.
 Campbell, *GLP* 289–290.
 Fränkel, *EGP* 194.
 Gerber, *Euterpe* 188–189.
 Kirkwood 85–87.
 Martin 59–99.
 Page, *Sappho and Alcaeus* 265–267.
 Treu, *Alkaios* 148.

(JHB)

(b) Fr.38aL–P (38aC, 73D, 122E, 38aV)

Drink ... voordat ons sterwe!

Πῶνε [καὶ μέθυ, ὦ]¹ Μελάνιπ', ἄμ' ἔμοι· τί [φαῖς]²
 ἴδ' ἔταμε [...] διννάεντ' ἰ³ Ἀχέροντα μέγ[αν πόρον]⁴

ζάβαι[ς ἀ]ελίω⁵ κόθαρον φάος [ἄ]περον⁶
 ὄψεσθ'; ἀλλ' ἄγι μὴ μεγάλων ἐπιβάλλεο·⁷

καὶ γὰρ Σίσυφος Αἰολίδαις βασίλεις [ἔ]φα⁸ 5
 ἀνδρῶν πλείστα νοησάμενος [θάνατον φύγην]⁹

ἀλλὰ καὶ πολυῖδρις ἔων ὑπὰ κᾶριδις¹⁰
 διννάεντ' Ἀχέροντ' ἐπέραισε· μ[έ]μηδε δ' ὦν¹¹

αὐτῷ μόχθον ἔχην Κρονίδαις βα[σί]λεις κάτω¹² 10
 μελαίνας χθόνας· ἀλλ' ἄγι μὴ τά[δ'] ἐπέλπεο¹³

1. Diehl: τί ὦν ἐ Hunt: καὶ λελάθω Edmonds

2. Schmidt

3. Pap.: διννάεντ' ὅτα με Hunt: διννάεντ' ὅτα κ' εἰς Edmonds: διννάεντ' ὅτ' ἀμείψαι Schmidt Diels

4. Diehl: αὐτὸν Diels: μ' ἔησι κᾶρ Edmonds

5. Hunt

6. Diehl: ὕστερον Wilamowitz: ἐλπίσω Edmonds

7. Wilamowitz: ἐπιμαίεο Jurenka

8. Wilamowitz

9. Wilamowitz: θανάτω κρέτην Page

10. Wilamowitz

11. Page: μέγας δέ οἱ Wilamowitz: μόρεν δέ ~~φοι~~ Edmonds: τίθει δίδοι anon.ap. Schubart: μέμηλε δ' ὦν Page: μέγαν δ' ἔφα Page

12. Jurenka Coppola: ἔφα Wilamowitz: ὑπὰ Page: βάρυν ὥρισε Wilamowitz: βάρυν ἐξοχα Edmonds

13. Wilamowitz: τάδ' ὁδύρρεο Edmonds: τάδ' ἐπιφρόνη Coppola: τὰ κάτω φρόνη Diehl

θᾱς] τ'¹⁴ ἀβάσομεν· αἱ ποτα κάλλοτα [νῦν πρόπει¹⁵
 φέρεην ὅτινα τῶνδε πάθην τάχα δῶ θεός.¹⁶
 ... ἄνε]μος¹⁷ βορίαις ἐπι.]

BRON

P.Oxy. 1233, fr.1,ii,8–20.

1. VERSMAAT

Skema:

⏟⏟—⏟⏟—⏟⏟—⏟⏟—⏟⏟—⏟⏟—⏟⏟

Koeplette van aioliese pentameters (vgl. Degani-Burzacchini 191).

2. KOMMENTAAR

2 τῶταμε ... διννάεντ'†: Geen bevredigende korreksie van die onmetriese papirusteks is nog gemaak nie. διννάεντ' is ὁf verkeerd (herhaal uit reël 8), ὁf in die verkeerde posisie. Die konteks vereis egter soiets soos 'waarom meen jy dat as jy die malende Acheron, die groot stroom, oorgesteek het, jy die suiwer lig van die son weer sal sien?'

3 ζάβαις: = διαβάς (van ζαβαίνω = διαβαίνω), 'deurgaan', 'oorsteek'.
 ἀελίω: = ἡλίου.

ἄψερον: = ἄψορρον, ὕστερον, πάλιν.

κόθαρον φᾱός: = κάθαρον φῶς, 'n heeltemal individuele uitdrukking (Treu, *Alkaios* 181).

4 ὄψεσθ(αι): futurum infinitief.

ἄγι: = ἄγε.

ἐπιβállεο: 'hunker na', 'nastreef'.

5 Σίσυφος: Die eienskap πολύιδρις (7), 'veel-sluwe', 'vol slim planne' (eerder as 'veelwetend'), roep die mite op waarin Sisuphos uit die onderwêreld ontsnap het. Hy het sy vrou oorreed om hom nie 'n behoorlike begrafnis na sy dood te gee nie. By sy aankoms in die

14. (aut κε) Page: καταβάσομεν Hunt: ἔστ(ε) Diehl: σὺν τ' Treu: ἄσσα βάσομεν Edmonds: μέστα Gallavotti

15. Diels: νῦν σε χροή Bowra: νῦν χρέων Page

16. Diehl: ταλασιφρόνους Edmonds

17. Hunt

onderwêreld het hy, op die voorwendsel dat hy sy vrou vir haar nalatigheid wou gaan berispe, toestemming verkry om weer na die bowêreld terug te keer. Daar gekom, het hy geweier om na Hades terug te keer. Maar toe hy op gevorderde ouderdom (weer) tot sterwe kom, is hy in Hades veroordeel om vir ewig 'n rots na die top van 'n heuwel op te rol, vanwaar dit dan telkens weer afgerol het. Sien veral Page, *Sappho and Alcaeus* 302 e.v. oor Sisuphos in die *Ilias* en *Odusseia*, en oor sy spreekwoordelike sluhheid in die na-Homeriese letterkunde. Vgl. ook die kommentaar op Theognis 702–712 (*Kalliope* I, 198–203).

6 φύγην: indien dit die oorspronklike lesing was, is dit 'n infinitief (= φυγεῖν); vgl. ἔχην (9) en πάθην (12).

7 ὑπὰ κᾶρι: = ὑπὸ κηρί, 'op bevel van die noodlot'.

8 μίμεθε: perf. van μῆδομαι, 'beplan', 'besluit'.

ὦν: = οὔν.

9 βασιλεὺς: d.w.s. Zeus.

10 μελαίνας χθόνος: 'onder die donker aarde'; vgl. ook Archilochos fr.58,2D: μελαίνῃ ... ἐπὶ χθονί (met kommentaar in *Kalliope* I, 19), en Sappho fr.1,10 (met kommentaar op p. 58).

11 θᾶς τ'ἄβάσομεν: = ἡβήσωμεν (konjunktief), 'terwyl ons jonk is'. θᾶς het hier die betekenis van ἔως, 'solank' (ᾶς by Sappho).

ἄβάω: = ἡβάω, 'jonk wees'.

13 βορίαις: 'in die noorde'.

3. STRUKTUUR

Die fragment (vir 'n moontlike aanvulling kyk Treu, *Alkaios* 64) bestaan uit drie dele:

A reëls 1–4 : 'n *Aansporing* om die lewe te geniet voordat die dood kom, want uit die onderwêreld is daar geen terugkeer nie.

B reëls 5–10a : 'n Mitologiese *exemplum* om te toon dat selfs nie die sluwe Sisuphos Acheron kon vryspring nie, en daarby 'n buitengewoon swaar straf vir sy poging om dit te vermy ontvang het.

C reëls 10b–12 : 'n Tweede *aansporing* om 'n mens se jeug te geniet.

Reël 4b verskaf 'n oorgang tot B, en 'n skakel vanaf reël 6 tot reël 7 word

bewerkstellig deur die parallelle frases *πλείστα ... θάνατον* en *πολύϊδ-
ρις ... ὑπὰ καῖρι*. Die sentrale deel van die fragment (B) word kunstig
omraam deur 1–4 en 10b–12. Die omraming word veral beklemtoon deur
ἀλλ' ἄγι μή (4 en 10) wat m.a.w. 'n chiasiese omraming aandui. Let ook
op die kontras tussen die *κόθαρον φάος* van die son ('n eie skepping van
Alkaios) in die eerste deel en die *μελαίνας χθόνος* ('n nabootsing van 'n
soortgelyke uitdrukking van Archilochos) in die tweede deel (vgl. Kirk-
wood 84).

4. INTERPRETASIE

4.1 Die aanvang van die gedig plaas dit in die milieu van die aristokra-
tiese *sumposion* (die *-ιππος* in Melanippos se naam bevestig dit),
waar vriende, *ἑταῖροι*, met dieselfde agtergrond en belangstellings ver-
gader het. Die algemene advies ('drink terwyl jy nog lewe') en die
gepaardgaande moraal daaragter ('die menslike lewe is kortstondig')
pas goed in by die *sumposion*-konteks, waar dergelike drinkliedere
(*σκολιά*) gesing is.

4.2 Die aansporing om die hede te geniet (reëls 1 en 11–12) het sy
teenoorgestelde korrelaat in die waarskuwing om nie groot verwag-
tings die verre toekoms in te koester nie (reël 4). Dit is die weg van
gefrustreerde illusies. As 'bewys' word die lot van Sisuphos aangehaal
(5–10a): selfs met sy eienskappe (*βασιλεύς*, 5; *ἄνδρων* *πλείστα* *νοησάμε-
νος*, 6; *πολύϊδρις*, 7), en die mate van sukses in sy terugkeer na die wêreld
van die lewendes, kon hy op die lange duur nie die dood vryspring nie.
Die les hiervan word 'n eggo en uibreiding van reël 4: 'moenie hoop om
die dood te vermy nie' (10).

4.3 Die vraag na die bepaalde aangeleentheid wat tot die gedig se
boodskap aanleiding gegee het, moet onbeantwoord bly. Dit is wel
moontlik dat die ontbrekende gedeelte die spesifieke omstandighede
sou uitgespel het. En inderdaad is die teenwoordigheid van die Noorde-
wind (as deel van die metafoor vir die politieke situasie?) (reël 13) en van
die woord *πόλιν* in fr.38b (wat dalk aan dieselfde gedig behoort) aanlok-
like aanduidings van 'n politieke aangeleentheid wat die digter en sy
vriende geïnteresseer het. Indien dit so is, is die gedig 'n *στασιωτικόν*
soos ander gedigte van Alkaios (bv. fr.6, 69, 70, 72, 73, 141, 326,
332L–P). Vgl. verder Page, *Sappho and Alcaeus* 300 en Trumpf, *ZPE*
12,1973,139–160.

LITERATUUR

Bowra, *GLP* 168 e.v.
 Campbell, *GLP* 290–291.
 Degani-Burzacchini 191–194.
 Fränkel, *EGP* 195–196.
 Kirkwood 83 e.v.
 Lesky 135.
 Martin 50 e.v.
 Page, *Sappho and Alcaeus* 299 e.v.
 Rösler 264–270.
 Treu, *Alkaios* 181.
 Trumpf, *ZPE* 12 (1973) 139–160.

(CAvR)

(c) Fr.42L–P (42C, 74D, 120E, 42V)

Helena en die smarte van Troje

ὥς λόγος, κάκων ἄλχος ἔννεκ' ἔργων¹
 Περράμῳ καὶ παῖσιν ποτ', ὦλεν', ἦλθεν²
 ἐκ σέθεν πίκρον, πύρι δ' ὤλεσε Ζεὺς³
 Ἴλιον ἴραν.

οὐ τεαύταν Αἰακίδαις ἄκοιτιν⁴ 5
 πάντας ἔς γάμον μάκαρας καλέσσαις⁵
 ἄγετ' ἐκ Νήρης ἔλων [μελάθρων⁶
 πάρθενον ἄβραν

ἔς δόμον Χέρρωνος· ἔλυσε δ' ἄγνας⁷
 ζῶμα παρθένω· φιλότις δ' ἔθαλε⁸ 10
 Πήλεος καὶ Νηρείδων ἀρίστ[ας,
 ἔς δ' ἐνίαυτον

- Page: ὥς λόγος· κάκων δ' ὀνέτηλ' ἀπ' ἔργων Diehl: ἀνέβλαστ' ἀπ' ἔργων Jurenka: ἄχος, ὦλεν', ἔργων Page (OCT): ἀπύφειε φέρων ἀπένεικε λέκτρων Cataudella: ἀνέτηλ' ἀπ' ἔργων Wilamowitz Edmonds
- Page: τέλος φίλοισι Wilamowitz: φίλοις' ἔτηλθεν Page (OCT): τρώεσσιν ἄλμα Edmonds: γέρας φίλοισι Cataudella: θέρος Colonna
- Page: πύρι δ' αἰθάλωσας Wilamowitz: περὶ δ' ἔλλατο φλόξ Edmonds
- Barkhuizen: πόθητον Wilamowitz: ἐξόλεσας Jurenka: ἄγαυος Page: γύναικα Bowra: πόθεννον Edmonds: ποθένηνην Trypanis
- Hunt
- (aut ἐκράνηθη, ἀγαύω) Hunt
- Wilamowitz: ἄγνα (aut αὐτῇ) Hunt: ἄβρας Diehl: ἄγνον Jurenka: αὐτός Gallavotti
- Hunt: ἐμείχθη Jurenka: ἐγένετο Sitzler: ἔγεντ' εὖ (aut ἔγεντο) Bowra Pisani: ἀγαύω Reinach-Puech: φιλότατα δ' ὕμνην (ὑμνουν) Gallavotti

παῖδα γέννατ' αἰμιθέων [φέριστον⁹
 ὀλβιον ξάνθαν ἐλάτη[ρα πάλων·¹⁰
 οἱ δ' ἀπώλοντ' ἀμφ' Ἑλένα Φρύγες τε¹¹
 καὶ πόλις αὐτῶν.

15

BRON

P.Oxy. 1233,2,ii.

1. VERSMAAT

Die versmaat is die Sapphiese strofe:

— — — — — (Sapphiese hendekasillabe (1–3)
 — — — — — (*adoneion/adonium*) (4)

2. KOMMENTAAR

- 1 ὥς: *psilosis* (d.w.s. die afwesigheid van die begin-aspirant) is kenmerkend van die Lesbies-Aioliese dialek van Alkaios en Sappho.

ὥς λόγος: vir die weglating van die werkwoord (ἔστι), vgl. Aisch. A. 264: εὐάγγελος μὲν, ὥσπερ ἡ παροιμία ..., met Fraenkel se kommentaar op hierdie passasie (II, 148). Jurenka meen ὥς λόγος dui op die feit dat die gedig eristies van aard is en onder dié tipe van lied val waarin die een sanger op 'n ander (voorafgaande) antwoord. Hierdie gedig sou dan 'n antwoord gee (kontrasterend) op een wat so pas Helena se skoonheid besing het. Vgl. hierteen Bowra, *GLP* 178–179. Wilamowitz meen dat daar in elk geval 'n strofe aan die begin weggeval het — ὥς λόγος is nl. 'n tipiese formule om 'n mitiese deel in te lei (vgl. Pind. *O.* 2,28: λέγοντι δ' ..., en in die algemeen Oehler, *Mythologische Exempla in der älteren griechischen Dichtung* 52 e.v.). Die meeste kritici sien die gedig egter as 'n geheel — vgl. Treu, *Alkaios* 143; *Balladen* 66; Lesky 136.

ἄλχος ἔννεκ' ἔργων: Page se lesing word o.a. deur Kirkwood, Trypanis en Voigt gevolg, maar deur Page self in sy *Lyrice Graeca Selecta* (OCT 1968) verander na wat hy aanvanklik in reël 2 gelees het. Jurenka, gevolg deur Bowra en Treu, lees ἀνέβλαστ' ἀπ' ἔργων waaruit in elk geval blyk dat κάκων vir ἔργων veronderstel.

9. Diehl: κράτιστον Wilamowitz Hunt: ἄριστον Gallavotti

10. Hunt

11. Hunt: Τρόες τε Edmonds

- 2 Περράωv: Πέρραμος is die Aioliese wisselvorm vir Πριάμος (so Alk. fr.298,8). Vgl. Sappho fr.44,16: Περάμοιο.

παῖσι[ι ποτ', ᾧΩλεν', ἦλθεν: Page meen dat σέθεν (3) 'n vokatief in die voorafgaande reël 'n sterk moontlikheid maak (vgl. ook so Trypanis, Kirkwood). Die waarskynlikste is Helena — vgl. hieroor goed Martin 74 vir die verskillende moontlikhede. Wilamowitz, gevolg deur o.a. Bowra, Treu, Reinach-Puech, het τέλος φίλοισι gelees, wat ook goed sou pas. Page het in *Lyrice Graeca Selecta* sy vroeëre voorstel na die eerste reël geskuif, en dit hier met φίλοισι ἐπηλθεν vervang.

ᾧΩλεν': = ᾧ Ἐλεν(α).

- 3 (ἐκ) σέθεν: = σοῦ. ἐκ dui op die bron van die smarte. Vir σέθεν, vgl. Buck 90; Hamm 107.

πύρι δ' ὤλεσε Ζεῦς: die meeste neem πύρι aan; Wilamowitz, Treu en Bowra lees dan αἰθάλωσας, terwyl Jurenka ἐξόλεσας en Page ὤλεσε Ζεῦς voorstel. Terwyl Helena sekerlik die bron van die smarte is, sal eerder een van die gode, veral Zeus, as die vernietiger genoem word, en nie Helena nie. Vgl. by 15.

- 4 Ἴλιον: vroulik soos in Homeros, behalwe *Il.* 15,71: Ἴλιον αἰπύ, waar dit soos later in die 5de eeuse Atties en Ionies neutrum is.

ἱραν: *psilosis* en barutonese. Homeros het al ἱρός naas ἱερός: vgl. bv. *Od.* 6,321–322: ἄλσος .../ἱρόν en veral Ἴλιος ἱρή in *Il.* 4,46.

- 5 οὐ τεαύταν: let op die klemposisie aan die begin van die strofe as teenstelling met Helena in strofe 1. Vgl. die Interpretasie.

τεαύταν: Aiolies vir τοιαύτην.

Αἰακίδα[ις ἄκοιτιν: Wilamowitz, gevolg deur Treu en Reinach-Puech, lees πόθητον in opposisie met γάμον (6), maar volgens Fatouros kom dit nie by die lyrici voor nie. Trypanis wysig tot ποθένην (vgl. Sappho fr.15b,11: πόθη[νον). Bowra lees γύναικα, wat Treu 143 as te kleurloos beskou, en die nuutste is Page se ἄγανος, wat Voigt egter nie in haar teksuitgawe opneem nie. Vir ons voorstel ἄκοιτιν, kyk veral die volgende drie passasies waarin dit telkens om die huwelik van Peleus en Thetis handel: (i) In Hom. *Il.* 24,59–61 verwys Hera na die feit dat sý Thetis met sorg groot gemaak het en haar ten slotte aan Peleus as bruid gegee het: θεᾶς ..., ἦν ἐγὼ αὐτὴν/ θρέψα τε καὶ ἀπύτληα καὶ ἀνδρὶ πόρον παράκοιτιν/ Πηλεί ... παράκοιτιν word hier metries vereis, maar suggereer

ἄκοιτιν duidelik; vgl. *Il.* 6,374. (ii) In *N.* 5,36 vertel Pindaros hoe Zeus toestemming gee dat Thetis aan Peleus as bruid gegee word: ποντίαν χρυσαλακάτων τινὰ Νηρείδων πράξιν ἄκοιτιν ... Hier roep τινὰ Νηρείδων Alkaios se ἐκ Νήρηος (7) en veral Νηρείδων ἀρίστας (4) na vore. (iii) In Apoll. Rhod. 4,797–808 probeer Hera Thetis se hulp bekom en vertel aan lg. hoe Zeus gesweer het dat Thetis nie aan 'n god as bruid gegee sal word nie, en hoe deur háár toedoen sy aan Peleus gegee is. Vgl. hier veral reël 798: μήποτέ σ' ἀθανάτοιο θεοῦ καλέσθαι ἄκοιτιν.

Vir ἄκοιτις as bruid, vgl. ook Pind. *N.* 1,71: δεξάμενον θαλερὰν Ἥβαν ἄκοιτιν ..., en Bakch. 5,169: τὰν κεν λιπαρὰν ἐθέλων θείμαν ἄκοιτιν.

Soos sal blyk uit die interpretasie, word Helena en Thetis in Alk. fr.42L–P met mekaar gekontrasteer. As ons nou in ag neem dat Helena deur Homeros (*Ilias* 3,447) die ἄκοιτις van Paris genoem word, sou ἄκοιτιν in Alkaios 'n ironiese kleur aan dié kontras verleen: teenoor Helena as fatale en onwettige ἄκοιτις van Paris, staan Thetis as edele en godgegewe ἄκοιτις van Peleus.

Dat vertalers aangevoel het dat ons hier iets soos 'bruid' moet lees, blyk uit o.a. Kirkwood ('Not such a bride ...') en Treu ('Nicht war so die Braut ...'), alhoewel eersgenoemde ἄγανος en laasgenoemde πόθητον lees.

Ten slotte moet daarop gelet word dat in baie gevalle ἄκοιτις/ἄκοιτιν aan die *einde* van die reël staan (*Il.* 3,447; Sapph. fr.58,22; Pind. *N.* 5,36; Bakch. 5,169; Apoll. Rhod. 4,798), terwyl ook παράκοιτιν in *Il.* 24,60 dié posisie beklee.

6 μάκ[α]ρας καλέσσαις: 'n algemeen aanvaarde aanvulling deur die eerste redakteurs. Vgl. Apoll. Rhod. 4,807–808, waar ook verwys word na Thetis en Peleus se huwelik, wat 'n goeie parallel bied vir reël 6 se καλέσσαις, nl. θεοὺς δ' ἐς δαῖτ' ἐκάλεσσα πάντας ὁμῶς. Μάκαρ word in absolute sin, gewoonlik van die gode teenoor sterflinge, gebruik.

7–8 ἔλων ... / ... ἄβραν: *psilosis* en barutonese in albei gevalle (= ἐλών/ἄβράν).

9 Χέρρωνος: Aiolies vir Χίρωνος.

ἄγνας: so o.a. Wilamowitz, Page, Bowra, Treu. Hunt en Reinach-Puech lees ἄγνα en Jurenka ἄγνον (in opposisie met ζῶμα). Weer eens is daar barutonese en *psilosis* (= ἀγνάς).

παρθένω: genitief enkv. Sien Buck §25.

φιλό[τας δ' ἔθαλε: so Page 279 ('which seems to me better than the fashionable ἐμείχθη, ἐτύχθη, ἔγεντο, let alone the expedient of removing the stop after παρθένω (Cataudella, Diehl)' — ἐν Reinach-Puech. Hy verwys na *carm. pop.* 44P(= 873 PMG) 8: ὁ λυσιμελῆς/Ἔρως ... θάλλει en *Hymn. Hom.* 19,33: θάλε γὰρ πόθος.

12 ἐς δ' ἐνιαυτον: Page 28 skryf '... (it) seems an odd way of expressing "within a year"', the sense required also in *Hom. Od.* δ 86 τρεῖς γὰρ τίκει μῆλα τελεσφόρον εἰς ἐνιαυτόν.' Vgl. hiervoor egter ook Pind. *P.* 10,63: τὰ δ' εἰς ἐνιαυτὸν ... προνοῆσαι. Let op die barutonese in ἐνιαυτον.

13 γέννα(ο): ougmentloos. Dit kom van γείνομαι, nie γεννάω nie, en is in Alkaios altyd ougmentloos (γέννατο); vgl. Fatouros 80, Page 280.

αἰμιθέων: Lesbiese αἰμι- vir ἡμι-, 'semi-'. Vgl. Sappho fr. 44, 14: αἰμιόνοισι en Theokr. 29,5: αἶμις vir ἡμιόνους en ἡμῖς respektiewelik.

[φέριστον]: so Diehl. Net so goed is κράτιστον (Wilamowitz, Hunt) of ἄριστον (Gallavotti).

14 ξάνθαν: = ξανθών, gen. mv. by πώλων.

15 ἄμφ' Ἑλένῃ: *psilosis*. 'n Goeie parallel, wat ook betrekking het op reëls 3–4, is Pind. *P.* 11,33–34: ἐπεὶ ἄμφ' Ἑλένῃ πυρωθέντων/Τρώων ἔλυσε δόμους ἄβρότατος. Vgl. Degani-Burzacchini 197.

3. STRUKTUUR

Die vier oorblywende strofes van hierdie gedig vorm 'n balansstruktuur in die vorm van 'n ringkomposisie gebaseer op 'n kontrasvergelyking tussen Helena en Thetis. Die eerste strofe en tweede helfte van die laaste strofe handel oor Helena se optrede en die dure gevolge daarvan vir Troje, terwyl die middelste twee strofes en die eerste helfte van die laaste strofe oor die volkome verbintenis tussen Thetis en Peleus handel.

- | | | |
|--|---|---|
| A strofe 1 (1–4) | : | Helena se κατὰ ἔργα as oorsaak van smarte oor Priamos, sy seuns, en die val van Troje. |
| B strofe 2 (5–8)
+ strofe 3 (9a) | : | Thetis was nie só 'n bruid soos Helena nie — selfs die gode was op Thetis en Peleus se huwelik. |
| C strofe 3 (9b–12)
+ strofe 4 (13–14) | : | Die geluk van hulle huwelik met as resultaat die geboorte van die held Achilles. |

D strofe 4 (15–16) : Die Phrugiers en hulle stad se ondergang vanweë Helena.

T.o.v. die struktuur kan nog op die volgende gelet word:

- (i) Alkaios se vertellingstegniek (een wat tipies Grieks was; vgl. o.a. Sapph. fr. 1 en 31; Theokr. 1, 2, 11; Pind. P. 10) waardeur die openingsraam meer besonderhede bevat as die slotraam:
 - (a) κάκων ... ἄχος ἔννεκ' ἔργων — ἐκ σέθεν πίκρον, πύρι δ' ὤλεσε
teenoor net ἀπώλοντ' ... ἀμφ' Ἑλένα.
 - (b) Περράμφη καὶ παῖσι ... Ἴλιον ἴσαν teenoor bloot Φρύγες τε καὶ
πόλις αὐτῶν.
- (ii) Die plasing van bepaalde essensiële begrippe:
 - (a) κάκων (1) aan die begin van die vertelling waardeur die atmosfeer rondom Helena sterk moreel gelaai word;
 - (b) οὐ τεαύταν aan die begin van strofe 2 as sterk kontras teenoor Helena, opgeneem deur ἀρθρονον ἄβραν aan die einde van strofe 2, waardeur ons 'n geslote binnekring het óm Thetis se karakter — en wat weer opgeneem word deur ἄγνας ... παρθένω (9–10);
 - (c) Ἴλιον ἴσαν (4) aan die einde van strofe 1 en πόλις αὐτῶν (16) aan die einde van strofe 4 (ringpatroon).
- (iii) Die styl en taalgebruik. Kirkwood 89 en Martin 74 wys op die Homeriese eggo's vermeng met Lesbiese vorms gegiet in 'n eenvoudige styl wat egter vanweë die ekonomie van beskrywing effek aan die geheel verleen.

4. INTERPRETASIE

4.1 Die paradoks van die Helena-figuur — dat só 'n mooi vrou sowel heldedade, maar tewens ook smarte, na vore geroep het — het verskillende oordele oor haar in die Griekse letterkunde laat ontstaan. Vir ons is hier van belang haar voorstelling deur skrywers vóór of tydens Alkaios se leeftyd.

- (a) In die Homeriese epiek (i) word sy aan ons voorgehou in haar *selfverwyt* (*Il.* 3, 173–175; *Od.* 4, 259–264) en noem sy haarself *συγγεγή* (*Il.* 3, 404), *κυνῶπις* (*Il.* 3, 180; *Od.* 4, 145) en *κύων* (*Il.* 6, 344); (ii) word sy deur sowel Achaiërs as Trojane *verwens* (*Il.* 3, 39 e.v.; 6, 281 e.v.); en (iii) word sy geteken in haar stryd teen Aphrodite se mag wat haar na Troje laat gaan het én nog daar telkens aan Paris se liefkosing laat toegee *teen haar sin* (*Il.* 3, 383–448; *Od.* 4, 259b–264).

Homerus self, in eie persoon, fel *nie* 'n oordeel oor haar nie — dit vanweë die *objektiwiteit* van sy kuns.

- (b) In Plato *Phdr.* 243a word daar verwys na Stesichoros se Ἑλένης κακηγορία waaruit ons kan aflei dat hý wel haar *moreel* veroordeel het (vgl. hiervoor Davison, *From Archilochus* 196–225).
- (c) Ook Alkaios spreek 'n *morele* oordeel oor haar uit, nie net in fr. 42L–P nie, maar ook in fr.283L–P.
- (d) Sappho fr.16L–P gryp terug na *Il.* 3, 383–448 en veral *Od.* 4, 259b–264: *Aphrodite* staan agter alles, en die Helena-episode is simbolies van die mag van die liefde: Helena het dit *teen haar sin* gedoen. Dus: géén *morele* oordeel nie.

4.2 Hierdie uiteenlopende karakterisering van Helena deur twee tydgenote, Alkaios en Sappho, laat die vraag ontstaan watter gedig eerste geskryf is, Sappho fr.16L–P of Alkaios fr.42L–P, en of Alkaios, indien Sappho se gedig eerste geskryf is, op Sappho wou antwoord. Hiermee hang dan saam die vraag na die aard en funksie van die gedig.

Reeds in die kommentaar op reël 1 is gewys op Jurenka se siening dat die gedig *eristies* van aard is. Lavagnini se gedagte dat ψόγος ('blaam') ten grondslag lê, word deur Degani-Burzacchini 195 verwerp. Dat ὥς λόγος 'n tipiese formule is om 'n mitiese vertelling in te lei is duidelik (vgl. Wilamowitz oor reël 1), maar wat voorafgegaan het, en watter gedig eerste geskryf is, is twee vrae wat nie maklik beantwoord kan word nie. Ons het hier dan na alle waarskynlikheid 'n fragment met net die mitiese vertelling wat bewaar gebly het.

Dit bly egter legitiem in die leesproses om bepaalde hipoteses op te stel om teksgapinge (fisies, en dié binne die wêreld van die gedig) aan te vul. Die tegniek van narratiewe apostrofe (die aanspreek van 'n karakter, hier Helena: ὦ Ἥλην, 2) laat in elk geval blyk dat dit hier primêr om *Helena* en haar *immorele optrede* gaan. Tog is dit opvallend dat meer as die helfte van die vertelling eerder aan Thetis en haar *moreel* uitstaande karakter bestee word. Die siening van Campbell, *GLP* 292 en Kirkwood 90 dat Thetis nie juis 'n beter modelvrou as Helena sou wees nie, vind derhalwe nie net geen steun in die teks nie, maar die teksgegewens weerspreek dit selfs.

4.3 As slotoordeel kan gewys word op Kirkwood 90: '... the vivid, dramatic confrontation, achieved with economy of description, and the sombre illustration of moral consequences give this poem shape and substance,' en Martin 74: 'The narrative is brief and allusive, and the poem's success depends on the final couplet and on Alcaeus's use of a

series of phrases pregnant with epic connotation ...', laasgenoemde veral in reëls 4, 8, 9–10 en 14.

LITERATUUR

- Barkhuizen, *AClass* 20 (1977) 1–5.
Barkhuizen, *Mnem.* 4.36,1–2 (1983) 151–152.
Bowra, *GLP* 178–179.
Campbell, *GLP* 291–292.
Cataudella, *Atene e Roma* 9 (1928) 81–85.
Degani-Burzacchini 194–197.
Eisenberger, *Der Mythos* 61 e.v.
Fränkel, *EGP* 198.
Kirkwood 88–90.
Lesky 136.
Martin 73–74.
Page, *Sappho and Alcaeus* 278–281.
Reinach-Puech 83–84.
Rösler 221–238.
Treu, *Alkaios* 32–33, 143.
Treu, *Balladen* 66–67.
Trypanis, *The Penguin Book of Greek Verse* 142.
Voigt 193–194.

(JHB)

4. *Sappho van Mutilene*

4.1 LEWE EN WERK

Sappho, gebore laastens in c. 612 uit 'n vername familie, het die grootste deel van haar lewe in Mutilene op die eiland Lesbos deurgebring. Toe sy nog 'n kind was moes sy, as gevolg van politieke twis in Mutilene (kyk onder Alkaios, p. 32) saam met andere in ballingskap na Sicilië gaan. Later het sy na Mutilene teruggekeer, maar die politieke storms wat oor die stad gekom het en so 'n sentrale plek in die poësie van haar tydgenoot Alkaios bekleed, kom prakties nie in die fragmente van haar werk voor nie: slegs in een fragment uit 'n beskadigde papirus is daar 'n verwysing na verbanning.

In Mutilene het Sappho 'n *thiasos* of kring — van 'n religieuse, opvoedkundige en literêre aard — van jongmeisies gestig wat aan die kultus van Aphrodite, godin van lieflikheid en fisiese liefde, en aan die Muses of Kunsgodinne gewy was. In die *thiasos* is aristokratiese meisies onderrig in die vroulike aktiwiteite (weef, spin, sosiale gedrag) en die kunste van die Muses (dans, sang, lier- en fluitspel), wat hulle vir die huwelik en hulle rol in die samelewing voorberei het. Sappho het baie nou saamgeleef met die lede van haar kring, talle liedere oor hulle

geskryf, soms baie intiem wat haar gevoelens teenoor hulle betref, en sy het ook hulle huwelike in liedere gevier. Oor die erotiese aspek van hierdie kring, kyk Fränkel, *Early Greek Poetry* 175–176, Gerber, *Euterpe* 161, en Merkelbach, *Philologus* 101, 1956, i.e.v.

Sappho se liedere is later in nege boeke volgens versmaat versamel. Dit begin heel paslik met 'n loflied aan Aphrodite (fragment 1L–P, C, D, E), en sy is nie sku om die mees persoonlike fisieke gevoelens van haarself en van andere te beskryf nie. Maar selfs in die uitbeelding van die diepste emosies en verregaande fisieke gevoelens bly die vorm wat sy daaraan gee meesal in die hoogste mate kunstig en gekontroleerd.

Daar is waarskynlik geen gedig wat die teëstelling tussen haar en haar manlike voorgangers asook tydgenoot Alkaios beter weergee nie as fr.16L–P,C, 27D, 38E (hoofsaaklik soos deur Diehl aangevul): 'Sommige sê dat 'n leër perderuiters die skoonste op die donker aarde is, andere ('n leër) voetsoldate, en weer andere ('n vloot) skepe — maar ek sê dat dit is wat mens liefhet. Dit is baie maklik om dit aan elkeen verstaanbaar te maak. Sy nl. wat alle menslike wesens in skoonheid oortref het, Helena, het haar man verlaat, die allerbeste een, en na Troje gevaar sonder enige gedagte aan haar kind of dierbare ouers. Nee, die liefde het haar mislei ... Dit het my nou aan Anaktoria herinner ... Ek sou eerder haar lieflike voetgang wil sien en die helder glans op haar gesig, as die strydwaens van Lidië en gewapende manne wat te voet veg ...'

Uit hierdie gedig blyk heel duidelik (vgl. Bowra, *GLP* 180–181) die teëstelling tussen Sappho en die behae van Alkaios en andere in oorlogvoering; en terwyl die verhaal van Helena vir Alkaios 'n geleentheid tot 'n waarskuwing was, lewer dit vir Sappho die allesoorredende argument dat die voorwerp van die liefde die mooiste op aarde is.

Sappho was getroud met 'n sekere Kerkulas van Andros, volgens oorlewing 'n ryk man, en sy het 'n dogter Kleïs gehad vir wie sy baie lief was. Sy het ook drie broers gehad, waarvan een, Charaxos, hom haar misnoeë op die hals gehaal het. Herodotos 2,135 vertel die verhaal van die *hetaira* Rhodopis. 'n Sekere Xanthos van Samos het haar na Egipte gebring waar Charaxos haar vir 'n groot bedrag vrygekoop het. Later het Charaxos na Mutilene teruggekeer waar Sappho hom moontlik in een van haar gedigte (3L–P, C, 23D, 35E) betig het.

Strabo 17,1,33,808 maak die verhaal interessanter. Hy vertel van die graftombe van die *hetaira* wat deur haar minnaars in Egipte gebou is — 'die een wat Sappho, die meliese digteres, Doricha noem, die beminde van haar broer Charaxos, wat handel gedryf het in Lesbiese wyn wat hy

na Naukratis gebring het; maar andere noem haar Rhodopis'. Later het Sappho haar broer egter vergewe, en selfs 'n goeie gedig geskryf in die vorm van 'n (smeek)bede aan Aphrodite (?) en die Nereïdes om Charaxos veilig na sy tuiste te bring. (Die godin se naam het weggeval in die betrokke papirus — fr.5L–P, C, 25D, 36E; Lobel-Page vul dit aan met Κύπρι καί in die eerste reël.) Hierdie bede is volgens Bowra, *GLP* 210 'n vroeë voorbeeld of voorloper van die *propemptikón* wat geskryf is vir iemand wat op die punt staan om 'n seereis te maak. Denniston in *OCD*² 886 s.v. (onder die woord) *propemptikon* noem egter as eerste voorbeeld aan ons bekend 'n ander fragment van Sappho, nl. χαίροις ἔρχεο, 94L–P, C, 96D, reël 7. Oor Sappho se lewe is verder weinig bekend, en die verhaal dat sy selfmoord gepleeg het is hoogs waarskynlik 'n versinsel.

Sappho skryf in die Lesbiese volkstaal, behalwe in 'n paar gedigte waarin daar ook epiese vorms in voorkom. Oor die Lesbiese dialek, kyk kortliks Campbell, *GLP* 262–264.

Oor die verdeling van Sappho se werk in nege boeke volgens versmaat, kyk Bowra, s.v. 'Sappho' in *OCD*² 950–951. Oor die versmate van Sappho, kyk Raven, *Greek Metre* VIII en p. 100 of Campbell se 'Appendix on Metre', 454 e.v., veral 458–460.

TESTIMONIA

Campbell, *Greek Lyric* I,2–51.
Edmonds, *Lyra Graeca* I,140–181.
Treu, *Sappho* 108–127 (met Duitse vertaling).

LITERATUUR

Bowra, *GLP* 176–240.
Campbell, *GLP* 260–262.
Fränkel, *EGP* 170–188, 211.
Lefkowitz, *Lives* 36–37.
Lefkowitz, *GRBS* 14 (1973) 116 en n.5.
Lesky 138–148.
Merkelbach, *Philologus* 101 (1956) 1–29.
Page, *Sappho and Alcaeus* 110–146.
Treu, *Sappho* 137–160.

(CAvR)

4.2 FRAGMENTE VAN SAPPHO

(a) Fr.1L–P (C, D, E, V)

Liefdesgebed

Ποικιλόθορον¹ ἄθανάτ² Ἀφροδίτα,
παῖ Δί[ο]ς δολ[ό]πλοκε, λίσσομαί σε,
μή μ' ἄσαισι [μηδ' ὀνί]αισι δάμνα,
πότν]ια, θύ[μ]ον·

ἀλλὰ τυίδ' ἔλ[θ', αἶ ποτα κατέρω]τα
τά]ς ἕμας αὐ[δ]ας αἰῖοισα πῆλοι³
ἔκ]λυες, πάτρω]ς δὲ δόμον λίποισα
χ]ρύσιον⁴ ἤλθ[ες]

ἄρ]μ' ὑπασδεύξαισα· κάλοι δέ σ' ἄγον
ᾧ]κεες στρουῖ]θοι περὶ γᾶς μελαίνας
πύ]κνα δίν[νε]ντες⁵ πτέρ' ἀπ' ὠράνω]ιθε-
ρο]ς διὰ μέσσω,

αἰ]ψα δ' ἐξίκοι]ντο· σὺ δ', ᾧ μάκαιρα,
μειδιαι]σαι σ' ἄθανάτῳ προσώπω
ἦ]ρε' ὅττι [δι]ηῖ]τε πέπονθα κῶττι
δη]ῖτε κ[ά]λῃ[μ]μι

κ]ῶττι [μοι μάλιστα θέλω γένεσθαι
μ]αινόλῳ [θύμῳ· τίνα δηῖ]τε πείθω⁶
ἄ]ψ) σ' ἄγην⁷ [ἐς σὺν φιλότατα· τίς σ', ᾧ
Ψά]πφ', [ἀδικήει;

5

10

15

20

1. Dion. Halic. *Epit.* cod. V Heph. cod. A: ποικιλόρο[pap.: ποικιλόθρον Dion. Halic. *Comp.* codd. FP: ποικιλόφρον Dion. Halic. *Epit.* codd. MR Choroeb. cod. U: ποικιλόφρων Dion. Halic. *Epit.* cod. D Choroeb. cod. K

2. Lobel-Page: ἄθανάτ' alii

3. Lobel-Page: [ε]μάσαν[pap.: αὐδὰς αἰῖος· ἀπόλυ Dion. Halic. *Epit.* codd. RDV: αὐδῶς, αἰῖος ἀπόλῳ Dion. Halic. cod. P: αὐδεσαι· οἴσαπηλοῖ Dion. Halic. *Comp.* cod. F: πῆλυ Priscianus

4. Lobel-Page: χρύσιον· pap.

5. Fick: [κ]να δίν[pap.: δινῖντες Dion. Halic. *Comp.* cod. P: δινεῦντες Dion. Halic. *Epit.* codd. DH

6. Lobel-Page: τίνα δηῖτε πειθῶ Dion. Halic. *Epit.* cod. R: τίνα δ' εὐτεπεί θω Dion. Halic. *Comp.* cod. P: τίνα δηῖτε πειθω Dion. Halic. *Comp.* cod. F: Πείθω Bergk Seidler: τίνα δηῖτε Πείδων Van Bennekom: πείδω Bagg: Πείθων Hausmann: τίνα δεῖ αὐτε Πείθω(v) Verdenius: τίνα δ' αὐτε πειθῶ Dacier

7. Lobel-Page: [ψς· ἄγην] pap.: ἄψ σ' ἄγην ἐς φάν (ἔκαὶ σαγην†) Lobel: ἄψ τάγην ἐς Page: ἄψ (†) ἄγην Del Grande Gallavotti: αἶσ' ἄγην ἐς σὺν φιλότατα Van Bennekom: μαι σαγηνεσσα

καλὶ γὰρ αἱ φεύγει, ταχέως διώξει,
αἱ δὲ δῶρα μὴ δέκετ', ἀλλὰ δώσει,
αἱ δὲ μὴ φίλει, ταχέως φιλήσει
κωὺκ ἐθέλοισα.⁸

ἔλθε μοι καὶ νῦν, χαλέπαν δὲ λύσον
ἐκ μερίμναν, ὅσσα δέ μοι τέλεσσαι
θῦμος ἰμέρρει, τέλεσον· σὺ δ' αὐτὰ
σύμμαχος ἔσσο.

25

BRONNE

Die teks is 'n integrasie van verskeie bronne: *P.Oxy.* XXI,2288, en o.a. Dionusios van Halikarnassos, *de Compositione Verborum* 23,173–179 en *Epitomē* 114–116, Choroibos se kommentaar op Hephaistion se *Encheiridion*, en Priscianus se *Institutiones Grammaticae* 1.37; kyk verder Lobel-Page 3.

1. VERSMAAT

Sapphiese strofe:

reëls 1–3: –υ–υ–υ–υ–υ–υ (Sapphiese hendekasillabe)

reël 4 : –υ–υ–υ (*adoneion*).

Vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 318, 324.

In reël 20 is daar elisie op –οι: Ψάπφ', ἀδικήει, en in reël 1 *sunekphonesis* ('saamuitspraak'): ἀθανάτ' Αφροδίτα, omdat die finale –ā van die vroulike vokatief nie geëleer kan word nie.

2. KOMMENTAAR

- 1 ποικιλόθορον': 'met rykversierde troon', 'n ἄπαξ λεγόμενον wat deur die meeste manuskripte van Dionusios gesteun word. Daar is ook visuele getuienis in die voorstelling op vaasskilderinge; vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 5. Die woord dui op versigtige en vernuftige werk met verskeie kleure en materiale (bv. goud, ivoor, hout,

Dion. Halic. *Comp.* cod. P: καὶ σαγήνεσσαν Dion. Halic. *Comp.* cod. F: μαῖς (μαῖς') ἄγην Bergk: καὶ σ' ἄγην ἐς ἑάν Edmonds: εἰσάγην ἐς Heitsch: πείθω-/μαι Blass: καὶ σαγηνεῖσαν Stephanus: καὶ σαγηνούσαν Dacier: μοι σ' ἄγην Luppino: μάψ σάγην Colonna: ἀφ σάγην Barnstone

8. Diehl: κωὺ κεθέλουσα Dion. Halic. *Comp.* cod. F: κ' ὦνκ' ἐθέλοις Dion. Halic. *Comp.* cod. P: κὼ εἰ καὶ θέλεις Dion. Halic. *Epit.* codd. RDV: κωὺκ ἐθέλοισα Bergk: κωὺ κε θέλοισα Lobel: κωὺ κε θέλοισαν Privitera: κὼς σὺ θέλοισα Beattie: κούκ ἐθέλοισα Page (OCT): κωὺ σε θέλοισαν Knox: κωὺκ ἐθέλοισαν Schäfer

terraccotta). Die opvatting van Lawler, Bolling en Putnam dat -θρόν(ε) na blomme (θρόνα) verwys (soos in Hom. *Il.* 22,441: θρόνα ποικίλ' ἔπασσε) strook nie met die gebruik van dergelike saamgestelde woorde soos εὐθρονος (Pind. *I.* 2,5 — van Aphrodite), ὁμόθρονος (Pind. *N.* 11,2 — van Hera), ὑψίθρονος (Pind. *I.* 6,16 — van Klotho; en *N.* 4,65 — van die Nereïede), χρυσόθρονος (Pind. *P.* 4,260 — van Kurene, en *N.* 1,37 — van Hera; Bakch. 14,1 — van Hestia; Adesp. 953,1 *PMG* — van die Muse), en δίθρονος (Aisch. *A.* 109 — van die Atreïdai) nie. Vgl. Gerber, *Euterpe* 162–163; Perrotta-Gentili 117; Saake, *ZKS* 48; Risch, *Studi Classici* 14, 1972, 24–25; Degani-Burzacchini 125–126. Oor die alternatiewe lesing in die oudheid, ποικίλοφρων (Alk. fr.69,7L–P), vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 4–5; Neuberger-Donath, *WS* 82,1969,15–17.

ἀθανάτ' Ἀφροδίτα: in Aiologies word die finale *ā* van die vokatief van vroulike eiename verkort sodat Ἀφροδίτα proparoxutonies, maar 'n adj. soos ἀθανάτα paroxutonies geaksentueer word; vgl. ook Δίχᾱ (Sa. fr.81b,1L–P), Ἰρανᾱ (Sa. fr.91L–P), maar παρθενίᾱ (Sa. fr.114L–P); vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 5–6; Perrotta-Gentili 117. Alhoewel die gode elders gesamentlik ἀθάνατοι genoem word, is hierdie die vroegste oorgelewerde gebruik van ἀθάνατος i.v.m. 'n individuele Olimpiese godheid. Die woord word in die enkelvoud gebruik vir individue wie se onsterflikheid nie sondermeer vanselfsprekend is nie: vgl. ἀθάνατος Πρωτεύς, Hom. *Od.* 4,385; ἀθανάτη Κίρκη, *Od.* 12,302. Sappho beklemtoon hier die onsterflikheid en goddelikheid van Aphrodite teenoor haar eie toestand; vgl. Perrotta-Gentili 117.

- 2 δολ[όπλοκε: 'lisvlegster', 'liswewend' (δόλος, πλέκω), eerste in Sappho, en dalk 'n eie woordskepping wat ná haar by Simon. fr.36,9P, Theognis 1386, en Adesp. 949 *PMG* (vgl. ook 919,7) voorkom. Aphrodite word gesien as 'n godin wat met lis die mens in strikke van die liefde vasvang. Vgl. veral Privitera, *QUCC* 4,1967,7–58. Sulke lis aan die kant van gode of helde is nie deur die vroeë Grieke as ongewens of laakbaar gesien nie. Vgl. Perrotta-Gentili 118.
- 3 μή ... ἄσαισι [μηδ' ὀνίαισι: die meervoude dui nie op herhaalde ervarings m.b.t. die huidige én vorige verhoudings (Page) nie, maar op die herhaalde gevoelens van ἄσα en ὀνία in die huidige (vūn, 25) liefdesmart (Radt 337).

Vir die betekenisverskil tussen ἄση, 'angs', en ὀνία (Aiol. vir ἀνία), 'foltering', 'smart', sien Wilamowitz, *Sappho und Simonides*

44–45; Page, *Sappho and Alcaeus* 6; Castle, *TAPhA* 89,1958,70; en Degani-Burzacchini 127. Die terme verskyn ook in mediese konteks, en vorm dus deel van die siening van die liefde as 'n siekte.

μ': = ὃς μέ, voorwerp van δάμνα, met θῦμον akkusatief van betrekking (Gerber), ὃς μοι, met θῦμον as voorwerp (Perrotta-Gentili). Vgl. die gebruik van μοι in reëls 25 en 26, en vgl. kommentaar by reël 18.

δάμνα: imperatief van δαμνάω of δάμνημι. Die mag en geweld van die liefde word gesuggereer, soos reeds by Hom. *Il.* 14,315–316: ἔρος ... / θυμόν ... ἐδάμασσεν. Let op die alliterasie en assonansie in die reël.

- 4 πότνια: in Homeros, soos ook hier, 'n substantief ('koningin', 'meesteres'), maar ook 'n adj.: 'heilig', 'eerbiedwaardig'. Dit is 'n baie ou sakrale term, met Indo-Europese oorsprong (*pátñi*) en 'n Mikeense voorbeeld (*pó-ti-ni-ja*) (Degani-Burzacchini 127).

- 5 τυῖδ': = τηῖδε, 'hierheen'.

κᾰτέρωτα: krasis vir καὶ ἀτέρωτα (= ἐτέρωτα): 'en as ooit tevore'; ἀτέρωτα is 'n byw. van tyd soos πάντοτε en ἄλλοτε (Aiol. -τα); vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 7.

- 6 αὐ[δας: = αὐδής, gen. by αἰοῖσα en ἔκλυες, w.w. van waarneming.

αἰοῖσα: waarskynlik in funksie 'n aor. part. van αἶω, wat net in die praes. en impf. voorkom, maar in wese en betekenis 'n aoristus is. Die woord dui op die oomblik van die fisiese waarneming van die klank: 'raak' hoor' (vgl. Page: 'catch hearing of'), waar ἔκλυες (7) — impf. met aoristus-betekenis — reaksie op die hoor aandui: 'gehoor gegee het aan'; vgl. ook ἡλθεῖς (8). Sien Perrotta-Gentili *ad loc.*; Degani-Burzacchini 127.

πήλοι: = τηλοῦ, τηλόθεν, 'van ver', met αἰοῖσα.

- 8 χιρύσιον: kwalifiseer δόμον (bevestig deur die komma na χιρύσιον in die papirusteks, en deur parallelle in Sa. fr.127L–P; Hom. *Il.* 4,2; Pind. *N.* 10,88; *P.* 3,94; *I.* 4,60), eerder as ἄρμ(α) (soos in *Hymn. Hom.* 9,4; Hom. *Il.* 5,722 e.v.; Pind. *O.* 3,20; Bakch. 13,194; Soph. *OC* 693). Laasgenoemde is egter dalk ook in Sappho se gedagte (vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 7): sy sou so 'n tradisionele beeld gebruik het sonder logiese beredenering van die gepaste snw. saam met χιρύσιον; en ons moet onthou dat die antieke Griekse liriek mondeling voorgedra is, en selfs 'n geskrewe afskrif sou geen punktuasie getoon het nie. Sappho kon m.a.w. *albei* onafskeidbaar in gedagte gehad het (ἀπὸ κοινοῦ); vgl. Gerber, *Euterpe* 164.

- 9 Vir die *psilosis* in ἄρμ' (vir ἄρμα) en ὑπασδεύξαισα (vir ὑποξεύξαισα), vgl. by Alk. fr.42L–P.

ἄγον: (= ἦγον); die impf. dui die proses van die reis aan wat met die aor. ἐξίκοντο (13) eindig.

- 10 στρουῖθοι: 'mossies', weens hulle aanteelvermoë dikwels met vrugbaarheid en dus Aphrodite geassosieer; vgl. Athen. 391e–f; Festus 410,21 Lindsay; Plin. *NH* 10,36,107; Hesych. s.v. στρουῖθος; Schol. B ad Hom. *Il.* 2,305. Hulle is dus gepaste voëls om Aphrodite se koets te trek. Ander voëls, veral die swaan, is met die godin in verband gebring (vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 7–8; Castle, *TAPhA* 89, 1958, 71 e.v.), maar is nie hier van toepassing nie.

περί: 'bo-oor', i.p.v. ὑτέρ wat nie in Lesbies voorkom nie. Sien Degani-Burzacchini 128.

μελαίνας: 'n Homeriese weerklank; vgl. bv. *Il.* 2,699 en Archil. fr.58,2D (met kommentaar in *Kalliope* I, 19); Sa. fr.16,2L–P; Alkm. fr.89,3P; Bakch. 13,153; Theognis 878, 1070; Sol. fr.26, 5; 24,5.

- 11 πύκνα: 'dig' in die sin van 'snelwapperend'.

πύκνα ... [... πτέρ(α): 'n Homeriese frase; vgl. *Od.* 2,151: ἐπιδνιθέντε τιναξάσθην πτέρα πυκνά.

δίν[εντες: praes. part. van δίννημι (= δινέω, 'draai'), hier 'draai', 'beweeg', 'klap'.

- 11–12 ὠράνωιθε/ρος: verrassende krasis vir ὠράνω (= οὐρανοῦ) αἶθερος. Die sametrekking (*sunekphonesis*) is aan die gesproke taal eerder as metriese dwang toe te skryf (vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 8). Die betekenis is: 'van die hemel af, middel deur die eter heen' (Kamerbeek-Verdenius).

μέσσω: = μέσου.

- 14 μειδιá[σαισ' ἀθανάτῳ προσώπῳ: 'n pragtige variasie op die 'feitelike' ἐφ' ἡμερτῷ δὲ προσώπῳ/αἰεὶ μειδιάει (*Hymn. Hom.* 10,2–3); vgl. Hom. *Il.* 3,424: φιλομμειδῆς Ἀφροδίτῃ; Hor. c. 1,2,33: *Erycina ridens*. Page interpreteer Aphrodite se glimlag as dié van verdraagsame, moederlike ongeduld in die lig van Sappho se herhaalde liefdesverhoudings; en Bowra, *GLP* 203–204 lees liefdevolle begrip in die godin se glimlag. Maar die antwoord is veel konkreter en direk: Sappho se gedagtes fokus op die goddelike glans, geluksaligheid, skoonheid en mag van Aphrodite; met haar glimlag word haar goddelikheid uiterlik bewys, en word dit met Sappho se

smartlike toestand gekontrasteer; vgl. Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 45; Perrotta-Gentili 115–116; Gerber, *Euterpe* 164; Koniaris, *Philologus* 109, 1965. Privitera, *QUCC* 4, 1967, vertolk die glimlag nou saam met δολόπλοκος: Aphrodite bekoor en verstrik met haar glimlag. Sien verder die Interpretasie hieronder. Hier word ἀθάνατος van 'n liggaamsdeel van 'n godheid gebruik: vgl. κρατὸς ἀπ' ἀθανάτοιο (Zeus), Hom. *Il.* 1,530; ποσσὶν ὑπ' ἀθανάτοισιν (Poseidon), 13,19; κράατος ἀθανάτοιο (Hera), 14,177; χεῖρες ἀθανάτησι (Apollo), 16,704; ἀθανάτου στόματος (Medea), Pind. *P.* 4,11.

15 ἦρε(ο) = ἦρου, 'jy het my gevra' (2de pers.enk.aor. van εἶρομαι).

ὅττι: epies vir ὅτι, 'hoekom'.

δηῖτε: krasis vir δὴ αὖτε (ook reëls 16 en 18): 'weer'. Teen Page se vertolking van ongeduld en ligte berisping aan die kant van Aphrodite ('al weer', 'tog weer': *Sappho and Alcaeus* 12–14), stel Gerber, *Euterpe* 165 'n meer aanvaarbare lesing van die toon en effek van die beklemtoonde (δὴ) herhaling: daar is patos en nie ligsinnige selfbespotting in die woorde nie. Sien ook die kritiek van Saake, *ZKS* 51–54. Vgl. verder die Interpretasie.

15–16 πέπονθα ... κ[ά]λημι: grafiese konstruksie met behoud van die wyse en tyd van die direkte rede; vgl. θέλω (17).

16 κ[ά]λημι: (= καλέω): oor die verdubbeling van die μ in Lesbiese -μ-ww.e, vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 9.

17 κῶττι: hier is ὅτι 'wat' ...?

γένεσθαι: barutonese.

18 μ[αι]νόλα [θύμω: ὃς 1. 'wat ek veral begeer moet met my (μοι) waansinnige hart gebeur' (ontvangsdatief); ὃς 2. 'wat in my (μοι) waansinnige hart ek veral begeer moet gebeur' (lokatief); ὃς 3. 'wat ek met waansinnige hart veral begeer moet met my (μοι) gebeur' (modaal). Die eerste vertolking bied 'n sterk, konkrete stelling: die kwesbare deel, θυμός, kry aan die begin van die reël beklemtoning (Perrotta-Gentili); die derde moontlikheid (deur Page 9 verkies) sou gesteun word as μοι in reëls 25 en 26 duidelik en onteenseglik *dativi commodi* was; vgl. ook μ' (reël 3). Die liefde word hier as 'n vorm van waansin gesien.

18–24 τίνα ... ἐθέλοισα: Sappho herinner Aphrodite aan die woorde wat die godin by 'n vorige geleentheid gespreek het, maar wat steeds die huidige situasie pas. Die lesings wat deur die MSS van Dionu-

sios bewaar en geïnspireer is, word deur Page, *Sappho and Alcaeus* 9–10, tereg verwerp: die lesing $\mu\alpha\iota$ is waarskynlik van die vorige reël geïnkorporeer, en $\kappa\alpha\iota$ is 'n poging tot korreksie. Die nuwe papirusteks in *P.Oxy.* XXI, 2288 (in 1951 gepubliseer) moet as deurslaggewend geneem word: $\cdot\lambda\psi\varsigma$. ἄγγυ[, deur Lobel gerestoureer as ἄψ σ' ἄγγιν; sien Lobel-Page se apparatus criticus; Page 10. Vir Page se tentatiewe ἄψ τάγγιν (aor. inf. pass. van τάσσω): 'whom am I to persuade to be reappointed to your friendship', is daar geen dwingende aanduiding nie; vgl. egter Rivier, *REG* 80,1967,91–92.

Ook die lesing ἄψ σ' ἄγγιν is egter problematies (afgesien van die punt tussen die σ en α wat dalk net 'n verdeling of inkerk is; vgl. Perrotta-Gentili 121; Van Erp Taalman Kip, *Lampas* 13, 1980, 337–341). Is ἄγγιν die Aioliëse inf. van ἄγειν, m.a.w. 'om weer vir jou (σ' = σοι, *dativus commodi*) te lei tot liefde vir jou'; of (minder waarskynlik) die aor.inf.pass. van ἄγνυμι: 'om weer vir jou *gebreek te word* tot liefde vir jou'? 'n *Infinitivus finalis* lyk korrek, maar watter een? Die voorstel van Castle, *TAPhA* 89,1958,72: 'om jou (σ' = σε, akkusatief) weer *te lei (neem)* in haar liefde', is onoortuigend: die fokus is steeds op Sappho en hár liefdesgevoelens. En hoe moet ἄψ, 'weer' in die gedig vertolk word? Gaan dit om 'n *nuwe* geliefde of 'n *ontroue* geliefde? Die gebruik van ἀδικήει (20) suggereer laasgenoemde. Vgl. Krischer, *Hermes* 96, 1968, 2 e.v., en verder Koniaris, *Philologus* 109,1965,36–38; Kirkwood 246–248 en Campbell, *GLP* 266. Gallavotti (en Beattie) se τίνα δεῖ αὐτε πείθω/ἄψ (F)ἄγγιν is paleografies onaanvaarbaar.

Vir die verskillende emendasies, raadpleeg Kamerbeek, *Mnem.* 9,1956, 97; West, *Maia* 22,1970,309 n.5; Saake, *ZKS* 54–59; en Van Erp Taalman Kip, *Lampas* 13,1980,337–348.

Beattie, *CQ* 7,1957,180 e.v., lees $\kappa\omega\varsigma$ σὺ θέλοισα om aan Sappho 'n heteroseksuele liefde toe te ken (vgl. ook Cameron, *HThR* 57, 1964,239 n.7), en Aphrodite se direkte woorde eers by τίς σ', ὦ/Ψάπφ' (19–20) te laat begin. Volgens hom moet τίνα δηῖτε θέλω soos ὅτι δηῖτε πέπονθα (15), $\kappa\omega\tau\tau\iota$ /δηῖτε κάλημι (15–16) en $\kappa\omega\tau\tau\iota$... θέλω (17) met ἦρε' (15) geneem word — almal met δηῖτε en 'n ww. in die eerste persoon —, maar τί σ' ... sonder konnektief en met 'n ww. in die derde persoon (ἀδικήει). Hy vertaal dan 'whom then do I (Sappho) urge thee (Aphrodite) to bring back to the love that is thine (Aphrodite's)?' Sien egter Koniaris, *Philologus* 109, 1959,37.

παίθω: deliberatiewe konjunktief. Aphrodite is aan die woord. Ander lees Πείθω, substantief ('Oorreding'); maar Saake, ZKS 60–61 argumenteer oortuigend dat Sappho net met Aphrodite self onderhandel (reël 13b), en dat Aphrodite se mag voldoende is om Sappho te help.

19 φιλότατα: 'liefde', nie net 'vriendskap' nie: μαινόλα θυμῷ is deurslaggewend; vgl. ook Sa. fr.30,4–5L–P: σὰν αἰείδοιεν φιλότατα καὶ νύμφας ἰοκόλπω; Alk. fr.42,10L–P: ἔλυσσε ... /ζῶμα παρθένω, φιλό[τας δ' ...]/ Πήλεος καὶ Νηρηίδων ἀρίστ[ας],/ ἐς δ' ἐνίαυτον/ παῖδα γέννατ'. Vgl. Perrotta-Gentili 121, en Gerber, *Euterpe* 165, teenoor Page, *Sappho and Alcaeus* 10.

20 Ψάπφῃ: = Ψάπφοι, vokatief; vgl. fr.65,5 en 133,2L–P; en Alk. fr.20L–P. Die godin spreek die digteres direk aan asof sy haar goed ken.

[ἀδικήει: van ἀδικήω (= ἀδικέω), 'veronreg', d.w.s. 'deur nie jou liefde te beantwoord nie'. Rivier, REG 80,1967,84–92 interpreteer die ἀδικία in terme van die verbreking van die band met die *thiasos* as die meisie die kring verlaat vir 'n ander. Vgl. egter Kirkwood 247.

21–24 Daar is geen eksplisiete objek vir διώξει, δώσει en φιλήσει nie. Gewoonlik word Sappho veronderstel ('jou agtervolg, ... vir jou gee, ... jou liefhê). Vgl. egter Giacomelli, TAPhA 110,1980,137 e.v., wat betoog dat die objek algemeen is ('sy sal ook eendag iemand agtervolg, ... aan iemand gee, iemand bemin').

21 καί: 'ook', 'selfs'.

ταχέως: 'spoedig', 'gou', 'onmiddellik'; ook reël 23. Aphrodite se mag en die spoedige uitwerking daarvan word in hierdie reëls (21–24) uitgebeeld.

22 δέκετ': = δέχεται.

ἄλλά: 'eerder', 'tog'.

24 κῶν κ' ἐθέλοισα: = καὶ οὐκ ἐθέλοισα: 'selfs al wil sy nie' (konsessief), 'n sinswending wat parallel is met Theogn.1294: καὶ μάλ' ἀναινομένη (Bonnano, QUCC 16,1973,100 e.v., deur Degani-Burzacchini 131 gesiteer). Die MSS lees κῶν κ' ἐθέλουσα of κ' ὥν κ' ἐθέλεις of κῶ εἰ καὶ θέλεις ('n poging tot korreksie). Lobel se κῶ κ' ἐθέλοισα is die naaste aan die MS-lesings. Knox (en Page) se κῶ σε θέλοισαν het geen ondersteuning in die tekstradisie nie, en sou die geslag van

die anonieme persoon om wie Sappho se versoek sentreer, onduidelik maak, aangesien die vroulike akk. (ἐθέλοισαν) dan na Sappho self sal moet verwys (Saake, ZKS 69). Teen ἐθέλοισα (Turyn, Wilamowitz, Blomfield, Welcker e.a.) is beswaar gemaak omdat θέλω dikwels en ἐθέλω nooit in Lesbies voorkom nie. Vgl. egter nou die Alkaios-fragment 66,6L–P: ὥς ἐθέλ[. Die voorstel καὶ οὐκί (= καὶ οὐκί) het geen steun nie. Sien verder Saake, ZKS 68–73.

25 μοι: dalk *dat. commodi*: 'vir my', eerder as 'na my' (ontvangsdatief).

χαλέπαν ... / ... μερίμναν: gen. mv.

26 μοι: 1. besitlik: 'my hart' (om dubbelsinnigheid uit te skakel want Aphrodite is onderwerp van τέλεισον); of 2. *dat. commodi*: 'vir my' met τέλεισαι. In Sappho se denke en die gevolglike vergestaltung in taal was daar waarskynlik nie so 'n formele onderskeid nie, maar die tweede vertolking dra sterker segging in die gedig as geheel: Sappho dink aan haar fisiese en geestelike toestand, haar 'ontvangende' persoonlikheid as geheel, en nie as besitter van afsonderlike dele nie; vgl. μοι in reëls 3 (?), 17, 25, en σ' (= σοι) in reël 19.

26–27 ὅσσα ... / ... ἡμέρῃ: Sappho se volle geloof in Aphrodite se hulp aan haar blyk in hierdie woorde.

28 σύμμαχος: 'medevegter'; die militêre metafoor kom in ander erotiese kontekste voor: ἄμαχος ... Ἀφροδίτα, Soph. *Ant.* 799; Ἔρως ἀνίκατε μάχαν, 781; Ἔρως ... οὓς ἐπιστρατεύσῃ, Eur. *Hipp.* 525 e.v.; πρὸς Ἔρωτα πυκταλίζω, Anakr. fr.51,2 P.

ἔσσο: 2de pers.enk. epiese medium imperat. van εἰμί.

3. STRUKTUUR

3.1 Die gedig het drie dele:

A 1–5a : *Invocatio* en versoek:

1–2a : *anáklêsis* (aanroep)

2b–4 : bede

5a : *epiklêsis* (uitnodiging).

B 5b–24 : *Aretalogía* en epifanie:

hulp in die verlede verleen as bewys vir Aphrodite se mag

1. 5b–13a : Epifanie

2. 13b–18a : Indirekte vrae: ὅτι; κῶτι; κῶτι;

3. 18b–20 : Direkte vrae: τίνα; τίς;

4. 21–24 : Antwoord: belofte van vervulling: αἱ (3 maal),

- C 25–28 : Herhaling van versoek:
 25a : *epíklēsis*
 25b–28 : bede.

3.2 Die eerste en laaste dele omraam die middelste deel in gedagte en woord:

θῦμον (4)~ θῦμος (27), ἀλλὰ τυίδ' ἔλθ' (5) ~ ἔλθε μοι καὶ νῦν (25); en μὴ μ' ἄσαισι μηδ' ὀνίαισι δάμνα (3) ~ χαλέπαν δὲ λῦσον/ ἐκ μερίμναν (25–26).

Ook die middelste deel sluit heg by die ander dele aan:

ἦλθες (8) teenoor ἔλθ' (5) en ἔλθε (25); die lydingsmotief in reël 3 keer terug in πέπονθα (15) en ἀδικήει (20); die motief van begeerte (θῦμος ἰμέρρει, 27) word geantisipeer in reëls 17–18 (μαινόμεν θῦμα, 18) en 19 en 23; reël 1 en 14 (in die middel van die gedig) het albei net drie woorde, met herhaling van ἀθάνατος; en σὺ δ', ὦ μάκαιρα (13) word opgeneem deur σὺ δ' αὖτα (27). Die herhalings in ὅττι δηῦτε (15), κῶττι/ δηῦτε (15–16, 17–18); ταχέως (21, 23), die balansering in αἶ φεύγει — διώξει (21), αἶ ... δέκετε — δώσει (22), αἶ ... μὴ φίλει — φιλήσει (23), en die chiasme in ποικιλόθρον' ἀθανάτ' Ἀφροδίτα en παῖ Δίος δολόπλοκε is verdere bewys van sorgvuldige komposisie.

Sien ook Bowra, *GLP* 204–205; Saake, *ZKS* 42–50; *Sappho-Studien* 56–61. Saake se hele ontleding in die eerste van sy werke is 'n baie gedetailleerde struktuuranalise met aandag aan die gedagtegang, die tyds- en ruimtelike element, en die 'Handlungsträger'.

3.3 Die basiese vorm is dié van die ὕμνος κλητικός wat bestaan het uit 1. 'n aanroep tot die godheid (*invocatio*, ἀνάκλησις); 2. die god se titels, herkoms, plekke van aanbidding en magte (ἐπίκλησις); 3. verwysing na of vertel van vorige dade en optredes deur die god by wyse van epifanieë (verskynings) aan die mens — as bewys van die god se mag (ἀρεταλογία); 4. 'n versoek om in die huidige situasie te help; en 5. 'n belofte om aan die godheid 'n gepaste dankoffer te bring. (Vgl. verder Wünsch, *RE IX*, 1, kol. 140–183; Norden, *Agnostos Theos* 152 e.v.; Page, *Sappho and Alcaeus* 16–17). Dit is onmiddellik duidelik dat Sappho die basiese himnevorm aangepas en haar eie struktuur op die gedig geplaas het: daar is geen belofte van 'n dankoffer nie — wat die vermoede versterk dat die gedig nie vir kultusgebruik bedoel is nie; met herhaling van woord en gedagte is 'n ringstruktuur vir die drie dele gebruik wat nie 'n essensiële himniese struktuur is nie; en sy het die epifanie met 'n monoloog van Aphrodite gedramatiseer, ondenkbaar in 'n regte kultiese gesang.

3.4 Milne se teorie van 'n vaste onderliggende gedagteskema (Tema — Oorgang — Variasie — Oorgang — Opsomming) word deur Page, *Sappho and Alcaeus* 11–12 bevraagteken op grond van onvoldoende getuienis oor die volledigheid van Sappho se gedigte. Hierdie gedig is na alle waarskynlikheid volledig.

4. INTERPRETASIE

4.1 Hierdie gedig is deur Dionusios van Halikarnassos (*de Comp. verb.* 23) aangehaal om die 'gladde en blomryke komposisie' (ἡ δὲ γλαφυρὰ καὶ ἀνθηρὰ σύνθεσις) te illustreer. Die gladde, direkte gang van gedagte, maar ook die rykheid van die taal, bevestig Dionusios van Halikarnassos se oordeel. Die geheel is lewendig en dramaties, gegiet in die vorm van 'n dialoog tussen Sappho en Aphrodite. Die segging is bondig, kompleks en ryk aan betekenis, met woorde waarvan die drakrag telkens uitkring in die gedig as geheel.

4.2 Sappho ontbied Aphrodite om haar troon op Olimpos te verlaat, in haar koets aarde toe te kom, in haar goddelike glorie en majesteit te verskyn, en Sappho te verlos van die pyn van onbeantwoorde liefde, soos die godin reeds in die verlede die digteres gehelp het. Sappho haal die godin se 'eie' woorde aan wat sy by so 'n vorige geleentheid gebesig het, waarin Aphrodite vra hoe sy Sappho weer kan help. Die gedig eindig met die versoek dat Aphrodite Sappho se begeerte moet vervul en haar 'medevegter' moet wees.

4.3 Die toon en bedoeling van die gedig is problematies. Page, *Sappho and Alcaeus* 12–16 interpreteer die toon van die gedig as ligte humor en skerts, en die geheel as 'not to be taken so very seriously' (16). Volgens hom laat Sappho die godin haar uitvra oor wie sy hierdie keer danig is, welwetend hoe kortstondig Sappho se liefdesverhoudings in die *thiasos* is. Aphrodite glimlag (μειδίασας, 14) omdat sy die situasie so bekend en amusant vind, en vertoon so 'n berispende maar tog moederlike ongeduld. Die woorde sou dan ironies wees, en Sappho besig met self-ironisering. Page verwerp as 'dusty answers' die opvatting dat die godin soos argaïese standbeelde glimlag, of soos Homeros haar beskryf (φιλομειδής, 'glimlagliwend'). Vgl. ook die menings van Lesky 143; Pisani, *Glotta* 50, 1972, 17; Putnam, *CJ* 56, 1960–61, 79 e.v.; en Marry, *Arethusa* 12, 1979, 89–90 nn.36 en 37, wat 'n ligte, speelse toon in die gedig vind.

Teen Page se opvatting dat die gedig speels is, word deur o.a. Cameron, Koniaris, Gerber, Krischer, Kirkwood en Saake betoog dat Sappho ernstig is. As haar verhoudings so speels en ligsinnig was en sy Aphrodite

laat sê dat dit alwéér sulke tyd is, hoekom bid Sappho steeds om verligting? Sou hierdie geval dan anders wees, die 'ware liefde'? Die pyn sal mos weggaan; hoekom hoegenaamd bid tot 'n godin wat dit as 'n grap beskou? Page uit self hierdie bedenkinge (116), maar konkludeer: 'it makes no difference'. Gerber, *Euterpe* 162 wys daarop dat daar geen aanduiding is dat Sappho enigsins glo dat haar huidige smart sal verbygaan nie. Sappho se erns spreek uit woorde soos ἄσαισι ... ὀνίαισι (3), πέπονθα (15), μαινόλα θύμῳ (18), en χάλεπαν .../ἐκ μερίμνων (25–26) wat nie ironies of skertsend kan wees nie.

Daar is eerder 'n kontras tussen Aphrodite se konstante geluk en Sappho se afwisselende geluk (vgl. veral Gerber, Koniaris, Perrotta-Gentili). Belangrik is ook die verandering van toon in die gedig: plegtige openingswoorde met 'n noot van desperaatheid; geleidelike verskyning van hoop, vertrouwe en geloof met gepaardgaande al hoe blyer wordende beelding tot die klimaktiese visioen van die godin se verskyning; die besef van Aphrodite se onverbiddelike mag, wil en wette (veral reëls 21–24); en terug na die huidige situasie maar met meer hoop en kalmte as aan die begin (vgl. Perrotta-Gentili 115–122 teenoor Marry, *Arethusa* 12, 1979, 80).

4.4 Die *epiphanía* is die sentrale gedeelte van die gedig en neem ook die grootste deel van die gedig in. Dit alleen vestig die aandag op Aphrodite soos Sappho haar sien. En die verhouding tussen Sappho en Aphrodite, eerder as tussen Sappho en 'n ander meisie, is die hooftema van die gedig (vgl. Kirkwood 112–113; Perrotta-Gentili 115–120). Dit is onnodig om 'n werklike epifanie-ervaring deur Sappho te veronderstel (soos Bowra, *GLP* 202–203; vgl. Krischer, *Hermes* 96, 1968, 10–12; West, *Maia* 22, 1970, 308 met n.1; Kirkwood 249 n.22; Van Erp Taalman Kip, *Lampas* 13, 1980, 339–340): Sappho gebruik ál die middele tot haar beskikking om haar idee van hoe so 'n epifanie sou lyk, daar te stel: die himnevorm (vgl. bv. *Hymn. Hom. Aphr.* 56–68), dialooginkleding, magiese en kultiese elemente, en Homeriese weerklanke word met haar eie siening en persoonlike emosie verenig (Saake, *ZKS* 77–78). Aphrodite se glimlag gaan wel terug na die Homeriese siening van die gode as stralend, jeugdig, gelukkig, beeldskoon; haar goue koets ry ook al ver op dieselfde pad, en dit sou Sappho se taalgebruik en verbeelding vereng, en die Homeriese invloed in haar kultuur misken, om dit te ontken. Maar, soos Perrotta-Gentili 115–116 aandui, daar is ook Sappho se eie bydrae in haar visioen van Aphrodite: die godin in majesteit op haar troon, die afdaling na die aarde, die beskrywing van die swerm mossies (in sigself tradisioneel: Page), wat die koets deur die hemelruim trek, en

die *ipsissima verba* van die godin. Die woorde van Aphrodite verleen 'n direktheid en menslikheid aan die gedig: die godin se mag ten spyte, is die resultaat 'n delikate dialoog tussen twee vroue (vgl. Smyth 233; Castle, *TAPhA* 89, 1958, 72–73). Fränkel, *EGP* 178 wys op die 'flat character of the archaic mode of viewing', waar al die gegewens as 'n 'absolute presentness' gevisualiseer is. In Sappho se oë is Aphrodite nie ongeduldig nie, maar majestieus, glorieryk, magtig; haar verskyning is bona-tuurlik, wonderbaarlik, en tog vriendelik en intiem in haar hulpverlening aan Sappho in antwoord op haar dringende versoek.

4.5 'n Volgende probleem is die funksie van die gedig. Alhoewel die gedig die vorm van die formele kletiese himne ontgin, is hierdie geen kultuslied wat vir openbare opvoering geskep is nie — daarvoor is die gedig te intens persoonlik — en daar is geen geleentheidsverwysings in die gedig nie. (Vgl. Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 42–43; Page, *Sappho and Alcaeus* 16; Perrotta-Gentili 115; Gerber, *Euterpe* 162; Castle, *TAPhA* 89, 1958, 69; Krischer, *Hermes* 96, 1968, 9–14; Bowra, *GLP* 200; anders Schadewaldt, *Sappho* 87, wat 'n werklike gebed in die gedig sien). Dit beteken nie dat Sappho aan die mag of bestaan van Aphrodite twyfel nie: op Lesbos en in die *thiasos* was die godin 'n werklikheid. Sien verder Castle, *TAPhA* 89, 1958, 73–76; Gentili, *QUCC* 2, 1966, 52–53.

Ons moet ons dit eerder voorstel dat Sappho die gedig voor 'n groep meisies van die *thiasos* gesing het met haar eie lierbegeleiding (Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 48; West, *Maia* 22, 1970, 309–310). Die gedig het dus 'n direkte verband met die lewe en aktiwiteite in die *thiasos*, en is nie 'n mengsel van 'superstition and art ... to indulge some graceful fancy which is likely to amuse and interest her companions' (Page, *Sappho and Alcaeus* 18) nie.

Die funksie van sulke poësie in die milieu van die *thiasos* was didakties. Die vraag wat gevra moet word is: Wat leer Sappho haar gehoor van meisies deur middel van haar gedig? Sekere lesse is direk waarneembaar: die onweerstaanbare mag van Aphrodite, haar daadwerklike ingryping in menslike lewens, maar ook (in Sappho se siening) haar toeganklikheid om op gebede te reageer en hulp te verleen. So word die aristokratiese meisies die aristokratiese godsdienstige idees en waardes geleer.

Daar is egter ook 'n dieper waarheid wat deur Sappho verbeeld word: *dikê*, geregtigheid, regverdige optrede, hier in 'n erotiese konteks spesifiek die geregtigheid van Aphrodite. *Dikê* het in die argaïese Griekse denke implikasies van wederkerigheid, van die herstel van versteurde

balans. Indien 'n mens veronderstel dat Sappho se bedede bedoel is om die ander meisie Sappho te laat *terug* bemin, sal Aphrodite se ingryping wel 'n soort ewewig en wederkerigheid in die verhouding bring. Vgl. vir hierdie interpretasie veral Gentili, *QUCC* 2, 1966, 51–53; Privitera, *QUCC* 4, 1967, 7–58; Gentili, *SCO* 21, 1972, 60–72; Degani-Burzacchini 124–130.

Daar is egter 'n probleem as die objek van die hoofwerkwoorde in reëls 21–24 Sappho self is, want dan bid sy dat Aphrodite die ander meisie *haar* (Sappho) moet laat liefkry, terwyl sy tegelyk, in haar 'aanhaling' van Aphrodite se woorde, voorspel dat sy die meisie gaan verwerp. As die aanhaling van Aphrodite se woorde egter 'n algemene strekking het, en die meisie se onvervulde liefde op *iemand anders* as Sappho gerig is, dan moet die godin se geregtigheid anders vertolk word. Giacomelli, *TAPhA* 110, 1980, 135–142 argumenteer oortuigend dat Sappho in alle erns en opregtheid haar siening van die godin se *dikê* uitbeeld, en dat hierdie *dikê* behels dat Sappho gerusgestel word dat haar smartvolle en onwederkerige liefde vir die meisie ten einde loop, en dat die meisie, wat nou grootword, self binnekort (ταχέως) in 'n dergelike situasie van onwederkerige liefde sal verkeer. Die wederkerigheid lê daarin dat die meisie op haar beurt die pyn van onvervulde liefde vir 'n ander meisie sal ervaar. Dit is die les oor die liefde wat Sappho aan haar gehoor wou kommunikeer: almal ervaar op een of ander tyd 'n onvervulde liefde, elkeen bereik 'n stadium wanneer hy/sy self verwerp word deur 'n ander persoon, wat eendag weer ook verwerp sal word.

4.6 Die fisiese en psigiese smart wat Sappho tot uiting bring, spruit uit 'n homo-erotiese verhouding met 'n ander meisie, en enige poging, soos dié van Beattie, om dit na 'n heteroseksuele verhouding te dwing (vgl. sy verandering van ἐθέλοισα, 24) misken die hele aard en funksie van die vroulike *thiasos* in die antieke Griekse beskawing. Vgl. ook Sappho se ander fragmente: 94L–P, 46L–P, 48L–P, 126L–P.

4.7 Sappho skep in hierdie gedig 'n aspek van die wêreld van die aristokratiese vrou van Lesbos. Teenoor die manlike siening van ἀρετή as heroïese optrede in militêre of atletiese konfrontasie (ἀγών), soos telkens in die Griekse poësie van Homeros tot Alkaios waarneembaar, stel sy Aphrodite as sentraal in haar waardesisteem. Hierdie verwerping van die manlike aristokratiese kode kom duideliker in fr.16 (vgl. onder) na vore, maar dit is reeds in fr.1 herkenbaar in die doelbewuste oorplanting van militêre en jagterminologie vanuit die manlike wêreld na die erotiese konfrontasie in die vroulike *thiasos*: δάμνα, ἄρμ', φεύγει — διώξει, δῶρα ... δέκετ' ... δώσει, en σύμμαχος. Vgl. die bespreking van Marry, *Arethusa* 12, 1979.

LITERATUUR

Uit die uitgebreide literatuur oor hierdie gedig word net die volgende gesitêr:

- Beattie, *CQ* 7 (1957) 180–183.
Bolling, *AJPh* 79 (1958) 275–282.
Bonaria, *Humanitas* 25/26 (1973–1974) 155–183.
Bonnano, *QUCC* 10 (1973) 110–123.
Bowra, *GLP* 198–205.
Cameron, *HTHR* 32 (1939) 1–17.
Cameron, *HTHR* 57 (1964) 237–239.
Campbell, *GLP* 264–266.
Castle, *TAPhA* 89 (1958) 66–76.
Davison, *From Archilochus* 226–241.
Degani-Burzacchini 123–132.
Fränkel, *EGP* 177–179.
Gentili, *QUCC* 2 (1966) 51–53.
Gentili, *SCO* 21 (1972) 60–72.
Gerber, *Euterpe* 162–165.
Giacomelli, *TAPhA* 110 (1980) 135–142.
Heitsch, *Hermes* 95 (1967) 385–392.
Kamerbeek, *Mnem.* 4.9 (1956) 97.
Kirkwood 108–114.
Koniaris, *Philologus* 109 (1965) 30–38.
Koster, *Mnem.* 4.21 (1968) 415–417.
Krischer, *Hermes* 96 (1968) 1–14.
Lawler, *CJ* 56 (1960–61) 249–351.
Luppino, *PP* 11 (1956) 359–363.
Marry, *Arethusa* 12 (1979) 71–92.
Neuberger-Donath, *WS* 82 (1969) 15–17.
Page, *Sappho and Alcaeus* 3–18.
Perrotta-Gentili 115–123.
Pisani, *Glotta* 50 (1972) 28–29.
Privitera, *QUCC* 4 (1967) 7–58.
Putnam, *CJ* 56 (1960–61) 79–83.
Radt, *Mnem.* 4.23 (1970) 337–338.
Risch, *Studi Classici* 14 (1972) 24–25.
Rivier, *REG* 80 (1967) 84–92.
Saake, *Sappho-Studien* 55–61.
Saake, *ZKS* 39–78 (met verdere literatuur, 39–40 n.1).
Schadewaldt, *Sappho* 87–89.
Stanley, *GRBS* 17 (1976) 305–321.
Van Bennekom, *Mnem.* 4.25 (1972) 213–222.
Van Erp Taalman Kip, *Lampas* 13 (1980) 337–341.
Van Erp Taalman Kip, *Hermeneus* 58 (1986) 172–176.
West, *Maia* 22 (1970) 308–310.
Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 42–48.
Wünsch, 'Hymnos', *RE* IX,1, kol.140–183.
Wyatt, *CPh* 69 (1974) 213–214.

(b) Fr.16L–P (C, 27aD, 38E, 16V)

Mooiste is die liefde

Οἱ μὲν ἱππῶν στρότον, οἱ δὲ πέσδων,
οἱ δὲ νάων φαῖσ' ἐπ[ι] γᾶν μέλαι[ν]αν
ἔ]μμεναι κάλλιστον, ἔγω δὲ κῆν' ὄτ-
τω τις ἔραται.

πά]γχυ δ' εὖμαρες σύνετον πόησαι 5
π]άντι τ[ο]ῦτ'· ἃ γὰρ πόλυ περσκέθρισα¹
κάλλος [ἀνθ]ρώπων Ἑλένα [τὸν] ἄνδρα
τὸν [πανάρι]στον²

καλλ[ί]ποισ' ἔβα ᾗ Τροίαν πλέοισα
κωῦδ[ε] πα]ίδος οὐδὲ φίλων το[κ]ήων 10
πά[μ]παν³ ἐμνάσθη, ἀλλὰ παράγαγ' αὐταν
οὐκ ἐθέλοισαν⁴

Κύπρις· ἄγν]αμπτον⁵ γὰρ [Ἔ]ρον Ϝέπεμψεν⁶
ἐκτέλιν] κούφως τί[α] κεν ἃ ν]όη[σε]ν.⁷
κᾶ]με⁸ νῦν Ἀνακτορί[ας] ὀγεμναι- 15
σ' οὐ] παρεοίσας,

τᾶ]ς κε βολλοίμαν ἔρατόν τε βᾶμα
κάμάρυγμα λάμπρον ἴδην προσώπω
ἦ τὰ Λύδων ἄρματα κᾶν ὄπλοισι⁹
πεσδο]μάχεντας.¹⁰ 20

* * *

BRONNE

O.a. *P.Oxy.* 1231, fr.1, kol.i,13–34; kol.ii,1; fr.36; 2166(a) 2,31–32.

1. Powell: περρέχοισα Schubart

2. Page: ἀριστον Hunt: μέγ' ἄριστον Gallavotti: περ ἄριστον Marzullo

3. Theander

4. Kamerbeek: Κύπρις ἔρασαν (= ἔρωσαν) Hunt: οὐκ ἀέκοισαν Theander: αὐτίκ' ἴδοισαν
Milne: πῆλε φίλεισαν Edmonds: Κύπρις ἔκοισαν (= ἔκοῦσαν) Pesenti

5. Schubart: εὐκαμπτον γὰρ Wilamowitz: Κύπρις· εὐκαμπτον Page: γνάμπτον γὰρ Sitzler

6. Kamerbeek: ἔφω βρότων κῆρ Sitzler: ἔθηκε θυμον Schubart

7. Kamerbeek: Ἔρως κούφως τρέπεται νοήσιν Theander: πτόησιν Schubart

8. Lobel: ὅς με Milne: ἄμε Fraccaroli: ὥς με Wilamowitz Bignone

9. κανοπλοισι pap.: καιπανοπλοισ Lobel-Page: καὶ πανόπλοισ Page (OCT): κἀνόπλοισι
Kirkwood

10. Rackham: ὑπομάχεντας Wilamowitz

1. VERSMAAT

Die Sapphiese strofe; vir die skema vgl. by Alkaios, fr.34L–P en Sappho fr.1L–P. Daar is *sunizesis* in *κωῦδέ* (10) en *sunekphonesis* in *ἐμνάσθη ἄλλά* (11).

2. KOMMENTAAR

1 οἱ ... ἱππῶν: vir die verskynsel van *psilosis* en *barutonesis* (vgl. ook μέλαιναν, 2), sien by Alkaios fr.42L–P.

οἱ μὲν ... οἱ δὲ ... οἱ δὲ ... ἔγω: vgl. hiervoor Simonides fr.4 en 48; en Timokreon fr.1. Let op die anaforiese trikolon om 'n akkumulasie van gevalle te suggereer.

ἱππῶν: = ἱππέων; perde en skepe (νάων, 2) as vertoontipes vind ook gestalte in Pind. fr.221 Snell en *I.* 5,4 e.v. Vgl. ook Fränkel, *EGP* 386 n.11.

στρότον: = στρατόν.

πέσδων: = πεζῶν.

2 νάων: = νεῶν.

φαῖς': = φασί.

γᾶν μέλαιναν: 'donker aarde'; vgl. ook fr.1,10: γᾶς μελαίνας en 20,6: μελαίνας γᾶς. Wills, *AJPh* 88,1967,439–440 n.13 aksentueer μελαί-νᾶν (gen. mv.) as kwalifisering van νάων. Sy argumente is soos volg: (a) In fr.1,10 geld die uitdrukking γᾶς μελαίνας as skerp kontras met χροῖον ἄρμα wat dáár die fokus dra. Hier in fr.16 is die fokus op die visuele aspek van skepe, terwyl ἐπὶ γᾶν neweskikkend is. (b) ἐπὶ γᾶν moet 'oor die hele wêreld' beteken, want 'swart aarde' saam met 'skepe' is absurd, en 'op die swart aarde' vereis ἐπὶ met die datief. (c) 'Swart' is hier emotief en suggereer gevaar, soos ook Alkaios se 'swart skepe' in die storm (fr.34,12; 326,4) en Sophokles se κελαινὰ νᾶες (*Ant.* 954).

Die volgende probleme ontstaan egter met Wills se teorie: (a) ἱππῶν en πέσδων het geen adjektief as nadere kwalifisering nie. (b) 'Donker aarde' is 'n te tradisionele uitdrukking; sien Page, *Sappho and Alcaeus* 53 en Dane 188. (c) μέλαιναν se posisie val meer natuurlik saam met γᾶν. (d) ἐπὶ γᾶν kom wel alleen voor as 'in die hele wêreld': vgl. Soph. *OT* 108; *Ph.* 1211; *El.* 922; Aristoph. *Av.* 9. So interpreteer ook Dane 188: 'the phrase has the meaning "anywhere (land or sea)" ... the precise color (black) is irrelevant.'

3 ἔμμεναι: = εἶναι.

κάλλιστον: onsydig; vir ander voorbeelde van die superlatief in 'n priamel (1–4), vgl. bv. Turt. fr.9,13 (ἄριστον), 14 (κάλλιστον); Theogn. 255–256 (κάλλιστον/λῶστον/τερπνότατον).

3–4 κῆν' ὄτ-/τω: = ἐκείν(ο) ὅτου. Die verdeling van 'n woord tussen twee reëls (vgl. ook 15 en fr.31,3–4; 7–8; 11–12) kan net in die 3de en 4de reël van die strofe voorkom. Vir κῆνο (ἐκείνο) as antesedent vir die onbepaalde betreklike vnw., vgl. fr.31,2–3 (κῆνος ... ὅτῃς) en 26,2–3 (ὅτινας ... κῆνοι).

4 ἔρῳται: konjunktief; die Aioliese atematiese vervoeging van ἔρῳμαι. Vir die weglating van κε, vgl. reeds Kall. fr.1,13. Saam met die begrip κάλλος skep ἔραται die grondtoon van die gedig (Koniaris, Stern). Vgl. egter ook kommentaar by reël 18: ἴδην.

5 εὔμαρες: met die inf.; vgl. hiervoor fr. 96,21 en verder dikwels in Pindaros (bv. P. 3,115; N. 3,21; 11,33).

6 ἄ: antisipeer as lidwoord met voornaamwoordelike waarde die naam-verwysing in 7 ('Ελένα): 'sy wat'. Vir Helena in die Griekse literatuur, vgl. Hom. *Il.* 3,156,173 e.v.; *Od.* 11,438; Sem. fr.7,117D; Ibukos fr.1a,5; Theognis 1231 e.v.; Alkaios fr.42 en 283; Hesiod. fr.176 Merkelbach-West. Vgl. by Alkaios fr.42L–P.

γάρ: dit lei die mite in, nie 'n bepaalde argument nie (Dane, *Eos* 69,1981,189).

περσκέθοισα: = ὑπερσχοῦσα, aor. part. van περρέχω (= περιέχω = ὑπερέχω), met κάλλος (7) akk. van betrekking. περσκέθοισα is Powell se lesing (*CQ* 9, 1915, 142), en hiervoor kan ons nou σκέθοντες in die nuwe fr. van Alkaios fr.24a,10D vergelyk.

7 κάλλος: Koniaris maak 'n sterk onderskeid tussen Anaktoria se κάλλος en Helena se κάλλος wat bloot uiterlik was. Vgl. hierteen egter Stern, *Mnem.* 23,1970, 354: 'Beide, Liebe und Schönheit gehören dem Reich der Aphrodite an ...'.

8–9 πανάρι]στον/καλλί[ποι]σ': πανάριστον (Page) of μέγ' ἄριστον (Gallavotti) en καλλίποισ' (= καταλιποῦσα) gee goeie sin. Gerber verwys hier na Eur. *Cyc.* 185–186: Μενέλεων ἀνθρώπιον/λῶστον λιποῦσα. Alkaios fr.283, 7–8 het λίποισα...ἄνδρος εὔστρωτον λέχος. Vir dié motief vgl. Hom. *Il.* 3,174–175.

πλέοι]σα: = πλέουσα. Die ou lesing σέβας Τροίης wat nog deur Fränkel, *EGP* 250 as moontlik beskou is, word deur die nuwe

papirusfonds (*P. Oxy.* 2166, 8–9) bevraagteken. Nie Paris nie, maar Menelaos word daarmee as die persoon van reël 7 geïmpliseer. Vir hierdie nuwe fondse, vgl. Treu, *Alkaios* 127.

- 10 φίλων τοκήων: Tundareus en Leda. Vgl. Hom. *Il.* 3, 139 e.v. waar Iris by Helena 'n γλυκὺν ἴμερον ... ἀνδρός τε προτέρου καὶ ἄστεος ἡδὲ τοκήων opwek. Alkaios fr.283, 7 vermeld net die 'kind' en 'man' (παῖδά τ' ἐν δόμοισι λίποισα ... κἄνδρος εὖστρωτον λέχος). Haar dogter Hermione (hier die παῖδος) word nie in Homeros of Aischylos genoem nie.

- 11 ἐμνάσθη: Sappho se formulering herinner aan Hom. *Il.* 15, 662 waarin uitgedruk word wat vir die helde die hoogste waarde was en waarvoor hulle hul lewe op die spel geplaas het: só sterk is dié κάλλιστον dat Helena dié dinge *vergeet* het waaraan dié helde juis *gedink* het. *Il.* 15 laat blyk dat die familiebande 'n hoë waarde in die Griekse denke beklee het (vgl. ook *Il.* 21, 587). Sappho vertoon 'n vroulike teerheid in die tekening van Helena se verwaarlosing van haar dogter; vgl. Perrotta-Gentili 138.

παράγαγ': = παρήγαγε, 'het verlei'.

- 12–14 Page meen tereg dat emendasies hier vrugtelos is. Stern wys egter daarop dat *algemene* gnomai onbekend is in Sappho se gedigte. Gnomai word in haar gedigte altyd verbind aan haarself of haar vriendinne. Emendasies om hierdie gnomê in 13–14 te herstel loop dan ook dikwels die gevaar dat dit uit die oog verloor word. In die lig van ander gedigte is 'n beskrywing van Aphrodite se verskyning of van haar mag te verkies. Aphrodite moet in die konteks van die gedig subjek van παράγαγ' wees, en metries en semanties pas Κύπρις die beste. Sien verder Barkhuizen, *AClass* 20,1977,15; Van Erp Taalman Kip, *Lampas* 13,1980,348. Vgl. ook Voigt vir die ander belangrikste variante. Vir Kamerbeek se voorstel, vgl. Hom. *Il.* 10,104 e.v.; Pind. *O.* 13,83 en Aisch. *Th.* 260; en vir ἰαμπτον, vgl. Hom. *Il.* 24,40: νόημα γναμπτόν.

- 15 Die begin van die reël is problematies, maar die konteks vereis duidelik genoeg 'n terugkeer van die mite na Sappho se eie geval.

ὀνέμναισ(ε): = ἀνέμνησε. Aphrodite is die onderwerp van die sin. Vgl. Degani-Burzacchini 136.

- 16 παρδείσας: = παρούσης.

- 17 τᾶς: = αὐτῆς.

βολλοίμαν: = βουλοίμην.

βᾶμα: dié woord kom selde voor en beteken gewoonlik 'voetstap', of 'tree', hier waarskynlik 'die manier van stap'.

- 18 κἀμάρυχα: krasis vir καὶ ἀμάρυχα, elders ook ἀμάρυγμα (Hes. fr. 43(a), 4M–W; Bakch. 9, 36) en ἀμαρυγή (*Hom. Himne aan Hermes* 45; Aristoph. Av. 925). Vgl. Irwin 216: 'Most commonly it is the bright flash from the face, particularly the eye ...'. In Bakch. beteken dit 'blitssnelle beweging'. Vgl. Gow oor Theokr. 23,7, en Perrotta-Gentili 140 en Stern, *Mnem.* 23, 1970, 353.

ἴδην: = ἰδεῖν. Skoonheid is vir Sappho altyd die waarneembare konkrete objek; vgl. fr.31,7, en Stern, *Mnem.* 23, 1970, 351.

- 19 ἦ: 'eerder as'.

Λύδων: in fr.132L–P sê Sappho dat haar kind kosbaarder is as ryk Lidië.

τὰ Λύδων ἄρματα: Lorimer, *Homer and the Monuments* 321 n.1, beweer, met verwysing na Poluainos *Strat.* 7,2,2, dat die strydwa nie langer in die oorlog ná die Geometriese tydvak gebruik is nie, en dat Sappho slegs na die Lidiese gebruik verwys, maar dan slegs as 'n 'romantic appendage of bygone warfare, since Alyattes collected horses in order to convert his own hoplites into cavalry ...'. Vgl. hierteen Page, *Sappho and Alcaeus* 55, met heenwyse na Aisch. *Pers.* 45 e.v.: 'the picture of Lydians setting out to war in chariots can still be drawn a century ... later ...'. Vgl. ook Hdt. 5,113 vir die strydwa op Siprus in die tyd van Dareios.

κᾶν ὄπλοισι: die gekorrigeerde lesing van die papirus, met skandering -λοισί. Kirkwood skryf dit κᾶνόπλοισι, waarteen Page, *Sappho and Alcaeus* 54 kopsie maak: 'There is no other example in the normal poems of Sappho of a naturally short vowel scanned short before a combination of mute and liquid or nasal consonants'. Hy lees derhalwe καὶ πᾶνὸπλοῖς met lg. akk. mv. saam met πεσδομάχεντας. Gerber, *Euterpe* 167 meen egter dat die onderskeid tussen Sappho se 'normal' en 'abnormal' gedigte vandag as te rigoristies beskou word. Page gee self toe: 'The proper course may be to admit the isolated irregularity' (54). Perrotta-Gentili 140 teken egter drie ander gevalle van hierdie sg. *correptio attica* aan: ἐλίγματ' ἡρώσια (fr.44,8L–P), ὄχλος (fr.44,14L–P) en μαλδρόπης (fr.105(a),2L–P).

- 20 πεσδομάχεντας: (= πεζομαχοῦντας, met Lesbiese atematiese vervoeging in die geval van *verba contracta*; bv. μάχημι vir μαχέομαι).

Page meen dit het hier die funksie van 'n snw.: 'men who fight on foot' eerder as van 'n werkwoord: 'men who are fighting on foot'. Wilamowitz se emendاسie (ἱππομάχεντας) het nie genoeg letters nie.

3. STRUKTUUR

Die afgeronde geheel tot by reël 20 het verskeie geleerdes laat dink dat die gedig daar geeëndig het, maar die papirus vertoon spore van nog drie strofes wat dalk aan hierdie gedig behoort. Vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 55; Merkelbach, *Philologus* 101, 1957, 13–16; Gerber, *Euterpe* 166–167; Stern, *Mnem.* 2.23, 1970, 352 n.1, Campbell, *GLP* 269; Perrotta-Gentili 140; Dane 186 e.v.

Die gedig (sover as wat dit leesbaar is, d.w.s. tot reël 20) kan in vier hoofde verdeel word, waardeur die priamel 'n ring vorm rondom die mite en die toepassing daarvan:

- A 1–4 : Beginpriamel:
 - 1. ruitery, voetsoldate, vloot as die κάλλιστον vir verskeie mense (versterk deur die anafoor op οἱ);
 - 2. die objek van liefde as die κάλλιστον vir Sappho.
- B 5–14 : Mite van Helena wat alles verlaat t.w.v. Paris, meegevoer deur die liefde (Kupris) met 5–6a as oorgangsformule.
- C 15–16 : Konkrete toepassing van Mite op Sappho-Anaktoria.
- D 17–20 : Slotpriamel:
 - 1. Anaktoria se gelaat en stappie as κάλλιστον vir Sappho eerder as
 - 2. Lidiese waens en voetsoldate.

Struktureel het ons hier dus 'n dubbele chiasiese ringkomposisie: Dane 187 meen egter dat die gedig ook lineêr gelees kan word. Hierteen moet gestel word dat *enige* teks lineêr gelees word, maar dat elemente of motiewe gedurig terug of voerentoe kan gryp, wat dan 'n ander tipe geheelstruktuur kan oplewer.

- A 1. militêre instrumente
- 2. objek van liefde
- B Helena (-Paris)
- C Sappho-Anaktoria
- D = A 1. Anaktoria = objek van liefde
- 2. militêre instrumente



4. INTERPRETASIE

Vgl. hier Saake, *ZKS* 70–74; Barkhuizen, *A Class* 20, 1977, 7–19. Die

gedig bestaan uit twee elemente, te wete priamel, en mite + toepassing.

4.1 Die *priamel* is 'n komposisietegniek wat paratakties opgebou is en 'n lys bevat van verskeie sake, elkeen op sigself treffend, met as klimaks dit wat vir Sappho die hoogste waarde het. Dit is die enigste voorbeeld in bestaande Griekse letterkunde waar 'n *priamel* waarmee die gedig begin, later weer in die gedig opgeneem word. Kyk ook Dane 187. Die interpretasie van die gedig hang dus ten nouste saam met die *funksie* van die priamel daarin. Die volgende teorieë oor hierdie funksie is voorgehou:

- (a) Sappho kontrasteer hiermee haar eie vroulike wêreld met die militêre aktiwiteite van haar manlike tydgenote — m.a.w. sy kontrasteer 'n magsparade met 'n persoonlike objek van liefde (Bowra, Schade-walddt, Merkelbach, Fränkel, Eisenberger en Davison), of, meer neutraal gestel: die tema lê in 'n opposisie tussen liefde en oorlog (Dane 187).
- (b) Sappho kontrasteer die beweging en glans van haar objek van liefde met die beweging en glans van ruitery, vloot en soldate (Page, Kirkwood).
- (c) Dit gaan hier vir Sappho om seksuele liefde teenoor dinge wat geen verband daarmee hou nie, en dit gaan verder om skoonheid se verwoestingsmag (Bagg).
- (d) In dié priamel dra ἔραται die klem en fokus: die *sine qua non* van die mens se κάλλιστον is vir Sappho 'liefde': die priamel is 'n enkomium op Anaktoria en die 'liefde' in die algemeen (Koniaris, Radt).
- (e) Teenoor ander sake wat ook vir Sappho mooi is, wat sy dus nie verwerp nie, word Anaktoria se βᾶμα en ἀμάρυγμα voorgehou. Dit gaan om haar uiterlike skoonheid wat begeerlik (vgl. ἔρατον) is (Wills).
- (f) Dit gaan hierin vir Sappho om κάλλος as 'n stralende voorwerp, 'n *visuele* objek wat hier konkreet aangedui word as Anaktoria. Die ander sake is ook vir Sappho mooi, maar νόύ is sy vasgevang deur Anaktoria se κάλλος. κάλλος en ἔρως skep hier saam die grondtoon van die gedig (Stern).
- (g) Dit gaan vir haar tydgenote nie om watter saak esteties die mooiste is nie, maar met welke strategiese middele die Lidiese mag afgeweer kan word: watter wapensoort is die beste. Dié oorwegend tegniese superlatief word egter deur Sappho vervang deur 'n estetiese: die liefde (Saake, ZKS).

Wills se opvatting dat die oplossing van die priamel in die slotdeel gesoek moet word, lyk na die juiste benadering, want die *algemeenhede*

van die beginpriamel word met die besonderhede van die slotdeel vervang. En hier is twee sake van kardinale belang:

- (i) die feit dat die gedagte hierin uitgedruk in 'n vergelyking (ῥ, 19) vergestalt word;
- (ii) die woord ἰδὲν (18).

Dit is die aanskoue van Anaktoria se stappie en glansende gelaat waarop Sappho fokus (Sappho sonder gewoonlik sekere *aspekte* van die meisies uit — in fr. 31 is dit die 'stem' en 'laggie'). Hier is dus 'n vergelykingspunt voor hande in die priamel: die aanskoue van Anaktoria se stap en glansende gelaat is vir Sappho liefliker as die aanskoue van Lidiese waens, gewapende voetsoldate e.d.m. Sappho noem dus twee bepaalde *visuele kenmerke* van haar objek van liefde wat vir haar as die κάλλιστον geld. En uit hierdie aanskouingsaspek vloei die liefde voort — net soos in fr.31. Maar dat Aphrodite (Liefde) vir haar sentraal staan te midde van 'n wêreld van manlike ἀρετή van militêre mag, is nie te ontken nie, soos reeds blyk uit fr.1.

4.2 DIE MITE VAN HELENA

Ooreenkomstig die verskillende teorieë oor die priamel kan ons dié oor die mite soos volg indeel:

- (a) Helena dien hier as *exemplum* van die allesoorheersende mag van die liefde. Aphrodite het haar aangegryp en Helena word deur dié goddelike mag beheer. Helena geld as prototipe van 'n vrou wat hartstogtelik en onvoorwaardelik liefgehad het — en bewys dat 'the passion of love is paramount' (Page). Hierdie standpunt word in min of meer dieselfde terme gehuldig deur Bowra, Fränkel, Eisenberger, Perrotta-Gentili en Saake, ZKS.
- (b) Merkelbach betrek die mite geheel op die realiteit: soos Anaktoria die *thiasos* van Sappho verlaat het, só het Helena vir Menelaos én kind én ouers verlaat. Vgl. hierteen veral Eisenberger 130–135.
- (c) Schadewaldt (op grond van 'n verkeerde lesing — vgl. kommentaar op reël 9), Bagg, en Wills wys daarop dat Helena die *destruktiewe* mag van die liefde simboliseer: Helena se skoonheid het daartoe gelei dat baie vir haar gesterf het. Helena se skoonheid bring Sappho se priamel van oorlogsinstrumente in beweging.
- (d) Dié mite is bloot illustrasie van Sappho se stelling dat die *liefde* in erotiese sin die *mooiste* is (Koniaris).
- (e) Verwant aan opvatting (a) en (d) hierbo is die gedagte dat Sappho getref is deur die mag van die liefde en bewys Helena die stralende krag van die κάλλιστον (Stern).

Die relasie priamel-mite kan onder die volgende punte gesien word:

- (a) Eerstens moet daarop gelet word dat Helena hier sowel beminde as minnares is. Sy is ook die prooi van 'n oorlog wat sy juis veroorsaak het. Haar assosiasie met sowel Menelaos as Paris maak van haar sowel 'victim and victor' (Dane 189) t.o.v. die resultaat van die oorlog: 'Helen, the lover/beloved, is placed in a military context, and this context is itself ambivalent' (Dane 189). Die naam 'Helena' roep dus die hele komplekse wêreld van liefde en oorlog na vore. Sappho kon natuurlik uit hierdie komplekse wêreld net enkele elemente haal, wat dan as die fokuselemente vir haar argument geld. Hierdie fokuselemente kan gesien word volgens verskillende opposisies: liefde/oorlog, Griekeland/Troje, familieliefde/seksuele liefde, beminde/minnares.
- (b) So 'n ambivalente Helena geld nou as *algemene* bewyspunt van die gedagte dat die objek van jou liefde, wat dit ook al is, *die mooiste is* (vgl. egter Dane 189). So belangrik was Helena se objek van liefde vir haar dat sy alle familiebande daarvoor verbreek het. Vgl. die inskripsie te Delos in Arist. *EN* 1,8,1099a27–28.
- (c) Helena staan egter onder die mag van Aphrodite, of die Liefde. Dié liefdesmag is onoorwinlik. Helena verlaat die 'beste man', en hierdie optrede weerspieël miskien die feit dat daar 'n element van paradoksale irrasionaliteit in liefde opgesluit lê. Vgl. egter Dane 188: '... Sappho probably intends no logical paradox here These attributes of worth and beauty ... serve to identify the myth, not to provide a commentary on it.'
- (d) Ten slotte word die mite *persoonlik* aan Sappho-Anaktoria verbind: op hierdie oomblik is vir Sappho die mooiste Anaktoria. Helena se onverskillige *weggaan* en Anaktoria se *afwesigheid* word hier veral beklemtoon, terwyl *afskied* hier van groot belang is: Helena *vertrek* en *dink nie* aan haar geliefdes nie; Sappho *bly agter* en dink wél aan haar geliefde (vgl. hier veral Eisenberger en Saake, *ZKS*, asook Will 90–91). As die oorblyfsels van 'n verdere drie strofes wel tot hierdie gedig behoort, dan lyk dit asof Sappho, soos in fr.2, vertroosting aan Anaktoria bied omdat ideale nie altyd bereik kan word nie. Vgl. Perrotta-Gentili 140.

LITERATUUR

- Bagg, *Arion* 3 (1964) 66–69.
 Barkhuizen, *AClass* 20 (1977) 1–21.
 Barkhuizen-Els, *AClass* 26 (1983) 23–32.
 Bowra, *GLP* 203–209.

- Burn, *Lyric Age* 236–237.
Campbell, *GLP* 269–271.
Dane, *Eos* 69 (1981) 186–192.
Davison, *From Archilochus* 235–238.
Eisenberger, *Philologus* 103 (1959) 130–135.
Eisenberger, *Der Mythos* 89–90.
Fränkel, *EGP* 185–187.
Fränkel, *Wege und Formen* 90–94.
Gerber, *Euterpe* 166–167.
Hampe, *MH* 8 (1951) 144–146.
Jaeger, *Paideia* I, 132–133.
Kamerbeek, *Mnem.* 4.9 (1956) 99.
Kirkwood 104–108.
Koniaris, *Hermes* 95 (1967) 257–268.
Lesky 144.
Maehler, *Auffassung* 93.
Merkelbach, *Philologus* 101 (1957) 13–16.
Page, *Sappho and Alcaeus* 52–57.
Perrotta-Gentili 135–140.
Race 63.
Radt, *Mnem.* 4.23 (1970) 337–347.
Reinach-Puech 211–213.
Saake, *ZKS* 125–144.
Saake, *Sappho-Studien* 70–74.
Schadewaldt, *Antike Lyrik* (red. Eisenhut) 73–81.
Stern, *Mnem.* 4.23 (1970) 348–361.
Treu, *Sappho* 186–187.
Van Erp Taalman Kip, *Lampas* 13 (1980) 345–349.
Will 85–91.
Wills, *AJPh* 88 (1967) 434–442.

(JHB)

(c) Fr.31L–P (31C, 2D, 2E, 31V)

Liefdesemosie

Φαίνεται μοι κῆνος ἴσος θεοῖσιν
ἔμμεν' ὦνηρ, ὅτις ἐνάντιός τοι
ἰσδάνει καὶ πλάσιον ἄδω φωνεί-
σας ὑπακούει

καὶ γελαίσας ἰμέροεν, τό μ' ἦ μάν¹ 5
καρδίαν ἐν στήθεσιν ἐπτόαισεν·
ὥς γὰρ ἔς σ' ἴδω βρόχε',² ὥς με φώναι-
σ'³ οὐδ' ἐν⁴ ἔτ' εἴκει,

ἀλλὰ καμ⁵ μὲν γλώσσα φέαγε⁶ λέπτον
δ' αὐτικά χρω⁷ πῦρ ὑπαδεδρόμακεν, 10
ὀππάτεσσι δ' οὐδ' ἐν ὀρημῷ, ἐπιρρόμ-
βεισι δ' ἄκουαι,

τὰ δέ μ' ἰδρως κακχέεται†,⁸ τρόμος δὲ
παῖσαν ἄγρει, χλωροτέρα δὲ ποίας
ἔμμι, τεθνάκην δ' ὀλίγω ἵπιδεύης⁹ 15
φαίνομ' ἔμ' αὐτ[α].¹⁰

ἀλλὰ πὰν τόλματον, ἐπεὶ τκαὶ πένητα†¹¹

* * *

1. anon. ap. Döderlein: τὸ μὴ ἐμάν Long. P: τὸ μοι τάν Stephanus: τὸ μοι (ἐ)μάν Boivin: τὸ μοι μάν Döderlein: τὸ δὴ (ἐ)μάν Ahrens: τὸ δὴ κεν/καρδίαν μ' ἐν στήθεσιν Wills: τὸ δὴ μοι Privitera
2. Toup Lobel: ὥς γὰρ σῖδω βρόχεώσμε Long. P: ὥς σε γὰρ ῥίδω (ὥς γὰρ εἰς σ' ἴδω) Ahrens: ὥς σε γὰρ ἴδω Diehl: ὥς γὰρ εἰσίδω (ὥς ἴδω γὰρ σε) Hermann: ἄς με φώνη- Milne: ὥς με φώνας Barigazzi: ὥς γὰρ εἰσίδω βροχέως σε, φώνας Wills
3. Danielsson: φωνᾶς Long. P: φώνας Diehl: φώνη- Milne
4. Lobel-Page: οὐδεν Diehl
5. apographi et recentiores codd. Long.: ἀλλὰκάν Long. P: ἀλλ' ἄκαν Lobel: ἀλλὰ κατὰ cod. Plut. *Mor.*1.162
6. Long. P: γλώσσα γε λεπτόν cod. Plut. *Mor.*1.162: μ' ἔαγε Sitzler: γλώσσα πέπαγε (πέπηγε) Barnes Cobet: γλώσσ' ἀπέαγε Beattie: γ' ἔαγε Privitera: γλώσσαν ἔαγα West
7. Long. P: χρῶ *Anecd. Par.* 1.399.27 Cramer: χροῖ Blomfield
8. Bergk: ἐκάδε μ' ἰδρῶς ψυχρὸς κακχέεται Long. P: ἀδεμ' ἰδρῶς κακὸς χέεται *Anecd. Ox.*1.208.13 Cramer: ἐκ δέ μ' apographi: ψυχρὸς del. Spengel: καὶ δέ μ' ἰδρως ψυχρὸς Page: καὶ δέ μ' ἰδρως κακχέεται Ahrens: ἦκα δὴ μ' ἰδρως χέεται Beattie: ἐκ δέ μ' ἰδρως κακχέεται Gallavotti: ἐκ δέ μ' ἰδρως ψυχρὸς ἔχει Privitera: ψυχρὸς ἰδρως κάκχέεται Stark
9. Hermann: πιδεύσιν Long. P: ἵπιδεύσιν Ahrens: ἐπιδεύσιν Neue: ἵπιδεύσιν Gallavotti
10. pap. Flor. Π (M. Manfredi, *Dai papiri della Società Italiana*, Florentiae 1965, 16–17): φαίνομ' αι Long. P
11. Long. P.

BRON

Ps.-Longinus, *de Sublimitate* 10. Vir ander *testimonia*, sien Lobel-Page.

1. VERSMAAT

Die Sapphiese strofe: vgl. fr.1L–P.

2. KOMMENTAAR

- 1–2 Volgens Page, *Sappho and Alcaeus* 20, is daar drie moontlike betekenisse vir κῆνος ... ὅστις (= ἐκείνος ... ὅστις): (i) 'That man ... inasmuch as he (sits opposite you), (ii) Any man ... who (sits opposite you), (iii) That man, whatever his name may be, who (is sitting opposite you).'

Hy laat buite rekening (21) 'n vierde moontlikheid dat (iv) Sappho die betrokke woorde gebruik 'as exactly equivalent to κῆνος ὅς (d.w.s. 'daardie man wat') omdat 'that equivalence is very rare in classical literature'. Van hierdie moontlikhede kan (ii) buite rekening gelaat word, terwyl (i) wel oorweeg kan word. Ons vind (iv) die mees aanvaarbare vertolking, d.w.s. dat daar na 'n spesifieke man verwys word (vgl. Page 20), en verder dat 'the first stanza bears the freshness of a *single* happening' (Marcovich, *CQ* 22, 1972, 21, in ooreenstemming met 'most scholars'). Oor die moontlikheid (iv), dat ὅστις = ὅς, kyk nou Rydbeck, *Hermes* 97, 1969, 164 en Perrotta-Gentili 125. Vir Page is (iii) die mees natuurlike vertolking.

- 1 ἴσος θεοῖσιν: wat word met 'gelyk aan die gode' bedoel? Volgens Page, gevolg deur o.a. Campbell en Perrotta-Gentili, beteken dit 'as fortunate as the gods'; vgl. Kamerbeek-Verdenius: 'gelukkig als de goden'. Gerber, *Euterpe* 167 wys egter daarop dat verskeie filoloë die betekenis 'powerful as the gods' verkies; bv. Wills, *GRBS* 8, 1967, 174–182, wat betoog dat 'the man can sit there because he is able to endure her dazzling proximity and Sappho is not'. Ten gunste van die betekenis 'strong or powerful as a god' is o.a. ook Marcovich *CQ* 22, 1972, 23–24 en Barkhuizen, *Akroterion* 22, 1979, 21. Hierdie vertolking word ten onregte verwerp deur Koniaris, *Philologus* 112, 1968, 181–182, wat wel tereg betoog dat die uitdrukking 'n kompliment bevat (175). Sien verder onder Struktuur en Interpretasie (pp. 85 en 88). Kyk verder Radt, *Mnem.* 23, 1970, 341, wat ook die vertolking van ἴσος θεοῖσιν as bloot 'gelukkig soos die gode' betwis (ons vertaal soos volg): 'dat die man daartoe in staat is om so rustig te bly, lyk vir Sappho soos iets bomensliks: die uitdrukking ἴσος θεοῖσιν moet nie tot die geluk van die man beperk

word nie (... waarom het Sappho dan nie μάκαρ of iets dergeliks gebruik nie?), maar het sy volle krag — die onbewoënheid van die man is vir Sappho iets meer-as-mensliks'.

Oor die vergelyking van sterflike wesens met die gode of half-gode in die Griekse literatuur, vgl. McEvilley, *Phoenix* 32, 1978, 4–5 en Degani-Burzacchini 140 e.v.

2 ἔμμεν': = ἔμμεναι = εἶναι.

ᾠνηρ: = ὁ ἀνήρ. Let daarop dat die man weliswaar 'teenoor' (ἐνάντιος) die vrou sit, maar 'naby' haar (πλάσιον = πλησίον, 3).

3 ἰσodάνει: = ἰζάνει, 'sit'.

ᾄδου: = ἡδύ, bywoord by φωνείσας = φωνούσης.

4 ὑπακούει: LSJ vertaal die woord hier as 'hearken', 'give ear', maar die betekenis is waarskynlik sterker: vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 21: 'listens attentively' (so ook Tsagarakis, *RhM* 122, 1979, 101).

5 ἰμέροεν: 'bekoorlik', 'sensueel', byw. by γελαίσας = γελώσης.

ἡ μάν: = ἡ μήν, 'sowaar' (sterk beklemtonend of versekerend).

τό = ὅ. Wat is die antesedent van τό? Verskillende filoloë gee verskillende antwoorde, nl. (i) slegs die onmiddellik voorafgaande en klimaktiese γελαίσας ἰμέροεν, ὃς (ii) beide voorafgaande *participia* met bywoorde, ᾄδου φωνείσας ... καὶ γελαίσας ἰμέροεν, ὃς (iii) die hele voorafgaande sinsdeel vanaf ὅστις tot by ἰμέροεν. Oor (i) tot (iii) vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 21–22 n. 5. Tsagarakis, *RhM* 122, 1979, 99 betoog egter (iv) dat τό slegs na 'the sitting scene' verwys, soos ook andere meen (vgl. 99 n. 12), en nie na die dame se 'sweet voice and lovely laughter' nie. Page besluit (22) dat daar geen duidelike leidraad tot die korrekte vertolking is nie, maar ons kan (iii) en (iv) verwerp en (ii) as sekerlik korrek aanvaar. Vgl. ook Barkhuizen, *Akroterion* 22, 1977, 20.

6 ἐπτόαισεν: = ἐπτόησεν, aor. van πτοέω. Van die talle vertolkings wat van die aoristus hier gegee is, word slegs die volgende hier oorweeg. Dit kan beskou word '1. as aoristus pro perfecto, "has caused to flutter" ... or 2. as gnomic aorist (equalling a present of general truth, "causes to flutter")' (Koniaris, *Philologus* 112, 1968, 184, alhoewel dit nie die enigste moontlikhede is wat hy oorweeg nie. Sy eerste moontlikheid kan liefies as *aoristus causativus* beskou word). 'n Derde moontlikheid is dat dit 'n ingressiewe aoristus is; vgl. Marcovich, *CQ* 22, 1972, 23: 'Since the ἰδω-clause denotes an

iterative action ("Every time that I look at you"), and since this clause is linked with the ἐπτόαισεν-clause by an explanatory γάρ, it follows that ἐπτόαισεν must denote an action which is *still in effect* when the recurrent action of ὥς γὰρ (ἔς) σ' ἴδω starts happening. It means that the aorist ἐπτόαισεν must be taken as *ingressive*, expressing the beginning in the past of a still lasting action (Kühner-Gerth, i.156f.): "This is what set my heart fluttering (ever since I first met you)", "This is why I fell (= am) in love with you". ἐπτόαισεν has the same inceptive aspect in Alc. fr. 283.3 and in Sappho fr. 22.14: cf. Soph. *Ajax* 693, ἔφριξ' ἔρωτι, περιχαρὴς δ' ἀνεπτάμαν.'

Kyk egter Kühner-Gerth 1, 155–156: die Ingressiewe Aoristus geewendinge 'die das *Eintreten* in (den) Zustand, den *Beginn* der Handlung ausdrücken ... während ihre Entwicklung, Dauer u.s.w. ausser Betracht bleibt.' Marcovich se weergawe van Kühner-Gerth is dus foutief i.s.v. hy van 'a still lasting action' praat.

Perrotta-Gentili 126 en Gerber, *Euterpe* 168 vestig die aandag op die alliterasie van die uitgangs-ν in reël 6; indien die digteres dit doelbewus aangewend het, dan sluit dit egter reeds aan by die ν in die voorafgaande μάν in die hele sin. Vgl. ook die alliterasie in μ' ἦ μάν.

καρδίαν ἐν στήθεσιν: vgl. Hom. *Od.* 4, 548–549: κραδίη ... ἐνὶ στήθεσσι.

- 7 ὥς ... ὥς: 'Whenever ... then' (Gerber, *Euterpe* 168): κε of ἄν is afwesig by die iteratiewe konjunktief ἴδω na die eerste ὥς. Die tweede ὥς is 'temporal-demonstrative' (Page): 'dan'.

ἔς ... ἴδω: *tnesis*.

βρόχε: = βράχεια, bywoordelik, 'vlugtig', 'vir 'n oomblik'. Vertaal: 'want sodra ek vlugtig na jou kyk, dán ...' Vgl. verder Marcovich, *CQ* 22, 1972, 21–22.

- 7–8 με φώναι/σ' οὐδ' ἔν' ἔτ' εἴκει: vgl. Campbell, *GLP* 272 oor εἴκει: 'perhaps "it is possible", like παρείκει, with infin. φώναισ(αι), although there is no other example of the impersonal use of εἴκει. Perhaps εἴκει stands for ἴκει, "nothing comes to me to speak".' Vertaal dan: 'dan kom glad niks meer wat ek kan sê nie'. Ander (bv. Diehl, Page, Saake, Treu, Kamerbeek-Verdenius, Perrotta-Gentili) lees φώνας = φώνης, deelsgenitief; vgl. Kamerbeek-Verdenius se vertaling ('geen stemgeluid komt meer tot mij'; of 'ek kan geen

stemgeluid meer uitbring nie'). Duidelik word soiets soos 'ek kan nie meer praat nie' vereis.

- 9 ἀλλὰ κάμ: = ἀλλὰ κατά. Hierdie lesing word bevestig deur Plut. *Prof. in virt.* 81d: ἀλλὰ κατά.

ἄκαν: van ἄκα, 'stille', in die akkusatief enkelv. bywoordelik gebruik, d.w.s. 'stil', 'stom'; vgl. die Homeriese byw. ἀκὴν, 'stil'.

Die oorgelewerde lesing is γλώσσα ἔαγε, waarop Campbell, *GLP* 272 die volgende kommentaar lewer: 'the hiatus would be irregular, and the meaning "my tongue is broken", unsatisfactory, although Lucretius 3.155 in an echo of the present passage has *infringi linguam*. Cobet suggested πέπαγε, "my tongue is fixed in silence (ἄκαν)", which is close to Catullus' *lingua sed torpet*' (Catullus 51.9. Catullus se gedig is 'n adaptasie van Sappho 31L–P). So ook Page; maar vgl. vir 'n ander mening Radt 244–245. Die hiaat is minder problematies in die lig van Hom. *Il.* 13,162: ἐν καυλῷ ἑάγη en Hes. *Op.* 534: οὗ τ' ἐπὶ νῶτα ἔαγε.

Beattie, *Mnem.* 9, 1956, 103 verwerp πέπαγε op paleografiese grond: 'there appears to be no special reason for the loss of two π's (Cobet).' Devereux, *CQ* 20, 1970, 24 aanvaar πέπαγε op sielkundige en filologiese gronde, maar vgl. Marcovich, *CQ* 22, 1972, 27 e.v. vir sterk kritiek daarop (kyk ook Marcovich 29 vir kritiek op Beattie 104 se voorstel γλώσσ' ἀπέαγε).

Onder omstandighede is die mees aanvaarbare lesing tans ἀλλὰ κάμ μὲν γλώσσα φέαγε; vgl. Marcovich 29 met verwysing na Milman Parry, *HSCP* 43, 1932, 31, asook Heitsch, *RhM* 105, 1962, 285 en Hiersche, *Glotta* 44, 1966, 1–5; kyk nou ook Radt, *Mnem.* 23, 1970, 344 e.v. Ons het dan *tnesis* in κάμ ... ἔαγε (= κατέαγε, van κατάγνυμι), d.w.s. 'is verlam' (Kamerbeek-Verdenius lees egter μ' ἔαγε, waar μ' = μοι).

Volgens Gentili is die aanvangs-*φ* tot enkele gevalle in Sappho beperk, maar hierdie beswaar is nie deurslaggewend nie. Nogtans word die lesing μ' ἔαγε (afkomstig van Sitzler en ondersteun deur Saake, Kirkwood, Gentili en Kamerbeek-Verdenius) ondersteun deur die herhaling van μ(οι) in reëls 1, 5 en 13 in die eerste reël van die eerste, tweede en vierde strofes.

- 10 χρῶ: (i.p.v. datief χρῶ) na ὑπαδεδρόμακην = ὑποδεδράμην verwag ons die akkusatief; vgl. Page, *Sappho and Alcaeus* 25 wat egter χρῶ lees (so ook Perrotta-Gentili). Kyk Kamerbeek-Verdenius wat χρῶ

lees as akkusatief van χρῶς i.p.v. die gebruiklike Lesbiese χρώα (Marzullo).

λέπτον gaan saam met πῦρ.

- 11 ὀππάτεσσι: 'met my oë', dat. mv. van ὀππα = ὄμμα (ὄππατα = ὄμματα).
ὄρημ(ι): = ὄρῳ.

ἐπιρρομβεῖσι δ' ἄκουαι: 'my ore gons'. ἐπιρρομβέω kom in die literatuur slegs hier voor (= ἐπιρρομβοῦσι). ἄκουαι, mv. van ἀκουή (= ἀκοή), kom hier vir die eerste keer voor met die betekenis 'oor'. In Homeros beteken die woord 'geluid' of 'stem'.

- 13 ἃ δέ μ' ἴδρωσ κακχέεται: Oor die teksprobleme kyk kortliks Campbell, *GLP* 272 en uitvoerig Page, *Sappho and Alcaeus* 25 en Beattie, *Mnem.* 9, 1956, 105–107. Page se lesing ψύχρος is onmoontlik met ἴδρωσ wat in Aiolies vroulik is; Spengel het dit reeds as 'n glossa op ἴδρωσ geskrap. Sien Degani-Burzacchini 145.

μ': = μοι, 'n natuurlike datief met κακχέεται (= καταχέεται).

- 14 παῖσαν: = πᾶσαν.

ἄγρει: Lesbiese ἀγρέω vir αἰρέω; eintlik 'n jagmetafoor; vgl. ἄγρεα (Perrotta-Gentili 128).

χλωροτέρα: kyk Stanford oor Hom. *Od.* 11,43: χλωρὸν δέος, 'lit. "greenish" or "yellowish fear": an expressive description of the colour of sallow Mediterranean complexions when the blood has been drawn away from the skin by a sudden shock. In contrast "Nordic" types go chalk white; negroes turn ash grey.' Kyk ook Marcovich, *CQ* 22, 1972, 26. Perrotta-Gentili 128 wys op die trefkrag van die uitdrukking — deur Catullus 51 onvertaal gelaat. Vir 'n ander vertolking wat neerkom op 'more moist than grass' met verwysing na Sappho se *inwendige* vogtigheid of nattigheid, kyk Edgeworth, *AClass* 27, 1984, 121–124. Of dit bykomstige seksuele implikasies het, soos hy betoog, is onseker.

ποίας: van ποίη (Ionies en epies), πόα (Atties): hier '(droë) gras'.

- 15 ἔμμι: = εἰμί.

τεθνάκην = τεθνηκέναι.

ὀλίγω: = ὀλίγου, genitief van maat.

ῥπιδεύης: byv. nw., poëties vir ἐπιδεής, 'benodig', 'tekortsiet aan'.

- 15–16 Oor die teks- en grammatikale probleme in 15b–16, kyk Beattie,

Mnem. 9, 1956, 108–109 en kortliks ook Kamerbeek-Verdenius 67. In pseudo-Longinos het ons net φαίνομαι in reël 16 (weerklink van φαίνεται in reël 1), maar die lesing φαίνομ' ἐμαύται (= ἐμ' αὐτὰ) word herstel deur 'n papirus wat in 1965 gepubliseer is.

- 17 Oor die reël soos oorgelewer, nl. ἀλλὰ πᾶν τόλματον ἐπεὶ τκαὶ πένητατ (as καὶ geskrap word, word 'n goeie verseinde verkry), en wat daarop mag gevolg het (Longinos eindig die sitaat dáár), kyk kortliks Campbell, *GLP* 272 e.v., Kamerbeek-Verdenius 67, Gerber, *Euterpe* 169–170, en verder Milne, *Hermes* 71, 1936, 126–128, Beattie, *Mnem.* 9, 1956, 103–111, Koniaris, *Philologus* 112, 1968, 185, McEvilley, *Phoenix* 32, 1978, 12, 14, Perrotta-Gentili 123–124 en Degani-Burzacchini 146–147. Oor die vertolking van die reël, kyk onder Interpretasie (p. 91).

Sommige (bv. Wilamowitz en Diehl) stel die moontlikheid dat Sappho die gedig afgesluit het met 'n vyfde strofe waarin die meisie se liefde vir die man, en haar uiteindelijke vertrek uit die *thiasos* om met die man in die huwelik te tree, deur Sappho aanvaar word.

Oor die vraag of die gedig eintlik volledig met reël 16 eindig, kyk nou Burnett 231 e.v., n.2. Sy betoog o.a. (korrek na ons mening) dat 'the completion of a ring, between the *phainetai* of line 1 and the *phainomai* of line 16 ... is not evidence for completion of the song, since rings often encircle parts that are less than wholes.'

3. STRUKTUUR

Die volgende struktuuranalise is hoofsaaklik gebaseer op dié van Saake, *ZKS* 17–38. Sy analise is deels ook op die waarneming van andere gebaseer (kyk sy voetnote).

Strofe 1, reëls 1–4 (en 5a): In die struktuur van die eerste strofe maak Sappho gebruik van die persoonlike driehoekfiguur ('die personale Dreieckskonstellation' (Saake 22)). Daardeur kan sy die verskillende verhoudings van die twee anonieme persone (vgl. daaroor Barkhuizen, *Akroterion* 22, 1977, 19) onderling en tot haarself opbou. Sy is egter slegs *deels* die buitestaande waarnemer met 'n 'objektiewe' funksie. Die eerste strofe vind sy struktuur in die indruk wat Sappho van die man het (1–2a) en in die daarstelling van die verhouding tussen hom en die meisie (2b–4 en 5a). Die houding van Sappho is hier een van θαῦμα of θαυμάζειν, van bewondering vir sowel die man as die meisie, maar — dit moet hier bygevoeg word — ook van 'n mate van afguns op die man.

Strofe 2, reëls 5b–8: In reël 5b gaan Sappho oorwegend tot 'n subjektivering oor i.s.v. sy die gevolge van (minstens) die 'soet gepraat' (3–4) en die 'bekoorlike gelag' (5a) van die meisie op haar (S.) beskryf: sy vervul egter die funksie van 'n objektief-buitestaande beoordelaar of waarnemer deurdat sy die voorwerp van haar eie waarneming word, en hierdie voorwerp is die liggaamlike ondervindinge wat sy (as onderwerp) ondervind wanneer sy na die meisie kyk. (Vgl. Saake, ZKS 25 oor 'die Selbstobjektivation in der Beschreibung ihrer somatischen Erfahrungen'.) Haar geestestoestand is nou nie meer een van θαῦμα — en deels afguns — op andere gerig nie, maar van θάμβος ('Schadewalt') of *ontsetting* oor hierdie fisiese gevolge op haar. Die man is nou uitgeskakel, en dit gaan nou net oor die verhouding van Sappho tot die meisie (tot en met reël 16).

In 5b–6 blyk die ontsetting reeds uit die effek op Sappho se hart (καρδίαν, 6) as orgaan van die gevoelens, en wel die gefladder of verbystering in haar hart wat weer saamhang met (vgl. γάρ, 7) reëls 7–8.

Die tweede strofe word aan die eerste strofe verbind nie net deur die enjambement met καὶ γελαίσας ἰμέροεν (5a) nie, maar deur die τό aan die begin van 5b wat terugverwys minstens tot by ἄδῃ φωνεῖσας (3–4a). So word 5b–6 (τὸ ... ἐπτόαισεν) die 'skarnier' tussen die tweede en die eerste (1–5a) strofes.

Let ook op die chiasme tussen ἄδῃ φωνεῖσας en γελαίσας ἰμέροεν.

Na die meer algemene stelling in 5b–6 oor die effek op haar hart (as sentrum van die gevoelens), gaan Sappho oor tot die spesifieke gevolge op haar in 7–8 (verbind deur γάρ aan 5b–6); of, soos Saake, ZKS 26 dit stel, 'löst sie jetzt die Erlebniseinheit ihrer Person in differenzierte Einzelempfindungen auf'. Weer eens is daar 'n noue verband tussen wat volg in 7–8, en wel deur die verband tussen ὥς en ὡς. Sy is nog in staat om haar οἷ te gebruik, en wel om vlugtige (βροχε', 7) blikke op die geliefde te werp, maar haar praatvermoë (φῶναισ', 7–8) raak sy telkens kwyt sodra sy 'n blik op die meisie werp.

Let op hoe φωνεῖ-σας en φῶναισ', telkens aan die einde van die tweede-laaste reël in die eerste en tweede strofes (vss. 3–4 en 7–8) die twee strofes formeel met mekaar verbind, maar met 'n sterk inhoudelike kontras: in die eerste strofe gaan dit oor die 'soet gepraat' van die meisie (3–4); in die tweede strofe oor die feit dat die digteres as gevolg o.a. daarvan háár *spraakvermoë* heeltemal verloor het (7–8).

Strofe 3, reëls 9–12: Die laaste item in die tweede strofe (oor haar spraakverlies) en die eerste item in die derde strofe, d.w.s. die fisiese ineenstorting van haar spraak, bind weer genoemde twee strofes saam.

Die digteres sit dan die beskrywing van haar simptome voort — in geen opvallend 'logiese' volgorde nie — deur te verwys na die sensasie wat soos vuur onder haar vel snel by die aanskouing van haar geliefde, en gaan dan in die tweede helfte (11–12) oor tot die effek op haar oë en haar ore. Sy het haar *sien* vermoë heeltemal verloor; vgl. οὐδ' ἔν (11) wat weer aansluit by οὐδ' ἔν oor haar totale *stemverlies* in 8 aan die einde van die tweede strofe.

Aan die einde van die derde strofe volg daar die gezoem in haar ore (11–12).

Strofe 4, reëls 13–16: Daar is niks wat die *begin* van die vierde strofe met die einde van die derde strofe verbind nie. Die (einde van die) vierde strofe word egter formeel deur ringkomposisie met (die begin van) die eerste strofe verbind: φαίνεται μοι ~ φαίνομ' ἔμ' αὐτᾶ.

Die digteres herstel nou weer haar 'Erlebniseinheit' (Saake, *ZKS* 26), en werk nou op na 'n klimaks in die fisiese verslag van haarself, deur te beskryf hoe sweet haar afstroom, hoedat bewing haar hele liggaam (παῖσαν) pak — Saake let hier daarop hoedat sy 'sich wieder *gänzlich* (my kursivering) in die Schilderung des Erlebens integriert' (26, vgl. ook 31 e.v.). In 'n stygende lyn na die klimaks hoor ons hoe sy bleker (valer) as (dorre) gras is (14b–15a), waarvan Saake skryf dat 'der visuelle Aspekt der Blässe bereitet hierin das aufkommende Todesmotiv vor' (32; kyk ook 33) — vgl. o.a. τεθνάκην. Dat sy byna die stadium van 'doodwees' bereik het, só lyk sy vir haarself, φαίνομ' ἔμ' αὐτᾶ, wat by wyse van ringkomposisie formeel terugslaan na φαίνεται μοι in reël 1 (met die verskil natuurlik dat dit in vs. 1 gaan oor hoe iemand anders, die man, vir haar voorkom, terwyl dit in vs. 16 daaroor gaan oor hoe sy vir haarself voorkom). Oor die intensifikasie aan die einde, en oor die doodsmotief by Sappho, kyk Barkhuizen, *Akroterion* 22, 1977, 20 en 21 respektiewelik.

Oor die struktuur van die gedig as geheel, vgl. verder Barkhuizen 19–21.

Verder formele faktore wat tot die eenheid van die gedig bydra is:

1. Die uitgebreide gebruik van enjambement tussen verse en selfs tussen die eerste en die tweede strofes.
2. Die verwysing na die persoon van die digteres in die eerste reël van drie en moontlik vier strofes: μοι (1), μ' (5), μ' (13). Indien ons in die eerste reël van die derde strofe saam met Kamerbeek-Verdenius μ' ἔαγε lees, dan geld dit daar ook. So val die klem op haarself en haar eie gevoelens as objek van haarself. Sy is tegelyk 'Beobachtende und Beobachtete' (Saake, *Sappho-Studien* 53).

3. Die kontras tussen die geluk van die man en die meisie in die eerste strofe, en Sappho se ongeluk in die res van die gedig.

4. INTERPRETASIE

- 4.1 Wat is die aard en die funksie van die gedig? Dit beskryf die fisiese of fisiologiese simptome van die liefdesemosie in die digteres wanneer sy na 'n geliefde meisie (jongvrou) kyk en haar sien praat en lag in die geselskap van 'n man.

Die opvatting van veral Wilamowitz, *Sappho und Simonides*, en ná hom aanvanklik van Bruno Snell, *Hermes* 66, 1931, 71–90, dat ons hier 'n huwelikslied (*epithalamion*) het wat by die huwelik van die man en die meisie (as voormalige lid van Sappho se jongvrouekring) gesing is, is vandag grotendeels verouderd en word vry algemeen verwerp. Selfs Snell sê nou dat alhoewel die Makarismos van die huwelikslied die betrokke gedig ten grondslag lê — ons sou liever sê, die *eerste* strofe ten grondslag kan lê — hy vandag nie meer wil aanneem dat dit by 'n huwelik gesing moet gewees het nie; vgl. *Gesammelte Schriften* 97). Vir verwysings na filoloë wat die huweliksteorie aanvaar of verdedig het, kyk Page, *Sappho and Alcaeus* 30 n.2, Koniaris, *Philologus* 112, 1968, 174 n.1, en Saake, *ZKS* 19 en n. 18. Page self kritiseer en verwerp die teorie (30–33). Vir 'n verwysing na andere wat dit verwerp het, kyk Saake, *ZKS* 20 n. 19, en Burnett, *Three Archaic Poets* 232 e.v. met n.5 oor die hele aangeleentheid. Vir die jongste poging om die huweliksliedteorie deels te kritiseer, deels te aanvaar, kyk McEvilley, *Phoenix* 32, 1978, 1 e.v., en vgl. ook Perrotta-Gentili 123.

- 4.2 Die gedig 31L–P is vir ons oorgelewer, met 'n literêre waardering, deur Ps.-Longinos 10, 1–3 (vir die teks kyk Russell, *'Longinus' On the Sublime*, 14 e.v., met kommentaar, 100–103). Aan die einde van par. 1 sê die skrywer dat Sappho se voortrefflikheid in die kuns lê 'waarmee sy die ekstreme (τὰ ἄκρα) en felste trekke sowel uitkies as met mekaar verbind'. Daarna haal hy in par. 2 die gedig aan, en gaan dan in par. 3 soos volg voort:

'Het u nie bewondering daarvoor hoe sy tegelyk siel en liggaam, gehoor en tong, oë en gelaatskleur oproep, almal asof hulle haar verlaat het en van iemand anders was (πάνθ' ὡς ἀλλότρια διοιχόμενα), en in teëstelling met mekaar tegelyk koud kry en brand, sonder verstand en by haar verstand is, in vrees verkeer en naby die dood is, sodat mens by haar nie een sensasie maar 'n versameling van sensasies sien? Al dergelyke verskynsels kom by geliefdes voor, maar, soos ek reeds gesê het (vgl. 10.1 b), die keuse van die ekstreme (τῶν ἄκρων) en die samevoeging

daarvan tot een geheel het die voortrefflikheid (van haar kuns) bewerk'.

Page, *Sappho and Alcaeus* 27 staan heeltemal negatief teenoor hierdie uitspraak en beskou dit as misleidend. Daarenteen vind Radt, *Mnem.* 23, 1970, 344 die kritikus se beklemtoning van die ekstreme (τὰ ἄκρα) besonder belangrik: 'Alle simptome wat Sappho skilder, skilder sy in die mees ekstreme vorm: sy stotter nie — nee, haar stem gee heeltemal in; daar is geen geflikker voor haar oë nie, nee, sy sien glad niks meer nie; sweet breek nie by haar uit nie, maar stroom oor haar af (Radt aanvaar hier die lesing κακχέεται); bewerasie neem haar hele liggaam gevange, en haar bleekheid oortref nog die hoogste vorm van blasheid, die ποία. Hier sien ons 'n eienskap wat heeltemal tiperend van Sappho is: 'n voorliefde vir hiperboliese uitdrukkingswyse' (vertaal).

Met verwysing na 'Longinos' se karakterisering van die digteres, πάντα ὡς ἀλλότρια διοιχόμενα ἐπιζητεῖ, praat Page 27 wel van haar 'power of self-criticism which was (also) apparent in the previous poem' (d.w.s. fr.1L-P). Met verwysing na die huidige gedig 31L-P, sal dit egter korrek wees om van haar 'power of self-portrayal' te praat, altans wat strofes 2 tot 4 betref. In dié verband verwys Page 27 tereg na 'the uncommon objectivity of her demeanour toward her own extremity of passion; the accurate definition of its physical symptoms; the rare gift of vivid, brief, and precise expression' (kyk ook verder Page 27). Hieroor kan ons volmondig met Page saamstem.

4.3 Vervolgens (28) gaan hy daartoe oor om die man (ὄνηρ) se rol in die eerste strofe te oorbeklemtoon en te betoog dat die digteres *jaloers* is op die man. Sy betoog hieroor is sterk gekritiseer deur Koniaris, *Philologus* 112, 1968, 174–176 (vgl. ook Radt, *Mnem.* 23, 1970, 340 e.v. en Saake, *ZKS* 24 e.v.) wat sy siening soos volg positief saamvat (175): 'Sappho in depicting man and girl together, speaks in terms of eulogy for both. The man is "equal to the gods" according to her own judgment (cf. φαίνεται μοι). Page sees ἴσος θεοῖσιν as a cliché (21, n. 1). Whether it is a cliché or not ἴσος θεοῖσιν contains a compliment. And the girl is complimented when Sappho mentions her "sweet voice" and her "lovely laughter" (there is no reason to suppose that the statement is ironical)'.

Wat is dan die rol van die man in die eerste strofe? Radt, *Mnem.* 23, 1970, 340 e.v. stel dit in hoofsaak korrek: 'Der Mann dient als Kontrast zu Sappho; seine Ruhe bei dem *tête à tête* mit dem Mädchen — und nicht Sapphos Eifersucht — bildet den Anlass zu dem Gedicht: dieser Ruhe stellt Sappho den Sturm der Erregung gegenüber, der sie selber in der

gleichen Situation ergreifen würde. Der Mann bildet so die Folie für das, worum es Sappho eigentlich geht (und er verschwindet denn auch unmerklich aus dem Gesichtskreis: siehe Snell, a.a.O.,88)'.¹

Hierdie uitspraak moet na ons mening wel op een punt aangevul word. Dit is heeltemal korrek dat dit nie enige jaloesie (vgl. Page se 'love in jealousy') of afguns van Sappho op die man is wat die werklike aanleiding tot die gedig is nie; andersyds is Sappho se gevoelens teenoor die man wel 'n mengsel van uitgesproke bewondering en 'n mate van geïmpliseerde afguns op sy bevoorregte posisie en onverstoordheid, asook omdat die meisie met soete stem met *hom* (i.p.v. *haar*) praat en teenoor *hom* bekoorlik lag en *hy* aandagtig daarna luister (ὑπακούει), terwyl dit haar, Sappho, heeltemal (sou) ontredder.

Kyk verder Race, *Class.Antiq.* 11,1983,92–101.

Oor die vraag of 'daardie man' na 'n werklike man verwys, of 'n voorwerp van Sappho se verbeelding is, vgl. Burnett 234 e.v. en n.9. Die opvatting dat hy 'n 'faceless hypothesis' (Burnett e.a.) is, vind ons onaanvaarbaar.

4.4 Ons keer terug na Page wat daarop let (28 e.v.) dat Sappho se beskrywing van die fisiese simptome van haar emosie blykbaar 'n vermenging van tradisionele en nuwe elemente bevat. Tekens van geestelike of emosionele versteuring, soos blindheid, spraakloosheid, bewing, sweet, blasheid en beswyming — d.w.s. ses uit die agt van Sappho — word dikwels in Homeros beskryf, en dit sou nie veilig wees om aan te neem dat Sappho heeltemal onafhanklik skryf van modelle wat sy goed moes geken het nie. In dié verband verwys Page in 'n voetnoot (29 n.1) na die ondersoek van Turyn in *Stud. Sapph.* 33 e.v., 43 e.v. wat o.a. daarop let dat in Sappho, soos dikwels in Homeros, die ontstaan van emosie verbind word met waarneming: vgl. ὥς γὰρ ἐξ σ' ἴδω ..., en bv. *Il.* 4,299: ὄγγισέν τε ἰδὼν ...; verder gee hy Homeriese sitate om die verskillende simptome toe te lig. Daar is egter twee belangrike verskille. Die eerste is dat die simptome in die oorgrote meerderheid van gevalle in Homeros *alleenstaande* voorkom (gekombineerd wel besonders in *Il.* 13,278–284). Tweedens is die verskillende sensasies in Sappho almal simptome van die *liefdespassie*, terwyl hulle in Homeros na emosies soos vrees, boosheid, smart en pyn verwys. Sappho se belangrikste bydrae is om 'n groot aantal van die sensasies na die sfeer van die *liefde* oor te dra en daarby aan te pas. (Oor die simptome van sweet in Homeros, kyk Devereux, *CQ* 20,1970,17). Kyk verder Burnett, *Three Archaic Poets* 239 e.v. met n.24.

Marcovich let daarop dat in Homeros blindheid en floute blykbaar saamgaan:

τὸν δὲ λίπε ψυχή, κατὰ δ' ὀφθαλμῶν κέχυτ' ἀχλὺς

(*Il.* 5,696; vgl. 22,466–467); en verder dat in Archilochos fr.112D (103E) hierdie twee simptome met die liefdesemosie verbind word (vgl. Page 29). Marcovich meen dat die rede, waarom die twee in Sappho geskei van mekaar voorkom, is dat sy 'n *klimaks* wou daarstel deur die reeks van simptome met *floute* te beeindig.

4.5 Wat verskille tussen Sappho en Archilochos (en Homeros) betref let

Page 29 op die verskil in dialek: in Archilochos word die epiese dialek en styl maklik geassimileer, maar nie in die dialek van Sappho nie. Aan die begin van Sappho se beskrywing van haar simptome kry ons wel 'n Homeriese weerklank: 'καρδίαν ἐν στήθεσιν ἐπτόαισεν recalls to mind the Epic καρδίη ἐνὶ στήθεσσι, τῶν δὲ φρένες ἐπτοίηθεν' (30). Maar wanneer die individuele simptome beskryf word, is die taal fundamenteel verskillend van dié van die epos: 'it is realistic, severely plain and candid, unadorned by literary artifice' — vgl. 'dit gons in my ore' (11–12) en 'ek is bleker as (dorre) gras' (14–15).

Heel Archilochies, daarenteen, is reël 17, ten spyte van die problematiese aard van die vertolking daarvan. Afgesien van die teksprobleem in καὶ πένητα, waarin die καὶ metries onaanvaarbaar is, is daar die vraag hoe τόλματον vertaal en vertolk moet word. In die nuwe Loeb-uitgawe vertaal Campbell soos volg: 'But all can be endured, since ...'. In die kommentaar in sy *Greek Lyric Poetry* (272) verstrek hy egter korrek die alternatief: 'But all must be endured (or dared), since ...'. Die vraag is of τόλματον (a) in 'n *min of meer* passiewe sin saamhang met τολμάω, 'verdra', 'uithou', 'deurstaan', of (b) in 'n aktiewe sin met τολμάω, 'moedig wees', 'waag', 'durf' verstaan moet word.

Burnett volg die tweede van hierdie moontlikhede, eerstens in haar vertaling op p.231: 'Still, the risk is to be run, since ...'. Meer korrek sou wees: 'Still, the risk *can* be run, since ...' (m.a.w. nie die veronderstelde *must* nie). Uit haar wydlopige vertolking (235 e.v., 241–243), waarin sy grotendeels 'n struktuur opbou wat nie deur die karige fondament van reël 17 ondersteun word nie, haal ons slegs die volgende aan wat 'n aanvaarbare *aktiewe* interpretasie gee: 'What the phantom companion (*sic*) does terrifies her, she (Sappho) says, but she must (vgl. egter bo oor 'must') dare it all the same', sodat sy plek met 'daardie man' kan ruil (239–240). 'And so ... the lover turns upon herself with a new objectivity and begins an exhortation. She might be Odysseus on the doorstep or

Archilochus with his *thumos* as she rouses herself to essay a courageous act: "It's all to be attempted, for even beggars ..." (241), waar die 'proverbial beggar is ... an emblem of hope' (*ibid.*; vgl. verder 241 e.v.). Volgens hierdie vertolking hoop Sappho op 'n ommekeer, sodat sy nie meer πένης, arm, sal wees nie, maar gelukkig, bevoorreg (ryk) en sterk van gees soos 'daardie man' sal wees.

Die meer passiewe vertolking (a) word deur Gregor Maurach soos volg (in korrespondensie aan ons) gestel: 'One must endure everything as the poor have to endure their lot, too. This seems to mean that in 17ff. there was an argument pointing out a way to endure, a "Trostgrund". This cannot have been an allusion to the "wheel of Fortune" of fr.1,21ff. (she will never again have the girl nearby), but to the other standard type of consolation: there will, sometime, be a change, the ἐλπίς that in some other situation, at some other stage, there will be a compensation or the like.'

Met die gebroke en onvolledige teks wat ons voor ons het, skyn dit nie moontlik om tans 'n besliste keuse tussen die twee vertolkings te kan maak nie. Die aktiewe vertolking (b) word wel enigszins gesteun deur LSJ se opgawe onder τολμητός, waar daar slegs één vertaling verstrekkend word: 'ventured, to be ventured', met opgaaf van slegs vier verwysings, dié na Sappho en verder Eur. *Hel.* 816 en Soph. *Phil.* 634, cf. Cratin. 324b. Die feit dat die woord elders, en later, as in Sappho dié betekenis het, hoef wel nie deurslaggewend te wees nie.

Hoe dit ook al sy, indien die woord in Sappho in die sin van 'deurstaan' vertolk moet word, dan staan dit op dieselfde vlak as τλημοσύνη in Archilochos fr.7D (8A, 9E, 1L–B, 10T, 13W), reël 6, m.a.w. dit verwys nie na 'geduldige verdraging' nie, maar na 'standvastigheid', nie na 'forbearance' nie, maar na 'resoluteness' (vgl. *Kalliope* I, 6–17). Samevattend kan ons minstens met Kamerbeek-Verdenius 67 sê dat, ten spyte van alle onsekerheid, 'schijnt het zeker, dat Sappho zich na de aanduiding van haar bijna dood zijn door de hartstocht van haar liefde, als met een ruk tot zelfbeheersing opricht.'

Ten slotte moet ons daarop let dat πᾶν in reël 17 nie beteken 'al die simptome wat beskryf is' nie (dit wel óók), maar 'alles wat sleg is'. 'Sappho manages to see this *particular* case as an instance of man's lot in *general*. She writes a poem of the pangs of ... love, and the way out by seeing the wider perspectives: very Archilochian' (Maurach). Kyk verder *Kalliope* I oor Archilochus fr.58D, 57aD en 68D, wat temas verwant aan die bogenoemde fr.7D bevat.

LITERATUUR

- Barkhuizen, *Akroterion* 22 (1977) 17–22.
 Barkhuizen-Henderson-Van Rooy, *Kalliope I, passim*.
 Beattie, *Mnem.* 4.9 (1956) 103–111.
 Bremer, *RhM* 125 (1982) 113–116.
 Burnett, *Three Archaic Poets* 230–243.
 Campbell, *GLP* 271–273.
 Degani-Burzacchini 138–146.
 Devereux, *CQ* 20 (1970) 17–31.
 Edgeworth, *AClass* 27 (1984) 121–124.
 Fränkel, *EGP* 176–177.
 Gerber, *Euterpe* 167–170.
 Hiersche, *Glotta* 44 (1966) 1–5.
 Kamerbeek, *Mnem.* 4.9 (1956) 98–100.
 Kamerbeek-Verdenius 65, 67.
 Koniaris, *Philologus* 112 (1968) 173–186.
 Latacz, *MH* 42 (1985) 67–94.
 Lesky 143–144.
 Lefkowitz, *GRBS* 14 (1973) 113–123.
 Marcovich, *CQ* 22 (1972) 19–32.
 McEvelley, *Phoenix* 32 (1978) 1–18.
 Merkelbach, *Philologus* 101 (1957) 1–29.
 Milne, *Hermes* 71 (1936) 126–128.
 Page, *Sappho and Alcaeus* 19–33.
 Perrotta-Gentili 123–128.
 Privitera, *Hermes* 97 (1969) 267–272.
 Race, *Class. Antiq.* 11 (1983) 92–101 (met uitgebreide bibliografie).
 Radt, *Mnem.* 4.23 (1970) 340–345.
 Russell, 'Longinus' *On the Sublime* 14–15, 100–103.
 Rydbeck, *Hermes* 97 (1969) 161–166.
 Saake, *ZKS* 17–38.
 Saake, *Sappho-Studien* 53–55.
 Snell, *Hermes* 66 (1931) 71–90.
 Snell, *Gesammelte Schriften* 97.
 Tsagarakis, *RhM* 122 (1979) 97–118.
 Van Erp Taalman Kip, *Lampas* 13 (1980) 341–345.
 Voigt 57–60.
 Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 58.
 Wills, *GRBS* 8 (1967) 174–182.

(CAvR)

5. *Ibukos van Rhegium*

5.1 LEWE EN WERK

Eusebios plaas die koorlirikus Ibukos se *floruit* in die 61ste Olimpiade (d.w.s. 536–533 v.C.). Hierdie datering stem ooreen met die tydperk van die *turannis* (in die sin van alleenheerskappy) van Polukrates van Samos (c.540–c.522) aan wie se hof Ibukos 'n deel van sy loopbaan as digter deurgebring het. Maar Ibukos was oorspronklik van Rhegium in Suid-Italië, m.a.w. 'n Wes-Griek soos ook Stesichoros wat van Sicilië afkomstig was, en volgens Athenaios (4,172) Ibukos beïnvloed het.

Ibukos is, saam met 'n ander lirikus, Anakreon, aan die hof van Polukrates 'n sprekende voorbeeld van die vroeë Griekse tiranne se belangstelling in en bevordering van die kunste, en meer spesifiek hul rol as beskermhere van digters.

Ibukos se verbondenheid aan die hof van 'n tiran verklaar sekere aspekte van sy poësie. In die eerste plek speel obskure plaaslike mites of plaaslike weergawes van bekende mites 'n rol in sy poësie. So is Ibukos die vroegste bron vir die gegewens dat Menelaos van Sparta sy swaard laat val het toe hy sy teruggevinde vrou Helena daarmee wou dood

(fr.15P, 40E; vgl. Eur. *Andr.* 628), dat Herakles warm waterbronne as geskenk van Hephaistos ontvang het (fr.19P, 49E), en dat hy die gordel, nie van Hippolita of Deïluka nie, maar van Oioluka, dogter van Briare-
 ôs, terugbring het (fr.18P, 48E; vgl. schol. *ad* Apoll. Rhod. 2,780). Ibukos verwys ook die eerste in oorgelewerde poësie na Orpheus (fr.25P, 10E), waarskynlik 'n weerklank van die digter se kennismaking met die orfiese gelowe in Suid-Italië. Sommige geleerdes plaas hierdie 'mitiese poësie' in Ibukos se vóór-Samiese periode.

Die liefdestema verskyn sterk in die oorblywende fragmente van Ibukos se werk. Ook antieke skrywers maak melding van hierdie dominante element in sy gedigte (Cic. *Tusc.* 4,71; *Souda*, s.v. Ἰβυκος). Dat hierdie element as tema in sy poësie so prominent is, is aan die een kant eienaardig, gesien die feit dat hy koorliriek geskep het, maar aan die ander kant verstaanbaar, gesien die geslote, aristokratiese, uitsoekgehoor waarvoor hy gedig het, nl. die hof van Polukrates van Samos. Invloed van die Lesbiese sololiriek of monodie van veral Sappho is duidelik in sy gedigte herkenbaar. Intens persoonlike gevoelens word bv. in sy reëls uitgedruk. Die siening van die liefde as 'n gevaarlike, vernietigende mag wat van buite (van Aphrodite) op die mens afkom in die vorm van vuur, waansin of siekte is reeds by Sappho teenwoordig. Maar gepaardgaande hiermee is die gesofistikeerdheid van die hofkultuur. In sy vereniging van dié persoonlike, gesofistikeerde en koorliriese elemente is Ibukos 'n vernuwer.

Daar is getuienis van sy vermoëns as koorlirikus: die gebruik van mite, van ryk adjektiewe, van sekere beelde soos die renperd. Die langste oorblywende fragment, fr.1P, van sy beweerde sewe boekrolle poësie is die vroegste voorbeeld van die triadiese strofepou (strofe, antistrofe en epode), wat later deur Bakchulides en Pindaros tot so 'n hoë kunsvorm verhef is. Volgens die *Souda* was Stesichoros (soos sy naam aandui) die 'uitvinder' van hierdie strofiese struktuur, maar sy nalatenskap is te gebrekkig om enige studie van sy triadiese liriek te maak.

Ibukos se lang fr.1P is gerig aan Polukrates om die tiran se lof te besing: die grootste helde en heldedade tydens die Trojaanse oorlog dien as *exempla*. Heroïese poësie word tot vleierende hofpoësie omvorm. En hieroor is Ibukos se digterskap deur kritici 'n knou toegedien wat onregverdig is in die lig van sy behoue poësie as geheel.

TESTIMONIA

Edmonds, *Lyra Graeca* II, 78–85.

LITERATUUR

Bowra, *GLP* 241–267.

Fränkel, *EGP* 280–291.

Lefkowitz, *Lives* 35, 37–38.

Lesky 181–184.

Schmid-Stählin, I, 1, 489–497.

(WJH)

5.2 FRAGMENTE VAN IBUKOS

(a) Fr. 1P (3D, 67E)

Die mag van die poësie

οἱ καὶ ¹ Δαρδανίδα Πριάμοιο μέ-	Antistrophe A
γ' ἄστυ ² περικλεῆς ὄλβιον ἠνάρων	
Ἄργιοθεν ὀρνυμένοι	
Ζηλὸς μέγαλοιο βουλαῖς	4
Ξανθᾶς Ἑλένας περὶ εἶδει	Epode A
δῆριν πολύυμνον ἔχοντες	
πόλεμον κατὰ δακρυλόεντα,	
Πέργαμον δ' ἀνέββα ταλαπείριοι ἄλλα	
χρυσόεθιραν διὰ Κύπριδα.	9
νῦν δέ μοι οὔτε ξειναπάταν Πάριον	Strophe B
ἔσθ' ³ ἐπιθύμιον οὔτε τανίσφυρον	
ὑμνήην Κασσάνδραν	
Πριάμοιό τε παῖδας ἄλλους	
Τροίας θ' ὑριπύλοιο ἁλώσιμον ⁴	Antistrophe B
ἄμαρ ⁵ ἀνώνυμον· οὐδ' ἐπ' ελεύσομαι ⁶	15
ἡρώων ἀρετὰν	
ὑπεράφανον οὓς τε κοίλα	

1. Murray

2. Maas

3. Maas: ἦν Grenfell-Hunt: ἦς Wilamowitz

4. Maas: ἁλωσιν, ὃ γ' Grenfell-Hunt

5. Wilamowitz: οὐκ ἄρ' Grenfell-Hunt

6. Wilamowitz: ἐπ' ἀνέρχομαι Grenfell-Hunt

νᾶες] πολυγόμοι ἐλεύσα[ν Τροί]α κακόν, ἥρωας ἐσθ[λούς· ⁷ τῶν] μὲν κρείων Ἀγαμέμνων ἄ]ρχε ⁸ Πλεισθ[ενί]δας βασιλ[εὺς] ἀγὸς ἀνδρῶν Ἀτρεὸς ἐσ[θλοῦ] πάις ἐκ π[ατρὸς]. ⁹	Epode B 20
καὶ τὰ μὲν ἄν] Μοῖσαι σεσοφ[ισμ]έναι εὖ Ἑλικωνίδ[ες] ἐμβαίεν λόγ[ω]. ¹⁰ θνατὸς δ' οὗ κ[ε]ν ¹¹ ἀνήρ διερὸς] τὰ ἕκαστα εἴποι	Strofe C 25
ναῶν, ὡς Μενέλαος ἀπ' Αὐλίδος Αἰγαῖον διὰ πόλιντον ἀπ' Ἄργεος ἡλύθ[εν] ἐς Τροίαν ¹² ἵπποτρόφο[ν] οἱ τε ¹³ φῶτες	Antistrofe C 30
χ]αλκᾶσπ[ιδες] υἱ[ε]ς ¹⁴ Ἀχα[ι]ῶν τῶν μὲν προφ[ε]ρέστατος αἰ[ὶ]χμᾶ ἦλθεν ¹⁵ πόδ[ας] ὠκὺς Ἀχιλλεὺς καὶ μέγας Τ[ε]λαμ[ών]ιος ἄλκιμος Αἴας ¹⁶ ...	Epode C 35
Τυδέος υἱός ¹⁷ ἀπ' Ἄργεος ... ἰς ἐς Ἴλιον	Strofe D 39
καὶ Ζεύξιππος, ¹⁸ ὄν] ἅ χρυσεόστροφος ¹⁹ Ἕλλης ἐγήνατο, ²⁰ τῷ δ' [ἄ]ρα Τρωῖλον ὥσεί χρυσὸν ὀρει- χάλλω τρεῖς ἀπεφθο[ν] ἦδη	Antistrofe D

7. Lobel

8. Wilamowitz: ἥρχε Grenfell-Hunt

9. Murray

10. Grenfell-Hunt: λοι[, λοιπ[, λογ[ι] pap.: (Ϝ)όπι Edmonds

11. Grenfell-Hunt: οὐκ ἄν Grenfell-Hunt

12. Wilamowitz: ἡλύθε pap.: ἦλυθε Grenfell-Hunt: ἐς Τροίαν Grenfell-Hunt: ἡλύθε Δαρδανί-
αν Murray: ἡλύθον ἐς Φρυγίαν Diehl

13. Wilamowitz: ὥς δὲ Grenfell-Hunt

14. Housman

15. Edmonds: βαίνει (χωρεῖ, ἔξεν) Grenfell-Hunt: ἔσκειν Diehl

16. Murray

17. Lobel

18. Barron

19. nonnulli: χρυσο- pap.: suprascripsit εα manus prima: χρυσέος τροφός Grenfell-Hunt

20. pap.: ἐγένετο Edmonds

Τρῶες Δ[α]ναοὶ τ' ἐρό[ε]σαν
μορφὰν μάλ' εἶσκον ὅμοιον.
τοῖς μὲν πέδα κάλλεος αἰὲν
καὶ σύ, Πολύκρατες,²¹ κλέος ἄφθιτον ἐξεῖς
ὥς κατ' [ᾠ]οιδὰν καὶ ἐμὸν κλέος.

Epode D

45

BRON

P. Oxy. 1790.

1. VERSMAAT

Die gedig vertoon die triadiese strofepou (strofe, antistrofe, epode) van koorliriek. Die metriese patroon is soos volg:

str., ant.

reëls 1, 2 — — — — — — — — — — dakt. tetrameter (= 'alkmanies')

reël 3 — — — — — — — — — — hemiepes (d.w.s. 'n halwe hekso-
meter)

reël 4 — — — — — — — — — — enoplon of (saam met reël 3) 'n
dakt. tetrameter met trogeïese
clausula (— — —)

epode

reëls 1,2,3 — — — — — — — — — — stygende daktiele
reël 4 — — — — — — — — — — pherekrateion met daktiliese uit-
breiding

reël 5 — — — — — — — — — — daktiliese trimeter met interne
brug (—)

Die ritme is daktilies: as geheel bestaan die strofes en antistrofes uit 12 daktiliese en 1 trogeïese metra, terwyl die epodes die daktiliese reeks afwissel.

L. W. die *correctio* in ἐπελεύσομαι/ἡρώων (15–16); ἡρώας (19); σεσοφισμέ-
ναι/εὔ (23–24); en *sunizesis* in χρῦσῶστροφος (40).

Vgl. Snell, *Gr. Metr.* 20; Gerber, *Euterpe* 208–209; Wilamowitz, *Pindaros* 509.

21. pap.: Πο(υ)λύ- Grenfell-Hunt

2. KOMMENTAAR

- 1–2 Δαρδανίδα Πριάμοιο ...: vgl. Hom. *Il.* 3,303: Δαρδανίδης Πριάμος; 2,332: ἄστυ μέγα Πριάμοιο.
- 2 ἡνάρων: sterk aor. van ἐναίρω, met Doriese aksent (vgl. Att. ἡναρον); so ook πολυγόμοι (18), Μοίσαι (23), ἐμβαίεν (24), ἡλύθον (29) en ἐξεῖς (47). In Homeros word ἐναίρω byna uitsluitlik (behalwe vir *Od.* 19,263) van die uitwissing van diere of mense gebruik; hier pas Ibukos dit toe op 'n stad (as lewende wese gesien?).
- 4 βουλαῖς: 'volgens die wil'; vgl. Hom. *Il.* 12,235–236: Ζηνὸς ... βουλέων.
- 5–6 περὶ.../δῆριν...ἔχ[ο]ντες: vgl. Hom. *Il.* 24,515: ἀρετῆς περὶ δῆριν ἔχουσι (sonder attribuu). Maehler, *Auffassung* 75–76 wys daarop dat Ibukos die aandag verskuif het van Homeros se verwysing na Helena self as die konkrete *voorwerp* waaroor (περὶ + dat.) die Achaïers geveg het, na Helena se skoonheid (εἶδει) as *oorsaak* van die oorlogvoering; vgl. ook Simonini, *Acme* 32, 1979, 287. Sy wys ook daarop dat, alhoewel in Homeros dikwels na Helena se mooi hare verwys word (εὕκομος verskyn sewe maal in die *Ilias*, καλλίκομος een maal in die *Odusseia*; in *Il.* 3,121 en *Od.* 22,227 word haar blanke arms, en in *Od.* 15,123 haar mooi wange genoem), dit nooit blond genoem word nie. Dié beskrywing verskyn eers by Sappho fr.23,5L–P waar dit met goddelike skoonheid geassosieer word. Vgl. χρυσοέθειρα van Aphrodite in reël 9. Stesich. fr.103,5SLG het ξανθὰ δ' Ἑλένα.
- 7 πόλῳλεμον...δακρ[υ]όεντα: net so in Hom. *Il.* 17,512.
- 8 ταλαπείριο[ν]: prolepties: Pergamon lynnά ἄτα gekom het. Vgl. Maehler, *Auffassung* 76. Homeros gebruik die woord net van mense. Die Onheil bestyg die burg van Troje, nie die Achaïers nie; in Homeros word ἄτη nie so verpersoonlik nie (vgl. Dodds, *The Greeks and the Irrational* 5), en Ibukos het die *gevolg* (ἄτη) en die *agente* of *oorsaak* (die Achaïers) van Troje se ellende omgeruil; vgl. Simonini, *Acme* 32, 1979, 290. Maehler, *Auffassung* 76 vestig die aandag op die kleur- en toonskakerings van lig en donker in hierdie epode: ξανθὰς (5), δακρυόεντα (7), ταλαπείριον (8) en χρυσοέθειραν (9). Die liefde word hier soos elders in Ibukos as vernietigend gesien.
- 10 νῦν δέ μοι: die epiese vertelling word in die nuwe strofe deur die liriese 'ek' vervang; dit bring die toehoorder na die werklikheid; vgl. Gianotti, *RFIC* 101, 1973, 403; Simonini, *Acme* 32, 1979, 288. ξειναπάταν: 'gasheerbedrieënde'. Paris word reeds (vir die eerste

keer) deur Alk. fr.283,5L–P so beskryf; vgl. ook Aisch. A. 399–402; Eur. *Tro.* 866; Hor. *Carm.* 1,15,1–2. Simonini, *Acme* 32, 1979, 288 meen dat Ibukos hier sy onwilligheid om die negatiewe oordeel van Paris en Helena (vgl. bv. Alk. fr.283,5L–P) in die epiese tradisie voort te sit, aandui.

- 10–11 μοι.../ἔστ'] ἐπιθύμων: eerste hier as 'n variasie op Homeros se τό μοι καταθύμόν ἐστιν (*Od.* 22,392; vgl. ook *Il.* 10,383; 17,201; *Od.* 22,302, en ἐνθύμος, *Od.* 13,421).

τανίσφυρον: 'met slanke enkel', 'n ongewone adj. wat elders van godinne en van Atalanta gebruik word: vgl. Hes. *Theog.* 364 (᾽Ωκεανῖναι), fr.141,8 en 198,4 Merkelbach-West (τανισφύρῳ Εὐρωπίῃ en τανισφύρου ... κόουρης), en Bakch. 3,60 (κούραις). Ibukos beskryf Kassandra se skoonheid ook in fr.22(a)P; en in Hom. *Il.* 13,336 is sy die mooiste van Priamos se dogters, terwyl in *Il.* 24,699 sy met Aphrodite vergelyk word. Page, *Aegyptus* 31, 1951, 166 meen dat Ibukos nie 'n 'duller' woord as τανίσφυρον kon vind nie. Page verraai so sy eie (eerder as 'n Griek se) ongevoeligheid vir hierdie deel van 'n vrou se anatomie, en — belangriker — illustreer die beperktheid van studeerkamergeleerdheid as dit nie met menslikheid, verbeelding en gevoel getemper word nie.

- 12 ὑμνῆν: Dories vir ὑμνεῖν en 'n gedeeltelike weerklank van πολύμνον (6).
- 14 Τροίᾳς θ' ὑπὲρύλοιο: 'en hoëpoort–Troje'; vgl. Hom. *Il.* 16,698: ὑπὲρυλον Τροίην ἔλον.
- 14–15 ἀλώσι[μ]ον/ἄμ]αρ ἀνώνυμον: 'glorielose dag van inname'. Die hele frase is gewaagd, maar vgl. Stesich. fr.89,11SLG: εὐρυχόρου Τροῖας ἀλώσι[μ]ον ἄμαρ. ἀλώσιμον beteken hier nie 'maklik inneembaar' (Hdt. 3,153; Eur. *Hel.* 1622; Thuk. 4,9) nie, maar 'van inname' (Aisch. *Th.* 635; A. 10). ἀνώνυμον is by Homeros 'naamloos' (*Od.* 8,552), 'n betekenis wat hier onvanpas is. Wilamowitz, *Pindaros* 509 het die woord met Κακοῖλιον οὐκ ὀνομαστήν (*Od.* 19,260) in verband gebring, d.w.s. 'onnoembaar'. Vgl. Gerber, *Euterpe* 210. Maehler, *Auffassung* 75 n.3 verwerp hierdie voorstel, en stel eerder voor 'der Tag, der Troja namenlos gemacht, seinen Namen ausgelöscht hat', 'n oplossing wat Simonini, *Acme* 32, 1979, 289 verder vertolk as 'glorieloos' (vgl. Pind. *O.* 1,82: ἀνώνυμον/γῆρας; Hesuchios: = ἄδοξος). Sy wys ook daarop dat die alliterasie, assonansie en sterk pouse die gehoor se aandag op die nuutheid van die verbinding sou gevestig het. Harvey, *CQ* 7, 1957, 222–223 meen dat

die 'normale' of ou assosiasies steeds in die gehoor se gedagte was, en dus 'disastrous' vir die konteks.

15 ἐπελεύσομαι: ἐπέρχομαι beteken hier 'deurgaan' in die sin van 'vertel'.

16 ἀρετάν: uit wat verder blyk (χαλκάσπιδες, 31; αἰχμή, 32), is ἀρετή hier hoofsaaklik militêr van aard.

17 ὑπεράφανον: hier vir die eerste keer voor Plato in 'n goeie sin ('verhewe' teenoor 'arrogant'); die verbinding met ἀρετή is ook nuut; vgl. Simonini, *Acme* 32, 1979, 289.

τε: die sogenaamde 'generies-kousale τε' soos in Homeros; vgl. Denniston 522–523; vertaal: 'die soort mense wat', 'juis hulle wat'.

17–18 κοίλα[ι/νᾶες]: vgl. Hom. *Il.* 1,26: κοίλῃσιν ... νηυσί.

18 πολυγόμφοι: 'met baie hout penne', d.w.s. 'goed gebou', 'goed getimmer'; vgl. Hesiod. *Op.* 660: νηῶν ... πολυγόμενων.

ἐλεύσα[ν: Doriese vorm (sonder ougment) van ἐλεύθω, 'laat kom', 'bring', die kousale vorm van ἔρχομαι. Vgl. Hom. *Il.* 13,453–454: νῆες ἔνεικαν (Ἰδομενῆα)/σοί τε κακὸν καὶ πατρὶ καὶ ἄλλοισι Τρώεσσιν.

19 Τροίῃα κακόν: 'as onheil vir Troje'.

20 τῶν]: = τούτων, gen. by ἄρχε (21).

κρείων Ἀγαμέμνων: vgl. Hom. *Il.* 1,130. Let op die assonansie.

21 ἀγὸς ἀνδρῶν: vgl. Hom. *Il.* 4,519.

21–22 Πλεισθ[ενίδας .../Ἀτρεός: hierdie dubbele geslagsregister van Agamemnon verteenwoordig die Homeriese en Spartaanse weergawes, laasgenoemde ook in Stesichoros (fr.32 ii 4; 42,2P) en Aesch. *A.* 1569. Vir Wilamowitz, *Pindaros* 510–511, gevolg deur Barron, *CQ* 14, 1964, 224–225, is dit vergelykbaar met Achilles, 'spruit van Aiaikos' én 'seun van Peleus'; vir Bowra, *GLP* 254 is dit 'n aanduiding van doelbewuste sorgeloosheid aan die kant van Ibukos om sy gebrek aan belangstelling in die epiese 'feite' te bewys (vgl. ook Gerber, *Euterpe* 211); vir Simonini, *Acme* 32, 1979, 292, is dit 'n ironiese intellektuele spel waarin Ibukos wys dat hy nie die epiese gewens kán weergee nie — soos hy in reëls 23–26 sê. Dit geld ook vir die teenstrydige of verwarrende gewens oor die skepe in reëls 26–29.

23 τά: = ταῦτα.

- 23–24 ἄν] .../... ἐμβαίειν: die opt. is potensiaal: ‘die Muses sou kon ...’.
- 23 σεσοφισμένοι: ‘bedrewe’ (pass.), d.w.s. σοφαί weens hul εἰδέναι πάντα (vgl. Hesiod. *Op.* 649: ναυτιλίας σεσοφισμένος), in kontras met die mens se onkunde. Bowra, *GLP* 256 verduidelik die gebruik van die perf. part.: ‘omdat hulle reeds dikwels hiervan gesing het’ (vgl. πολύυμνον, 6). Gianotti, *RFIC* 101, 1973, 405–406, wys daarop dat hierdie die eerste gebruik van die woord i.v.m. goddelike, abstrakte kennis is; vroeër wys die woord op konkrete, menslike vaardigheid.
- 24 Ἑλικωνίδες: vgl. Hesiod. *Theog.* 1; *Op.* 658.
 λόγ[ω: dat. van verwysing: ‘in vertelling’; λόγος verwys na die geordende, ‘feitelike’ *narratio* van die epos, soos bv. in die katalogus van skepe (bv. *Il.* 2,484 e.v.); vgl. Wilamowitz, *Pindaros* 509. West, *Philologus* 110, 1966, 152–153 wou op grond van die ongewone finale lang lettergreep in die alkmaniese *clausula*, ‘n *corruptio* met die volgende reël bewerkstellig deur θνατός met αὐτός te vervang. Hierteen het Gentili, *QUCC* 4, 1967, 177–181 betoog dat daar wel sulke lang lettergrepe in daktiliese skemas bestaan (Archil. fr.190; Pind. *N.* 6,18, 41, 64) en dat θνατός in die lig van die Homeriese model in *Od.* 6,201 (οὐκ ἔσθ’ οὗτος ἀνὴρ βροτός) behou moet word. West het repliek gelewer in *CQ* 25, 1975, 307; vgl. ook Gianotti, *RFIC* 101, 1973, 404 n.1; Gerber, *Euterpe* 210. Die gebrekkige papiruslesing laat geen sekerheid toe nie.
- 26 διερός: ‘n obskure woord, ‘gedugte’; vgl. verder Campbell, *GLP* 309.
- 26–27 τὰ ἕκαστα εἶποι/ναῶν: vgl. Hom. *Il.* 2,484–493; *Od.* 24,236–237; *Il.* 11,706.
- 29–30 Τροία]ν/ἵπποτρόφο[ν: Hesiod. *Op.* 507 gebruik die adj. van Thraکیῆ; Homeros gebruik εὔπωλος van Troje (bv. *Il.* 5,551).
- 31 χαλκάσπιδες: hier vir die eerste keer in oorgelewerde Grieks.
- 32 τῶν ... προφ[ε]ρέστατος: vgl. Hom. *Od.* 8,128: πάντων προφερέστατος.
 αἰ[ι]χμᾶ: dat. van verwysing: ‘in wapenvernuf’.
- 33 πόδ[ας ὦ]κὺς Ἀχιλλεύς: vgl. bv. Hom. *Il.* 1,58.
- 34 μέγας Τ[ε]λαμ[ώ]νιος ἄλκιμος Αἴας: vgl. Hom. *Il.* 12,349: Τελαμώνιος ἄλκιμος Αἴας; 364: μέγας Τελαμώνιος Αἴας.
- 36 Τυδέος υἱός: d.w.s. Diomedes.
- 40 χρυσόστροφος: net hier met die betekenis ‘met die goue gordel’; vgl. ξανθᾶς Ἑλένας (5) en χρυσοέθειραν ... Κύπριδα (9), en verder LSJ.

41 ἐγίνατο: Doriese vorm van ἐγείνατο (van γείνομαι).

41–45 τῷ ... Τρωΐλον ...: as *oreichalkon* meer waardevol of aantreklik as selfs driemaal verfynde goud was, dan oortref die seun van Hullis vir Troilos in skoonheid. Vgl. Serv. *ad Verg. Aen.* 12,87: ‘apud maiores orichalcum pretiosius metallis omnibus fuisse’. Dit is egter meer waarskynlik of dat hulle (as seuns van Apollo: Paus. 2,6,7) as gelyk beskou word (μάλ’ ὅμοιον, 45; vgl. Campbell, *GLP* 309; Gianotti 406–407 n.3; Gerber, *Euterpe* 212–213), of dat Troilos vir Zeuxippos oortref (Ibuk. fr.224,7–11SLG waar Troilos as παῖδα θεοῖς ἵκελον beskryf word; Plat. *Crit.* 116b; Bowra, *GLP* 251; Robertson, *BICS* 17, 1970, 11–12; Simonini, *Acme* 32, 1979, 292–293). Homeros noem Nereus as die skoonste van die Griekse helde in Troje (*Il.* 2,673). Goud en *oreichalkon* word gekoppel in *Hymn. Hom.* 6,9, en lg. verskyn ook in Hesiod. *Sc.* 122; Stesich. fr.83P en Bakch. fr.51 Snell (= Schol. *ad. Apoll. Rhod.* 4,973). Dit is onnodig om soos Barron, *CR* 11,1961, 185–187 die teks na τὸν ... Τρωΐχῳ te verander om Troilos te laat seëvier.

44–45 Τρῶες Δ[α]ναοί τ’: Trojane en Grieke verenig in hul verering van die skoonheid (Simonini 293).

ἐρό[ε]σσαν/μορφάν: akk. van betrekking; die volle betekenis van die adj. is ‘wat liefde wek’.

εἶσκον: ougmentlose impf. (= ἥϊσκον) van εἶσκω (ἴσκω).

46–47 πέδα: twee vertolkings word voorgestel: 1. πέδα is ww. = μέτεσσι: ‘hulle het deel aan skoonheid ... , en u sal ...’ (met κάλλεος deelsgenitief, en καί verbindend) (Bowra); of 2. πέδα is ‘n voorsetsel = μετά: ‘onder hulle sal ook u altyd roem vir skoonheid hê’ (met κάλλεος gen. van definisie, καί beklemtonend en geen punktuasie na αἰέν nie) (Wilamowitz, Page). Gerber, *Euterpe* 213 verkies die eerste interpretasie omdat daar ‘n kontras tussen τοῖς μέν en καί σύ sou wees (maar καί lei die volgende sin slegs verbindend in) en die roem van Polukrates sekerlik nie net tot skoonheid beperk sou wees nie. Daarby is daar in die papirus ‘n punktuasieteken na αἰέν. Vgl. verder by die Interpretasie.

47 κλέος ἄφθιτον: vgl. Hom. *Il.* 9,413; Sapph. fr.44,4L–P.

48 κατ’ [ᾶ]οιδάν ...: ook hier is twee verklarings: 1. ‘ooreenkomstig my lied en roem’, d.w.s. in soverre my lied én roem dit kan besorg: καί is dan verbindend en ἐμὸν κλέος ook akk. by κατά (Snell, *Poetry and Society* 54–55; Barron, *BICS* 16, 1969, 135; Wellein, *CB* 36,

1959–1960, 40–41; Gianotti, *RFIC* 101, 1973, 408–409), of 2. 'soos ook my eie roem (ewig sal wees) weens my lied', met καί nou beklemtonend, en ἐμὸν κλέος voorwerpsakkusatief soos κλέος ἄφθιτον met 'n veronderstelde ἔξω, of nom. met 'n veronderstelde ἔσεται/ἔσται (Page, *Aegyptus* 31, 1951, 160; Bowra, *GLP* 251; Gerber, *Euterpe* 213; Fränkel, *EGP* 329; Sisti, *QUCC* 4, 1967, 64). Maar in die tweede geval is die elips van κλέος ἄφθιτον na ἐμὸν κλέος — dalk ook met verandering van naamval — verswarend. Vgl. verder by die Interpretasie.

κλέος: die herhaling is nie 'n swakheid nie (Page, Campbell), maar eerder 'n versterking (Simonini 293 n.48, wat ook op die klankbindings wys: κάλλεος, 46 — κλέος, 4 — Πολύκρατες, 47 — καί, 47, 48 — κλέος, 48).

3. STRUKTUUR

Die fragment begin met 'n antistrophe na 'n onbekende hoeveelheid verlore reëls, maar 'n *coronis* op die papirus dui aan dat die gedig met reël 48 geeëndig het. Die fragment bestaan hoofsaaklik uit 'n lang *narratio* van die gebeure en helde van die Trojaanse Oorlog, al sê Ibukos (10 e.v., 23 e.v.) dat hy soiets nie wil of kan besing nie. So 'n katalogus van wat 'n mens eintlik voorgee om oor te slaan heet *praeteritio* ('verbygaan').

'n Skema van die gedagtegang sou so daaruit kon sien:

A Narratio (= Praeteritio?)

1–4 (= ant.)

Griekse en Troje:

die Grieke gaan na en vernietig Troje,
magtige stad van Priamos
volgens Zeus se wil.

5–9 (= ep.)

Helena en Troje:

Helena se skoonheid as die oorsaak
van Troje se smart
deur Aphrodite se werking.

B Praeteritio I

(a) 10–15a (= str., ant.)

Die Trojane:

die digter wil *nie* sing van Paris, Kas-
sandra of ander kinders van Priamos,
of van Troje se ondergang,

(b) 15b–22(= ant., ep.)

Die Grieke:

of van die Griekse skepe of helde soos Agamemnon, hul leier *nie*.

C Praeteritio II

(a) 23–26 (= str.)

Oorgang (Μοῖσαι teenoor μοι, 10):

net die *Muses* kan soiets vertel (in kontras met 'n blote sterfling, θνατός ... ἀνήρ):

(b) 27–39 (= ant., str.)

Die Grieke:

soos Menelaos en die ander Grieke soos Achilleus, Aias, Diomedes, [...],

(c) 40–45 (= ant., ep.)

Grieke en Trojane:

Zeuxippos en Troilos as die skoonste.

D Slot

46–48 (= ep.)

Enkomion

Polukrates se roem ~ die digter s'n.

Die geheel beweeg byna aaneen, met net enkele pouses (9, 15, 19?, 22?, 24?, 45, 46) en met *sunapheia* tussen strofe, antistrofe en epode. Die katalogustegniek van epos oorheers, met afwisselende verskuiwing van perspektief van Grieke na Trojane (*pendulum*-beweging). Gianotti 409 sien ringkomposisie aan die begin en einde — maar sonder die eerste deel van die gedig kan geen struktuur hierop gebou word nie.

4. INTERPRETASIE

Hierdie gedig het al wye verskil van mening oor veral die aard en doel daarvan ontlok. Aangesien finale uitsluitsel sonder die volledige gedig onmoontlik is, en die meningsverskille grotendeels van persoonlike voorkeure afhang, beperk ons ons hier tot die veiligste gegewens en die belangrikste wendinge in, of bydraes tot, die begrip van die gedig.

4.1 Daar word algemeen aanvaar dat die Polukrates van reël 47 die beroemde tiran van Samos was (Hunt, Wilamowitz, Fränkel, Snell, Campbell, Gerber, Sisti). Onlangs het West, *CQ* 20, 1970, 206–209 die ander moontlikhede verwerp, nl. 1. die seun van die tiran, self later tiran van Rhodos (Bowra, *GLP* 256–257); 2. die vader van die tiran (Barron, *CQ* 14, 1966, 210–229; *BICS* 16, 1969, 119–149; vgl. Simonini, *Acme* 32, 1979, 294 n.50); en 3. 'n andersins onbekende mooi seun wat Ibukos eroties geïnteresseer het (Maas).

Daar is etlike gegewens oor die milieu waarin die gedig ontstaan het: die

weelde en gesofistikeerdheid van die hof, met die kultivering van die skoonheid en die poësie (vgl. Athen. 12, 540c; Ael. *VH* 9,4; Bowra, *GLP* 373). Vir die uitsoekgehoor van die hof het die digters hul liederes geskep. Dié geleentheidspoësie sou die belangstellings, smaak en opvattinge van die hofgehoor weerspieël. Hierdie gedig van Ibukos bevat egter geen verwysings na die geleentheid of opvoering daarvan nie; ook ontbreek enige religieuse element wat in die koorlied normaal is. Dit is moontlik dat Ibukos self die gedig as 'n monodie voor die hofgehoor voorgedra het.

4.2 Die doel van die gedig word op drie maniere vertolk:

- (1) om die tiran te prys in ruil vir verblyf aan die hof, of om 'n erotiese belangstelling in hom te toon;
- (2) om 'n verandering van die soort poësie wat Ibukos in die verlede geskryf het, aan te toon;
- (3) om die mag van die poësie om dade en helde te verewig, te bevestig.

Wat die eerste beskouing betref, is daar besware:

- (a) Polukrates word vir sy 'skoonheid' geloof. As dit in erotiese verband is, moet Polukrates jonk wees — en wie is dan die tiran? sy vader? of is sy seun die beminde Polukrates? West het hierdie rekonstruksie verwerp.
- (b) Nie net sou die erotiese in hierdie heroïese *enkomion* onvanpas wees nie: ook die aanvaarding dat Ibukos *propria persona* 'n erotiese belangstelling in Polukrates hier tot uiting bring, berus op onsekere grond: die digter 'bieg' nie noodwendig eie, persoonlike gevoelens nie.
- (c) As Polukrates ongekwalfiseerd en vleierend geloof word, hoekom is dit net vir sy 'skoonheid'? Of beteken dit iets meer? Hierdie vertolking bied geen antwoord op sulke vrae nie.

Vgl. Wilamowitz, *Pindaros* 511–512; Fränkel, *EGP* 288–290; Campbell, *GLP* 306; teenoor Gianotti, *RFIC* 101, 1973, 407, en West, *CQ* 20, 1970, 206–209.

Die vertolking van die gedig as 'n aanduiding van *genre*-verandering word die beste deur Bowra bewoord: 'The rapid survey of epic themes is a kind of leave-taking by a poet who has decided to adopt another style. The crowded episodes of the tale of Troy are mentioned only to be dismissed, because Ibycus is through with them. He has now something else to sing of, the beauty and the glory of the young Polycrates' (*GLP* 252–253). M.a.w. Ibukos het die ou epiese *narratio* laat vaar, en die ou epiese temas met nuwes aan die hof van Polukrates vervang. In dié

opsig het Stesichoros 'n belangrike invloed op Ibukos uitgeoefen. Sisti, *QUCC* 4, 1967, 59–79 ondersteun hierdie interpretasie, maar Gianotti, *RFIC* 101, 1973, 410 n.1 bevraagteken enige subtiële toespeling van dié aard op Homeros en die epiese tradisie, en beklemtoon dat Ibukos die epiese tradisie nie kón ignoreer nie.

Dat die gedig die mag van die poësie besing, is eers voorgestel deur Maehler, en sedertdien uitgebou deur o.a. Gianotti, Simonini, Barron en Wellein. Volgens hierdie opvatting sê die digter dat hy Polukrates se glorie sal verewig net soos Homeros die helde by Troje verewig het.

Die styl of woordgebruik moet ontleed word om hierdie opvatting toe te lig. Page, Nöthiger en Sisti het die taal van Ibukos in hierdie gedig in besonderhede bespreek. Homeriese ontlenings is opvallend (vgl. bv. Campbell, *GLP* 308), maar daar is ook weerklanke van Hesiodos en Stesichoros, asook etlike dorismes. Hierdie Homeriese ontledings word negatief beoordeel deur verskeie geleerdes: 'spiritless and trivial' (Page 165); 'banal and conventional' (Fränkel 288); 'air of unconcern', 'reckless profusion' (van die adjektiewe) (Bowra 255; vgl. ook Sisti 64, 70, 74); 'inept and slovenly language', 'the clear parts of the poem are dull, the few interesting parts unclear' (Campbell 307; vgl. ook Harvey, *CQ* 7, 1957, 222–223).

Hierteenoor het Maehler, *Auffassung* 75–77 daarop gewys dat Ibukos nie bloot van Homeros leen nie: hy varieer, hy skep nuwe verbindings, nuwe *composita*. Woorde soos ξειναπάτας (10), χαλκάσπις (31) en χρυσεόστροφος (40) verskyn vir die eerste maal in oorgelewerde Grieks by Ibukos. Daarby vertoon Ibukos se styl eienskappe van die *laat*-argaïese poësie en denke: daar is minder antitese, die verbande is wyer, met ryker voortborduring, bv. in parafrase (reëls 5–6). Daar is 'n verlies aan epiese konkreetheid, maar 'n gewin aan ryker betekenis. Dit is die begin van die individuele digter wat binne die tradisie sy eie identiteit laat geld: 'sie zegt manieristische Elemente' (Maehler, *Auffassung* 74–75). Dubbelsinnigheid, ironie en virtuositeit kenteken hierdie styl. Gentili, *Maia* 17, 1965, 382 koppel dit aan die opkoms van die handelsmiddelklas vanaf ongeveer 650 v.C.

Die hoofelement van die epos waarteen Ibukos reageer is die *narratio*, ten minste in die vorm waarin dit in die epos voorkom. Die lang, volledige, geordende lys of katalogus van 'feite' wat alleen met die hulp van die Muses, dogters van Mnemosunê (Herinnering), deur die epiese digter weergegee kon word, word nou verkort deur die digter se eie individuele seleksie van gegewens, in 'n eie, nie-chronologiese orde

gerangskik om 'n *crescendo* van negatief tot positief in die gedig te skep (Gianotti, *RFIC* 101, 1973, 409–410), ongeag die 'waarheid' van die gegewens. Ibukos wys hy kan of wil nie soos Homeros dig nie; tog is hy wel bewus van sy eie digterskap (reël 48) en sy vernuftige hantering van tradisionele stof. Sy 'ek' dring in die epiese tradisie in (reëls 10, 15; Gianotti 406).

Maar die *narratio* is nie hier soos in die epos net om sigself nie, dit dien 'n doel: om Polukrates te vereer. Ibukos belowe Polukrates dieselfde onsterflikheid as die helde by Troje. Sulke onsterflikheid is alleen deur die poësie moontlik: so het Homeros bewys, en so gaan Ibukos ook nou doen. Die ewige roem van 'skoonheid' vir altyd (κάλλεος αἰέν/...κλέος ἄφθιτον, 46–47) is onmoontlik sonder die poësie (vgl. Gianotti 407): daarom moet Polukrates se roem as *afhanklik* van die digter s'n gesien word: d.w.s. ὥς κατ' αἰοιδᾶν καὶ ἑμὸν κλέος beteken 'in ooreenstemming met my lied en my roem'. Want waar en hoe sal Polukrates se roem anders as in die poësie vir *altyd* kan duur? (vgl. Bakch. 3,90–98; Pind. *O.* 1,111–116). Die digter is die tiran se gelyke (vgl. Snell, Gianotti), maar hy dra ook die vermoë om onsterflike roem te besorg: die epiese formules bewys die mag van die poësie (Barron, *BICS* 16, 1969, 119–149): Polukrates en die gehoor sou die weerklanke herken het en so Ibukos se geloofwaardigheid aanvaar het. Die Homeriese ontlenings gee die stempel van sanksie en egtheid aan dit wat Ibukos wil sê.

Nog een punt moet opgeklaar word: die betekenis van 'skoonheid'. Die roem van die helde in die *narratio* berus op hulle militêre ἀρετή. Maar die lys van helde bereik 'n klimaks met die mooiste Griek, Zeuxippos, en die mooiste Trojaan, Troilos. Vergelyking met Ibukos se ander verse, en met dié van Mimnermos en Anakreon (vgl. Simonini, *Acme* 32, 1979, 295–298), en ander gegewens oor die kultus van τὸ κάλλος op Samos, bevestig ook fisiese aantreklikheid as 'n ἀρετή van Polukrates. Maar dit is tog nie iets wat ewig duur nie (κάλλεος αἰέν/...κλέος ἄφθιτον); dít is nie wat Homeros deur sy poësie verewig het nie. κάλλος hier moet *al* die Griekse helde insluit, dié wat militêre sowel as dié wat fisiese ἀρετή gehad het. Die κάλλος wat Homeros aan hulle — en wat Ibukos aan Polukrates — bestee is 'n onsterflike glans, wat egter in die antieke Griek se denke net so konkreet as die fisiese blyk te gewees het (vgl. Jaeger, *Paideia* 416 n.4).

LITERATUUR

- Barron, *CR* 11 (1961) 185–187.
 Barron, *CQ* 14 (1964) 210 e.v.
 Barron, *BICS* 16 (1969) 119–149.

- Bowra, *GLP* 247–257, veral 250–257.
 Campbell, *GLP* 306–310.
 Dodds 5.
 Fränkel, *EGP* 287–290.
 Gentili, *Maia* 17 (1965) 382.
 Gentili, *QUCC* 4 (1967) 177–181.
 Gerber, *Euterpe* 207–213.
 Gianotti, *RFTC* 101 (1973) 401–410.
 Harvey, *CQ* 7 (1957) 222–223.
 Jaeger, *Paideia* 416.
 Lesky 183–184.
 Maehler, *Auffassung* 75–77.
 Nöthiger, *Sprache* 162–187.
 Page, *Aegyptus* 31 (1951) 158–172.
 Peron, *RPh* 56 (1982) 33–56.
 Robertson, *BICS* 17 (1970) 11–15.
 Simonini, *Acme* 32 (1979) 285–298.
 Sisti, *QUCC* 2 (1966) 91 e.v.
 Sisti, *QUCC* 4 (1967) 59–79.
 Snell, *Poetry and Society* 54–55.
 Wellein, *CB* 36 (1959–60) 40–41.
 West, *Philologus* 110 (1966) 152–153.
 West, *CQ* 20 (1970) 206–209.
 West, *CQ* 25 (1975) 307.
 Wilamowitz, *Pindaros* 508–513.

(WJH)

(b) Fr.5P (6D, 1E)

Teisterende liefde

Ἥρι μὲν αἶ τε Κυδώνιαι
 μηλίδες ἀρδόμεναι ῥοᾶν¹
 ἐκ ποταμῶν, ἵνα Παρθένων
 κῆπος ἀκήρατος, αἶ τ' οἶνανθίδες²
 αὐξόμεναι σκιεροῖσιν ὑφ' ἔρνεσιν
 οἶναρέοις θαλέθοισιν· ἐμοὶ δ' Ἕρος
 οὐδεμίαν κατάκοιτος³ ὦραν.

5

1. Musurus: ῥοᾶν Athen. codd.: ῥοαί τ(ε) Wilamowitz
 2. Musurus: οἶνανθίδος Athen. codd.
 3. Musurus: κατάκητος Athen. codd.

ἀλλ' ἄθ'⁴ ὑπὸ στεροπᾶς φλέγων
 Θρηϊκιος⁵ Βορέας αἰσ-
 σων παρὰ Κύπριδος ἀζαλέαις μανί-
 αῖσιν ἐρεμνὸς⁶ ἀθαμβήης⁷
 ἐγκρατέως⁸ πεδόθεν⁹ φυλάσσει¹⁰
 ἡμετέρας φρένας.

10

BRON

Athenaios 13,601b–c.

1. VERSMAAT

Alhoewel onsekerheid bestaan oor die presiese kolometrie en strofiese struktuur van die reëls, blyk die basiese daktiliese ritme duidelik uit die metriese skema:

reëls	1–3	— — — — — — — —	'ibukeïes'
	4–6	— — — — — — — — — —	daktiliese tetrameter, 'alkmanies'
	7	— — — — — — — — — —	alkaïese dekasillabe, of daktiliese <i>clausula</i>
	8	— — — — — — — —	'ibukeïes'
	9	— — — — — — — — — —	'ibukeïes'
		— — — — — — — — — —	daktiliese tetrameter, 'alkmanies'
		— — — — — — — —	'vroulike' hemiepes
	10	— — — — — — — — — —	alkaïese dekasillabe, of daktiliese <i>clausula</i>
	11	— — — — — — — — — —	?

(Vgl. Perrotta-Gentili 299; Campbell, *GLP* 310; Gerber, *Euterge* 213–214. Oor die probleem van die strofiese responsie tussen reëls 1–7 en 8 e.v., sien Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 122 n.1; West, *Philologus* 101, 1966, 153; *CQ* 25, 1975, 307).

4. Mehlhorn: τε Athen. codd.: ἄτ' Jacobs: ἄθ' Hermann: ὥς τις (ἄτε τις) Daléchamp: ὥστε Fiorillo: ὡσθ' Boissonade: ὥστε δ' Schneidewin: ἡύθ' (οἰά θ') alii

5. Ursinus: Θρηϊκιος (-ίους) Athen. codd.

6. Athen. codd.: ἐρως ἔμ' Fiorillo: ἐρεμνὰς Jacobs Boissonade: ἐρεμνὸς Hermann

7. Schweighaeuser: ἀθάμβησεν Athen. codd.: ἐθάμβησε Stephanus: ἀθάμβησε Dindorf: ἐθάμβησεν Mehlhorn: ἀθαμβείησι Hermann: ἀθαμβείησι Schneidewin: ἀθαμβοσύνησι Müller: ἀταρβής Schneidewin

8. Hermann: κραταιῶς (-αιὸς) Athen. codd.

9. Naeke: παιδ' ὄθεν Athen. codd.: παιδόθεν Musurus: παίθεν Schulze: παῖς ὄθεν Mehlhorn: πάντοθεν Giangrande

10. Athen. codd.: φλάσεν Hermann: ἐφλάσεν Bergk: τινάσσει Naeke: σαλάσσει Müller: χαράσσει Schneidewin: αἰθύσσει Mehlhorn: λαφύσσει West

2. KOMMENTAAR

- 1 ἤρι: = ἔαρι, dat. van tyd wanneer; ἤρι μὲν (en wat volg) staan in kontras met ἐμοὶ δ', 6 (en wat daarop volg). Sien by Interpretasie.
μὲν: beantwoord deur δέ (reël 6).
- 1–2 Κυδώνιαι/μηλίδες: 'Kudoniese appels', d.w.s. 'kwepers', omdat hulle van Kudonia op Kreta ingevoer is (Plin. *Nat. Hist.* 15,10). Die appel (en verwante vrugte) was heilig aan Aphrodite, is as liefdes-simbool by o.a. huwelike gegooi of geskenk, en figureer in fabel en mite in erotiese kontekste, en so ook in die liefdespoësie. Vgl. Trumpf, *Hermes* 88, 1960, 14–22; Bowra, *GLP* 260–261; Gerber, *Euterpe* 148–149; Littlewood, *HSCP* 72, 1968, 155–156.
ἀρδόμεναι: pass.: 'wat bevogtig word', of 'van water voorsien word', of (aktief vertaal) 'wat drink'.
ῥοᾶν: Dories vir ῥοῶν, deelsgenitief by ἀρδω.
- 3 ἵνα: 'waar' (lokatief), met ἔστιν veronderstel.
Παρθένων: waarskynlik die Nimfe.
- 4 κῆπος ἀκήρατος: 'ongerepte tuin' van die Nimfe; vgl. Eur. *Hipp.* 73–78 (ἀκηράτου/λειμῶνος, 73–74; ἀκήρατον/...λειμῶν, 76–77). Die verwy-sing word vertolk as 1. 'n werklike en spesifieke *temenos* of heiligdom, verbode terrein vir gewone mense of vir diere (Perrotta-Gentili 300), of 2. as die beboude natuur ('countryside, with its orchards and vineyards', Campbell, *GLP* 310; vgl. 'any lovely area of the countryside', Gerber, *Euterpe* 214 — dalk te vaag. Vgl. verder by die Interpretasie.
οἶνανθίδες: hierdie verkleinwoordvorm van οἶνάνθη kom net hier in oorgelewerde Grieks voor.
- 5–6 αὐξόμεναι...θαλέθοισιν: 'en die druiwebloeisels onder die skadury-ke wingerdlote groei en swel'.
6 θαλέθοισιν: Aiologies vir θαλέθουσιν, van θαλέθω, poëties vir θάλλω.
Ἔρος: (= Ἔρως). Sommiges (bv. Page) verkies ἔρος.
- 7 οὐδεμίαν...ῶραν: akk. van tydsduur.
κατάκοιτος: sc. ἐστί. Die woord verskyn net hier: 'is te ruste', '(gaan) slaap'.
- 8 ὑπὸ στεροπᾶς φλέγων: assosiatief, 'flitsend (vlammend) met weerlig-strale'; ὑπὸ dui op die gesamentlike verskyning van die Noorde-

wind en die weerlig (vgl. Hom. *Il.* 13,795–796: ἀέλλη...ὕπὸ βροντῆς; LSJ s.v. ὑπό A II 4) eerder as op die agent: ‘deur...’. Kamerbeek-Verdenius vertaal: ‘onder die invloed van’.

- 9 Θρηϊκίος Βορέας: die Noordewind uit Thrakië (vgl. bv. ook Hes. *Op.* 553; Turt. fr.9,4D; Aisch. *A.* 192, 654, 1418.

άίσσων: met ᾱ- soos in die liriek en tragedie, eerder as ā- soos in Homeros.

παρὰ Κύπριδος: ‘van Aphrodite se woning’.

ἄζαλέαις: hier akt., ‘skroeïend’.

μανίασιν: dat. van wyse by άίσσω ἐν die ww. φυλάσσει. Die meerv. dui op die herhaalde aanslae van die wind en Eros.

ἐρεμνός: die kleur van die donderwolke word op die wind oorgeplaas (so ook by Hom. *Il.* 12,375 en 20,15: ἐρεμνῇ λαίλαπι), en suggereer bedreiging. Let op die *asundeton* met ἄθαμβῆς. Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 124 het gemeen dat ἐρεμνός net op die wind van toepassing is, en nie op Eros nie, terwyl άίσσων en ἄθαμβῆς by albei pas. Ander het die teks probeer verbeter, maar ἐρεμνός dra, soos Degani-Burzacchini 308 dit stel, Ibukos se siening van Eros se wese as dreigend en geheimsinnig.

ἄθαμβῆς: ‘onbeskaamd’, ‘sonder skroom’. Die verskeie emendasies probeer soos die oorgelewerde teks van Athenaios ‘n werkwoord behou (Stephanus, Dindorf, Mehlhorn), of soek ‘n s.nw. (Hermann se ἄθαμβείησι by ἐρυμνός, ‘met vertroue verskans’, of Schneidewin se ἄθαμβείησι by κραταιός, ‘sterk in vertroue’, of Müller se ἄθαμβοσύνησι, ‘met vreesloosheid’). ‘n Werkwoord sou die *asundeton* ἐρεμνός ἄθαμβῆς vermy, maar ‘n ander met φυλάσσει skep, en tegelykertyd die crescendo vanaf reël 8 (φλέγων...άίσσων, twee participia — ἄζαλέαις μανίασιν, twee datiewe van wyse — ἐρεμνός ἄθαμβῆς, twee adjektiewe — ἐγκρατέως πεδόθεν, twee bywoorde — φυλάσσει, werkwoord) met ‘n volledige werkwoord onderbreek. Die pogings om ‘n tweede datief voor te stel, sal die krag van die twee asindetiese adjektiewe versteur. Die voorstel van Schweighauser is wel seldsaam, maar dit verskyn wel in die liriek by Bakch. 15,58–59: ἄθαμβῆς/ῥβρις, in die sin van ἀναιδής, terwyl die ander voorstelle onbevestig is.

- 10 πεδόθεν: ‘tot in my voete’, eintlik ‘van my voete af op’, Perrotta-Gentili 301, wat φυλάσσει behou, vertolk die woord soos ἔμπεδον, ‘tot in die wortels’, d.w.s. ‘stewig’, om Eros se onbeweeglike greep

te suggereer (vgl. Hom. *Od.* 13,295: οἱ τοι πεδόθεν φίλοι εἰσίν). Vgl. ook Gentili, *QUCC* 4, 1967, 177–181; Fränkel, *Wege und Formen* 47 n.2. Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 122 n.1 wou (met Schulze) παῖθεν (vgl. παιδόθεν, Musurus), ‘van seunstyd af’ lees. Degani-Burzacchini 308 verwerp hierdie vertolking op semantiese (die digter sou tog nie as seun onder Eros se invloed gewees het nie) én metriese gronde.

φυλάσσει: die manuskripleasing gee moeilike sin: ‘Boreas (= Eros) snel vanaf Aphrodite en bewaak (d.w.s. neem besit van) my (hou my gevange)’, ‘n uitbreiding van reël 7. Hierdie interpretasie word verdedig deur Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 122–124; Gentili, *QUCC* 4, 167, 177–181; en Giangrande, *RhM* 114, 1971, 106–108. Die vraag kan egter gestel word of die kragtige beweging in die wind-metafoor by die statiese ‘veilig hou’, ‘onbeweeglik (πεδόθεν) gevange hou’ pas; vgl. West, *CQ* 25, 1975, 307. Ander voorstelle het voor- én nadele: Hermann se φλάσεν (gnomiese aor. van φλάω, ‘verbrysel’) gee wel nog ‘n daktiel, maar versteur ewewel ‘n moontlike metriese korrespondensie met reël 7; Naeke se meer aanvaarde τινάσσει, ‘skud’ (vgl. Bowra, *GLP* 260 n.1; Campbell, *GLP* 311; Gerber, *Euterpe* 215–216), is ‘n moontlike emendasie, en geniet die sterk getuienis van Hes. *Theog.* 680: πεδόθεν δ’ ἐτινάσσετο μακρὸς Ὀλύμπος, en Sappho fr.47D: Ἔρος δ’ ἐτίναξέ μοι/φρένας, ὥς ἄνεμος ...; terwyl West se λαφύσσει, ‘verslind’, in *Philologus* 110, 1966, 153 paleografies moontlik is (transposisie) en die voordeel van die *difficilior lectio* geniet, maar as metafoor vir die verterende mag van vuur seldsaam is en eers laat in Grieks voorkom (Paulus Silentiarius in die *AP* 5,238); elders word die woord gebruik van die verorbering deur diere: Hom. *Il.* 11,176 (die leeu), Luc. *Asin.* 27 (honde), Quintus Smyrnaeus 10,316 (wilde diere, arende), Aelianus, *NA* 4,45 (bere).

3. STRUKTUUR

Alhoewel die presiese kolometrie en moontlike strofiese indeling problematies is, is die twee fases van die gedagtegang duidelik:

- A 1–6a : Die reëlmatige, seisoengebonde koms van die lente in die ongerepte, rustige tuin van die nimfe
- B 6b–13: Die onreëlmatige, ontydige, gewelddadige invloed van Boreas = Eros.

Hierdientwee dele staan dus in sterk kontras tot mekaar met ἐμοὶ δ’ (6) as die wentelpunt.

Trumpf, *Hermes* 88, 1960, 15 maak die belangrike stelling dat vir ons wat die teks lees, die antitese eers in reël 6 verskyn, terwyl vir 'n gehoor wat die digter sien, 'n onmiddellike, sigbare antitese van die begin af duidelik is.

4. INTERPRETASIE

4.1 Die fragment handel waarskynlik oor homoseksuele liefde (vgl.

Fränkel, *EGP* 283; Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 122–123 n.2), met 'n intensiteit van persoonlike uiting wat verrassend is. Daarby is dit in ander opsigte uniek: die argaïese denkstruktuur met sy parataktiese en assosiatiewe verbindings, en sy direktheid is vervang met 'n nuwe uiting wat gekenmerk word deur 'n organiese eenheid van struktuur, 'n ineenstrengeling van beeld en gedagte in 'n voorafbeplande geheel. In plaas van 'n lineêre, progressiewe gedagte-ontplooiing wat ná 'n reeks gedagtes of beelde met ringkomposisie afgerond word, kry ons nou 'n veelvlakkige, 'statiese' uitdrukking wat in die sentrale beelding opgesluit lê. (Vgl. Fränkel, *EGP* 285–286; Perrotta-Gentili 297–298).

4.2 Die basiese beeldkompleks kan soos volg geparafraseer word: In die ongerepte tuin van die Nimfe word die natuurprosesse deur die seisoen bepaal: byvoorbeeld net in die lente, na die riviere gesmelt het en weer vloei, ontwaak die plantegroei welig en vrugbaar. Maar die liefde kom op die digter soos die Noordewind — sonder vaste seisoen, onverwags, dreigend, snel, vernietigend. (Vgl. Bowra, *GLP* 260; West, *Philologus* 110, 1966, 153; hy skei egter wind en vuur (weerlig), en parafraseer om sy voorgestelde *λαφύσσει* te ondersteun). Daarbenewens is daar assosiasies wat antitetes teenoor mekaar gestel word: die tuin is ongerep, onskuldig, ordelik, 'n toevlug, 'n plek van skepping, genot, koelte en lewegewende water en vrugte; die Noordewind (= Eros) is vlammend, skroeiend, donker, geweldig en waaksaam (as *φυλάσσει* korrek is).

Oor die tuin se presiese aard heers verskil van mening. Is dit 'n werklike en spesifieke *temenos* op Samos (Perrotta-Gentili 300), of die algemene landskap daar (Campbell, *GLP* 310; Gerber, *Euterpe* 214) — die beskrywing is realisties genoeg, — of is dit 'n suiwer mitologiese tuin, soos die tuin van die Hesperides met sy goue appels (Bowra, *GLP* 261–262)? Ons kan sekerlik konstateer dat die tuin nie suiwer fantasie, 'n versinsel van die digter se verbeelding is nie. Vir die Griek was dit 'n werklike tuin: selfs die tuin van die Hesperides was lokaliseerbaar (Trumpf, *Hermes* 88, 1960, 19–20). Die tuin met sy vrugte (veral die appel) en vrugbaarheid was reeds voor Ibukos en ook buite Griekeland 'n simbool van seksuele

ontwaking en kontak. Die besonderhede of bestanddele van so 'n tuin is gewortel in werklike gebruike en idilliese of heilige tuine, wat in die mitologiseringsproses tot universele, maar nooit abstrakte of ideële, simboliek groei nie. Salig, gelukkig, beskut en afgesonder in hierdie tuin, het jongmense (veral meisies, Παρθένων) met dans, lied en spel die ontwakende liefde ervaar in die lente van hul lewe (vgl. Trumpf, *Hermes* 88, 1960, 15 e.v.; Bowra, *GLP* 261–262; Fränkel, *EGP* 284–285; Gerber, *Euterpe* 214–215). Kwepers, appels en granate is na mekaar gegooi of aan mekaar geskenk, en aanvaarding daarvan het aanvaarding van die verhouding gesimboliseer. Dié vrugte en die tuin word dus liefdessimbole, maar vir jongmense.

Vir die digter — reeds bejaard — is die liefdeservaring heeltemal anders. Die Noordewind simboliseer vir hom sy siening en ervaring van Eros: stormagtig, onvermoeid (οὐδεμίαν... ὥραν, 7), snel (αἰσίων, 9), versengend-manies (ἄζαλέαις μανίαισιν, 9), immer op wag (φυλάσσει, 10), sonder skroom (ἄθαμβής, 9), onheilspellend donker (ἐρεμνός, 9), gewelddadig (ἐγκρατέως, 10). Vir ander digters was die liefde ook soos waansin, of soos die wind of soos vuur (vgl. Sappho fr.36; 38; 47; 31,9 e.v. L–P; Alkman fr.121P). Hier word die gedagtes saamgesmelt in die een beeld: φλέγων... Βορέας... ἄζαλέαις μανίαισιν. Nog meer: Ibukos sien Eros as 'n natuurkrag, iets elementeels, sowel in die beeld van die lentetuin met sy natuurlike prosesse as in die beeld van die Noordewind as natuurver-skynsel. So gesien, is sy Eros heel anders as die ondeunde knapie wat in Anakreon se liefdespoësie figureer (vgl. Perrotta-Gentili 301).

4.3 Die gedigte van Ibukos is voor die hofgehoor van Samos as koorliedere opgevoer. Hiermee ontstaan vir ons 'n probleem wat met ons min gegewens onoplosbaar bly. Vir ons skep 'n gedig soos hierdie die effek van die uiting van intens persoonlike gevoelens oor die liefde. Naas die liriese 'ek' wat so sterk in reël 6 na vore kom, en die persoonlike ervaring wat uitgedruk word, is daar die hele beelding of simboliek wat 'n private, eie segging dra. Hoe is hierdie persoonlike element deur 'n koor van sanger-dansers oorgedra? In die koorlied was die digterlike *persona* nie noodwendig die digter self nie: hy het eerder as verteenwoordiger van die gemeenskap gepraat; sy 'ek' was 'n gemeenskaplike 'ek'. By Ibukos is dit anders. Dit is moontlik dat hy die gedigte self voor 'n beperkte groep voorgedra het (bv. 'n *thiasos* van ἐρώμενοι; vgl. Fränkel, *EGP* 284 n.11; Perrotta-Gentili 288–289, 302; Degani-Burzacchini 304).

Ook die funksie van die gedig is hieraan gekoppel. In 'n breër hof-milieu sou 'n enkomiastiese doel (soos in Ibukos se eerste gedig) aangewese

wees. 'n Liefdesgedig soos hierdie, waarin geen enkomiasiese elemente teenwoordig is nie, sou by 'n *sumposion* 'n vermaaklikheidsfunksie vervul het, maar voor 'n *thiasos* van ἐρώμενοι sou 'n didaktiese element kon bykom, alhoewel sekerlik nie in die mate wat ons by Sappho teëkom nie (vgl. Treu, *Von Homer* 286).

Sover ons met die getuienis tot ons beskikking kan oordeel, lyk dit of Ibukos die tradisionele koorliriese vorm, waarmee hy in Suid-Italië in aanraking gekom het, veral in die werk van Stesichoros, met die meer persoonlike monodiese liriek van o.a. Lesbos tot iets nuuts in die genre saamgesmelt het.

LITERATUUR

- Bowra, *GLP* 259–263.
Campbell, *GLP* 310–311.
Degani-Burzacchini 303–309.
Fränkel, *EGP* 284–286.
Fränkel, *Wege und Formen* 43 e.v.
Gentili, *QUCC* 4 (1967) 177–181.
Gerber, *Euterpe* 213–216.
Giangrande, *RhM* 114 (1971) 106–108.
Kamerbeek-Verdenius 80–81.
Littlewood, *HSCP* 72 (1968) 155–156.
Merkelbach, *Philologus* 101 (1957) 25 e.v.
Perrotta-Gentili 297–302.
Trumpf, *Hermes* 88 (1960) 14–22.
West, *Philologus* 110 (1966) 153.
West, *CQ* 25 (1975) 307.
Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 122–124.

(WJH)

(c) Fr.6P (7D, 2E)

Onweerstaanbare liefde

Ἔρος ¹ αὐτέ με κυανέοισιν ὑπὸ	
βλεφάροις ² τακέρ ³ ὄμμασι δερκόμενος	1
κηλήμασι παντοδαποῖς ἐς ⁴ ἄπει-	
ρ(ον)α ⁵ δίκτυα Κύπριδος ⁶ ἔς)βάλλει. ⁷	2
ἧ μὲν τρομέω νιν ⁸ ἐπερχόμενον, ⁹	
ὥστε ¹⁰ φερέζυγος ἵππος ἀεθλοφόρος ποτὶ γῆρα ¹¹	4
ἀέκων ¹² σὺν ὄχεσφι ¹³ θοοῖς ¹⁴ ἐς ⁴ ἄμιλ-	
λαν ἔβα. ¹⁵	5

BRONNE

Schol. p.49 Greene in Plat. *Parm.* 137a en Proklos ad Plat. *Parm.* 5, p.316 Cousin.

1. VERSMAAT

Alhoewel die reëls maklik skandeer, heers daar meningsverskil oor die kolometrie, die indeling van die metra en die reëls. As 'n mens 'n anapestiese ritme as basis aanvaar (Gentili, *QUCC* 2,1966,124–127; Perrotta-Gentili 302; Degani-Burzacchini 309), sien die versskema soos volg daaruit:

reëls 1–2: $\underline{\text{uu}}-\text{uu}- \mid \text{uu}-\text{uu}- \mid$	anapestiese tetrameters
$\text{uu}-\text{uu}- \mid \text{uu}-\underline{\text{uu}}- \mid$	(dipodies gemeet)
3: $- -\text{uu}- \mid \text{uu}-\text{uu}- \mid$	anapestiese dimeter

1. schol. Plat. cod. Darmst.: ἔρος ceteri

2. schol. Plat. Procl. codd.: βλεφάρων Page

3. nonnulli: τακερὰ schol. Plat. Procl. codd.: τακεροῖς Siebenkees

4. nonnulli: εἰς schol. Plat. Procl. codd.

5. Schneidewin Hecker: ἄπειρα schol. Plat. Procl. codd.

6. schol. Plat. Procl. codd.: Κύπριδι Schoemann: Κύπριδος με Bergk

7. Page: βάλλει schol. Plat. Procl. codd.: εἰσβάλλει Clemm: βάλεν Hermann: εἰσέβαλεν

Dissen Schneidewin (postea βάλλησιν): βαλεῖ (βαλέει) Edmonds

8. Koen: τρομέων ἴν' schol. Plat.: τρομέω om. νιν Procl. codd.

9. schol. Plat.: ἐπερχόμενος Procl. codd.

10. schol. Plat.: ὥς τις Procl. codd.

11. schol. Plat. Procl. codd.: ποτὶ γῆρας Page

12. Siebenkees: ἀσκήων schol. Plat. Procl. codd.

13. Procl. codd.: σὺν συνόχεσι schol. Plat.: ὄχεσι Ursinus

14. schol. Plat. cod. Darmst.: θοοῖσι ceteri: θεοῖς Procl. codd.

15. ceteri: ἔβαν schol. cod. W. Procl. cod. B

4: — ∪ ∪ — ∪ ∪ — ∪ ∪ — ∪ ∪ — ∪ ∪ — —	daktiliese heksameter
5: ∪ ∪ — ∪ ∪ — ∪ ∪ — ∪ ∪ — ∪ ∪ — [	anapestiese tetrameter?

Ander beskou die basis as daktilies, met —, ∪ ∪ of ∪ as opening ('stygende daktiele'; vgl. Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 125 n.1; Snell, *Griech. Metrik* 18) — wat egter weer 'n ander kolometrie gee; Campbell, *GLP* 311; Gerber, *Euterpe* 216. Dit is onmoontlik om die strofiese bou te herwin.

2. KOMMENTAAR

- 1 Ἔρως: die epiese en liriese gebruik, sowel as die metrum, vereis Ἔρως in plaas van die oorgelewerde Ἐρως.

αὖτε: 'al weer'; die woord dui waarskynlik die aanvang van die gedig aan (soos in Alk. fr.59,1P: Ἐρως με δηῖτε ...; Sappho fr.130,1L-P: Ἐρως δηῖτέ μ' ...; vgl. ook Anakr. fr.4P: οὗτος δηῖτ' ...), en suggereer die digter se lyding onder die herhaalde of volgehoue aanslae van Eros (vgl. Sappho fr.22,11L-P; Anakr. fr.13; 31; 55; 68 en 83P; en Campbell, *GLP* 266 en Gerber, *Euterpe* 164–165 by Sappho fr.1,15).

κυανέοισιν ὑπὸ/βλεφάροις: 'van onder donker broue'. Die adjektief word van Zeus se wenkbroue (Hom. *Il.* 1,528) en van Odusseus se baard (*Od.* 16,176) gebruik, maar verwys hier na die wenkbroue van 'n volwasse man (Fränkel, *EGP* 284, 34 n.24; Perrotta-Gentili 303–304), en wel dié van die geliefde persoon; Eros se blik is tegelyk dié van die ἐρώμενος (Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 125). Tegelykertyd is die donker broue 'n heenwysing op die donker mag van die liefde (Fränkel, *EGP* 284; en vgl. ἐρεμνός in die vorige gedig). Hesiodos, *Scut.* 7 gebruik die frase βλεφάρων ... κυανεάων van die donker oë van Alkmena, en gee 'n dergelike beskrywing van die Charites: ἀπὸ βλεφάρων ... δερκομενάων ... ὑπ' ὀφρύσι δερκίζονται (*Theog.* 910–911); vgl. ook Alkman se ἰανογλεφάρων (fr.1,69P).

τακέρ': = τακερά, adverbiaal: 'smeltend', 'vertederend'. Eros is τακερός in Anakr. fr.114P, terwyl Aphrodite se blik τακερόν is in Philetairos 231. Smyth, *GMP* 275 vestig die aandag op vierde eeuse beelde van Aphrodite. 'n Voorbeeld van so 'n vertederende Aphrodite is die sogenaamde Aphrodite van Arles, 'n Romeinse kopie wat aan Praxiteles van ongeveer die derde kwart van die 4de eeu

toegeskryf word; afbeelding in Gisela Richter, *A Handbook of Greek Art* (Londen 1967⁵) 131; vgl. ook die Hermes van Praxiteles (133).

δερχόμενος: δέρεσθαι met ὄμμασι ('kyk na', 'staar na') word dikwels met 'n neutr. akk. gebruik: vgl. bv. Hom. *Il.* 3,342; 22,95 (δεινόν, σμερδαλέον); vgl. ook Anakr. fr.72,1D: ὄμμασι βλέπουσα.

- 2 κηλήμασι παντοδαποῖς: 'met sy veelsydige towerkunsies', 'n beklemtoning van Eros se magiese mag; vgl. Eur. *Tr.* 893 waar dit van Helena se betowering gebruik word.

Die manuskripte gee 'n metries onaanvaarbare lesing: εἰς ἄπειρᾶ δίκτυᾶ Κύπριδός βάλλει. Verskeie korreksies is voorgestel: ἔς ἄπειρᾶ δίκτυᾶ Κύπριδός με βάλλει (Bergk: paleografies en metries steeds problematies); ἔς ἄπειρᾶ/δίκτυᾶ Κύπριδι βάλλει (Schoeman, Diehl: paleografies en sintakties onoortuigend); ἔς ἄπει-/ρᾶ δίκτυᾶ Κύπριδός ἐσβάλλει (Wilamowitz en ander; Page se ἐσβάλλει restoueer 'n lettergreep, -ἐσ-, wat a.g.v. haplografie by -οσ- kon uitgeval het); en ἔς ἄπει-/ρῶνᾶ δίκτυᾶ Κύπριδός ἐσβάλλει (Schneidewin, Gentili en ander, wat 'n anapestiese ritme voorstaan).

ἀπεί-/ρ(ο)να δίκτυα: 'die oneindige (en dus onontkombare) nette' van Aphrodite; vgl. Hom. *Od.* 8,340: δεσμοί ... ἀπείρονες en Aisch. A. 1382: ἄπειρον ἀμφίβληστρον (met Fraenkel se nota). Die metafoor van die jagnette van die liefde (Aphrodite en Eros) verskyn ook in Eur. *Hipp.* 1268 e.v.; vgl. ook die slinksheid van Aphrodite in Sappho fr.1,1.

⟨ἐσ⟩βάλλει: veronderstel με. Daar is 'n mate van geweld in die werkwoord.

- 3 ἡ μάν: = ἡ μήν, 'sowaar', soos veral gebruik in die sweer van 'n eed (sien Denniston 350); vgl. Sappho fr.31,5.

τρομέω: = τρέμω.

νιν: akk. by τρομέω: 'ek sidder vir (oor) hom' (d.w.s. Eros).

- 4 ὥστε: = ὥς. Die ὥς τις in Proklos pas nie in die metrum in nie.

φερέζυγος: 'jukdraend', elders net in Alk. fr.249,3L-P: νᾶ φ[ε]ρ-έσδυγον, maar met 'n ander betekenis ('met roeibanke'). Hier is die betekenis 'gejuk (aan die renwa)'.

ἀεθλοφόρος: vgl. Hom. *Il.* 22,22: σευάμενος ὥς θ' ἵππος ἀεθλοφόρος

σὺν ὄχεσφιν, en Alkm. fr.1,47–48P: ἵππον/ ... ἀεθλοφόρον. Ibukos se perd-metafoor was beroemd in antieke tye (vgl. Plato, *Parm.* 137a) en digters ná Ibukos (o.a. Soph. *Elek.* 25–28; Eur. *Her.* 119–123; Hor. *Epi.* 1,1,8–9; Tib. 1,4, 31–32).

ποτὶ γήρᾳ: 'na aan oud', 'wat oud word'; ποτί is Dories vir πρὸς. Let op die galopritme van dié reël.

5 ἀέκων: epies-Ionies vir ἄκων, 'steeks', 'onwillig', 'teësinig'.

ὄχεσφι: epiese datief mv. van ὄχος; vgl. Hom. *Il.* 4,297: σὺν ἵπποισιν καὶ ὄχεσφι. Die suffiks -φι het vroeër lokatiewe, ablatiewe of instrumentale funksie gehad; vgl. LSJ s.v. -φι.

ἔβα: 'n gnomiese aoristus wat, soos in die vergelyking van Homeros, 'n lewendigheid skep; vgl. Hom. *Il.* 13,389: ἤριπε δ' ὥς ὅτε τις δρῦς ἤριπεν.

3. STRUKTUUR

Soos ons dit besit, vertoon die fragment se gedagtegang twee fases, die eerste waarin Eros as agent optree (Ἔρος ... με ... ἐσβάλλει, 1–2), die tweede waarin die digter as agent optree (τρομέω νιν, 3), en homself met 'n ou renperd vergelyk (ὥστε ... ἔβα, 4–5). Dit sou soos volg geskematiseer kon word:

A 1–2: Eros se werking

- a. deur middel van oë (1)
- b. deur middel van strikke (2)

B 3–5: Die digter se reaksie:

- a. vrees (3)
- b. toetrede tot die wedloop soos 'n ou renperd (4–5).

Daar is 'n parallelisme met chiasiese variasie in die strukturering te bespeur: Ἔρος με...δερχόμενος (2)...ἐς...δίκτυα...ἐσβάλλει (2) teenoor τρομέω νιν ἐπερχόμενον (3), ὥστε...ἵππος...ἐς ἄμιλλαν ἔβα (4–5).

4. INTERPRETASIE

Hierdie gedig is soos die vorige 'n eie, persoonlike uitdrukking van die ervaring van Aphrodite en Eros se mag oor die mens. Weer is die koorliriese vorm (ten spyte van Lattimore se betoog; vgl. Kirkwood 10,198–199, 212 n.19, 281 n.1) vir 'n individuele siening ontgin.

Die beelding in hierdie paar reëls is dig en treffend. Die mag van die liefde is so onverbiddelik soos in die vorige gedig, en weer is dit die

oudwordende digter wat die krag daarvan ervaar. Eros betower die digter met aanloklike en listige oë, en jaag of lok die slagoffer in sy moeder se nette. Die basiese gedagte van dwang en onontkombaarheid word verder opgeneem in die vergelyking van die digter met 'n oudwordende renperd. In hierdie opsig het Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 125–126, onnodige besware geopper, nl. dat Eros gesien word as Aphrodite se ἀρκυωρός, 'netwagter', terwyl δίχτυα voëlnette eerder as haasnette sou suggereer (maar δίχτυα is jagnette, wat groter is as ἄρκυες; sien LSJ); dat die perd-vergelyking nie met die jagmetafoor pas nie; en dat in die perd-vergelyking φερέζυγος en σὺν ὄχεσφι θοοῖς toutologies is. Bowra, *GLP* 263 sien ook die 'ongerymdhede', maar wys op die basiese skakeling van die beelde en op Ibukos se siening van Eros en Aphrodite in menslike vorm. Eros, in die gedaante van die ἐρώμενος, werp sy blik op die digter, en dryf of lok hom in die net van Aphrodite. Teen hierdie blik en hierdie net het die mens geen weerstand nie. Eros is onverbiddelik, magies, misterieus.

Met die perd-beeld verskuif die fokus na die digter as slagoffer van Eros. Hy is soos 'n kampioen-renperd wat oud word en teësinnig is vir die stryd in die wawedren. Maar hy kan nie weier nie: hy *moet* deelneem, al is hy nie meer jonk nie. In φερέζυγος is daar die gedagte dat hy swaar aan die juk dra; in ἀεθλοφόρος blyk heimwee en trots oor sy prestasies toe hy nog jonk was; en in θοοῖς steek daar ironie, want hy kan nie meer so vinnig hardloop nie. Dis allermins toutologiese segging; eerder 'n uitnodiging (vgl. φερε- en -φορε-, -ζυγε- en ἀεθλο-, ποτὶ γήρα/ἄεκων en θοοῖς) om elke woord te weeg.

Alhoewel die liefdesblik reeds by Alkman voorkom (λυσιμελεῖ τε πόσῳ, τακερώτερα/δ' ὕπνω καὶ θανάτῳ ποτιδέσκεται, fr.3,3, 61–62P: 'en met begeerte wat die ledemate verslap, en meer smeltend as slaap en dood aankyk'; vgl. Perrotta-Gentili 304), is Ibukos se siening van Eros, en veral die klem op Eros se effek op hom, persoonlik, uniek. Vgl. Treu, *Von Homer* 285.

LITERATUUR

- Bowra, *GLP* 253–264.
 Campbell, *GLP* 311–312.
 Degani-Burzacchini 309–312.
 Fränkel, *EGP* 283–284.
 Fränkel, *Wege und Formen* 43–47.
 Gentili, *QUCC* 2 (1966) 124–127.
 Gerber, *Euterpe* 216–217.
 Kirkwood 10, 198–199, 212 n.19, 281 n.1.
 Perrotta-Gentili 302–305.

Smyth, *GMP* 275–276.

Treu, *Von Homer* 285.

Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 125–126.

(WJH)

6. *Anakreon van Teos en Abdera*

6.1 LEWE EN WERK

Anakreon is die belangrikste liriese digter van die laat-argaïese tydperk in die Griekse letterkunde. Hy is gebore in c. 570 in Teos in Ionië, maar het saam met 'n groot aantal inwoners hulle stad in c. 546 verlaat toe die Persiese generaal Harpagos dit aangeval het om dit in die Persiese ryk in te lyf. Strabo 14, 644 berig dat hulle na Abdera in Thrakië verhuis het omdat hulle die *hubris* van die Perse nie kon verdra nie.

Anakreon is later deur die tiran Polukrates na Samos ontbied om sy seun in die musiek, insluitende liriese poësie, te onderrig. Die tiran sou egter aan sy eie lyf die *hubris* van die Perse ondervind, en Herodotos 3, 121 weet te vertel dat Anakreon by Polukrates in die mannesaal was toe die eerste boodskapper van Oroites, Persiese satraap te Sardis, na hom gekom het. Kort nadat Polukrates in c. 522 deur Oroites gekruisig is, het die tiran Hipparchos die digter na sy hof in Athene ontbied. In ongeveer 514 het hy na Thessalië vertrek, maar hy het uiteindelik blykbaar weer na Athene teruggekeer.

Anakreon se werk, presies en sorgvuldig gekomponeer, het liriese,

jambiese (insluitende trogeïese) en elegiese verse ingesluit. Sy liriese poësie het himnes aan die gode maar veral liefdesliedere, drink- en feesliedere bevat. Kirkwood 153 kenskets Anakreon goed soos volg: 'Anacreon was by temperament and habitual practice an ironist, and along with this a gifted satirist, often sharp, and once, at least, vehement; much of his extant verse is tinged if not permeated with the spirit of irony and ridicule, as likely to be directed against himself as another. If we do not perceive this characteristic it is not possible to understand the essential spirit of Anacreon's poetry.'

Van Anakreon se jambiese fragmente is daar dan een wat 'n skerp spotgedig bevat, en wel een wat nie streng jambies gebou is nie, fragment 43P (96, 97E, 54D). Daarin hekel hy 'n sekere 'booswig' Artemon, oor die armoede en smerige lewe waaruit hy welgesteld geword het, en wat hy soos volg beskryf: 'Maar nou klim hy op 'n koets, met oorringe van goud ... en dra 'n ivoor sonskerm net soos vroue'.

Die oorheersende toon van Anakreon se werk is egter 'n geestigheid en speelsheid wat pragtig na vore tree in fragment 72P (88D, 84E) waarin hy 'n Thrakiese meisie 'nulletjie noem wat hom probeer ontvlug asof hy die kuns nie ken nie, en wat hy maklik mak sou maak en afrig as hy die kans kon kry.

Die ligte, plesierige toon van veel van Anakreon se werk en die elegante Ionies waarin hy skryf moet seker tot 'n groot mate verklaar word deur die feit dat hy as hofdigter vir die vermaak van 'n gesofistikeerde geselskap aan die hof van Polukrates en dié van Hipparchos geskryf het. Sy liefdesliedere sal by albei tiranne meeval gevind het, spesiaal by Hipparchos wat volgens die *Ath. Pol. (Konstitusie van Athene)* 18,1 'speels en eroties' was. Vir die nageslagte het hy 'n reputasie as libertyn en drinker nagelaat, wat sekerlik nie reg aan hom laat geskied nie, en talle fragmente oor liefde en drank is aan hom toegeskryf wat nooit deur hom gedig is nie.

Die sg. *Anacreontea* is 'n versameling gedigte wat in die versmate van Anakreon in die Hellenistiese tydperk en later geskryf is. Dit is vervat in Edmonds, *Elegy and Iambus* vol. II.

TESTIMONIA

Edmonds, *Lyra Graeca* II, 120–137.

LITERATUUR

- Bowra, *OCD*² 57 s.v. Anacreon (kort oorsig).
 Bowra, *GLP* 268–307 (in besonderhede).
 Campbell, *GLP* 313–315.
 Da Rocha Pereira, *Das Altertum* 12 (1966) 84–96 (met afbeeldinge van Anakreon op twee vaatskilderye, en ander vaatskilderye wat Anakreon se gedigte toelig).
 Gerber, *Euterpe* 222–223.
 Kirkwood 150–177.
 Lefkowitz, *Lives* 52–53.
 Lesky 174–177.

(CAvR)

6.2 FRAGMENTE VAN ANAKREON

(a) Fr.12P (2D, 2E, 14G)

Liefdesgebed

Ἦναξ,¹ ᾧ δαμάλης² Ἔρωσ
 καὶ Νύμφαι κυανώπιδες
 πορφυρῇ³ τ' Ἀφροδίτῃ
 συμπαΐζουσιν, ἐπιστρέφει⁴
 δ' ὑψηλᾶς⁵ ὀρέων κορυφᾶς 5
 γουνοῦμαί σε, σὺ δ' εὐμενῆς
 ἔλθ' ἡμίν,⁶ κεχαρισμένης⁷
 δ' εὐχολῆς ἐπακούειν⁸.
 Κλεοβούλῳ δ' ἀγαθὸς γένεο⁹
 σύμβουλος, τὸν ἐμὸν γ' ¹⁰ ἔρω- 10
 τ', ᾧ Δεόνυσε, δέχεσθαι.

BRON

Dio Chrysostomos, *Or.* 2,62.

1. Dio Chrys. C: ᾧ ἄναξ Dio Chrys. U
2. Meineke: δάμαλις Dio Chrys. P a.c.W
3. Page: πορφυρῇ Dio Chrys. codd.
4. Dio Chrys. BMV: ἐπιστρέφεται Dio Chrys. UPW: ἐπιστεφῶν Hecker
5. Dio Chrys. BCM: ὑψηλῶν Dio Chrys. U: ὑψηλᾶς...κορυφᾶς Dio Chrys. PW: ὑψηλῶν κορυφᾶς ὀρέων Barnes: ὑψηλῶν ὀρέων ῥία Kayser
6. Dio Chrys. CM: ἔλθοις μοι Dio Chrys. PW
7. Dio Chrys. codd.: κεχαρημένος Hecker: κεχαρισμένος Bergk
8. Dio Chrys. CM: ἐπακούων Dio Chrys. PW
9. Page: γενεῦ Dio Chrys. CV: γένεω Dio Chrys. P: γενοῦ reliqui
10. Kan (*Mnem.* 9,1881,350): δ' ἔρωτα Dio Chrys. B: δὲ ἔρωτα Dio Chrys. UV: δέ τ' ἔρωτα Dio Chrys. PW: δ' ἔρωτ' reliqui

1. VERSMAAT

Reëls 1–2, 4, 6–7, 9–10 is glikoneïes (— — — — —), en reël 5, 'n dimeter (— — — — — | — — — — —) stem ooreen met glikoneïes. Reëls 3, 8 en 11 is ferekrateïes (— — — — —). Daar is *sunizesis* in ἐπιστρέφει (4), ὀρέων (5), Κλεοβούλω (9), γένεο (9), en Δεόνυσε (11).

2. KOMMENTAAR

1 ὦναξ: = ὦ ἄναξ, nl. Dionusos (vs. 11).

δαμάλης: hier volgens Hesuchios met die betekenis 'bedwinger', 'temmer' (vgl. δαμάζω en Gerber se aantekening by δαμάλης). In later Grieks beteken dit 'n jong stier (vgl. δάμαλις, 'n vers); volgens sommiges (o.a. Wilamowitz, Fränkel, Lasserre, Gentili) is dit die betekenis hier.

Ἔρως: Eros was die seun van Aphrodite, die godin van lieflikheid en fisiese liefde. Vir sy gedrag, sien fr.12 en die kommentaar daar.

2 Νύμφαι: sterflike vroulike geeste van die natuur, 'representing the divine powers of mountains, waters, woods, and trees, and also of places, regions, cities, and States' (*OCD*² s.v. 'Nymphs'). Hulle was die opvoedsters van Dionusos; vgl. Soph. *Ant.* 1129: Νύμφαι Βακχίδες, en veral *OT* 1108–1109 wat 'n weerklank van Anakreon bevat. Kyk verder reël 4 onder.

κυανώπιδες: gebruik van Amphitrite in Hom. *Od.* 12,60.

3 πορφυρῇ: dui op die gelaatskleur en kan 'rooskleurig' of moontlik 'stralend' beteken. Vgl. by Semon. fr.1,16D; asook Perrotta-Gentili 252, en Gentili, *Anacreon* 13–14. Oor die verband tussen Aphrodite en Dionusos verwys Gerber, *Euterpe* na Dodds se aantekening oor Eur. *Bacchae* 402–416 (kyk onder Interpretasie).

4 συμπαίζουσιν: vgl. συμπαίζειν in fr.13P reël 4 (eroties, vgl. die aantekening daar), asook Soph. *OT* 1109 waar Dionusos συμπαίζει met die Nimfe op berg Helikon.

ἐπιστρέφει: nie-samegetrokke 2de persoon praes. indik. med.: 'u beweeg u oor' (= 'rondwaar'), met Ioniese uitgang -ει (Atties -ει, -η). As ander Ioniese vorms in die gedig noem Campbell γένεο (9), Atties γένου, en Δεόνυσε (11), Atties Διόνυσε. ἐπιστρέφει word net met δ' aan συμπαίζουσιν verbind (met ὅς veronderstel). Vertaal: 'o Heer, u met wie ..., en u wat ...'.

5 ὑψηλὰς ὀρέων κορυφάς: vgl. Hom. *Il.* 12,282: ὑψηλῶν ὀρέων κορυφάς;

Alk. fr.304, kol. I,6 L–P. Of ons ὑψηλός of ὑψηλῶν lees, in die vertaling neem ons dit in elk geval met 'berge' (ὄρεων), d.w.s. 'die kruine van hoë berge' (d.w.s. hupallage, of verplaasde *epitheton* indien ὑψηλός).

- 6 γουνοῦμαι: 'n tipies Homeriese woord (net soos γυνάζομαι, kyk LSJ) wat ook in kletiese himnes voorkom. Vgl. ook Anakreon fr.3P (1E, D, G: γουνοῦμαί σ' ens.).

σε, σύ: presies in die middel van die vers; vgl. daaroor onder Struktuur.

- 7 ἔλθ' ἡμῖν: die meervoud ἡμῖν (na die voorafgaande enkelvoud γουνοῦμαι) dui moontlik op die persone wat by die *sumposion* teenwoordig is (Perrotta-Gentili 253).

κεχαρισμένης: prolepties: 'en mag dit u welgevallig wees'.

- 8 ἐπακούειν: infinitief vir imperatief, dikwels ter wille van plegtigheid.

- 9–10 Κλεοβούλω ... σύμβουλος: die woordspel suggereer sterk dat die gebed nie te ernstig bedoel is nie.

- 11 δέχεσθαι: infinitief vir imperatief.

3. STRUKTUUR

Die gedig (waarskynlik volledig) het 'n opvallend goedgeboude struktuur: die 11 reëls word presies in die middel van reël 6 (σε, σύ) in twee gelyke dele van 5^{1/2} reëls elk verdeel waarvan die eerste helfte (1–5a) die *aanroeping* van die god bevat, waarna die tweede helfte (5b–11) dan die *inhoud* van die smeekgebede bevat. Let op die effektiewe naasmekaar-en tegelyk teenmekaar-stelling van σε en σύ wat tegelyk die *verdeling* aandui maar ook die twee dele *saambind*.

Eers in die laaste reël word die betrokke god by name genoem, Dionusos, wat by wyse van ringkomposisie aansluit by Ὠναξ in r.1. Die ringkomposisie word versterk deur Ἐρως (1) ~ ἔρωτ' (10–11), albei aan die einde van hulle reëls.

Ons kry dan die volgende konstruksie:

	Ὠναξ (1)
A	1–5a: aanroeping van die god
B	5b–11: smeekbede tot die god
	ὦ Δεόνυσε (11).

Die tweede helfte (5b–11) verdeel weer in twee dele, waarvan die tweede (9–11) die eintlike bede bevat.

In die eerste helfte (1–3) van die eerste deel (1–5a) is daar 'n chiasiese volgorde in die adjektiewe en naamwoorde betreffende Eros, die Nimfe en Aphrodite: δαμάλης Ἔρως — Νύμφαι κυανώπιδες — πορφύρῃ τ' Ἀφροδίτῃ. Na hierdie groep van drie, elk in 'n reël met die onderskeie attribuut, volg 'n ander groep van drie waar die adjektief (of deelwoord) deur 'n hele woord van hul selfstandige naamwoorde geskei word en deur die skeiding beklemtoon word: ὑψηλᾶς (indien korrek) ... κορυφᾶς (5) κεχαρισμένης (7) ... εὐχολῆς (8); ἀγαθός ... σύμβουλος (10).

4. INTERPRETASIE

Wat die funksie van die gedig betref, stel Campbell, *GLP* 319 dit tereg as 'n bede wat niks met 'n publieke kultus te doen het nie, maar suiwer persoonlik is soos Sappho se bede aan Aphrodite. Die lied het 'n persoonlike tema maar is in die vorm van 'n kletiese himne getooi. Dit was hoogswaarskynlik vir 'n *sumposion* bedoel; vgl. Fränkel, *EGP* 291–292 en Kirkwood 166.

Kommentators gee o.a. die volgende toeligting tot die lied. Eerstens beskryf die digter die godheid se geselle (gesellinne) en besogte plekke ('haunts'), iets wat kenmerkend van sulke himnes is. Dionusos is 'n sleutelfiguur in Anakreon se lewe, as die wyngod wat mense inspireer om musiek en poësie te komponeer. Die Nimfe was begaafd in, en lief vir, sang en dans. Hulle hou verband met Dionusos veral omdat hulle sy oppassers was en hom leer sing het.

Oor die assosiasie van Aphrodite met Dionusos verwys ons na Dodds in sy kommentaar op die *Bakchai* 402–416, na aanleiding van die Koor se wens in reëls 402–405: 'O kon ek nou op Cyprus kom, die eiland van Aphrodite waar Erote woon': 'Her association with Dion., the other great Nature-power, is rooted both in popular thought and in the imagination of poets and artists The association is in some measure reflected even in cult: the two deities shared a temple at Argos (Paus. 2. 32.8), and at Bura in Achaia (Paus. 7.25.9); and Aphrodite figures in the *lex Iobacchorum*, apparently as a character in a Dionysiac masque or mystery-play'. Oor Aphrodite en Dionusos, vgl. ook Roscher, I, kol. 1065.

In sy toeligting beskryf Murgatroyd, *Akroterion* 23, 1978, 18 die opening van die gedig as aanskoulik ('vivid'), soos blyk uit die beskrywende adjektiewe van Eros, die Nimfe en Aphrodite (kyk bo onder Struktuur). Wat die Nimfe betref is 'donkerblou-ogig' 'n kleurvolle adjektief wat op

skoonheid dui. Hierdie beskrywing word nêrens elders in die oor-gelewerde Griekse letterkunde van die Nimfe gebruik nie, en dieselfde geld vir die 'rooskleurige' (Murgatroyd verkies 'stralende') Aphrodite. Aanskoulik is ook die voorstelling van die god en sy geselle (-inne) wat oor die kruine van hoë berge rondwaar.

Die eerste agt reëls is plegtig en stadig: 'there is the lofty and time-hallowed form of the hymn, and the language is poetical and often Homeric' (Murgatroyd 18). In teëstelling daarmee is die laaste drie reëls, wat die eintlike bede bevat en tot 'n geestige klimaks lei. Die taal word nou prosaïes, die toon word lig, en die werklike bede is bloot 'n versoek om hulp vir die digter se verkryging van die liefde van Kleoboulos. Dit bevat ook 'n amusante woordspel op *Kleoboulōi* en *sumboulos*. 'In short the end of the poem undercuts the opening and shows that Anacreon can take love lightly. This is a delicate and clever adaptation of an ancient and solemn form to Anacreon's personal and not very serious ends' (Murgatroyd 19).

Vir 'n kontras met fr. 50P, kyk onder, p. 135–139.

LITERATUUR

- Bielohlawek, *WS* 59 (1940) 11–30.
 Bowra, *GLP* 283–284.
 Campbell, *GLP* 318–319.
 Da Rocha Pereira, *Das Altertum* 12 (1966) 84–96.
 Fränkel, *EGP* 291–292.
 Gentili, *Anacreon* 13–14.
 Gerber, *Euterpe* 228–229.
 Kamerbeek-Verdenius 83–85.
 Kirkwood 165–166.
 Murgatroyd, *Akroterion* 23 (1978) 11–22.
 Perrotta-Gentili 251–253.
 Smyth, *GMP* 286–287.

(CAvR)

(b) Fr.13P (5D, 15E, 13G)

Meisie met die bont sandale

Σφαίρη δηῦτέ¹ με πορφυρῇ²
 βάλλων χρυσοκόμης Ἔρως
 νήνι ποικιλοσαμβάλῳ³
 συμπαίζειν προκαλείται·
 ἢ δ', ἐστὶν γὰρ ἀπ' εὐκτίτου⁴
 Λέσβου, τὴν μὲν ἐμὴν κόμην,
 λευκὴ γάρ, καταμέμφεται,
 πρὸς δ' ἄλλην⁵ τινὰ χάσκει.

5

BRON

Athenaios 13,599C.

1. VERSMAAT

Twee strofes van drie glikoneïese en een ferekrateïese reëls elk:

— — — ∪ ∪ — ∪ — (3 reëls)
 — — — ∪ ∪ — ∪

2. KOMMENTAAR

1 σφαίρη: Eros gooi hier 'n bal wat, soos die werp van 'n appel, 'n gebaar is wat 'n uitnodiging tot die liefdespel simboliseer; vgl. Sa. fr.105a,1; Stesich. fr.10,1; Ibuk. fr.1,1; Apoll. Rhod. 3,135; AP (Meleagros) 5,214.

δηῦτε: = δὴ αὖτε, 'alweer'; vgl. Sappho fr.1,15, 16, 18 en Semon. fr.1,16D.

πορφυρῇ: 'helderkleurig' of 'purperkleurig'; vgl. fr.12,3P: πορφυρῇ τ' Ἀφροδίτη, en fr.2, fr.1,18P: πορφυρέοισι κύμασι. Oor die betekenis van die woord (die purper *kleur* of die *kwaliteit* daarvan — nl. helderheid), vgl. Gerber, *Euterpe* 228,100; Perrotta-Gentili 249.

1. Seidler: δεῦτέ Athen. L

2. Barnes (-έη): πορφύρ' ἐνι- Athen. codd.

3. Seidler: ποικίλος λαμβάνω Athen. codd.

4. Barnes: ἀπευκτικοῦ Athen. codd.

5. Athen. codd.: ἄλλον Barnes

- 2 χρυσοκόμης: gewoonlik van 'n godheid; vgl. die goue hare van Dionusos (Hesiod. *Theog.* 947) en Apollo (Turt. fr.39,2; Pind. *O.* 6,41; 7,32), asook Eros (Eur. *IA* 548).
- 3 νήνι: sametrekking van die dat. νήνι (van νῆνις, Ion. vir νεάνις, dat. νεάνι); vgl. Schwyzer, *Griech. Gram.* 1, 241.
- ποικιλοσαμβάλω: 'met veelkleurige, bont sandale'. Die Aioliëse vorm σάμβαλα vir σάνδαλα (vgl. Schwyzer, *Griech. Gram.* 1,303) is 'n fyn sinspeling op die meisie se Lesbiese herkoms. Haar sandale is modieus, elegant en aantreklik; sien Woodbury, *TAPhA* 109,1979,278–279.
- 4 συμπαίζειν: van die liefdespel; vgl. Alkm. fr.58,1P: Ἔρως ... παῖσδε; Theokr. 11,77: πολλαὶ συμπαίσδεν με κόραι τάν νύκτα κέλονται.
- 5 εὐκτίτου: 'met (sy) mooi geboue'. Die woord herinner aan die Homeïese εὐκτιμένη (Λέσβον εὐκτιμένην, *IL* 9,129, 271; εὐκτιμένη ἐνὶ Λέσβῳ, *Od.* 4,342; 17,133; vgl. ook εὐκτιτον Αἰπύ, *IL* 2,592), en is dalk bedoel om die effek van skyn-erns in die ligte bespotting te verkry; vgl. Harvey, *CQ* 7, 1957, 213; Gerber, *Euterpe* 230; Campbell, *GLP* 321; Woodbury, *TAPhA* 109,1979,282.
- 7 λευκή γάρ: parenteties soos ἐστὶν γὰρ ... Λέσβου (5–6). Elders verwys Anakreon ook na sy wit hare: fr.34a; 50,1–2; 75P.
- 8 ἄλλην: dit is onnodig om soos Barnes, Bergk en Davison, *TAPhA* 90, 1959, 40–47, onder andere, ἄλλην na ἄλλον te verander. Die betekenis van ἄλλην is egter nie sonder meer duidelik nie: dit kan verwys na ' 'n ander *meisie*' of na ' 'n ander (man se) *haardos*' (= ἄλλου τινὸς κόμην). Sien verder onder die Interpretasie.
- χάσκει: '(met oop mond) aangaap', uit verlange of begeerte. Die toon van die woord is onvleiend, asof die digter hom vererg.

3. STRUKTUUR

Die gedagtegang val saam met die twee strofes:

- A 1–4 : Eros en die digter — die aanloklikheid van die liefde:
 a. *purper/veelkleurige bal*
 b. *gouehaar-Eros*
 c. meisie met die *bont sandale*
- B 5–8 : Die digter en die meisie — die verlies van die liefde:
 a. die meisie se herkoms van Lesbos
 b. die *wit hare* van die digter

- c. die derde persoon: $\left\{ \begin{array}{l} \text{jongman met swart hare} \\ \text{ander meisie} \end{array} \right.$

Binne hierdie raamwerk is die volgende opmerklik:

1. die parentetiese $\epsilon\sigma\tau\iota\nu\ \gamma\acute{\alpha}\rho\ \dots\ \Lambda\epsilon\omicron\sigma\beta\omicron\upsilon$ (5–6) en $\lambda\epsilon\upsilon\kappa\acute{\eta}\ \gamma\acute{\alpha}\rho$ (7), die een met $\acute{\sigma}\acute{\upsilon}$ redegewing, die ander met $\acute{\eta}\alpha\rho\epsilon$, bring 'n lewendigheid en spontaneïteit in die reëls (vgl. Perrotta-Gentili 250);
2. die kontrastering tussen die kleurvolle, speelse wêreld van die (jong) liefde (*Eros én eros*) met die wit hare van die oudwordende digter, ook vervat in $\sigma\upsilon\mu\pi\alpha\acute{\iota}\zeta\epsilon\iota\nu\ \pi\rho\omicron\kappa\alpha\lambda\epsilon\iota\tau\alpha\iota$ (4) teenoor $\kappa\alpha\tau\alpha\mu\acute{\epsilon}\mu\phi\epsilon\tau\alpha\iota$ (7);
3. die chiasiese rangskikking van die kleur-adjektiewe: $\sigma\phi\alpha\acute{\iota}\rho\eta\ \dots\ \rho\omicron\phi\upsilon\rho\eta\ \text{—}\ \chi\rho\upsilon\sigma\omicron\kappa\acute{\omicron}\mu\eta\varsigma\ \text{Έ}\rho\omega\varsigma\ \text{—}\ \nu\acute{\eta}\nu\iota\ \pi\omicron\iota\kappa\iota\lambda\omicron\sigma\alpha\mu\beta\acute{\alpha}\lambda\omega$.

(Vgl. ook Gerber, *Euterpe* 230; Campbell, *GLP* 320; eersgenoemde bestempel die gedig as tegnies onder Anakreon se bestes; vgl. Kirkwood 167).

4. INTERPRETASIE

4.1 Die tema van dié waarskynlik volledige gediggie is die liefde soos dit deur Anakreon ervaar en in sy milieu gewaar is. Hy self voel die uitnodiging, selfs die uitdaging, ten spyte van sy ouderdom, om weer onder Eros se invloed te staan. Die voorwerp van sy aandag het egter beswaar teen sy wit hare en gee haar aandag aan 'n ander.

4.2 Die basiese metafoor vir die liefde is hier die spel, selfs kinderspel, nou met 'n bal, elders ook met dolosse (fr. 53P). Eros is 'n ondeunde kind vir wie die mens se liefdeservaring en selfs smart net 'n speletjie en tydverdryf is (vgl. Fränkel, *EGP* 292 n.5; Perrotta-Gentili 247–248; Lasserre, *La figure d'Éros dans la poésie grecque* 44 e.v.). Sy invloed op die mens is onverwags en skielik, soos die gooi van 'n bal (vgl. die aanvangsposisie van $\sigma\phi\alpha\acute{\iota}\rho\eta$; Davison); hy lok die mens uit en speel met sy gevoelens. Die liefde is aanloklik (let op al die kleurwoorde), dit nooi die digter uit om aan die spel deel te neem ($\sigma\upsilon\mu\pi\alpha\acute{\iota}\zeta\epsilon\iota\nu$, 4). Die gekleurde bal van Eros word die bont sandale van die meisie van Lesbos. Maar wanneer die digter aan die liefdespel wil deelneem, staan sy ouderdom in die weg. Sy wit hare staan die meisie nie aan nie; sy verkies om haar aandag aan 'n ander persoon by die banket te gee, en ignoreer die digter. Sy verwagtinge word verydel.

4.3 Die gediggie is geskryf om voor 'n hofgehoor tydens 'n *sumposion* gesing te word. Elemente in die gedig soos die fyn en gesofistikeerde taalgebruik, die ligte en speelse toon, en die ironiese en 'gekulti-

veerde' siening van die liefde moet dus in dié lig gesien word. Vir die gehoor was dit onmiddellik duidelik wie die 'meisie met die bont sandale' was, en wie sý oopmond aangaap. Sy was waarskynlik 'n musikante wat tydens die *sumposion* vermaak verskaf het.

4.4 Die sentrale probleem van die gedig is die referensie van ἄλλην τινά in die laaste reël. As 'n mens die verwysing na die meisie se geboorte-eiland, 'Lesbos met sy mooi geboue', in 'n ironiese of skynernstige sin neem as 'n sinspeling op 'n ander soort gesofistikeerdheid, nl. die homo-erotiese seksualiteit onder die vroue van Lesbos (Sappho se poësie was seker al wyd bekend), dan moet ἄλλην τινά na 'n ander meisie by die banket verwys. Dan versmaai die meisie van Lesbos die digter, nie omdat hy oud is nie, maar omdat sy ander meisies verkies. Vir hierdie vertolking, sien veral Page, *Sappho and Alcaeus* 143; Gerber, *Euterpe* 230; Bowra, *GLP* 285–286; Campbell, *GLP* 321.

As 'n mens egter die verwysing na die meisie se herkoms in die goeie en opregte sin as 'n kompliment aanvaar, dan volg dit dat ἄλλην τινά parallel met τὴν ... ἐμὴν κόμην is en na 'n ander (jonger) man se (swart) hare verwys (= ἄλλου τινὸς κόμην). Die meisie van Lesbos is gesofistikeerd (vgl. die gekultiveerdheid in sang, dans, lierspel in die *thiasos* van Sappho) en aantreklik, en kan kies wie sy wil — en slaan die digter oor omdat hy te oud is. So 'n jonger man sou die natuurlike teenoorgestelde van die gryse digter wees, terwyl in 'n homo-erotiese verhouding, daarenteen, die meisie van Lesbos sowel 'n jong man as 'n oue eweseer sou versmaai, en daar dus geen punt sou wees in die beklemtoning van die digter se wit hare nie. Sien verder Smyth, *GMP* 288; Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 116; Perrotta-Gentili 248–250; Degani-Burzacchini 248 en Woodbury, *TAPhA* 109, 1979, 277–287. Laasgenoemde beskou die gedagtegang: Eros se goue hare — die digter se wit hare — 'n ander man se (swart) hare as deurslaggewend (283–286). Dit is egter net so moontlik dat die digter met opset die verwagte ontknoping heel aan die einde verrassend omvergooi.

Daar is eintlik geen interne aanduiding wat die een of die ander vertolking afdwing nie. Die digter plaas die enigmatiese ἄλλην τινά in die laaste reël om sy gehoor te terg — tensy hulle presies vanuit die banket-milieu geweet het na wie hy verwys. Renehan, *CPh* 79, 1984, 28–32, argumenteer dat die digter *albei* vertolkings in gedagte gehad het.

Die gehoor sou ook die delikate humor en ligte skerts en dubbelsinnigheid oor die meisie se Lesbiese gesofistikeerdheid gesnap en geniet het, en tegelykertyd die digter se ironiese self-bespotting. 'n Mens voel egter

tog, naas die kleurvolle beelde, die slim taal, die lewendige gedagtes, die dramatiese aanbieding (alles lyk of dit in die loop van die banket plaasvind en beskryf word: vgl. Wilamowitz; West, *CQ* 20, 1970, 209–210), 'n sweempie weemoed aan die kant van die digter. Hierdie ernstiger noot klink nie net in die algemene siening van die mens se onmag in die hande van Eros nie, maar ook in die meer individuele persoonlike heimwee van die oudwordende digter self. Teenoor die ligte, speelse parentese ἐστὶν γὰρ ἀπ' εὐκτίτου/Λέσβου (5–6), bevat die ander parentese λευκή γὰρ 'n tikkie patos. En in καταμέμφεται en χάσκει blyk 'n bietjie verergdheid.

LITERATUUR

- Bowra, *GLP* 285–286.
Campbell, *GLP* 320–321.
Da Rocha Pereira, *Das Altertum* 12 (1966) 86–87.
Degani-Burzacchini 247–250.
Davison, *TAPhA* 90 (1959) 40–47 (= *From Archilochus* 247–255).
Fränkel, *EGP* 292–293.
Gerber, *Euterpe* 229–230.
Kegel, *Lampas* 13 (1980) 375–376.
Kirkwood 166–167.
Lasserre 44 e.v.
Marcovich, *AJPh* 104 (1983) 372–383.
Murgatroyd, *Akroterion* 23.4 (1978) 13–15.
Page, *Sappho and Alcaeus* 140–146.
Perrotta-Gentili 248–250.
Renehan, *CPh* 79 (1984) 28–32.
Smyth, *GMP* 288.
West, *CQ* 20 (1970) 209–210.
Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 116–117.
Woodbury, *TAPhA* 109 (1979) 277–287.

(WJH)

(c) Fr.50P (44D, 69E, 36G)

Afkeur vir die ouderdom en angs oor die Onderwêreld

Πολιοὶ μὲν ἡμῖν¹ ἤδη
κρόταφοι κάρη² τε³ λευκόν,
χαρίεσσα δ' οὐκέτ'⁴ ἦβη
πάρα, γηραλέοι δ' ὀδόντες,
γλυκεροῦ δ' οὐκέτι πολλὸς
βίотου χρόνος λέλειπται·

5

διὰ ταῦτ' ἀνασταλύζω⁵
θαμὰ Τάρταρον δεδοικώς·
Ἄϊδεω γάρ ἐστι δεινὸς
μυχός, ἀργαλή⁶ δ' ἐς αὐτὸν
κάτοδος·⁷ καὶ γὰρ ἐτοῖμον
καταβάντι μὴ ἀναβῆναι.

10

BRON

Stob. 4,51,12.

1. VERSMAAT

Die basiese vorm is die ioniese dimeter:

υ υ — — υ υ — —

maar in die merendeel hiervan vind sg. *anaklasis* plaas, d.w.s. dit word:

υ υ — (—) υ — —

(Kamerbeek-Verdenius 87).

Daar is *sunizesis* in γηραλέοι (4), Ἄιδεω (9); en *sunekphonesis* in μὴ ἀναβῆναι (12).

1. Stephanus: ἡμῖν Stob. SA

2. Stob. SA: κάρη editio Trincavelliana (1536)

3. Bergk: δὲ Stob. SA: δὲν Trinc.

4. Schneidewin: οὐκ ἔθ' Stob. codd.

5. Stob. SA: ἄλαστα λύζω Scaliger

6. Stob. A: ἀργαλή Stob. S

7. Stob. S manus prima: κάθοδος Stob. S manus secunda A Trinc.

2. KOMMENTAAR

- 1–2 πολιοί ... κρόταφοι: vgl. Hom. *Il.* 8,518: πολιοκροτάφους τε γέροντας en ander passasies verstrek deur Campbell, *GLP* 325.
- 1 ἡμῖν: kort finale lettergreep met skerp aksent; poëtiese meervoud: die digter verwys na homself alleen.
- 2 κάρη τε λευκόν: vgl. Hom. *Il.* 24,516: πολίων τε κάρη. Vgl. ook Anakreon fr.13P, reëls 6–7: τὴν μὲν ἐμὴν κόμην, λευκὴ γάρ.
- 3 χαρίεσσα ... ἦβη: vgl. Hom. *Il.* 24,348: τοῦ περ χαριεστάτη ἦβη.
- 4 πάρα: = πάρεστι.
γηραλέοι δ' ὀδόντες: 'en my tande is dié van 'n ou man'.
- 5 πολλός: Ionies vir πολύς.
- 7 ἀνασταλύζω: 'in trane uitbreek'. Die woord kom slegs hier voor tensy ἀναστάλυζον die korrekte lesing in 'n papirus elders is (kyk Campbell, *GLP* 325). σταλύζω is verwant aan σταλάσσω, 'laat drup' en σταλάω, 'drup'. Let op die dentale alliterasie en assonansie in 7–9.
- 8 θαμά: 'dikwels', gaan saam met ἀνασταλύζω.
- 8–10 Tartaros, die god, word hier vir die eerste keer met Hades, die plek, vereenselwig (Perrotta-Gentili 273).
- 10 μυχός: beteken eintlik 'uithoek'; vertaal 'diepte' (Kamerbeek-Verdenius). Vir parallelle passasies, kyk Campbell, *GLP* 326.
- 11 κάτοδος: = κάθοδος, d.w.s. die 'afdaal'. Dit kom slegs hier in vroeë Grieks voor.
καί: 'inderdaad'.
ἐτοῖμον: sc. ἐστι: 'dit is seker'.
- 11–12: Vir die gedagte dat daar geen terugkeer ná die dood is nie, kyk verwysings in Campbell, *GLP* 326 of Smyth, *GMP* 293.

3. STRUKTUUR

Die gedig (klaarblyklik volledig) verdeel op 'n natuurlike wyse in twee dele, waarvan die eerste helfte (1–6) oor die digter se afkeer in hoë ouderdom gaan, en die tweede (7–12) oor sy vrees vir die Onderwêreld vanwaar daar geen terugkeer is nie. Die tweede word deur διὰ ταῦτ' aan die eerste verbind.

Gerber, *Euterpe* 234 vestig die aandag op die volgende:

- (i) Die drie fisiese tekens van hoë ouderdom word chiasities gerangskik, nl. πολλοί ... κρόταφοι (1–2), κάρη ... λευκόν (2) en γηραλέοι ... ὀδόντες (4). Oor die triade kyk (v) onder.
- (ii) Verdere klem word gelê deur die plasing van πολλοί en λευκόν aan die begin en einde van die eerste twee verse onderskeidelik.
- (iii) Die derde teken, γηραλέοι ... ὀδόντες (4) verkry prominensie deurdat dit tussen χαρίεσσα δ' οὐκέτ' (3) en γλυκεροῦ δ' οὐκέτι (5) geplaas word.
- (iv) Die eerste strofe (1–6) eindig met die perfektum λέλειπται wat 'n toon van finaliteit daaraan gee.
Hierby kan ons nog die volgende voeg:
- (v) Naas die triadiese chiasme — bo (i) — kry ons ook drie parallelismes, t.w. χαρίεσσα ... ἥβη (3), γλυκεροῦ ... βιότου (5–6) en πολλός ... χρόνος (5–6). Oor die triade in Anakreon en ander argaïese digters kyk Fränkel, *EGP* 293 e.v. en n.8.
- (vi) Let op hoedat die adjektiewe γλυκεροῦ (5) en πολλός (5) beklemtoon word deurdat hulle eerstens aan die *begin* en *einde* van reël 5 geplaas is, en tweedens deurdat hulle geskei is van hulle selfstandige naamwoorde βιότου en χρόνος onderskeidelik in reël 6 (volgorde aabb).
- (vii) In die tweede strofe is daar ook 'n betekenisvolle woordorde t.o.v. die effektiewe plasing van adjektiewe: δεινός staan aan die end van reël 9, ἀργαλῇ (10) staan heel aan die begin van ἀργαλῇ δ' ἐς αὐτὸν κάτοδος (10–11), en ἐτοῖμον staan aan die end van r.11. Verder val daar sterk klem op κάτοδος en καταβάντι aan die begin van reëls 11 en 12 onderskeidelik; daar is 'n woordspeling op καταβάντι en ἀναβῆναι in reël 12; en daar is 'n verdere finaliteit in die laaste twee woorde, μὴ ἀναβῆναι.
- (viii) Die assonansie op α en η in reël 12.

Kyk verder onder Interpretasie (p. 138).

4. INTERPRETASIE

Die gedig word gewoonlik as *uitsonderlik* en *pessimisties* onder die gedigte van Anakreon beskou. Hy beskryf eerstens sy liggaamlike veroudering en tweedens sy vrees vir die Onderwêreld vanwaar daar geen terugkeer is nie. Van die opvatting dat die dood 'n bevryding kan wees, soos in fr. 66(a)P (48D, 51E), is daar hier geen sprake nie.

Murgatroyd, *Akroterion* 23, 1978, 20–21 wend 'n sterk poging aan om die tradisionele (ernstige) vertolking van die toon van die gedig as onjuis te verklaar. Hy voer verskeie redes aan waarom Anakreon dit 'tongue-in-

cheek' sou geskryf het, bv. die ligsinnige ('frivolous') versmaat pas nie by 'n ernstige inhoud nie. Sy argumente kan egter nie as deurslaggewend beskou word nie. Kyk Kirkwood 276 n.44, en verder onder.

Daarteenoor bestaan die gevaar dat die gedig as *oordrewe* ernstig vertolk kan word. Lesky 177 meen egter 'even where the poet laments his old age (5.44,53), the expression is mild and restrained'. Kyk egter onder.

Sommige filoloë bevraagteken die egtheid van die stuk as 'n gedig van Anakreon. 'n Resente skeptikus is Maria Helena da Rocha Pereira wat in 'n werk gedateer 1961 daarop ingegaan het (kyk Gerber, *Euterpe* 234), en in *Das Altertum* 12, 1966, 87–88 kortliks daarheen terugkeer. Haar besware is die volgende: (1) die gelykstelling van Hades en Tartaros, iets wat elders eers in die Hellenistiese tydperk voorkom; (2) die realisme in reël 4 ('my tande is dié van 'n ou man', wat aan die (Nuwe) Komedie herinner); (3) die prosaïese διὰ ταῦτ' in reël 7; (4) die gebruik van χάθος vir *descensus* wat voor die Romeinse tydperk nie elders te vinde is nie. Hierdie argumente, in die besonder (2), is egter nie deurslaggewend nie.

Realisme soos in reël 4, 'my tande is dié van 'n ou man', kom reeds vroeg voor, en by name reeds in die gebroke fragment van Sappho op 'n papius van die tweede eeu n.C. (21 Voigt; vgl. haar p. 49; 21C; 42E). Daar gaan dit ook oor die gebreke van die *ouderdom*, en in reëls 6b–7 lees ons χροά γῆρας ἦδη/ [... ὅτι]ν ἀμφιβάσκει, waar daar weens die samehang 'n redelike moontlikheid vir die lesing ὅτιν kan bestaan; m.a.w. die ouderdom laat 'n rimpel oor haar vel of vlees sprei (moontlik *rimpels*, afhangende van wat weggeval het: Edmonds stel [μυρία]ν ... ὅτι]ν voor). In elk geval gaan dit oor die effek van die ouderdom op die *vel* of *vlees*.

Dit bring ons terug by, en *teen* Lesky asook Murgatroyd bo. 'Oumans-tande' is 'n besonder nare, liggaamlike detail, en die persoon wat dit sê ('my tande is dié van 'n ou man') is ernstig wanneer hy hierdie onthullende besonderheid oor homself kwytraak. Dit kan geensins as 'restrained' beskou word nie, en selfs die voorafgaande of daaropvolgende reëls kan nie as 'mild' gekenmerk word nie, soos ook duidelik blyk uit die veelseggende rangskikkings en beklemtonings waarop ons bo in die struktuuranalise gelet het. Wat wel waar is, is dat die erns van reëls 1–11a *enigsins* opgehef word deur die onverwagte, paradoksale geestigheid met woordspel in reëls 11b–12. Dit bly egter 'n *grimmige* geestigheid.

Ten slotte kan ons 'n opvallende kontras tussen Anakreon fr.12P (sien

BRON

Herakleitos, *Quaest. Hom.* 5.

1. VERSMAAT

Die gedig bestaan uit ses reëls in pare van akatalektiese en katalektiese trogeïese tetrameters:

—υ—x —υ—x | —υ—x —υ—x trog. 4m akat.

—υ—x —υ—x | —υ—υ —υ—^ trog. 4m kat.

Sunizesis kom voor in δοκέεις (2) en βόσκει (5). Daar is *correptio epica* in πῶλῃ Θρηκίῃ (1).

2. KOMMENTAAR

- 1 πῶλῃ: 'merrievul', van 'n meisie gebruik; vgl. ook Alkm. fr.1,45–59; Theogn. 257–260; Eur. *Hec.* 144; *Hipp.* 545 e.v.; Theokr. 11,19 e.v.; Hor. *Carm.* 2,5,1 e.v.; 3,11, 9–12. Hesuchios se verduideliking van πῶλος as ἑταίρα laat dink dat ons nie hier te doen het met 'n jong, onskuldige meisie wat seksuele rypheid bereik het nie, maar met 'n fluitspeler of danseres wat tydens *sumposia* die banketgangers vermaak het. Sy is trots, lewendig en steeks.

Θρηκίῃ: Thrakië was beroemd vir sy perde; vgl. τοῦ δὴ καλλίστους ἵππους ἶδον ἢ δὲ μεγίστους / λευκότεροι χιόνος, θείειν δ' ἀνέμοισιν ὁμοίοι, Hom. *Il.* 10, 436–437; ἵπποπόλων Θρηκῶν, *Il.* 13,4; 14,227; φιλίπποις Θρηξί, Eur. *Hec.* 428; Θρηκῆς ... εὐῖππον ... γένος, 108–109. Die adj. dui die meisie se herkoms en/of karakter aan. Die Thrakiërs was 'n ruwe, geharde volk.

δῆ: emfaties.

λοξόν ... βλέπουσα: 'skalks ... aankyk'; λοξόν is adv. akkusatief. Die toonaard is moeilik om te bepaal: daar is nie woede of vyandigheid soos by Sol. fr.34,5W of Apoll. Rhod. 2,665 nie; maar is dit tergend, skaam, skyn-teësinig, minagtend, of trots? Vgl. Apoll. Rhod. 3,445 (skaam-bewonderend), Anakr. fr.75 en Theokr. 20, 13 (minagtend; vgl. Smyth: 'of scorn, as here', teenoor Campbell: 'shy'; en Gow se kommentaar). In die *sumposion*-situasie is die dominante stemming ligsinnige, ironiese tergering oor erotiese aangeleenthede. In die πῶλος-beeld en die ἑταίρα-referensie is meer as een moontlikheid vervat: die skalkse aankyk van merrie of vrou laat hom nie met een woord interpreteer nie.

- 2 νηλέως: eintlik 'sonder jammerte', 'gevoelloos', soos van 'n swaard

(νηλὴς χαλκός, Hom. *Il.* 3,292) of 'n hart (νηλεὲς ἦτορ, Hom. *Il.* 9,497), maar hier eerder 'steeks'. Die epiese herkoms van die woord (vir ander epiese uitdrukkings, vgl. Campbell, *GLP* 329) verleen 'n skynernstige byklank om die meisie se hoogmoedigheid te bespot; vgl. Harvey, *CQ* 7,1957,211–213; Campbell, *GLP* 329; Gerber, *Euterpe* 237.

δοκέεις: 'jy dink', nie 'jy lyk' nie.

μ': (= με), akkusatief, onderwerp van εἰδέναι.

οὐδὲν ... σοφόν: 'geen vaardigheid ken (het)'. σοφός het hier nog die betekenis 'vaardig', 'bedrewe', en nie 'wys' nie.

- 3 τοι ... τοι: die eerste τοι (partikel) versterk ἴσθι ('jy kan maar wéét'; Denniston 537), die tweede (vnw.) is datief (= σοι) by ἐμβάλοισι.

χαλινὸν ἐμβάλοισι: weer heroïes: vgl. Hom. *Il.* 19,393–394: ἐν δὲ χαλινούσ/ ... ἔβαλον.

- 4 στρέφοιμί σ': die manuskriplezing is onmetries, en verskeie aanvullings is voorgestel.

ἀμφὶ τέρατα δρόμον: vgl. Hom. *Il.* 23,309; 462.

- 5 νῦν δέ: kontrasterend (sien LSJ s.v. νῦν I,4): die wens (die optatiewe ἐμβάλοισι en στρέφοισι) teenoor die werklikheid (die indikatief παίζεις).

λειμώνας τε βόσκειαι: die akk. by die mediumvorm (βόσκειαι is 2de pers. enk. medium) kom ook by *Hymn. Hom.* 4,27,232; en Aisch. A. 118 voor: 'jy wei aan die graslande'. Die lokatiewe gebruik van die datief in Hom. *Od.* 21,49: βοσκόμενος λειμῶνι, getuig teen Smyth se verklaring van λειμώνας hier as akkusatief van spasie ('jy wei oor die graslande'); vgl. Perrotta-Gentili 270. Vir weiland as erotiese beeld, vgl. fr.60G, 1P.

κοῦφα: akk. mv. met adverbiale funksie: 'ligvoets'.

- 6 ἵπποπειρην: net hier in oorblywende Grieks; die woord staan in apposisie by ἐπεμβάτην en beteken 'n perdetemmer. Vertaal: 'want 'n behendige perderuiter het jy nie om jou te tem nie'.

3. STRUKTUUR

Die gedagtegang vertoon 'n eenvoudige patroon van kort 'strofes':

- A 1–2 : Vraag aan die merrie/meisie (τί): vlug sy vanweë sy skynbare onbedrewenheid?

- B 3–4 : Waarskuwende stelling (ἴσθι τοι): die digter het wél σοφία as ruiter.
 C 5–6 : Opsomming (νῦν δέ): die merrie/meisie is nou vry omdat niemand haar nog getem het nie.

Die 'strofes' word gebind met skakels: σοφόν — καλῶς ... δρόμου (1–2 en 3–4); antitese: perd wat hardloop teenoor perd wat wei (3–4 en 5–6).

4. INTERPRETASIE

Die tema van die gedig is die digter se tergende, amper uitdagende vlerksleep by 'n Thrakiese *hetaira* tydens 'n *sumposion*. Die toon is lig en speels en die gedig is geen betuiging van driftige, romantiese liefde nie (Bowra, *GLP* 271–272 se vertolking). Die merrievul uit Thrakië is geen onskuldige, skugter meisie nie. Die digter ontbloot met fyn ironie haar regte persoonlikheid: sy veins onskuld en skugterheid, maar in werklikheid verkeer sy in die weivelde van Aphrodite (simbolies vir seksuele ervaring) net soos Erotimê van fr.1P; en παίζεις (5) is geen onskuldige spel nie, maar eksplisiet eroties (vgl. fr.12 en 13P).

Die metafoor van die merrievul word met groot vernuf (die digter se σοφία is nie beperk tot die erotiese nie!) gehanteer: die implikasies word volledig uitgewerk: hardnekkige merrievul, kundige ruiter wat sy slag wil wys — die ambivalensie is duidelik en eksplisiet, maar tog delikaat en elegant. Die taal is eenvoudig en direk, met ironiese epiiese klanke; en die woorde pas natuurlik en maklik in die versmaat en strofiese bou. Die geheel beweeg lig, soos die merrie self (κοῦφα τε σκιρτῶσα παίζεις, 5). Anakreon se gesofistikeerde taalgebruik en vermoë om gedagte en gevoel, inhoud en vorm in sulke eenvoudige taal te kristalliseer word goed in hierdie gedig geïllustreer.

LITERATUUR

- Bowra, *GLP* 271–272.
 Campbell, *GLP* 328–329.
 Degani-Burzacchini 269–271.
 Fränkel, *EGP* 295–296.
 Gerber, *Euterpe* 236–237.
 Harvey, *CQ* 7 (1957) 211–213.
 Kirkwood 162–163.
 Murgatroyd, *Akroterion* 23.4 (1978) 15–16.
 Perrotta-Gentili 268–271.
 Smyth, *GMP* 297–298.
 Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 117–120.

7. *Simonides van Keos*

7.1 LEWE EN WERK

Simonides van die eiland Keos het in sy lang lewe (c. 556–468) veral in die volgende genres roem behaal: *epinikia* of oorwinningsliedere ter ere van pryswenner in panhelleense spele, bv. vir lede van die koningshuis van die Skopadai in Thessalië aan wie se hof hy 'n tyd lank vertoef het; *thrēnoi* of rouliedere oor gestorwenes, o.a. oor die gevalenes te Thermopulai in die Persiese oorloë (fr.26P, 5D, 21E); *elegieë*, o.a. oor die slag van Plataia (vgl. fr.27P); kort *drinkliedere*; en *kultusliedere* of himnes aan die gode. Wat laasgenoemde betref het Simonides ook 'n groot aantal *ditirambes* geskryf waarmee hy ses-en-vyftig oorwinnings behaal het, deels waarskynlik toe hy gas aan die hof van Hipparchos in Athene was.

Die digter se verbondenheid aan die familie van die Peisistratidai blyk uit die grafskrif wat hy vir Archedikê, dogter van Hippias, geskryf het en waarin hy getuig dat sy, 'dogter, vrou, suster en moeder van tiranne nie haar hart tot aanmatiging verhef het nie' (fr.85D, 139E). In c. 514 het hy na Thessalië verhuis, maar teen die tyd van die slag van Marathon in 490 was hy terug in Athene waar hy veel oor die Persiese oorloë gedig het.

Simonides se fragmente is vol van die leer van menslike swakheid en die verbygaande aard van die menslike lewe. In 'n loflied aan Skopas, seun van Kreon die Thessaliër, sluit hy daarby aan en stel hy dit baie nugter dat die mens nie die ideaal van (adellike) deug kan bereik nie omdat alles van sy goeie of slegte lot en van God afhang; hy is tevrede met die mens wat, alhoewel nie goed nie, nie buitensporig sleg is nie; een wat gesond (van gees) is en Dikê ken, 'Geregtigheid wat vir die staat profytlik is' (fr.37P, 4D, 19E, reël 24).

Sy laaste jare het Simonides in Sicilië deurgebring as gas van die tiran Hierôn van Sirakuse, en het hy ook die vrede tussen hom en Therôn van Akragas herstel. In 468 is hy oorlede en is hy te Akragas begrawe.

Ten spyte van sy nugterheid (bv. oor die verganklikheid van die mens en die kortheid van die menslike lewe), is Simonides tog 'n gevoelvoller digter met 'n fyn aanvoeling vir die menslike lot, soos veral blyk uit die pragtige Danaë-fragment (38P, 13D, 27E), waarin die verbanne moeder haar slapende suigelingseuntjie Perseus in 'n storm op see aanspreek en Zeus om uitkoms vra. Die waarde wat Simonides aan deemoed en aan geregtigheid toeken blyk uit die twee slotverse van die fragment aan Zeus: 'en indien daar enige stoutmoedige of onregverdige woord in my bede is, vergewe my'.

Die outeurskap van veel wat aan Simonides toegeskryf word, is onseker, maar die fragmente waarna bo verwys word kan as outentiek beskou word.

TESTIMONIA

Edmonds, *Lyra Graeca* vol. II, 246–278.

LITERATUUR

Bowra, *GLP* 308–372.

Campbell, *GLP* 377–382.

Fränkel, *EGP* 303–324.

Gerber, *Euterpe* 309–311.

Kegel, *Simonides* 1–5.

Lesky 184–190.

(CAvR)

7.2 FRAGMENTE VAN SIMONIDES

(a) Fr.26P (5D, 21E)

Vir die gesneuweldes by Thermopulai

Τῶν ἐν Θερμοπύλαις θανόντων
 εὐκλεῆς μὲν ἅ τύχα, καλὸς δ' ὁ πότμος,
 βωμὸς δ' ὁ τάφος, πρὸ γόνων¹ δὲ μνάσσις, ὁ δ' οἶκτος² ἔπαινος·
 ἐντάφιον δὲ τοιοῦτον οὐτ' εὐρὺς³
 οὐθ' ὁ πανδαμάτωρ ἀμαυρώσει χρόνος.
 ἀνδρῶν ἀγαθῶν ὅδε σηκὸς οἰκέταν⁴ εὐδοξίαν
 Ἑλλάδος εἴλετο·⁵ μαρτυρεῖ δὲ καὶ⁶ Λεωνίδας,
 Σπάρτας⁷ βασιλεύς, ἀρετᾶς μέγαν λελοιπῶς⁸
 κόσμον ἀέναόν τε κλέος.

5

BRON

Diodorus Siculus 11,11,6.

1. VERSMAAT

Die strofe is waarskynlik in die sogenaamde daktilo-epitritiese ritme geskryf. Hierdie koorliriese versskema word hoofsaaklik opgebou uit halwe daktiliese heksameters, die sogenaamde *hemiepes* ('manlik': —υ—υ—υ— of 'vroulik': —υ—υ—υ—υ), saam met jambiese of trogeïese kombinasies, die sogenaamde epitritie, eintlik dubbeljambes (υ—υ—) of dubbeltrogeë (—υ—), verbind.

Vir hierdie ingewikkelde verskombinasies het Paul Maas (*Greek Metre* 40–41) 'n gerieflike notasiestelsel voorgestel: aan die *hemiepes* is die letter D, aan die *creticus* (—υ—) e, en aan die kombinasie van twee *cretici* wat met 'n *syllaba anceps* verbind is (—υ—x—υ—), E toegeken. Sien verder Snell, *Griech. Metrik* 41–43; Raven, *Greek Metre* 52–53; Dale, *CQ* 44,1950,143 e.v. (= *Collected Papers* 53 e.v.).

1. Eichstädt (1797) Ilgen (1798): προγόνων Diod. codd.: πρὸ χοῶν Hermann

2. Jacobs: οἶκος Diod. codd.: οἶκος Edmonds

3. Diod. codd.: οὐτ' del. Bergk: οὐτ' ἂν εὐρὺς ... ἀμαυρώσαι Page: οὐ τις West

4. Schneidewin: οἰκέταν Diod. codd.: οἰκητάν Hermann: οἰκέτην Thiersch: οἰκοῦν τὰν Har-
tung: οἰκείαν Kegel

5. Hermann: εἴλατο Diod. codd.

6. Arsenius: om. Diod. codd.

7. Bergk: ὁ Σπάρτας Diod. codd.

8. Diod. codd.: λιπὼν Arsenius

Dat die versskema κατ' ἐνόπλιον eerder as daktilies in sy wese is, is die mening van bv. Gentili, *La metrica dei Greci* 105–129 (vgl. ook Wilamowitz, *Griech. Verskunst* 339–340; Snell, *Griech. Metrik* 31 n.1). Hiervolgens is die *hemiepes* en sy uitbreidings, die *enoplion* (x—υ—υ—υ—x) en die *prosodiacum* (x—υ—υ—υ—) die basiese elemente.

As ons die twee notasiestelsels gebruik (en ons moet onthou dat Maas se stelsel net vir die gerief bedoel is), lyk die ritmiese struktuur van die strofe soos volg:

reël 1	— — — υ — υ — —	(— — — υ υ e—)
	hipponacteum	
2	— υ — υ — υ — υ — —	(E υ e—)
	3 ditrochaei (= epitriete)	
3	— — υ — υ — υ — — — υ — υ — υ — —	(— D — D —)
	enoplion + prosodiacum	
4	— υ — υ — υ — υ — — —	(D υ — — —)
	manlike hemiepes + diiambus (= epitriete)	
5	— υ — υ — υ — υ — — — υ —	(e υ υ E)
	hipponacteum + creticus	
6	— — υ — υ — υ — υ — υ — — — υ —	(— D υ E)
	prosodiacum + 2 diiambi (= epitriete)	
7	— υ — υ — υ — υ — υ — υ — υ —	(D υ E)
	manlike hemiepes + 2 diiambi	
8	— — υ — υ — υ — υ — υ — —	(— D υ e—)
	prosodiacum + reizianum	
9	— υ — υ — υ — υ —	(— υ D)
	troch. + manlike hemiepes	

Dale, *CQ* 1,1951, 21, 119 e.v. (= *Collected Papers* 81 e.v.) gebruik 'n eie stelsel wat gebaseer is op eenhede van 'n enkel-kort (—υ— = s) en dubbel-kort (—υυ— = d). Ander (bv. Campbell, *GLP* 90, 384) sien in die strofe 'n aioliese ritme, waarvan die *choriambus* (—υυ—) die kern is. Gerber, *Euterpe* 314 beskou albei, daktilo-epitrities en aiolies, as moontlik. Maar sien Dale, *CQ* 1,1951,20 e.v. (= *Collected Papers* 61–62).

LW Daar is *correptio* (verkorting) in τοῖούτων (4).

2. KOMMENTAAR

- 1 τῶν ... θανόντων: besitlik. Vertaal: 'aan ... behoort'. West, *CR* 17, 1967,133 en *CQ* 20,1970,210, het probeer aantoon dat die eerste reël deel van Diodoros se parafrasering van Simonides se gedig is en dus suiwer prosa is. Hierteen het Page, *CR* 21,1971,317–318, betoog

dat die reël funksioneel en metries is; en Lloyd-Jones, *CR* 24,1974,1, het daarop gewys dat 'n mens in prosa eerder ἀποθανόντων as θανόντων (soos hier) sou verwag.

2 τύχα: 'kans', '(goeie) geluk'.

πότμος: die μέν en δ' onderskei τύχα, die kans wat die gesneuweldes by Thermopulai te beurt geval het om roem (κλέος, 9) te verwerf, en πότμος, hulle 'lot' of 'dood'; so Smyth 308; Campbell, *GLP* 384; Gerber, *Euterpe* 316. Degani-Burzacchini 319 suggereer 'n kontras tussen εὐτυχία en ἀτυχία.

3 βωμὸς ... ἔπαινος: die s.nwe sonder die lidwoord is deel van die predikaat; dus: 'hulle graf (τάφος) is 'n altaar (βωμός), ... die bejammering (οἶκτος) is lofprysing (ἔπαινος)'. Die probleem is egter of die woorde letterlik of figuurlik geneem moet word. Bowra, *CPh* 28,1933,277 e.v. en *GLP* 347, vertolk die reël letterlik: waar die seremonie plaasvind (by 'n heiligdom, σηκός, êrens in Sparta) is 'n opgerigte altaar, terwyl hulle graf by Thermopulai is; en i.p.v. bejammering het hulle lof. Ander (veral Podlecki) verkies 'n metaforiese interpretasie: die graf is (sal wees) soos 'n altaar, die bejammering gaan oor tot (word) lof. Hermann se χοῶν (skinkbekers) en Edmonds se οἶνος (plengwyn) probeer om konkrete rituele voorwerpe met die abstraksies te verbind: i.p.v. die gebruiklike skinkbekers het hulle nagedagtenis, i.p.v. die plengwyn het hulle lof. Paleografies is daar egter geen ondersteuning vir hierdie lesings nie, en die denke is geforseerd.

πρὸ γόων: 'in stede van trane (weeklae)'; hierdie gebruik van πρὸ in die sin van ἀντί kom nêrens in bestaande Grieks voor nie.

4–5 ἐντάφιον ... εὐρώς: Page, West en ander verander die teks van die manuskripte onnodiglik om by hulle versskemas aan te pas.

4 ἐντάφιον: hier vir die eerste keer in oorgelewerde Grieks. Die woord word verskillend vertolk: 'begrafnisoffer' of 'begrafnisrite' (Bowra), 'begrafnisgeskenk' (Kegel), 'grafmonument' (Fränkel), 'begrafnisornament' (Gentili) en 'doodskleed' (LSJ s.v. II,1; Podlecki, Gerber, Degani-Burzacchini). Vir laasgenoemde betekenis het ons goeie parallele in Isokrates 6,45: καλὸν ἐστὶν ἐντάφιον ἢ τυραννίς, en Polubios 15,10,3: οἱ μὲν ἀποθανόντες εὐγενῶς ἐν τῇ μάχῃ κάλλιστον ἐντάφιον ἔξουσιν τὸν ὑπὲρ τῆς πατρίδος θάνατον. Die keuse is weer tussen 'n letterlike en 'n figuurlike interpretasie: 'n werklike voorwerp wat in die ritueel gebruik is, of 'n metafoor wat die digter se siening of visie versinnebeeld.

5 πανδαμάτωρ: 'allesoorheersend'. Bakchulides 13,205 gebruik dit ook in verband met tyd, Homeros, *Il.* 24,5 en *Od.* 9,373 in verband met slaap.

6 σῆκος: die graf eerder as die hele heiligdom (Bowra). Sommige verkies 'n letterlike betekenis (bv. Page), ander 'n figuurlike (bv. Podlecki, West).

οἰκέταν: Schneidewin se korreksie van die manuskriplezing lyk heeltemal aanvaarbaar. Die 'lastigheid' dat 'n manlike s.nw. οἰκέτης (i.p.v. die vroulike οἰκέτις, -ιδος) predikatief by die vroulike εὐδοξία gevoeg word, het aanleiding tot verskeie emendasies gegee. Die kombinasie is egter nie ongewoon indien οἰκέταν figuurlik geneem word nie. Bowra verkies weer die letterlike betekenis, en neem οἰκέτης as 'n tegniese term in die religieuse sin van 'huishoudelike gees'. Die meerderheid (o.a. Wilamowitz, Smyth, Fränkel, Kegel, Campbell) vertaal die woord met 'as bewoner', terwyl ander (bv. Podlecki, Gerber, West) dit metafores vertolk as 'as bewaarder' of 'as dienaar' wat die σῆκος oppas, en nog ander (LSJ, Marzullo) dit eenvoudig neem as 'as slaaf'. Dit is moeilik om te sien hoe die graf (σῆκος) die roem van Griekeland (εὐδοξίαν 'Ελλάδος) as sy 'slaaf', of 'dienaar', of 'bewaarder' of 'huishoudelike (d.w.s. inwonende) gees' kan neem: hy neem dit wel as 'inwoner' of 'bewoner'.

7 'Ελλάδος: subjektiewe genitief (die eer wat Griekeland vir die gesneuweldes koester) of objektiewe genitief (die agting wat ander volkere vir Griekeland het).

μαρτυρεῖ ... καὶ Λεωνίδας: 'hiervoor getuig ook Leonidas', d.w.s. die roem wat Leonidas agtergelaat het (let op sy titel en prestasie, 8–9), bewys die waarheid van die voorafgaande.

9 ἀεναόν τε κλέος: let op die klimaks.

3. STRUKTUUR

Die fragmentariese aard van die reëls soos oorgelewer en selfs die onsekerheid oor die egtheid van die eerste reël inhibeer enige konklusies oor die struktuur van die fragment. Tog kan daar in die gedagtepatroon en in die woordgebruik aanduidings van balansering, parallelisme, kontrastering en 'n opbou tot 'n fokus en klimaks bemerk word.

A 1–3 Belonings vir dapperheid: positiewe stellings

B 4–5 Onverganklikheid van die monument: negatiewe stellings

C 6–9 Belonings van Griekeland en Leonidas: positiewe stellings.

Daar is balansering in εὐκλεῆς μὲν ἅ τύχα, καλὸς δ' ὁ πότμος (sonder chiasme), en parallelisme en balansering in βωμὸς δ' ὁ τάφος, πρὸ γόνων δὲ μνᾱστίς, ὁ δ' οἶκος ἔπαινος (met variasie in die tweede lid, en chiasme tussen die eerste en derde lid). Daar is 'n stygende intensiteit in die toenemende lengte van die eerste drie reëls met 'n klimaks op ἔπαινος (die sg. 'Gesetz der wachsenden Glieder'; sien ook by fr.38P, Interpretasie). Die geheel toon verder 'n toenemende fokalisering vanaf die algemene τῶν ... θανόντων (1), deur ἐντάφιον ... τοιοῦτον (4), ἀνδρῶν ἀγαθῶν (6) en ὅδε σηκός (6) tot εὐδοξίαν/Ἑλλάδος (6–7) en Λεωνίδας (7). 'n Tweede klimaks word opgebou in Leonidas se prestasies: Σπάρτας βασιλεὺς, ἀρετᾶς μέγαν λελοιπῶς/κόσμον ἀέναόν τε κλέος. 'n Soort ring-komposisie word bewerkstelling met εὐκλεῆς ... ἅ τύχα en ἀέναον ... κλέος (2 en 9).

4. INTERPRETASIE

4.1 Die aard en funksie van hierdie fragment is problematies. Diodoros, wat die reëls aanhaal, noem dit 'n ἐγκώμιον, maar gee geen verdere besonderhede nie. Die fragment is dan ook as 'n deel van 'n loflied beskou (Schneidewin). Dit lyk egter of Diodoros die woord ἐγκώμιον as 'n algemene eerder as 'n tegniese term vir die bepaalde digsoort gebruik.

Daar is in die reëls self geen verwysing na enige bepaalde geleentheid nie. Net die vereerde persone (τῶν ἐν Θερμοπύλαις θανόντων, 1; ἀνδρῶν ἀγαθῶν, 6; Λεωνίδας, 7) en die monument (τάφος, 3; ἐντάφιον ... τοιοῦτον, 4; ὅδε σηκός, 6) sou daarvoor betrek kon word — en selfs hieroor is daar onsekerheid (sien die Kommentaar). Hierdie gebrek aan besonderhede het groot verskil van mening tot gevolg gehad. Die reëls sou deel wees van 'n gedig oor die seeslag van Artemision (Bergk); of van 'n σκόλιον, 'drinklied' (Bernhardy); of van 'n oergrafinskripsie (Diels); of 'n θρῆνος, 'klaaglied' (Smyth, Page, Harvey, Werner, e.a.); of gedeeltelik 'n θρῆνος en gedeeltelik 'n ἐγκώμιον (Lesky); of iets tussen 'n formele ἐπινίκιον en 'n informele σκόλιον (Podlecki); of behorende tot geen bepaalde genre nie (Kegel). Sien verder Degani-Burzacchini 316–317.

Ook die plek waar die seremonie plaasgevind het, word gedebateer. Was dit by Thermopulai self of in Sparta of net 'n verbeeldingsvlug? Bowra het betoog dat die blote feit dat die digter ἐν Θερμοπύλαις (1) sê, beteken dat die seremonie elders was, nl. in Sparta. Hy meen dus dat die oorspronklike gedig 'n himne was wat gesing is tydens 'n seremonie rondom 'n heldekultus in Sparta. Hierteenoor argumenteer Podlecki dat die gedig in die meer private milieu van die *sumposion* in Sparta voorgedra is, weg van enige formele, openbare seremonie. Die heldegraf,

bewaker van Griekeland se roem (reëls 4–7), is dus metafores, en die gedig vergelykbaar met Turtaios se oorlogsverse wat op die slagveld en in die menasies gesing is.

Hierdie verskeidenheid van menings oor net nege versreëls is 'n simptoem van gebrekkige gegewens, en behoort ons tot versigtigheid te maan. Ons kan egter saam met Page aanvaar dat daar 'n werklike grafmonument by Thermopulai was wat vir die gesneuwelde helde opgerig is, en dat 'n werklike seremonie daar of elders ter sprake is (vgl. ook Wilamowitz, Kegel). Dit sou heeltemal inpas by die wese van die koorlied (sien die Versmaat) as geleentheidsvers, én by die Grieke se konkrete denke in die vroeë tyd. Daarby is daar in die teks 'n spelling, selfs 'n spanning tussen konkreet en abstrak wat sal verdwyn indien 'n mens al die konkrete verwysings as metafores beskou.

4.2 Dié kort fragment se segging en beelding is verrassend. Simonides se vermoë om gevoel en stemming in 'n paar woorde te laai, was al in antieke tye bekend (vgl. bv. die *Vita Aeschyli*; Dion. Halic. *Vet. Script.* 420 Reiske; Quintil. 10,1,64 = Edmonds, *Lyra Graeca* II,250, 270–272), en kan hier en in fr.38P oor Danaë duidelik gesien word. Dis nie verniet dat Weber die Thermopulai-fragment 'eines der kostbarsten Stücke älteren Lyrik überhaupt' (473) genoem het nie. Daar is 'n edelheid van styl en sentiment, 'n mengsel van eenvoud en tegniese vaardigheid (sien onder Struktuur), en in plaas van weemoed en smart, 'n stygende gevoel van berusting, trots en dankbaarheid. Daar is 'n wisseling van letterlike en figuurlike segging, waar werklikheid as 't ware gesublimeer word: τάφος tot βωμός, γόοι tot μνάστις, οἶκτος tot ἔπαινος, 'n ἐντάφιον wat nie vergaan nie, en 'n σῆκος wat deur Griekse roem soos 'n inwoner of bewoner ingeneem word; en, uiteindelik, Leonidas, koning van Sparta, wat met sy verkreë ἀρεταί en ewige κλέος van alles getuig.

LITERATUUR

- Bowra, *CPh* 28 (1933) 277–281.
- Bowra, *GLP* 345–349.
- Campbell, *GLP* 383–384.
- Campbell, *Golden Lyre* 178–179.
- Dale, *CQ* 44 (1950) 138–148.
- Dale, *CQ* n.s. 1 (1951) 20 e.v.
- Dale, *CQ* n.s. 1 (1951) 119 e.v.
- Dale, *Collected Papers* 53 e.v., 61–62, 81.
- Degani-Burzacchini 316–322.
- Fränkel, *EGP* 319–320.
- Gentili, *Metrica* 105–129.
- Gerber, *Euterpe* 314–317.
- Harvey, *CQ* 5 (1955) 163.

- Kegel, *Simonides* 28–37, 50–51, 88.
 Lloyd-Jones, *CR* 24 (1974) 1.
 Page, *CR* 21 (1971) 317–318.
 Podlecki, *Historia* 17 (1968) 258–262.
 Smyth, *GM* lxxix, 308–309.
 Weber, *PhW* 47 (1927) 473–478.
 West, *CR* 1 (1967) 133.
 West, *CQ* 20 (1970) 210.

(WJH)

(b) Fr.38P (13D, 27E)

Danaë se angs ter see

ὄτε λάρνακι
 ἐν δαιδαλέᾳ
 ἄνεμός τέ μιν¹ πνέων
 κινηθείσά τε² λίμνα δείματι³
 ἔρειπεν,⁴ οὐκ⁵ ἀδιάντοισι⁶ παρειαῖς
 ἀμφί τε Περσεῖ βάλε(ν)⁷ φίλαν χέρα εἴ-
 πεν τ' ὦ τέκος,⁸
 οἷον ἔχω πόνον·
 σὺ δ' ἄωτεῖς,¹⁰ γαλαθηνῶ¹¹ δ' ἡθεῖ¹² κνωῶσ-

5

1. Schneidewin: τε μὴν Dion. codd. PM: τ' ἐμῇ Dion. cod. V: βρέμη Stephanus: βρέμεν Schaefer Mehlhorn: βρέμει Boissonade: βρέμοι Hermann: τε λίην Ahrens: πέσεν (στένεν) Schneidewin: ἔστανεν Davison: τ' ἐφόρει μιν Bergk: τ' ἔχε μιν Buchholz-Sitzler: τέμπε Smyth: τ' ἐμάνη Nietzsche: τε μέμνηνε Page
2. Brunck: δὲ Dion. codd.
3. Dion. cod. V: δεῖματι Dion. cod. P: δέμα Dion. cod. M: δειμά τ' Wilamowitz: δειμάτι τ' Hiller-Crusius: δειματοῖ ἢ ῥ' Garrod
4. Dion. codd. MV: ἔριπεν Dion. cod. P: ἔριπε Guelferbytanus: ἤριπεν Brunck: ἤριπον Schneidewin: (δείμα) παρίσχευ Ahrens: (δείματι) ῥίπτειν Volckmar: (δείμα) προσείριπε (ποθείριπε) Bergk: (δείματι) τε ῥέπειν Edmonds: (δείματι) φρίττει Usener-Radermacher: (δείμα τ') ἔρειπέ μιν Page
5. Thiersch: οὐτ' Dion. cod. P: οὐτ' Dion. codd. MV: οὐδ' Brunck: οὐ τ' Diehl
6. Brunck: ἀδιάν τοῖσι Dion. cod. P: ἀδιάν ταῖσι Dion. cod. V: ἀδειαντήσι Dion. cod. M: ἀδιαντήσι Guelferbytanus
7. Diehl: βάλε Dion. cod. M Guelferbytanus manus prima: βάλλε Dion. codd. PV
8. Athenaeus Guelferbytanus: τέκνον Dion. codd.
9. Athenaeus: οὐδ' Dion. codd.
10. Casaubon: ανταῖς Dion. codd. PV: αὐταῖς Dion. cod. M: αὐτε εἰς Athenaeus: ἄωρεῖς Schneidewin: αὐτως Mehlhorn: αὐ τῶς Hermann: αὐτ' αἰεῖς Volckmar: οὐκ αἰεῖς Koch: (οὐδ') ἀνιῶ σε Usener-Radermacher
11. Athenaeus: ἐγαλαθηνῶει Dion. codd. PV: ἀγαλαθηνῶδει ... Dion. cod. M
12. Bergk: θει Dion. codd. PV: ἡτορι Athenaeus: τ' ἡτορι Casaubon: στήθει Schneidewin

- σεις¹³ ἐν ἀτερπεῖ δούρατι¹⁴
 χαλκεογόμφῳ¹⁵ νυκτί (τ' ἀ)λαμπεῖ¹⁶
 κυανέῳ τε δνόφῳ¹⁷ ταθείς.¹⁸ 10
 ἄλμαν¹⁹ δ' ὑπερθεν τεᾶν κομᾶν βαθεῖαν
 παριόντος κύματος οὐκ
 ἁλέγεις οὐδ' ἀνέμου φθόγ-
 γον πορφυρέα κείμενος ἐν
 χλανίδι καλὸν πρόσωπον.²⁰
 εἰ δέ τοι δεινὸν τό γε δεινὸν ἦν,²¹
 καί κεν ἐμῶν ῥημάτων λεπ-
 τὸν²² ὑπεῖχες οὐαῖς.
 κέλομαι δ' εὖδε, βρέφος, εὐδέτω δὲ πόντος, 15
 εὐδέτω (δ')²³ ἄμετρον κακόν
 μεταβουλία²⁴ δέ τις φανείη,
 Ζεῦ πάτερ, ἐκ σέο.
 ὅτι δῆ²⁵ θαρσαλέον ἔπος εὐχομαι κ(αἰ)
 νόσφι δίκας,²⁶ σύγγνωθί μοι.

BRON

Dionusios van Halikarnassos, *De Comp. Verb.* 26; Athenaios 9,396e.

13. Dion. codd. PV: κνώσσεις Dion. cod. M Athenaeus
 14. Guelferbytanus: δούνατι Dion. codd. PM: δούναντι Dion. cod. V
 15. Thiersch Schneidewin: χαλκεογόμφῳ δε Dion. codd.: χαλκεογόμφῳ δὲ Nietzsche Wilamowitz: τε Schaefer: (τῷ)δε Page
 16. Bergk: νυκτι λαμπεῖ Dion. codd.: νυκτιλαμπεῖ Ursinus: νυκτι λάμπει(ς) Nietzsche Wilamowitz: νυκτι (ἀ)λαμπεῖ Ilgen: νυκτιπλανῆς Kegel: νυκτιπλανεῖ Marzullo: νυκτι δὲ λάμπη Pavese
 17. κυανέῳ τε δνόφῳ Dion. codd. PM: κυαναίῳ Dion. cod. V: κυαναίῳ Guelferbytanus: τε om. Page
 18. Schneidewin: ταδ' εἰς Dion. codd.: ταυνοθεῖς (σταλείς, καλυφθείς, καταλείς, ἰανθείς) Bergk: τ' ἀδείης Headlam
 19. Bergk: αὐλέαν Dion. codd. PV Guelferbytanus: αὐλαίαν Dion. cod. M: αὐαλέαν Stephanus: ἀγλαὰν Ahrens: ἄχχαν Page
 20. Dion. codd. MV: πρόσωπον καλὸν πρόσωπον Dion. cod. P: πρόσωπον καλὸν προφαίνων Ahrens: πρόσωπον καλὸν προσάπτων Volckmar: προσέχων καλὸν πρόσωπον Nietzsche: πρὸς κόλπῳ καλὸν πρόσωπον Rademacher: πρόσωπον κλίθεν (κλιθείς) προσώπῳ Bergk: καλὸν πρόσωπον Perrotta
 21. Sylburg: ἦι Dion. cod. M: ἦ Dion. cod. V
 22. Stephanus: λεπτῶν Dion. codd.
 23. Thiersch: om. Dion. codd.
 24. Guelferbytanus: μεταβουλία Dion. cod. V: ματ'βουλίου Dion. cod. M: ματ'βουλία Dion. cod. P: μεταβολία Schneidewin
 25. Dion. codd.: ὅτι δὲ Mehlhorn: ὅτι δὲ Hudson: εἰτι δὲ Schaefer
 26. Wilamowitz: ἡνοφι δίκας Dion. cod. P: ἦν οφειδίας Dion. codd. MV: κνόφι δίκας Guelferbytanus: ἦ νόσφι δίκας Victorius: τεκνόφι δίκας Stephanus: τεκνόφι δίκαν Mehlhorn: δίκῃ Schaefer: νόσφιν δίκας Bergk

1. VERSMAAT

Daar is heelwat onsekerheid oor die besonderhede van die metriese analise van die fragment wat in *prosavorm* deur Dionusios aangehaal word. Sy bedoeling was juis om te wys dat as die gedeelte in *prosavorm* weergegee word, die ritme en triadiese strofebou nie uitgeken kan word nie. Al wat hieruit vir seker blyk, is dat die oorspronklike gedig in triades (strofe, antistrofe en epode) geskryf was.

Ons volg die indeling van Perrotta-Gentili 329–331, wat op Wilamowitz, *Griechische Verskunst* 339–340 gebaseer is; kyk ook Davison, *CQ* 29, 1935, 85–95; Perrotta, *Maia* 4, 1951, 81–117; Degani-Burzacchini 322–323.

- | | | |
|--------|--|--------|
| reël 1 | — — — — — | Epode |
| | (onbepaalbaar) | |
| 2 | — — — — — | |
| | anapestiese monometrum? | |
| 3 | — — — — — | |
| | prosodiacum | |
| 4 | — — — — — — — — — | |
| | hemiasclepiadeum + diiambus | |
| 5 | — — — — — — — — — | |
| | diiambus + ioniese dimeter | |
| 6 | — — — — — — — — — — — — — — — | |
| | anaklastiese choriambiese tetrameter | |
| 7 | — — — — — | Strofe |
| | dochmius | |
| 8 | — — — — — — — — — — — — — — — | |
| | ioniese dimeter + anaklastiese choriambiese trimeter | |
| 9 | — — — — — — — — — | |
| | adonium + adonium | |
| 10 | — — — — — — — — — | |
| | adonium + diiambus | |
| 11 | — — — — — — — — — | |
| | diiambus + trogeïese dimeter | |
| 12 | — — — — — — — — — — — — — — — | |
| | ionicus + choriambus + ioniese dim. + diiambus + | |
| | — — — — — — — — — — — — — — — | |
| | choriambus + katalektiese jambiese dim. | |

- 13 —υ— — —υυ—υ—
ditrochaeus + dochmius
- 14 —υυ— —υ^(υ)— — υυ—υ— —
anaklastiese choriambiese dimeter + reizianum
- 15 υυ— — —υυ— υ—υ—υ—
ionicus + choriambus + reizianum
- 16 —υ—υ — —υ—
ditrochaeus + diiambus
- 17 υυ—υ— υ—υ— —
diiambus + reizianum
- 18 —υυ—υυ
dochmius Antistrofe
- 19 υυ— —υυ—υυ —υ^(υ)— —υυ— —^(υ)υυ—
ioniese dimeter + anaklastiese choriambiese trimeter

Vir ander analyses, sien Page, *JHS* 71,1951,138–140 (en sy teksuitgawe); Campbell, *GLP* 93. Daar is *sunizesis* in κνωύσσεις (8) en πορφυρέα (12) indien bogenoemde versskema gevolg word.

2. KOMMENTAAR

- 1 λάρνακι: 'n λάρναξ was 'n soort kis vir begrafnisdoeleindes (bv. Hom. *Il.* 24,795) of 'n soort 'ark' waarin kinders te vondeling gelê is. Vir besonderhede, kyk Smyth, *GMP* 322 by reël 1. Hier moes dit groot genoeg gewees het vir kind én moeder.
- 3 τέμιν: Schneidewin se korreksie (van die manuskripte se ongemaklike τε μήν en τ' ἐμῇ) verskaf 'n voorwerp (μιν = αὐτήν) vir die werkwoord ἔρειπεν (5). Die meeste ander voorstelle probeer 'n ander werkwoord herwin.
- 4 τε: Brunck het die oorgelewerde δ' na τε verander om met τε in die vorige reël te korreleer.
- λίμνα: = λίμνη, soos dikwels by Homeros (bv. *Il.* 24,79) en die tragici, met die betekenis 'see'.
- δείματι: die dativus modi met ἔρειπεν: 'met vrees'. 'n Lokatiewe ('in/tot vrees') of kousale ('uit/as gevolg van vrees') vertolking lyk ook moontlik, maar is minder treffend.
- 5 ἔρειπεν: die impf. van ἐρείπω is transitief, die aor. ἤρειπεν intransitief.
- οὐκ ἀδιάντοισι παρειαῖς: 'met traanbenatte wange' (dat. modi).

- 6 ἀμφί: saam met βάλεν (*tmesis*). Die aor. wat in die tekstradisie oorgelewer is en deur Diehl verbeter is, is verkieslik in die lig van εἶπεν (6).

φίλαν: die besitlike gebruik, 'haar'; maar 'liefdevolle' is in hierdie konteks moontlik. Vgl. Bakch. 3,50–51 vir 'n soortgelyke geval.

- 8 ὠτεις: in die Griekse letterkunde kom die woord elders net by Homeros voor en dan altyd met ὕπνον verbind, bv. *Il.* 10, 159 en *Od.* 10,548.

γαλαθηνῶ: blykbaar die enigste plek waar die woord oordragtelik (= 'baba-') gebruik word. Letterlik beteken dit 'suigend', soos in Simonides fr.48,2P: γαλαθηνὸν τέκος. Vertaal γαλαθηνῶ ἦθει 'met 'n suigling se uitdrukking'.

κνώσσεις: = κνώσσεις, 'n seldsame woord (*Hom. Od.* 4,809; *Pind. P.* 1,8).

δούρατι: = Atties δόρατι, 'hout', sinekdogee vir 'skip' in Pindaros, Bakchulides en die tragedieskrywers; hier vir die kis of 'ark'.

- 9 χαλκεογόμφω: kom net hier voor. Vir parallelle vorms, kyk Campbell, *GLP* 390.

νυκτί <τ' ἄ>λαμπει: 'en in liglose nag'. Bergk se emendasie (deur Ilgen geantisipeer) pas uitstekend in die konteks, en plaas ἀλαμπει op dieselfde emosionele vlak as ἀτερεϊ. Vgl. ook Bakchul. 13,175: ἀλαμπει νυκ[τός. Ander voorstelle laat die baba of die kis in die donkerte skyn — 'n minder oortuigende vertolking.

- 10 ταθείς: 'uitgestrek' (van τείνω).

- 11 τεᾶν κομᾶν: Dories vir σῶν κομῶν.

βαθειᾶν: gaan met ἄλμαν (11).

- 12 ἀλέγεις: gewoonlik met die genitief, hier met die akkusatief (ἄλμαν, φθόγγον) soos in *Hom. Il.* 16,388; *Hesiod. Op.* 251; *Pind. O.* 11,15. Bergk se emendasie word gesteun deur *Pind. N.* 4,36: βαθειᾶ ποντιὰς ἄλμα.

καλὸν πρόσωπον: akk. van betrekking ('met jou mooi gesiggie') eerder as vokatief (Bergk) of in apposisie met κείμενος (Page). Die dittografie in manuskrip P vereis dat ons ὁf één πρόσωπον moet skrap, ὁf dit met 'n dergelyke woord vervang (soos bv. Davison). Die keuse om te skrap lei tot die vraag 'watter een?', en die bepaalde keuse sal dan van die metriese keuse afhang. Die adj. kom voor die

s.nw. in Sappho fr.4,7 en Theokr. 18,26.

- 13 εἰ δέ... ἦν: onmoontlike (irrealis-) voorwaarde wat na die hede verwys.

τοί: = σοί.

γε: versterk δεινόν: 'juis'.

- 14 καί: vir καί in die apodosis, sien Denniston 308–309. Vertaal: 'dan sou jy nou jou klein oor na my woorde gewend het'.

οὔας: kom net hier i.p.v. οὓς voor, maar die verbuigde vorms word in Homeros gevind. Na analogie met ὑπακούω neem ὑπείχες οὔας hier die genitief (ἐμῶν ῥημάτων).

- 16 ἄμετρον: 'maatloos', hier vir die eerste keer.

- 17 μεταβουλία: kom net hier in naamwoordelike vorm voor. Die ww. μεταβουλεύω kom bv. in Hom. *Od.* 5,286 voor.

- 18 Ζεῦ πάτερ: 'n tradisionele formule wat egter meer krag kry omdat Zeus ook die vader van Perseus was.

σέο: = σοῦ.

- 19 ὅτι δή: redegewend, 'omdat inderdaad' (die lesing van die manuskripte), eerder as pronominaal, 'wat ook al' (Mehlhorn se voorstel wat blykbaar *metri causa* gemaak is). Danaë se gebed is 'oormoedig en verwyder van geregtigheid' omdat sy die straf vir haar rol in die 'ketting' van geërfde skuld nie kan vryspring nie (Perrotta-Gentili 334). Degani-Burzacchini 329 beskou Kegel se argument (deur Gerber, *Euterpe* 325 weergegee) as te subtiel.

κ(αί): Wilamowitz se aanvulling red die eienaardige lesing van Guelferbytanus; ἦν sou νόσφι δίκας 'n alternatief van θαρσαλέον ἔπος maak, eerder as 'n komplement; kyk Davison, Perrotta-Gentili 334; Degani-Burzacchini 329.

3. STRUKTUUR

- 3.1 Die mate van onsekerheid wat in verband met die versskema heers, maak enige afleidings oor die strofiese bou, woordplasing en spesiale effekte spekulatief.

- 3.2 Tog kan die gedagtegang van die fragment soos volg aangedui word:

A 1–6a : Situering

B 6b–19 : Monoloog:

- (a) Danaë se eie situasie (haar πόνος) (7)
- (b) Perseus se situasie (slaap) (antitese) (8–14)
- (c) Gebed (met 'n diep insnyding ná reël 16, en 'n klimaks op σύγγνωθί μοι) (15–19).

Let daarop hoe die woorde vir 'slaap', ὥπτεῖς (Casaubon se lesing) en κνωώσσεις (reëls 8 en 9) 'n weerklank vind in die driemalige εὔδε (21), εὐδέτω (22 *bis*).

Kyk verder onder die Interpretasie.

4. INTERPRETASIE

Die fragment — ons enigste voorbeeld van Simonides se verhalende styl — vertel deel van die verhaal van Danaë en haar baba-seun Perseus (waarvan Zeus die vader was): Danaë se vader Akrisios het haar en Perseus in 'n kis (ark) ter see laat plaas vanweë 'n profesie dat sy kleinseun hom sou dood (vgl. Hunger, s.v. 'Danaë').

Campbell, *GLP* 389 let daarop dat Danaë se klaaglied met twee kort antitetiese sinsdele in reëls 7 en 8 begin (οἷον ἔχω πόνον/σὺ δ' ὥπτεῖς) soos dit ook elders in Simonides voorkom (fr.15 en 26P); die styl word dan uitvoeriger met opgehoopte adjektiewe (8–9), ongewone epitheta (ἀδιάντοις, 5; γαλαθηνῶ, 8; νυκτὶ (τ' ἄ)λαμπεῖ, 9; καλὸν πρόσωπον, 12; ἄμετρον, 16), ander skaars woorde (ὥπτεῖς en κνωώσσεις, 8; μεταβουλία, 17) en *anaphora* (εὔδε ... εὐδέτω ... εὐδέτω, 15–16). Let daarby op die sg. 'Gesetz der wachsenden Glieder', met 2, dan 3, dan 4 woorde: εὔδε, βρέφος, εὐδέτω δὲ πόντος, εὐδέτω δ' ἄμετρον κακόν (15–16).

Kegel het in *Simonides* 38–45 die stylkenmerke wat die fragment so aantreklik maak, soos volg opgesom (92, 38–45 vir besonderhede): die dramatiese vorm van die direkte rede; die simpatieke wyse waarop die digter hom in die gevoelens van 'n vrou inleef; die realistiese, beeldryke styl.

Op lg. punt kan ons uitbrei deur te let op die verhewenheid en emotiewe lading van die beeldryke taal wat die digter gebruik sonder om daardeur 'n kunsmatige effek te bewerkstellig: vgl. 'op die kunstig-bewerkte kis' (1–2), 'met traanbenatte wange' (5), die 'vreugdelose boot met brons geklink' (8–9), 'in liglose nag' (9), 'in die donkerblou duister' (10), 'in jou purper mantel' (12).

Wanneer ons by die gebed kom (15–19) dan word die taal eenvoudiger maar nie minder aangrypend nie, wanneer die moeder sowel kind as natuur beveel om te slaap, haar tot 'vader Zeus' wend om uitkoms te gee,

en tegelyk by voorbaat om vergifnis vra omdat haar bede (te) stoutmoedig is.

Daar is ook 'n opvallende kontraswerking in die fragment. In teëstelling tot die gewelddadigheid van die wind en die see, en tot die opwellende emosie van die betraande moeder in die eerste gedeelte van die fragment (1–7), kry ons die uitgebreide rustige toneel van die slapende kind in die volgende deel (8–14). In die besonder beklemtoon die rus van die kind by wyse van kontras die angs van die moeder (7–8), en deur te sê wat die kind *nie* voel nie, beklemtoon die moeder wat sy wél voel (haar πόνος, 7). Let ook op die kontras tussen reëls 10 en 12. Aan die begin van die gebed (15–19) het die moeder die nodige kalmte herwin om kind, see en euwel te gebied om te slaap, d.w.s. rustig te bly of tot rus te kom, en verder om — nou self rustig — haar tot Zeus om uitkoms te wend.

Hierdie is volgens Perrotta-Gentili 329 die eerste gedig in die oorgelewerde Griekse liriese poësie waarin sentiment en kontrasterende gemoedstoestande (die teerheid en desperaatheid van die moeder; die onskuld en rustigheid van die kind; en die wreedheid van die natuur) vervat word. Die genre van die gedig is onbekend.

LITERATUUR

- Bowra, *GLP* 337–339.
 Campbell, *GLP* 93, 377–382, 389–391.
 Davison, *CQ* 29 (1935) 89–95.
 Degani-Burzacchini 322–329.
 Fränkel, *EGP* 315–316.
 Gerber, *Euterpe* 323–325.
 Kegel, *Simonides* 38–45, 92.
 Lesky 190.
 Page, *JHS* 71 (1951) 138–140.
 Perrotta, *Maia* 4 (1951) 81–117.
 Perrotta-Gentili 329–334.
 Smyth, *GLP* 320–325.

(CAvR)

8. *Bakchulides van Keos*

8.1 LEWE EN WERK

Bakchulides is gebore te Ioulis op die eiland Keos. Sy oom aan moederskant was die bekende koorlirikus Simonides, ook van Keos. Onsekerheid heers oor sowel sy geboorte- as sterftejaar. Eusebios verskaf drie datums vir sy *floruit*, te wete 467, 451 en 431, en gebruik hiervoor die woord ἐγνώριζέτο wat òf die veertigste jaar van 'n digter se lewe impliseer òf die jaar waarin hy besondere roem behaal het (Gerber, *Euterpe* 344). Die jaartal 431 kan nouliks korrek wees, omdat die eerste dateerbare ode (Ode 13) in die jaar c.485 val. Omdat Eusebios nie net vir sy *floruit* na Olimpiade 78,2 verwys nie, maar ook na Xerxes se agtiende jaar van heerskappy, stel Gerber voor dat die jaar 467 verander word na 468. In 468 het Bakchulides ook die eer ontvang om Hierôn se beroemde sege in die Olimpiese spele in 'n *epinikion* te besing, sodat die jaar 467 vir Bakchulides se *floruit* byna algemeen aanvaar word. Sy geboortedatum moes dan ongeveer in die jaar 508/7 v.C. geval het, alhoewel Severyns en andere dit op 517, en Bowra (*OCD*) dit selfs op 524 stel. Tradisie wil egter dat Pindaros die oudste van die twee was; Pindaros is in 518 gebore, sodat Bowra se datering ietwat vroeg voorkom. Odes 6 en 7 is wat die sterftejaar betref ons enigste gegewens omdat hulle die

laaste dateerbare gedigte is, en in die jaar 452 val. Enkele datums staan wel vas, en dit is dié wat in verband staan met Hierôn van Sirakuse. Ode 5 vir hierdie heerser op Sicilië val in 476, ode 4 in 470, en die reedsvermelde ode 3 in 468. Opsommenderwys kan ons sy aktiwiteit as digter tussen 490 en 452 v.C. plaas. Ten slotte weet ons ook dat hy vir 'n tydlang van Keos af verban was (Plut. *de Exilio* 14,605c).

Aanvanklik was Bakchulides slegs bekend uit enkele fragmente en verwysinge deur latere skrywers, maar in 1896 is 'n papiirus in Egipte ontdek wat 14 epinikia en 6 ditirambes bevat het. Die *editio princeps* deur F.G. Kenyon het in die volgende jaar verskyn. Sedertdien is nog 'n aantal gedigte teruggevind. Bakchulides se werke soos ons dit tans terugvind in die Teubner-uitgawe van Bruno Snell en Herwig Maehler, *Bacchylidis Carmina cum Fragmentis* (Leipzig 1970), sluit in 16 *epinikia*, 14 ditirambes, 66 fragmente en 2 epigramme. Die fragmente bevat voorbeelde van die meeste vorme van koorlied, te wete himne, *paiân*, *huporchêma*, *prosodion* en *enkomion*. Die Alexandrynse geleerdes het hom ingesluit in hulle kanon van nege lirici, en sy werke in nege boekrolle geklassifiseer: 6 boekrolle religieuse liederes en 3 boekrolle sekulêre liederes (d.w.s. wat tot mense gerig is teenoor dié wat tot gode gerig is).

Omdat hy 'n tydgenoot van Pindaros was, het studies rondom Bakchulides noodwendig uitgeloop op 'n vergelyking tussen hom en Pindaros, gewoonlik ten koste van Bakchulides. Só 'n vergelyking laat egter nie reg geskied aan die feit dat hy 'n digter in eie reg was nie, asook dat waar hy deur Pindaros oortref is in sekere gevalle, hy weer in ander gevalle Pindaros se meester was. Die uitstaande kenmerk van sy digkuns is duidelikheid van diksie en eenvoud van gedagte, terwyl hy uitgemunt het in die vertelkuns. Gerber, *Euterpe* 345 merk op: 'Pindar is a mountain torrent, Bacchylides a rippling stream; each has his own particular appeal', terwyl 'n epigram in die *Anthologia Palatina* (9,184) Pindaros aanspreek as Μουσάων ἱερὸν στόμα, en Bakchulides as λάλε Σειρήν.

TESTIMONIA

Edmonds, *Lyra Graeca* III,80–86.

LITERATUUR

Campbell, *GLP* 413–416.

Demarque 1 e.v.

Farnell 222–223.

Jebb 1–4.

Lesky 202–204.

(JHB)

8.2 GEDIG VAN BAKCHULIDES

Ode 3: Vir Hierôn van Sirakuse, wanner van die perdewedren te Olimpia, 468 v.C.

Ἀριστο[κ]άρπου Σικελίας κρέουσιν
 Δ[ά]ματρα ἰοστέφανόν τε Κούραν¹
 ὕμνῃ, γλυκύδωρε Κλεοῖ,² θοάς τ' Ὀ-
 λυμ[πιοδρόμους] Ἰέρωνος ἱππ[ο]υς.

Strofe A

σεύον]το³ γὰρ σὺν ὑπερόχῳ τε Νίκα
 σὺν Ἀγλαΐα⁴ τε παρ' εὐρυδίναν
 Ἀλφεόν, τόθι⁵ Δεινομένεος ἔθηκαν
 ὄλβιον τρέκος⁶ στεφάνων κυρῆσαι·

5 Antistrophe A

θρόνησε δὲ λ[α]δὸς ἀπείρων·⁷
 ἃ τρισευδαίμων ἀνήρ,
 ὃς παρὰ Ζηνὸς λαχὼν
 πλείσταρχον Ἑλλάνων γέρας
 οἶδε πυργωθέντα πλοῦτον μὴ μελαμ-
 φαρέϊ κρύπτειν σκότῳ.

Epode A

10

βρύει μὲν ἱερὰ βουθύτοις ἐορταῖς,
 βρύουσι φιλοξενίας⁸ ἀγνυαί·
 λάμπει δ' ὑπὸ μαρμαρυγαῖς ὁ χρυσός,
 ὑψιδαιδάτων⁹ τριπόδων σταθέντων

15 Strofe B

πάροιθε ναοῦ, τόθι μέγ[ισ]τον ἄλσος
 Φοῖβον παρὰ Κασταλίας [ῥ]εέθροις
 Δελφοὶ διέπουσι. θεὸν θε[ε]ὸν τις
 ἀγλαΐζεθῶ γὰρ ἄριστος [ὀ]λβων·¹⁰

Antistrophe B

20

1. Nonnulli: κούραν Kenyon

2. pap.: Κλεοῖ Blass

3. Kenyon: φέροντο Platt Desrousseaux: ἔντο Edmonds

4. Weil: σὺν Palmer: νίκα ... ἀγλαΐα Kenyon

5. τόθι Palmer

6. Edmonds: γόνον Kenyon

7. Blass: λαὸς Ἀχαιῶν Kenyon: ἀγασθεῖς Jebb

8. pap.: φιλοξενίας Richards

9. pap.: ὑψιδαιδάτων Blass

10. pap. manus tertia: ἄριστον ὄλβον pap.: ἀγλαΐζεται, ὁ γὰρ Blass Crusius: ἀγλαΐζεται γάρ, ἄριστον ὄλβον Kenyon: ἀγλαΐζεται παρ' ἄριστον ὄλβον Housman Richards

ἐπεὶ ποτε καὶ δαμασίπ[π]ου Λυδίας ἀρχαγέταν, εὗτε τὰν πεπρωμέναν ¹¹ Ζηνὸς τελ[ειοῦσαι ¹² κρί]σιν ¹³ Σάρδιες Περσῶ[ν ἀλίσκοντο στρ]ατῶ, ¹⁴ Κροῖσον ὁ χρυσά[ορος] ¹⁵	Epode B 25
φύλαξ' Ἀπόλλων. [ὁ δ' ἐς] ¹⁶ ἄελπτον ἄμαρ μ[ο]λῶν ¹⁷ πολυδ[άκρυο]ν ¹⁸ οὐκ ἔμελλε μῖμνεν ἔτι διουλοσύ]γαν, ¹⁹ πυρὰν δὲ χαλκ[ο]ταιχέος π[ρ]οπάροιθεν αὐ[λ]ᾶς	Strofe C 30
ναήσατ', ἔνθα σὺν ἀλόχῳ] τε κεδ[ινᾶ] ²⁰ σὺν εὐπλοκάμοις τ'] ²¹ ἐπέβαιν' ἀλκ[ιστον θ]η[γ]ατρᾶσι δυρομέναις· χέρας δ' [ἐς αἰ]πὺν αἰθέρα σ[φ]ετέρας ἀείρας ²²	Antistrofe C 35
γέ]γ[ω]νεν· " Ὑπέρ[β]ιε ²³ δαῖμον, πο]ῦ θεῶν ἐστι[ν] χάρις; πο]ῦ δὲ Λατοίδ[ας] ἄναξ; ἐρρουσ]ιν ²⁴ Ἀλυά[τ]τα δόμοι, ...] ²⁵ μυρίων ...]ν, ²⁶	Epode C 40
...]ν ²⁷ ἄστν, ἔρεύθεται αἵματι ²⁸ χρυσο]δίνας ²⁹	Strofe D

11. Kenyon

12. Kenyon: τέλεσαντος Wackernagel

13. Weil: κτίσιν Kenyon: τίσιν Sandys: τελείου νεύμασιν Blass

14. Wackernagel: ἐπορθεῦντο Housman: ἐάλωσαν Palmer: ἐπόρθηθεν Maas

15. Palmer: χρυσάγματος Kenyon

16. Jebb

17. Jebb: μολῶν pap.

18. Jebb

19. Jebb

20. Blass

21. Platt

22. Kenyon Weil

23. Blass

24. Frick: πίνουσιν Herwerden

25. τίς δὲ νῦν δώρων ἀμοιβὰ Jebb: οὐδ' ἀφικνεῖται μ' ἄποινα Edmonds: κτημάτων πάλαι βρύνοντες Blass

26. φαίνεται Πυθωνόθεν Jebb: ὦν πρόπεμψ' ἀγαλμάτων Edmonds

27. πέρθουσι Μῆδοι δοριάων Jebb: ἀλλ' αἰθεταὶ Λύδου παλαιῶν Edmonds

28. Kenyon: φοινίσσεται Blass

29. Kenyon

Πακτωλός, ἀ[ε]ικελίως γυναι[ι]κες ἐξ ἑυκτίτων μεγάρων ἄγονται·	45	
τὰ πρόσθεν ³⁰ [ἐχ]θρὰ ³¹ φίλα· θανεῖν γλύκιστον.” τόσ’ εἶπε, καὶ ἀβ[ρο]βάταν ³² κ[έλε]υσεν		Antistrophe D
ἄπτειν ξύλινον δόμον. ἔχ[λα]γον δὲ παρθένοι, φίλας τ’ ἀνὰ ματρὶ χεῖρας	50	
ἔβαλλον· ³³ ὁ γὰρ προφανῆς θνα- τοῖσιν ἔχθιστος φόνων·		Epode D
ἀλλ’ ἐπεὶ δεινοῦ π[υρ]ρὸς λαμπρὸν διὰῖσεν ³⁴ μέγος, Ζεὺς ἐπιστάσας [μελαγκευ]θὲς ³⁵ νέφος	55	
σβέννυνεν ξανθὰ[ν φλόγα]. ³⁶		
ἄπιστον οὐδέν, ὃ τι θ[ε]ῶν ³⁷ μέριμνα τεύχει· ³⁸ τότε Δαλογενή[ς] Ἀπόλλων φέρων ἐς Ὑπερβορέ[υ]ς γιέροντα σὺν τανισφύροις ³⁹ κατ[έν]ασσε κούραις	60	Strofe E
δι’ εὐσέβειαν, ὅτι μέ[γιστα] θανατῶν ἐς ἀγαθέαν (ἀν)έπεμψε ⁴⁰ Π[υθ]ῶ. ὄσφι(γ)ε ⁴¹ μὲν Ἑλλάδ’ ἔχουσιν, [ο]ὔτις, ⁴² ὦ μεγαίνητε ⁴³ Ἱέρων, θελήσει		Antistrophe E
φάμ]εν ⁴⁴ σέο ⁴⁵ πλείονα χρουσὸν Λοξί]α πέμψαι βροτῶν. ⁴⁶ εὖ λέγειν ⁴⁷ πάρεστιν, ὅσ-	65	Epode E

30. Fraccaroli: πρόσθεν δ’ pap.: πρόσθε δ’ Kenyon

31. Palmer

32. Kenyon: AB..BAΩTAN pap.: Ἀβροβάταν Palmer Jurenka

33. pap. manus prima: EBAΛΛΕΝ pap.

34. Kenyon: διᾶῖ pap.: διαῖξεν Edmonds

35. Kenyon

36. Palmer

37. Kenyon: θεοῦ Edmonds

38. pap.: τεύχη Herwerden Blass²

39. pap.: τανυσφύροις Smyth

40. Housman Blass: ἐπεμψε pap.

41. Wilamowitz Blass alii: om. pap.

42. Kenyon: οὐ τις Edmonds

43. pap.: μεγαίνετε Blass

44. Thomas

45. Palmer

46. Nairn: βροτῶ Kenyon

47. Blass: εὐλογεῖν Jurenka

τις μῆ⁴⁸ φθόνῳ πιαίνεται,⁴⁹
 θεοφιλῆ⁵⁰ φίλιππον ἄνδρ' ἀ[ρ]ήϊον
 ξεινίου⁵¹ σκάπτρ[ο]ν Διό[ς]

70

ιοπλό[κ]ων τε μέρο[ς] ἔχοντ[α] Μουσᾶν⁵² Strofe F
 ἰμαλέα ποτ[ὶ] ἐ]ων⁵³
]ιός⁵⁴ ἐφάμερον α[.....]⁵⁵
]α⁵⁶ σκοπεῖς· βραχ[ύ]ς ἐστιν αἰών⁵⁷

πτερ[ό]εσσα⁵⁸ δ' ἐλπίς ὑπ[ο]λύει ν[ό]ημα⁵⁹ Antistrofe F
 ἐφαμ[ε]ρίων⁶⁰ ὁ δ' ἄναξ Ἰ[Α]πόλλων⁶¹ 76
 ὁ βουκό[λ]ος⁶² εἶπε Φέρ[η]τος υἱί⁶³
 "θνατὸν εὔντα χρῆ διδύμους ἀέξειν

γνώμας, ὅτι τ' αὔριον ὄψεται Epode F
 μῦνον ἁλίου φάος, 80
 χῶτι πεντήκοντ' ἔτεα
 ζῶαν βαθύπλουτον τελεῖς.
 ὅσια δρῶν εὐφραίνει θυμόν· τοῦτο γὰρ
 κερδέων ὑπέρτατον."

φρονέοντι συνετὰ γαρύω· βαθὺς μὲν 85 Strofe G
 αἰθῆρ ἀμίαντος· ὕδωρ δὲ πόντου
 οὐ σάπεται· εὐφροσύνα δ' ὁ χρυσός·
 ἀνδρὶ δ' οὐ θέμις, πολὺν π[α]ρ[έ]ντα⁶⁴

48. Palmer

49. pap. manus tertia: ἰαίνεται pap.: (F)ιαίνεται Richards Schoene

50. Herwerden Jurenka: εὐθαλῆ Sandys Blass¹: εὐσταλῆ Piccolomini Platt: δαψιλῆ Ludwig

51. Naïrn: τεθμίου (δαμίου) Blass: ὀλβίου Jurenka

52. Blass

53. ὅς δειμαλέα ποτὶ χειρὶ θύνων Blass: ὅς ῥωμαλέα ... νομῶν Schwartz: ὡς δ' ἐν Μαλέα ποτέ, χεῖμα δαίμων Jebb: χειρὶ δηῶν Edmonds

54. γεραῖος (χαλάνος) Blass: αἰῶνος Schwartz: ἐπ' ἔθνος Jebb: γηραιὸς Edmonds

55. αὐτίς ὄλβον Edmonds: ἄδοναν Blass: αἰσαν αἰέν Schwartz: αἰψ' ἴησι Jebb: αὐτε τέρψιν Blass

56. ἀσυχᾶ Edmonds: φιλόνορα (ἄσυχᾶ) Blass: ἀσφαλέα Schwartz: καίρια Jebb: καίρια σκόπει(ς) Lloyd-Jones: σκόπει Peek

57. Snell: βραχὺς ἄμυν Jebb: βραχὺν εὔντα εἰδώς Edmonds: βραχὺ γὰρ τό τερπνόν Fränkel

58. Fränkel: δολόεσσα Wilamowitz: τολμάεσσα Edmonds

59. Snell: ὑποφέρει μερίμνας Wilamowitz: ὑπὸ κέαρ δέδυκεν Jebb: ὑπὸ φρένεσσιν ἀνδρῶν Edmonds

60. Jebb: ἐπαμερίων Sandys

61. Kenyon: ἀναξίχρημος Edmonds

62. Kenyon: ἐκαβόλος Jebb: Ἐκαβόλος Edmonds: ἐὼν φίλος Blass: τοιονδ' ἔπος Wilamowitz: τοιούτ' ἔπος Jurenka

63. Platt Wackernagel: υἱί Wilamowitz

64. Jebb

γῆρας, θάλ[εια]ν αὖτις ἀγκομίσσαι ἦβαν. ἀρετᾶ[ς γε μὲν οὐ μινύνη ⁶⁵ βροτῶν ἅμα σ[ώμ]ατι ⁶⁶ φέγγος, ἀλλὰ Μοῦσά νιν τρέφει.] Ἰέρων, σὺ δ' ὄλβου	Antistrofe G 90
κάλλιστ' ἐπεδ[εῖξ]αο θνατοῖς ἄνθεα· πράξα[ντι] δ' εὖ οὐ φέρει κόσμ[ον] σι[ω]- πά· σὺν δ' ἀλαθ[εῖα] καλῶν ⁶⁷ καὶ μελιγλώσσου τις ὑμνήσει χάριν Κητίας ἀηδόνος.	Epode G 95

BRON

Brit. Museum-papirus DCCXXXIII (1ste eeu v.C.).

1. VERSMAAT

- (a) In die *strofes* (d.w.s. strofe en antistrofe) vertoon die gedig 'n *jambiese* en *aioliese* metrum met die volgende skema:

x— <u>υ</u> <u>υ</u> <u>υ</u> x <u>υ</u> <u>υ</u> υ— υ— — ^	jambiese trimeter (katalekties)
x— <u>υ</u> <u>υ</u> — <u>υ</u> <u>υ</u> — <u>υ</u> —	hendekasillabe
x— <u>υ</u> <u>υ</u> — <u>υ</u> <u>υ</u> — <u>υ</u> — <u>υ</u>	hendekasillabe
— <u>υ</u> — <u>υ</u> — <u>υ</u> <u>υ</u> — <u>υ</u> —	Sapphiese hendekasillabe.

- (b) Die *epodes* bestaan uit *daktilo-epitriete* met basisse —υυ—υυ— (D), —υ—x—υ— (E), en —υ— (e):

<u>υ</u> — <u>υ</u> <u>υ</u> — <u>υ</u> <u>υ</u> —	(—D—)
enoplion	
— <u>υ</u> — <u>υ</u> — <u>υ</u> — ^	(E)
katalektiese trogeïese dimeter	
— <u>υ</u> — <u>υ</u> — <u>υ</u> — ^	(E)
katalektiese trogeïese dimeter	
— <u>υ</u> <u>υ</u> <u>υ</u> — <u>υ</u> —	(—E)
akatalektiese jambiese dimeter	
<u>υ</u> <u>υ</u> <u>υ</u> — <u>υ</u> — <u>υ</u> — <u>υ</u> — ^	(E—e)

65. Jebb (μινύθη): μινύθει pap.

66. Ingram

67. pap.: καλ(έ)ων Jurenka: κλέων Fränkel: βαλών Smyth

Alle ander aanvullings is van die *editor princeps*, Kenyon (1897).

katalektiese stesichoreum (= 3 epitriete)

— ∪ — ∪ — ∪ — ^

(E)

katalektiese trogeïese dimeter

Sien by Simonides fr.26P (p. 145).

2. KOMMENTAAR

(a) Geheelstruktuur

Koorliries bestaan die ode uit sewe triades (= strofe + antistrofe + epode). *Inhoudelik* kan dit verdeel word in vyf dele, terwyl al ses elemente van die *epinikion* in die ode voorkom. Die volgende skema dien om elk van hierdie fasette van die *epinikion* aan te dui:

Triadiese Opbou	Inhoudelike Opbou	Epinikion-elemente
strofe 1	A. Inleiding (1–22) (priamel) 1. Aanroeping van <i>Klio</i> besing: Demeter — Sicilië — perde van Hierôn (1–4)	(a) Poëtiese Invokasie ¹ (b) Lof (Vaderland en ander) (c) Naamkompleks: Sicilië en Hierôn
antistrofe 1 X ²	2. Rede: Hierôn se oorwinning met <i>perde</i> (5–8)	(b) Lof (perde)
epode 1 strofe 2 + antistrofe 2	3. Hierôn se lof (9–14) — Hierôn en Delphi (15–21a)	(b) Lof (<i>victor</i>) (toneel)
antistrofe 2	4. Gnomê = oorgangsformule (21b–22) = die hoogste seën	(d) Aforisme/Gnomê
Y epode 2 — antistrofe 5	B. Mite (23–62): Kroisos se redding vanweë vroomheid	(e) Mite
antistrofe 5 — strofe 6 strofe 6 — epode 6 Y	C. Toepassing van Mite op Hierôn (63–74a) D. Gnomiese Kompleks (74b–84) 1. kortstondigheid van die lewe 2. hoop mislei 3. Apollo se advies (a) wisseling van die lewe (b) die hoogste seën	(b) Lof (<i>victor</i>) (d) Aforisme-kompleks

Triadiese Opbou	Inhoudelike Opbou	Epinikion-elemente
strofe 7 — epode 7	E. Slot: Onsterflikheid van roem en lied (85–98) 1. gnomiese priamel (85–92) = oorgangsformule 2. illustrasie van roem en lied: (a) Hierôn + Muse (92–94) (b) gnomê: prestasie vereis 'n lied (94–95) (c) illustrasie: Hierôn se roem en Bakch. se lied 96–98	(f) Digter se taak (af- breekformule) (d) Aforisme-kompleks (b) Lof (<i>victor</i>) (b) Lof (digter se lied)

1. Benaming van elemente is dié van Hamilton.
2. X = begin; Y = middel; Z = slot (Skema van Hamilton).

2(b) Kommentaar op A. Inleiding (1–22)

- 1 ἀριστοκάρπον: 'n *hapax legomenon*; vgl. Campbell, *GLP* 417 en Maehler, *Lieder* II, 40 vir ander gevalle in Bakchulides, wat 'n voorliefde vir nuwe woordskeppinge openbaar. Die woord verwys na die bekende vrugbaarheid van Sicilië, soos ook in Pind. *O.* 1,12; 1,30; *N.* 1,14–15; fr.106,5–6; Aisch. *Pr.* 369, en staan hier as die simbool van menslike voorspoed. Lefkowitz, *Victory Ode* 126 meen dat die Homeriese *epitheton* van Demeter, te wete ἀγλαόκαρπος, hier omskep is tot 'n stelling van voortreflikheid soos ἄριστον in Pind. *O.* 1,1. Die adjektief benadruk dus so Demeter se vegetatiewe funksies. Die klemposisie daarvan aan die begin van die gedig onderstreep hierdie gedagte.

κρέουσαν: ook 'n *hapax legomenon*; vroulik van die na-epiese κρέων (= κρείων: epies).

- 2 Δάματρα ... Κούραν: Demeter en Persephone was die beskermgodinne van Sicilië, en Hierôn was die erflike priester van hierdie godinne (Hdt. 7,153). Pindaros sinspeel in fr.105 selfs op die feit dat sy naam verband hou met die heilige rites tot hulle eer: ζαθέων ἱερῶν/δμῶννυμε πάτερ.

ἰοστέφανον: = *φιοστέφανον* (vgl. *φιοβλέφαρον* in Bakch. 8,3 en *φιόπλοκον* in Bakch. 8,72). Lefkowitz 126 sien in hierdie adjektief 'n verwysing na 'the spring that leads to Demeter's harvest'.

Κούραν: ten spyte van Smyth se kommentaar ('the proper name is not attested in poetry before Euripides') skryf talle moderne edisies (insluitend dié van Snell-Maehler en Maehler) dit Κούραν en nie κούραν nie. Die dogter van Demeter word kennelik bedoel.

- 3 ὕμναι: die tradisionele poëtiese aanroeping bevat formeel 'n werkwoord in die imperatief, en die god(in), Muse, stad of abstraksie wat aangeroept word, word gevra om te 'ontvang' of te 'besing'. Ons het hier te doen met 'n tradisionele motief van Homeros. Vgl. hieroor Hamilton en Thummer, en Pind. *N.* 6,28 en *I.* 1,108–109.

γλυκύδωρε: dié soete gawes is primêr sukses in die lied vir die victor en digter respektiewelik.

Κλειοῖ: een van die nege Muses wat aanvanklik nie van mekaar onderskei is nie, en eers in latere tye elk 'n eie funksie behou het. Klio het later Muse van geskiedskrywing geword. Hier sal haar naam eerder die roem en glans (κλέος) van oorwinning na vore roep tesame met Aglaia (6) en Nikê (5); vgl. LSJ s.v. Κλειώ, en Pieper 64.

- 3–4 Ὀλυμπιοδρόμους: 'n *hapax legomenon*: dié woord lei die eerste lofmotief in. Segal, *QUCC* 22,1976,109–114 meen dit bring 'n element van beweging en energie in die statiese welvaart van die eerste reëls. In hierdie verband onderstreep θαός die gedagte van beweging.

- 4 Ἱέρωνος ἱππους: die feit dat Hierôn se naam 'uitgestel' word, verklaar Pieper soos volg: 'Bacchylides' purpose is to glorify the monarch by associating him with the divine word — Demeter, "ruler of Sicily"; Kore; and the Muse Cleio whose name means fame' (64), en Lefkowitz 126 meen die vermelding van hulle name voorop skep die indruk van 'n himne aan die godin. Daar moet egter óók in gedagte gehou word dat ons hier met 'n priameltegniek (vgl. by reël 8) te doen het net soos in Pind. *O.* 2,1–7, waardeur die voorafgaande objekte wel bepaalde beelde in die ode kan suggereer (Pieper), maar primêr dien as 'foil' (Bundy se term in sy *Studia Pindarica*) vir die eintlike klimaks-objek van die priamel. Pieper wys self daarop dat ἱππους die klimaks van die strofe vorm en die subjek is van die antistrofe. Ons sou dus eerder kon sê dat Ἱέρωνος ἱππους (4) sáam die klimaks van die strofe én die priamel vorm.

ἱππους: in hierdie tyd die belangrikste item tydens die nasionale spele, omdat dit die meeste onkoste bedra het. Dié δαπάνα-(onkos-te-)motief in die *epinikion* het saam met die πόνοϛ-(oefening-) en

φυᾶ-(aangebore talent-)motiewe 'n belangrike triniteit van ἀρετή in die spele gevorm. In hierdie verband het die lied van die digter dan ook gegeld as ἀποίνα πόνων, 'loon vir moeite'.

σεύοντο: Kenyon se voorstel, wat ook in Homeros en Pindaros van perde gebruik word (vgl. bv. Pind. *O.* 1,20; *I.* 8,61). Volgens Segal, *QUCC* 22,1976 voer dit die element van beweging verder — waarby ons ook die gebruik van εὐρυδίαν (6) in dié verband kan byvoeg; vgl. by reëls 3–4.

γάρ: vir hierdie 'Begründungs'-motief aan die begin van die eerste antistrofe, vgl. o.a. Pind. *P.* 10,7; *O.* 10,7; 4,10; 6,8: dit geld as tipiese merkwoord vir die grond of rede van die lofmotief in die aanvangsstrofe. Sien Maehler, *Lieder* II,41.

5–6 Νίκα/[... Ἀγ]λαΐα: net soos in die strofe is die fokus hier op die twee beskermgodinne van sukses en oorwinning. Pindaros koppel Aglaia spesifiek aan die glorie en glans (αἴγλη) van oorwinning (vgl. *O.* 14,13 e.v.).

6–7 εὐρυδίαν/[Ἀλφεόν]: vgl. hier Pind. *O.* 5,18: Ἀλφεὸν εὐρὺν ῥέοντα. Dit is volgens Segal, *QUCC* 22,1976,109 n.22 ontleen aan die Homeriese *epitheton* vir riviere. Dit word later opgeneem in die χρυσοδίνας van die Paktólos (44–45); vgl. kommentaar aldaar. Let op die *sunizesis* in Ἀλφεόν en Δεινομένεος. Die anaforiese σὺν ... σὺν verleen, volgens Thummer I,130, eenheid en koherensie aan die teks.

7–8 ἔθηκαν/... κυρῆσαι: 'laat behaal/verkry'. Die konstruksie met τιθέναι is nie akk. + infin. nie ('neerlê/bepaal dat iemand iets doen': LSJ s.v. τίθημι V: 'order matters so that ...'), of akk. van die voorwerp met die infin. van doel nie (vgl. Pind. *P.* 9,6–8), maar eerder in die sin van 'iemand tot iets maak' met die dubbele akk., en 'n infin. om die gevolg uit te druk (vgl. Bakchul. 1,155–158; Pind. *O.* 8,16–18; en LSJ s.v. B I 4). Sien verder Maehler, *Lieder* II, 42–43. Vertaal: 'waar hulle die gelukkige kind van Deinomenes (oorwinnaar) gemaak het om segekranse te wen' (of: 'sodat hy segekranse gewen het').

ὄλβιον τέκος: Edmonds se aanvulling is verkieslik bo dié van Kenyon (γόνον): die letter voor die gaping is eerder 'n τ of φ, maar nie 'n γ nie (sien Snell-Maehler). Vir die begrip ὄλβος by Pindaros en Bakchulides, vgl. Demarque 7–8 en 35 n.8: *ware geluk* is vir die epinikiese digter 'n *kombinasie* van *welvaart* en die *roem van edele dade* of die *aretê* waardeur die oorwinnaar vir hierdie geluk

kwalifiseer (vgl. Pind. *N.* 9,46 e.v.; Bakch. 14B en veral Bakch. 5,50 e.v. en Pind. *I.* 5,12 e.v.). Die posisie van Hierôn (Δεινομένεος .../... τέκος) aan die einde van die antistrofe is 'n tipiese vertragingsstegniek om spanning te verhoog. Vgl. Lefkowitz 126: 'Hieron is mentioned only at the end, as passive beneficiary of all this action.'

9 [ἀπειρών: vir Blass se voorstel kan Bakch. 9,30 en Hom. *Il.* 24, 776 as ondersteuning aangehaal word, terwyl Jebb vir sy emendasie (ἀγασθείς) Pind. *P.* 4,238 betrek.

10–14 Hierdie reëls is natuurlik Bakchulides se eie verduideliking van die gebeure (Kenyon, Jurenka, Fraccaroli, Fränkel, e.a.), en nie die skare se eie, werklike uitroep nie (Blass, Jebb, Wilamowitz, e.a.): die oorwinning en skare was in Olimpië, die viering en die gedig se opvoering was in Sirakuse. Sien Campbell, *GLP* 418; Maehler, *Lieder* 43.

10 ᾄ: gewoonlik in uitdrukkings van medelye of afkeur. Hierdie is die enigste voorbeeld in een van bewondering.

τρισευδαίμων: waarskynlik gevorm na analogie van die Homeriese τρίσμακαρ (*Od.* 6,154–155). Radermacher stel ᾄ τρις εὐδ[αίμων ἔφν] voor op grond van 5,35: εὐδαίμων ἔφν. Vgl. egter Pind. *P.* 10,22: εὐδαίμων ... ἀνήρ.

12 πλείσταρχον Ἑλλάνων γέρας: 'die voorreg om te heers oor die grootste getal Grieke' (in vergelyking met ander heersers) (Jebb; sien ook Maehler, *Lieder* 44). Alhoewel Πλείσταρχος as eienaam elders voorkom (Herodotos, Thukudides, inskripsies, papiri), is hierdie die enigste bestaande gebruik van die woord as byvoeglike naamwoord. Lefkowitz 127 skryf in verband met die voorreg om te heers: 'Hieron's good fortune derives not from victories in games or war but from honor given by Zeus ...'

οἶδε ... σκότῳ: Hierôn se grootheid lê tot 'n mate in die aanwending van sy rykdom ('n motief wat gereeld by Pindaros aangetref word; sien *O.* 1, 2 en 3, en Bundy 89–90). Bakchulides dui dit aan op 'n negatiewe én positiewe wyse: in reëls 13–14, aan die slot van die epode, volg eers die *negatiewe* beeld: sy rykdom, wat soos 'n toring verrys (vgl. Sol. fr.1,9–10D), weet hy om *nie te verberg* onder donkerkleedduisternis *nie*. Die π- en τ-alliterasie (vgl. ook πλείσταρχον, 12) beklemtoon die dramatiese taal van die epode se slot (Lefkowitz). Hierôn se πλοῦτος is soos 'n versterkte stad — die gevaar wat dreig kom nie van buite nie, maar van binne. Pieper wys op die

proverbiale σκότῳ κρύπτειν, en Irwin meen 'It is possible to hide wealth in darkness, probably by not using it' (199). Vgl. hier ook Pindaros se voorskrifte téén 'n πλοῦτος κρυφαῖος (I. 1,67), en vir rykdom wat gepaard gaan met ἀρετή as 'n helder ster en ware lig (O. 2,53–56). Ons moet egter in gedagte hou dat sodanige opmerkinge deur die digters gemaak is met die oog op 'n substansiële beloning! In hierdie ode staan die 'donkerkleedduisternis' in sterk kontras met die *glans* van oorwinning én die *glans* van die *goud* wat Hierôn gegee het, en waarvan Bakchulides *positief* vertel in die volgende strofe en antistrofe.

15–16 βρούει ... ἀγυιαί: die positiewe sy van die πλοῦτος-beeld is die aanwending daarvan in diens van vriende én veral gode; vgl. hiervoor Pind. N. 1,31–32, en Bakch. 1,150 en 13,224–225 wat hierdie ἀρετή van πλοῦτος omskrywe as die ryklike aanwending tot voordeel van die vriende. Die aanwending daarvan in diens van die *gode* is in hierdie ode die sentrale motief: dit word weerspieël in die mite en is ook die tema van die oorgangsformule van 21–22 en die toepassing op Hierôn (reëls 63–74a).

βρούει ... βρούουσ: hierdie herhaling is emfaties. In reël 15 volg die datief ('swel met'; vgl. Hom. Il. 17,56) en in reël 16 die genitief ('vol van'; vgl. Soph. OC 16–17). Dit is dus onnodig om met Richards die datief φιλοξενίαις te lees. βρούει word gewoonlik gebruik vir 'buds on trees or of life growing within the womb' (Lefkowitz 127), en Dumortier wys daarop dat dié beeld ontspring uit die vrugbaarheid van ἀριστοκάροπου in reël 1.

μέν: nie in 'n *epanaphora* met 'n seldsaam-verswygde δέ na βρούουσι nie (Jebb), maar met die δ' in reël 17 om die verskuiwing van toneel vanaf Sirakuse na Delphi te merk (Maehler, *Lieder* 45).

βουθύτοις: die slag van beeste dui op die welvaart van Hierôn én sy ryke gewes in diens van die gode.

17–18 λάμπει ... σταθέντων: die besteding van Hierôn se welvaart aan die gode (Apollo) vind hier sy hoogtepunt. Hierôn se skenking van dié tripode in 478 ná sy troonsbestyging, of in 474, én weer in of kort na 470 (vgl. Gentili, *Bacchilide* 72 e.v.), asook Gelôn se skenking in 479, waarskynlik om sy oorwinning oor die Karthagers te Himera in 480 te herdenk (aldus Gentili, en Jebb 452–457), is deur die Franse argeoloë in Delphi bevestig toe die basisse met die inskripsies (vgl. bv. Dittenberger, *Sill.* 334,350) daarvan aldaar gevind is. Dit was die eerste sodanige wyding van tripode sedert

dié van Kroisos (vgl. Hdt. 1,51,92; Athenaios 6,232a–b). Dié tripode met goud kan dus tereg as een van die sentrale beelde van die gedig beskou word: dit wys terug na dié van Kroisos op grond waarvan Apollo hom juis van 'n vlammedood gered het.

- 17 λάμπει: in kontras met σκότω. Maehler, *Lieder* 45 wys op die stygende effek van die reeks werkwoorde in die praes. indik. aan die begin van hulle reëls (βρῦει, βρύσουσι, λάμπει).

ὑπὸ μαρμαρυγαῖς: LSJ s.v. ὑπὸ B II 4 verklaar die datief hier as een van bygaande omstandighede (so ook Kenyon, Jebb; vgl. ook Schwyzer II, 527): 'met glansende strale'. Maehler, *Lieder* 45 en Lefkowitz 128 verkies 'n lokatiewe vertolking: 'onder die strale', d.w.s. die goud blink aan die onderkant van die hoë driepote waar hulle in die son staan. Maehler suggereer ook die moontlikheid dat die datief *instrumentalis* is, soos by Pind. I. 6,44 en O. 5,6.

χρυσός: neem die beeld van πυργωθέντα πλοῦτον (13) weer op.

- 18 ὑψιδαιδάλτων: 'n nuwe adjektief deur Bakchulides gevorm. Dit beteken iets soos 'curiously wrought to a (certain) height' (Jebb), of 'high and elaborate' (Campbell), of 'hochragendkunstvoll' (Maehler), gelyk aan ὑψηλὼν καὶ δαιδάλων. ὑψι- neem die gedagte van πυργωθέντα weer op. Vgl. die hoë driepote in die museum te Olympia.

τριπόδων σταθέντων: 'die driepote wat geplaas is (d.w.s. staan)'. Die genitief gaan met ὑπὸ μαρμαρυγαῖς (sien by reël 17) en moet as 'n relatiewe gebruik van die participium geneem word eerder as 'n genitief absoluut (Smyth).

- 19 ἄλσος: 'n poëtiese woord vir die hele heiligdom (ἱερόν, τέμενος) wat die verskeie geboue bevat. Vgl. ook Pind. O. 3,17–18.
- 19–20 ἄλσος/Φοῖβον: dié naamkompleks dien as teenbeeld ('foil') vir die rol van Phoibos en Delphi in die daaropvolgende mite van Kroisos.
- 20 Κασταλίας: die water van hierdie stroom is deur die priesters gebruik vir die heilige rites (vgl. διέπουσι).
- 21 θεὸν θεόην: vir hierdie herhaling van θεός, vgl. Diagoras fr.1B: θεός, θεός Lefkowitz praat hier van 'n *ritualistiese* herhaling; vgl. Campbell, *GLP* 419 ('cult-cry').
- 22 ἀγλαῖζέθω γάρ: = ἀγλαῖζέτω ὁ γάρ (*sunekphonesis*); vgl. by Sappho fr.1,11L–P, en sien Schwyzer I,401 e.v. Die betekenis 'eer die god

met gawes' kom selde voor. ἀγλαΐζέτω neem Ἀγλαΐα (6) weer op. Sien ook by ὄλβων.

(ὁ) γάρ: 'want dit (nl. die eer aan die god) is die beste' (Jebb, Campbell), of 'want die god is die beste' (Lefkowitz). Eersgenoemde vertolking word versterk deur dieselfde tipe *gnomê* in 83–84: τοῦτο γάρ/κερδέων ὑπέριτατον.

ὄλβων: die korreksie deur 'n derde hand op die papiirus verskaf die natuurlike genitief by ἄριστος. ὄλβων is 'n eggo van ὄλβιον (8). Vanweë sy gawes aan die gode is Hierôn ὄλβιος. Terwyl die *gnomai* die funksie het om die oorgange tussen die verskillende liedelemente aan te merk, versterk dié verbale herhalinge hier ook die feit dat die *gnomê* 'n kort interpretasie of tematiese opsomming van die mite is en die victor (Hierôn) verbind met die mite van Kroisos. Hierdie tematiese opsomming is: 'die verering van die gode met gawes is die waarborg van voorspoed, want dit word beloon met goddelike guns.' Vir Bakchulides se siening van die gode, wat hy uitsluitlik met die *goeie* in die mens se lewe verbind, én die gedagte dat van die gode verwag word om vroomheid te beloon, vgl. Demarque 132–134.

2(c) Mite-struktuur (23–62)

- A. Κεφάλαιον : (1) Zeus se dekreet om Sardis te laat ondergaan,
(23–29a) maar:
(2) Kroisos word deur Apollo gered
- B. Uiteensetting : (1) Eerste Toneel: (a) Kroisos se heroïese
(29b–58a) (29b–35a) optrede in die aangesig
van ondergang: die bou
van die πυρά
(b) 'Ween'-toneel van sy
dogters
(2) Gebed (35b–48a) (a) 'Sê'-formule
(b) die vraag na die χάρις
θεῶν
(c) die krisissituasie van
Sardis
(d) *gnomê*: 'sterwe' is nou

		die beste (= geen χάρις θεῶν)
	(e) 'Sê'-formule	
(3) Tweede Toneel:	(a) Kroisos se heroïese optrede: aansteek van die ξύλινον δόμον (= πυρά)	
(48b–52)	(b) 'Ween'-toneel van sy dogters	
	(c) gnomê: afgryse van die dood-op-hande	
(4) Gebedsverhoring	(a) Zeus blus die vuur = χάρις θεῶν	
(53–58a)	(b) gnomê: wondermag van gode	
C. Σφραγίς (58b–62)		Kroisos deur Apollo gered en beloon vir sy vroomheid (= gnomê van 21–22).

Let op die opbou van die mite *skematies*:

A		Apollo red Kroisos
B	1 2 3 4 a b a b	Toneel 1 Gebed (ook in ringpatroon) Toneel 2 Gebedsverhoring
C		Apollo red Kroisos (en A én C sluit aan by gnomê van 21–22).

L.W. Pieper 67 e.v. verdeel die vertelling in die volgende drie fases: 29–46, 48–58, 58–62, maar hy hou só nie met die *geheel* rekening nie.

2(d) Kommentaar op B. Mite-deel (23–62)

23 ἐπεὶ ποτε καί: 'n konvensionele ontwerp as *inleidingsformule* tot die mite, en waarin ποτε die oërgang van hede na verlede aandui.

δαμασίππου: neem ἵππου van reël 4 op en suggereer aldus die analogie Hierôn ~ Kroisos.

23–24 δαμασίππου/Λυδίας: vgl. hier veral Hdt. 1,79; Mimn. fr.14,3:

Λυδῶν ἵππομάχων; Sappho fr.16,19–20 en Aisch. *Pers.* 41–48, vir die onoortreflikheid en wondergesig van die Lidiese ruitery.

24 ἀρχαγέταν: neem πλείσταρχον (12) weer op en sit die analogie Hierôn ~ Kroisos voort; vgl. by reël 12.

25 πεπ[ρωμέναν: 'n perf. part. pass. van die stam πορ- met vaste adjektiewiese funksie: 'voorbekikte', 'gegewe', 'bestemde'. Vir hierdie uitdrukking, vgl. Hdt. 1,91.

25–26 τὰν πεπ[ρωμέναν]/Ζηνὸς τελ[ειοῦσαι κρί]σιν: vgl. reël 11: ὃς παρὰ Ζηνὸς λαχόν. Die rol wat Zeus ἐν Apollo in die lewe van Hierôn ἐν Kroisos speel, versterk die 'band' wat tussen hulle gelê is. In reël 11 gee Zeus die heerskappy, in 25–26 neem hy dit weg. Die paradigma-tiese funksie van die mite staan hiermee ook van die begin af vas; dit is *nie* blote sierelement *nie*. Vir die verhouding Zeus ~ noodlot, vgl. Demarque 145 e.v. Hier word die plan van Zeus met die noodlot geïdentifiseer. Kenyon se emendasie τελειοῦσαι verskaf 'n deelwoord met Σάρδιες (27), terwyl Wackernagel se τελέσσαντος 'n deelwoord by Ζηνός (26) verskaf. Beide gee goeie sin.

27 Σάρδιες ... στρατῷ: vir hierdie inname en verowering van Sardis, vgl. die voortreflike weergawe daarvan deur Herodotos 1,83–91. Segal, *QUCC* 22,1976,114 wys op die 'chronicle-like severity' van reël 27. Van die ander emendasies is dié van Housman te lank, en dié van Palmer te kort vir die beskikbare ruimte.

28 Κροῖσον ὁ χρυσάλορος: eers aan die epode se einde kom Kroisos se naam — 'n tegniek om spanning te wek. Vgl. Ἴερωος aan die einde van die eerste strofe. Die plasing van die blote naam hier direk naas die titel van Apollo ('hy van/met die goue swaard') is ook duidelik emfaties: dit bring die kontras tussen die swak-menslike en die redder-god sterk na vore (vgl. Segal, *QUCC* 22,1976,113). Die skeiding van sy titel ἀρχαγέταν (24) van sy naam Κροῖσον (28) word gevul met (i) die belangrike verwysing na die rol van Zeus (vgl. kommentaar oor 25–26), en (ii) die essensiële historiese agtergrond, waardeur (a) Kroisos wel geteken word as heerser, maar dan (b) as heerser wat alles verloor het. Vgl. hieroor veral Lefkowitz 127 en Segal, *QUCC* 22,1976,113–114. Segal skryf in dié verband: 'The periodic structure of the sentence moves from the titles of 23–24 through the blows of god (25–26) and man (27) to the bare "Croe-sus" in 28 and then on to the radiance of the glorious god's aid in 29. The word-order and syntax express in microcosm the circular structure of the entire ode: a movement from wealth to loss and

then back to the luminous power of the gods in their kindly mood ...' (113–114).

χρυσά[ορος: 'n Homeriese *epitheton* van Apollo as reddergod en verdediger van Troje; vgl. *Il.* 15,254 e.v.; 5,509. Vgl. ook Pind. *P.* 5,104. χρυσά[οματος is ook moontlik, veral in die lig van reëls 58–59. Vgl. hiervoor ook Pind. *P.* 9,6. Wat in elk geval hier belangrik is, is die samestelling met χρυσός, wat so 'n belangrike element in die ode vorm. Vgl. ook hier Segal, *QUCC* 22,1976,110: ... 'in the myth "gold" occurs in compound adjectives which qualify its brilliance with the precariousness of human happiness ...'.

- 29 φύλαξ' Ἀπόλλων: strofiese enjambement waardeur sterk reliëf verleen word aan Apollo se reddingsdaad. Vir hierdie oorgange vgl. volledig Nierhaus, *Strophe und Inhalt im Pindarischen Epinikion*.

- 30 μ[ο]λῶν: die aksent is onduidelik op die papirus; μολῶν is ook moontlik. Sien Maehler, *Lieder* I, 62; II,47.

πολυδάκρυον: nie met ἄμαρ (29) nie (LSJ s.v. πολυδάκρυος), maar met δ[ουλοσύ]ναν (31) (Maehler). Die woord dien om die gedagte van neerlaag in hierdie oorlogskonteks te intensifiseer. Voorts antisipeer dit ook die twee *weentonele* (34–35; 49–50). Sien verder Jebb se verdediging van sy emendasies πολυδάκρυον en δουλοσύναν (457–459).

- 31–33 πυρὰν .../.../ναήσαι: die tekening van die heroïese karakter van Kroisos word hiermee voortgesit: lievers self uit eie wil sterf as om as slaaf weggevoer te word: τμή word in lyn met die Homeriese held bó κακία gestel.

πυρὰν: die enkele woord πυρὰν (sonder adj.) staan in naakte kontras met die magsimbool καλκοτειχέος ... αὐλᾶς (snw. met Homeries-gevormde adjektief), en dit wys heen op die mens se wisselvallige geluk: voor die noodlot val dié magsimbole een vir een weg. Die 'ondeurdringbare' bronsmuur is nou nie meer beskerming van die stad nie, maar dien net as ironiese herinnering aan 'n eens magtige vors.

- 32 χαλκοτειχέος ... αὐλᾶς: 'n aanduiding van *quasi*-goddelike status en welvaart, mag en ondeurdringbare sekuriteit; vgl. hiervoor die paleis van Alkinoos in Hom. *Od.* 7,86 asook *Od.* 10,3–4, en Pind. *Paian* 8,68–69.

χαλκοτειχέος: 'plates of bronze are affixed to the walls' (Jebb). Hierdie gebruik het vanaf Asië na Hellas gekom. Kort voor 600 v.C.

byvoorbeeld is die tempel van Athena Chalkioikos te Sparta deur die Lakoniese metaalwerker Gutidas met plate gebeeldhoude brons versier.

32–33 αὐ[λᾶς .../ναήσαι: weer eens strofiese oorbrugging.

34 εὐπλοκάμοι[ς: hierdie 'special epithet of Trojan women' onderstreep die gedagte van neerlaag (Lefkowitz 130).

ἐπέβαιν': Kroisos bestyg self die πυρά en láát sy vrou en kinders dit bestyg — niemand forseer hom soos in Herodotos se weergawe nie. Ten spyte van sy situasie handhaaf hy sy heroïese inisiatief, en sy optrede word hier én in sy gebed nog meer gekenmerk as een van 'defiance'.

34–35 ἄλαστον/... δυρομέναις: vgl. vir hierdie terminologie Hom. *Od.* 14,174: ἄλαστον ὀδύρομαι (deur Eumaios oor Telemachos). Die jammerklae van die dogters en hul moeder hier en in reëls 49–51 omraam en kontrasteer met die heroïese patos van Kroisos se toespraak (37–47) om 'ein Bild von grosser, pathetischer Wirkung' te skep (Maehler, *Lieder* 48).

35 θ[υ]γατράσι: hulle word vermeld in Xen. *Cyr.* 7,2,26, maar op 'n rooifiguurvaas van 500 v.C. in die Louvre (Baumeister, Fig.860, *JHS* 18,268) word, weens die beperkte ruimte, net Kroisos in sy koninklike praal met sy slaaf voorgestel. Dit kom nietemin ooreen met Bakchulides se weergawe en nie met die hulpelose Kroisos van Herodotos 1,86–87 nie, omdat Bakchulides 'n positiewe beeld van Kroisos aan Hierôn wil voorhou as *exemplum*.

35–36 χέρας ... αἰέρας: onder epiese invloed geskied die gebed by Bakchulides steeds met die opheffing van die hande; vgl. 11,100; 13,138; 15,45. Teenoor sy dogters se droefhede gaan Kroisos oor tot aksie. Vgl. kommentaar by 45–51.

36 αἰπύν: hier volgens Campbell vir die eerste keer van αἰθήρ = 'lug' gebruik. Maar vgl. Sol. fr.1,21–22: θεῶν ἔδος αἰπὺν ... οὐρανόν; Soph. *Aias* 845: σὺ δ', ὦ τὸν αἰπὺν οὐρανὸν διαφρηλατῶν.

σφετέρως: in Hom. en in klassieke prosa altyd meervoudig in gebruik, maar by Hesiodos, Pindaros, Bakchulides en Aischulos ook enkelvoudig: 'sy(ne)'. Lefkowitz 130 skryf daarom ten onregte 'He raises not only his own, but his family's hands ...' Dit is ook fisies onwaarskynlik.

37 γέ[γ]ω[ν]εν: imperf. van γηγώνω, 'uitroep'.

´πέρ[βι]ε: 'verhewe' soos in Pind. *O.* 10,15 in 'n gunstige betekenis, anders as in Homeros, 'hooghartig'.

δαῖμον: Zeus (Jebb, Maehler); vgl. 25–26. Demarque 148 meen 'this δαῖμων would also appear to represent the fate responsible for the disaster as distinct from the gods who did nothing to avert it ... It is not impossible that in this case Zeus and fate are one'. Sowel Lefkowitz as Pieper meen ons het in δαῖμον 'n eggo van τρισευ-δαῖμων in 10: 'Croesus' misfortune is contrasted subtly by means of verbal correspondences with the extraordinary good fortune of "thrice-happy" Hieron' (Pieper 67).

- 38 ποῦ: dit word dikwels gebruik om verontwaardiging uit te druk; vgl. o.a. Aisch. *Ch.* 900 en Eur. *Tr.* 428.

ποῦ ... χάρις; χάρις is 'dankbaarheid'. Die Griekse geloof was gebaseer op die *do ut des*-beginsel; vgl. bv. Theogn. 743 e.v. Vgl. ook Demarque 133: 'Bacchylides ... is not recommending a policy of disinterested giving. The bliss is to be expected in return for the gift'. Vgl. ook Kroisos se boodskap aan Delphi in Hdt. 1,90,4: εἰ ἀχαρίστοισι νόμος εἶναι τοῖσι Ἑλληνικοῖσι θεοῖσι. In 1,87,1, νόός sy redding, roep Kroisos uit: ἐπιβώσασθαι τὸν Ἀπόλλωνα ἐπικαλεόμενον, εἴ τί οἱ κεχαρισμένον ἐξ αὐτοῦ ἔδωρήθη. Vanweë sy gawes aan Delphi voel Kroisos dus geregverdigd om teen die oënskynlike ondankbaarheid van die gode uit te roep.

- 40–43 Van hierdie reëls het ons slegs: ...]ν Ἀλνά[τ]τα δόμοι/...] μυρίων/...]ν, /...]ν ἄστν,/. Frick se voorstel ἔρρουσιν is bruikbaar, maar Herwerden s'n (πίτνουσιν) is te lank. Vir die gapings in reëls 41–43 is daar te veel veranderlikes om 'n korrekte tekslesing te rekonstrueer.

- 40 Ἀλνά[τ]τα: genitief van Ἀλνάττης, vader van Kroisos en koning van Lidië c.610–560.

δόμοι: verwys na die paleis te Sardis. Die verwysing hier is waarskynlik na die 'val' van Sardis: dus ἔρρουσιν. Sien Hdt. 1,30 vir 'n beskrywing van die paleis van Aluattes.

- 43 ἄστν: dit voer waarskynlik die gedagte van die val van Sardis verder. Die δόμοι word nou uitgebrei na ἄστν, en in 45 en 46 word verwys na die Paktōlos-rivier en die μέγαρα van die vroue. Die vertelling volg dus 'n patroon van vernouing (δόμοι), dan verbreding (ἄστν en Πακτωλός), en ten slotte weer 'n vernouing (μεγάρων).

- 44 ἐρεύθεται: Kenyon verkry vir sy voorstel steun van Bakch.

13,152–153: ἐρ|ευθε .../[αἶμα]τι; vir Blass se φοινίσσεται word Bakch. 13,165: φοινίξει|ν met minder oortuiging gesiteer.

44–45 χρυσο|δίνας/ Πакτωλός: oor die elektrum-goud van die Paktôlos-rivier, vgl. Hdt. 5,101; Strabo 13,625–626; Athen. 5,203c; Verg. *Aen.* 10,141–142 (*ubi pinguis culta/exercentque viri, Pactolusque irrigat auro*); Hor. *Epod.* 15,20; Ovid. *Met.* 11,87–88; en Plin. *NH* 33,21,1 (wat vermeld dat goud gevind is in o.a. *Pactolo Asiae*). Sien ook Van Rooy, *Antieke Griekse Geskiedenis* 182, par.1 en 189 n.6 oor die ontginning van hierdie goud en die geldmunting aan die Paktôlos-rivier. Kenyon se χρυσο|δίνας lyk dus na 'n goeie herstelling van die reste |δίνας Πакτωλός.

45–46 Soos tipies van Bakchulides het ons in hierdie twee reëls weer eens woorde wat die Homeriese wêreld oproep: vir ἀεικέλιως vgl. die minnaars se mishandeling van die vroue in Odusseus se huis (*Od.* 16,109); ἔκλυτος is die gewone *epitheton* vir stede en huise in Homeros; μέγαρον is 'n spesifiek-Homeriese term. Vir ἄγονται in hierdie konteks, vgl. *Il.* 9,594: τέκνα δέ τ' ἄλλοι ἄγονσι βαθυζώνους τε γυναῖκας. Maehler, *Lieder* 49 wys daarop dat die asindetiese, kort, as 't ware asemloos geuiteerde sinne Kroisos se opgewondenheid uitdruk, en verwys na Bakch. 13,44 e.v. vir 'n dergelike dramatiese inkleding van gebeure in die 'woorde van 'n ooggetuie'.

47 τὰ πρόσθεν: let op die emfatiese krag van die *asundeton*. Dieselfde klem word ook bewerkstelling deur (i) die naasmekaarstelling van ἐχθρὰ φίλα (vgl. Pind. *P.* 10,10: τέλος ἀρχά), (ii) die superlatief γλύκιστον aan die einde van die reël, en (iii) die *asundeton* φίλα· θανεῖν. Die steeds korter en meer asemlose sinne eindig in die dramatiese hoogtepunt, θανεῖν γλύκιστον (Maehler, *Lieder* 49–50). Hierdie hoogtepunt dui vir Maehler aan dat die digter nie soseer in die dramatiek van die uiterlike gebeure geïntereesd was nie as in die patos en innerlike opwinding van Kroisos op die oomblik van sy diepste vertwyfeling wat hom egter nie oorweldig nie, maar hom eerder (anders as in die geval van sy dogters) triomfantelik die dood laat tegemoet gaan.

Fraccaroli se verwydering van die δ' ná πρόσθεν, wat kennelik deur die kopieerder van die papirus ingeskryf is om die *asundeton* te vermy, herstel die metrum.

48 ἀβ[ρο]βάταν: dié woord verwys na 'n Asiatiese slaaf vanweë hulle 'dainty ... gait' as characterizing the effeminate palace-slaves of Asiatic princes' (Jebb 260). Jebb, Smyth en Campbell o.a. wys veral

op Aisch. *Pers.* 1072: γοᾷσθ' ἄβροβάται: 'Pour forth your wail as ye move on with dainty steps' (Smyth, Loeb-vertaling I, 205). Schmitt, *Glotta* 53, 1975, 207–216 meen ons moet dit verklaar in samehang met ἄβρος soos Aischulos dit driemaal in die *Persae* doen as karakterisering van die Persiese volkere. In dié verband moet veral gelet word op ἄβρὰ βαίνων van Ganumedes (Eur. *Tr.* 820; *Med.* 1164) en Ἀνδρὸς ποδαβρός van Kroisos self in Hdt. 1,55. Vgl. ook Bright, *CF* 30, 1976, 183–184. Van groter belang is die feit dat ἄβρο-βάταν in hierdie geval die skerp kontras tussen die elegant-lopende slaaf en die aansteek van die πυρά uitlig.

- 49 ξύλινον δόμον: dit verwys na πυρά (reël 31), maar die omskrywing verkry hier dramatiese effek deurdat dit só in kontras gestel word met χαλκοτειχέος ... αὐλᾶς (32) en Ἀλυάττα δόμοι (40): die brandstapel word nou sy huis! Vgl. ook Pind. *P.* 3,38 (τείχει ... ἐν ξυλίνῳ) vir dié uitdrukking.
- 50–51 ἀνὰ .../ἔβαλλον: *tnesis*. Hierdie handeling (soos ook dié van Kroisos in 35–36) aksentueer saam met die geweene (ἐκλαγον, 49; δυρομέναις, 35), die patos van dié toneel. Die imperfekta ἐκλαγον en ἔβαλλον suggereer verder die volgehoute handelinge. Dit word weer versterk deur die plasing van ἔβαλλον by die strofe-oorgang.
- 51 προφανής: 'wat in sig is', 'wat vooruitgesien word'; vgl. Smyth 395: ὅστις φανερός ἐστι πρὸ τοῦ γενέσθαι, d.w.s. 'n πρόοπτος θάνατος; vgl. Demarque 116.
- 51–52 θνα-/τοῖσιν ἔχθιστος: vgl. ἐχθρὰ ... θανεῖν in 47; en Demarque 114–115: onder sekere omstandighede is dood vir die heroïese mens beter as lewe!
- 53–54 δεινοῦ πυρὸς/ ... μένος: 'n Homeriese frase; vgl. *Il.* 6,182 (van die Chimaira): δεινὸν ἀποπνείουσα πυρὸς μένος αἰθομένοιῳ. Die kragtige en geweldadige beweging van die vlamme word geteken.
- 54 διαί[σσειν: 'maar toe die glansende geweld van die vuur deurgebars het ...'. Dié sterk taal van Bakchulides verhoog die spanning.
- 55 ἐπιστάσας: 'There is a dramatic contrast between this rapid motion (of the fire) and the stability of the rescue brought by god' (Lefkowitz 133).
- 57 ἄπιστον οὐδέν: vir hierdie *gnomê* vgl. 17,117–118; Pind. *P.* 10, 48–50 en Archil. fr.74,5. Die *gnomê* verwys hier primêr na *wat volg*, maar kan ook na die voorafgaande verwys. In die epinikiese poësie dien hierdie *topos* as 'n afsluiting van die mite; in die ditirambiese

poësie (bv. Bakch. 17,117–118) markeer dit die hoogtepunt (Maehler, *Lieder* 51).

- 58 Δαλογενής: hierdie *epitheton* het hier 'n tweërlei funksie: (i) dit herinner ons daaraan dat ook Apollo wonderbaarlik gered is met sy geboorte (Lefkowitz), en (ii) Deliese mites verbind Delos met die vroegste offerandes van die Huperboreoi aan Apollo (Jebb). Vir lg. vgl. Hdt. 4,32–35.
- 59 Ὑπερβορέοις: vir die Huperboreoi, 'n legendariese volk in die noorde, vgl. Hes. fr. 150,21 Merkelbach-West; *Hymn. Hom.* 7,29; Pind. *P.* 10,29–44; *O.* 3,13 e.v., 31; Hdt. 4,32–35; Roscher 2805–2835 (Crusius); *RE* IX, 259 e.v. Vir die 'land van die Huperboreïers' as 'n paradys soos die 'eiland van die geluksaliges' (Hesiod. *Op.* 167 e.v.), sien Lefkowitz 133 en Demarque 154–155. Jebb wys daarop dat hierdie die enigste geval is van 'n sterfling wat kort voor sy dood na die land van die Huperboreïers verplaas word. Dit vergroot die belang van Kroisos se beloning (Lefkowitz 135).
- 60 κατένευσσε: die aor. is kousatief: 'het ... laat woon'.
- 62 ἀγαθέαν: 'goddelik', 'n *epitheton* wat meestal gebruik word vir plekke wat met gode verbind is. As *epitheton* vir Putho vgl. ook Hom. *Od.* 8,80; Hes. *Theog.* 499; *Hymn. Hom.* 24,2; Pind. *P.* 9,71; N. 6,34–35; en vir Delphi vgl. Bakch. 5,41.
- 〈άν〉έπεμψε: Housman en Blass se aanpassing van die papiiruslesing (ἔπεμψε) restoureer die metrum, én korreleer met Herodotos se ἀπέπεμψε (1,51–52), wat die skenking van Kroisos vanuit 'n Lidiese oogpunt sien; hier gee ἀνέπεμψε 'n Griekse gesigspunt (Jebb).

2(e) C. Toepassing van Mite op Hierôn (63–74a)

Uiteensetting: Lof van Hierôn

Dit staan onbetwisbaar vas dat

- (1) hy die meeste geskenke na Putho gestuur het (63–66)
 - (2) gnomê van φθόνος (67–68) ter inleiding van verdere lof (69–74a) op Hierôn as:
 - (a) θεοφιλῆς
 - (b) φίλιππος
 - (c) ἀνὴρ ἀρήϊος
 - (d) τεθμῖον σκάπτρον Διός ... ἔχων
 - (e) ἰοπλόκων τε μέρος ἔχων Μουσᾶν
- en (f) as een wat nou kalmte geniet na militêre woelinge.

2(f) **Kommentaar op C. Toepassing op Hierôn (63–74a)**

- 63 <γε> μέν: vir die adversatiewe gebruik sien Denniston 386–387. Die bepaalde effek hier is meer as net 'n vae kontras met die voorafgaande (soos Campbell se 'however'). Jebb verklaar die kontras in terme van 'n kontras tussen die nie-Grieke (soos deur Kroisos versinnebeeld), en Grieke (soos deur Hierôn verteenwoordig): 'the poet is not prepared to say that Hieron had surpassed Croesus: hence γε is right. ... μέν ... merely emphasizes the limitation' (262). Maehler, *Lieder* 52 stel dit nog duideliker: 'von allen Menschen (θανατῶν 61) hat Kroisos die grössten Geschenke gestiftet — von den Griechen jedenfalls wird keiner behaupten wollen, mehr Gold nach Delphi geschickt zu haben als Hieron ... B. will nicht behaupten, dass Hieron mehr Gold gestiftet habe als seinerzeit Kroisos, sondern er will die Parallele verdeutlichen: wie damals der Lyderkönig, so ist jetzt Hieron Delphis grösster Wohltäter.'
- 64–66 Vir die vergelyking tussen Kroisos en Hierôn, gerugsteun deur die parallelle μέγιστα (61) ~ μεγαίνητε (64); ἀνέπεμψε Πυθῶ (62) ~ Λοξία πέμψαι (66); θανατῶν (61) ~ βροτῶν (66), vgl. by die Interpretasie.
- 64 μεγαίνητε Ἴέρων: die *hiatus* met verlenging van die ε daarvoor is opmerklik. Jebb verklaar dit in terme van die sterk aspiraas en dalk 'n metriese pouse ná die vyfde voet. In reël 92 kom die hiaat voor Ἴέρων ná 'n punt: τρέφει. Ἴέρων. In ander gevalle (-εἶλετο ἰόν, 5,75; φρένα ἰανθείς, 17,131) lyk dit asof Bakchulides telkens 'n digamma verkeerdelik veronderstel het. Hy laat 'n hiaat meermale toe voor eiename: ἀνθεμόεντι Ἐβρω, 16,5; αὐχένι Ἴσθμοῦ, 2,7): sien Maehler, *Lieder* 52–53.
- 65 φάμ]εν: Aioliese infinitief, = φάναι.
 χρυσόν: d.w.s. die driepoot by die tempel van Delphi. Die woord verbind Hierôn en Kroisos, en omraam met χρυσός (17) die mitiese gedeelte (Maehler, *Lieder* 53).
- 67–68 ὅσ-/[τις]: die antesedent is 'n veronderstelde τούτω (να πάρεσιν).
- 68 φθόνω: vir die φθόνος-motief — d.w.s. die afguns wat suksesvolle mense kan ontlok — vgl. ook 5,188–189; 13,199–202 en Pind. fr.94a,8–9 Snell; en vir 'n goeie bespreking van dié begrip vgl. Burton, *Pindar's Pythian Odes* onder φθόνος in sy 'Index of Greek Words'. Vgl. hier veral p.5: 'a primitive conception which ... fostered the belief that human happiness ... excited ... jealousy ...'.

Dit geld t.o.v. gode én mense. Sien verder Demarque 66–67; Bundy 59 e.v.; Thummer I,81; Köhnken 222–223.

69 θεοφιλή: Maehler, *Lieder* I, *apparatus criticus* en II, 53 meen die beskikbare ruimte is te min vir die emendasie van Herwerden en Jurenka. Die aanvulling bly dus onseker.

70 ξεινίου: (= ξενίου) van die verskillende voorstelle het Nairn s'n die beste ondersteuning uit ander Griekse tekste (bv. Hom. *Od.* 9,271; *Il.* 13,625; Pind. *N.* 11,8). Blass se emendasie (τεθμίου = θεσμίου, 'van die wet') moet nogal gerek word om 'justice-guarding' (Jebb) te beteken, alhoewel die woord as 'n titel vir Apollo (Paus. 5,15,7) en Demeter (Paus. 8,15,4) gebruik is. Blass se ander voorstel (δαμίου = δημίου, 'van die volk') kom nie in verband met Zeus voor nie, maar wel op 'n inskripsie vir Hestia (*IG* 12.5,238). Die altyd teenwoordige ὀλβίου (Jurenka) kom dikwels in verband met gode voor, maar is te kort vir die spasie.

σκάπτρον: (Dories vir σκήπτρον); vgl. Pind *O.* 1,12, ook van Hierôn: θεμιστεῖον ὃς ἀμφέπει σκάπτρον.

72–74 Die reëls kan nie met sekerheid herstel word nie. Lloyd-Jones, *CR* 72,1958,18 het op grond van die kommentaar op hierdie gedig wat in 'n ander papiirus (*P. Oxy.* XXIII,2367, fr.3; sien verder Maehler, *Lieder* I, 42–43) bewaar is, probeer om reël 74: [...]|α σκοπεῖς vanuit die kommentaar se parafrasering (δύ|νατὰ ἐρεῦνα, 'vors die moontlike na'), te restoureer. Hy suggereer dan die imperatief σκόπει (ook deur Peek voorgestel) met Jebb se καίγια: 'kyk na die juiste tye (eise van die tyd)'. Sien verder Maehler, *Lieder* II,53–54. Dit lyk in hierdie reëls asof daar 'n kontras is tussen Hierôn se vroeëre militêre lewe en die kalmte wat hy nou moet geniet — skynbaar vanweë sy siekte wat dan ook 'n jaar ná hierdie ode op sy dood uitgeloopt het.

73–76 ἐφάμερον ... ἐφαμερίων: sedert Fränkel hierdie adjektief in sy artikel in *TAPhA* 77, 1946, 131–145 (= *Wege und Formen* 23–39), omskrywe het as 'onderworpe aan die veranderende dag; d.w.s. 'wisselvallig', het dit wye goedkeuring en instemming ontvang. Maar Pieper 70 wys tereg daarop dat Bakchulides se gebruik daarvan in 73 in die lig van 74 (βαλ(χ)ύς ἐστιν αἰών) wel die betekenis van 'kortstondig' moet dra, en net in 76 'wisselvallig' beteken. Die kommentaar van *P. Oxy.* XXIII, 2367 verduidelik: ὅτι ὀλιγοχρό|. Hierdeur word Pieper gesteun en Fränkel se verklaring sterk in twyfel getrek. Sien ook Dickie, *ICS* 1,1976,7–14, wat meen dat ook in

reël 76 ons ἐφαμέριοι as 'kortstondige wesens' moet sien (11). Sien ook *Kalliope* I,75–76.

2(g) D. Gnomiese kompleks (74b–84)

Hierdie gnomiese kompleks bestaan uit

- (a) twee *gnomai* oor (i) die kortheid van die lewe (74b) en (ii) misleidende hoop (75–76a);
- (b) twee *gnomai* in mitiese gestalte oor (i) lewenswisseling (76b–82) en (ii) die hoogste seën (83–84).

2(h) Kommentaar op D. Gnomiese kompleks (74b–84)

75 περ[ό]εσσα ... ὑπ[ο]λύει: die emendasies van Fränkel en Snell word deur die papiruskommentaar bevestig: ἡ περ[ό]εσσα ἐλπίς δι[α]φθεί-
ρει τὸ [τῶν ἀνθρώπων ν]όημα. Die gedagte is dan soos in 9,18: ἐλπίς
ἀνθρώπων ὑφαίρ[ε]ται νόημ[α]. Sien Maehler, *Lieder* 54; *Kalliope* I,
81–82 (Semonides), 220–221 (Theognis). Sien Interpretasie 4.2.

76–77 ἄναξ .../... Φέρη[το]ς υἱ: Admetos was koning van Pherai in Thes-
salië. Omdat Apollo die Kuklope gedood het, moes hy op bevel van
Zeus as Admetos se dienskneg werk in dié se paleis (vgl. Eur. *Alc.*
1–8; Bowra, *GLP* 377).

77 βουκόλος: Kenyon se emendasie pas by Apollo se knegskap by
Admetos; aan die ander kant is ἐκαβόλος (Jebb) 'n gereelde attri-
buut van Apollo. Daarby is die λ nie duidelik nie. Die voorstelle van
Wilamowitz en Jurenka is te lank.

78 θνατόν: vgl. θανεῖν (47) en θνατοῖσιν (51–52). Hierdie herhaling het
sekerlik soos Lefkowitz opmerk 'special relevance for Hieron' (135).
Sien onder die Interpretasie 4.2.

εὔντα: = ἔόντα. Vgl. ook vir hierdie seldsame vorm Theokr. 11,3.

ἀέξειν: 'koester' of 'nahou'; vgl. Hom. *Od.* 17,489: μέγα πένθος ἄεξε.

79 ὄψεται: *sunizesis*.

80 μούνον: saam met αὔριον, 'slegs môre'.

81 ἔττα: *sunizesis*.

82 βαθύπλουτον: die βαθυ- het superlatiewe funksie: vgl. βαθύδοξος in
Pind. *P.* 1,66. Ons kan dit dus vertaal met ('n lewe) met baie
rykdom' of 'n baie ryke (lewe)'. βαθύπλουτον gryp sekerlik terug
na Hierôn se πυργωθέντα πλούτον (13).

83 ὅσα δρῶν εὐφραϊνε θυμόν: d.w.s. verheug jou gemoed deur vrome daade aan die godheid te bewys (vgl. reëls 21–22). Sien Maehler, *Lieder* 55.

δρῶν: participium met imperatiewe funksie: 'doen!'

2(i) E. Die slot-kompleks: die onsterflikheid van roem en die digter se lied (85–98)

Struktuur

1. gnomiese priamel: (85–92)

- (a) αἰθήρ
- (b) ὕδωρ
- (c) χρυσός
- (d) ἥβα
- (e) ἀρετᾶς φέγγος

2. lied- en lofmotief: (93–98)

- (a) Hierôn se roem
- (b) prestasie vereis 'n lied (gnomê)
- (c) Hierôn se roem en Bakchulides se lied.

Pieper 74 neem ten onregte net 96–98 (= 2(c)) as *sphragis*. Vgl. egter Hamilton 79–83. Die *sphragis* begin reeds ná die mite, d.w.s. by C van die geheelstruktuur.

2(j) Kommentaar op Slot-kompleks (85–98)

85–87 Vir die nabootsing van hierdie reëls van Pind. *O.* 1,1 e.v. en *O.* 2,83–85, én vir die funksie en betekenis daarvan, vgl. die Interpretasie.

85 φρονέοντι: die digter se advies raak mense met insig juis soos Hierôn; vgl. 13 waar van Hierôn se kennis en insig sprake is (οἶδε). Let op die *sunizesis*.

βαθύς: van αἰθήρ gesê in Ode 5,16–17, terwyl αἶπός in 36 hierbo gebruik word. Vertaal hier dus 'hoë' (nie 'diep' nie). Vir die vertaalprobleem van βαθύς, vgl. Verdenius, *Mnem.* 29, 1976, 249, en Barkhuizen, *Aclass* 23,1980,107–108.

86 ἀμείαντος: van lig gebruik in Pind. fr.108b Snell; van die see in Aisch. *Pers.* 578; vgl. ook Theogn. 447.

- 87 εὐφροσύνα: die beoordeling van hierdie term vir goud, wat in Pindaros 'skitter soos vuur', was tot dusver nie gunstig nie — in die woorde van Campbell 'the sentiment is not apt here', en Jebb skryf: 'a large lapse comes at the tame word εὐφροσύνα'. Blass het in sy tweede edisie dit selfs verander na εὐχροσύνα ('n glorie van kleur') in navolging van Theognis 451 e.v. Maar Bakchulides sluit hier aan by Apollo se voorskrif van εὐφραίνε θυμόν (83) sodat εὐφροσύνα vir εὐφραίνε herhaal. Bakchulides is hier *prakties* ingestel (vgl. Lefkowitz 137): Hierôn se lewensgenot (vgl. εὐφραίνε θυμόν) spruit uit sy juiste aanwending van sy πλοῦτος (13 e.v.), sodat χρυσός ook vir hóm 'n εὐφροσύνα is, veral hier aan die einde van sy lewe. Vir die gepastheid van hierdie woord hier, en die korrelaat met εὐφραίνε, vgl. ook Fränkel, *EGP* 466 en Segal, *QUCC* 22, 1976, 112, wat skrywe: 'that gold is a joy and nothing more is perhaps the lesson that Bacchylides would teach the "man of sense" He thereby qualifies Pindar's changeless symbolical gold of *Olympian* 1 with a more human realization of mutability'. Vgl. ook lg. se kritiek teen Campbell in dié verband. Vgl. ook hieroor Bright, *CF* 30, 1976, 189.
- 88 παρjέντα: Jebb vertaal 'pass by old age', en so ook Campbell. Die enigste ander alternatief is προέντα, 'laat vaar (het)', maar volgens Jebb sou ons dan eerder προέμενον verwag. Vir παρέντα vgl. Soph. *OC* 1229: εἴτ' ἂν τὸ νέον παρjῇ en Plato *Rep.* 460e: ἐπειδὰν τὴν ὀξυτάτην δρόμου ἀκμὴν παρjῇ.
- 90 μινύνθη: Die papiirus lees μινύθει (υ υ —) waar ons υ — — verwag, soos blyk uit die dertien ander reëls wat metries hiermee korrespondeer. Jebb voel sterk teen 'a solitary exception here', terwyl Smyth daarop wys dat μινύθω (soos Campbell dit verkies met verwysing na 5,151) sonder parallel is. Campbell meen die υ is lank soos in 5,151, maar dáár is die lesing μινυνθα of μινύνθη. Vgl. verder Jebb.
- 91 φέγγος (ἀρετῆς): dit neem die gedagte van die prag en praal van die goud, wat telkens as *Leitmotiv* in die ode opduik, weer op as *metafisiese lig* — 'flesh fails and the blaze remains' (Fagles 108). Die werklike glans van die goud, wat sowel Kroisos as Hierôn se ryke gawes versinnebeeld, word omskep tot die onsterflike lig wat die lied van die digter oor Hierôn se roem werp.
- 92 Ἴερον: die pouse maak die *hiatus* meer aanvaarbaar. Vgl. by 64. Vir ander voorbeelde vgl. Smyth, *GMP* 397.

δ(έ): vir die posisionele aanskuif van δέ in 'n sin wat met 'n vokatief begin, vgl. Denniston 189.

92–94 ὄλβου/.../ἄνθεα: Pindaros het πλοῦτον ἀνθεῖν in *P.* 10,18, en εὐζῆας ἄωτον in *P.* 4,131.

94 πράξα[ντι] δ' εὖ: vgl. 5,181–190 en *Pind. I.* 2,44.

96–98 Die algemene interpretasie van hierdie reëls impliseer dat die digter aan die einde van sy lof aan Hierôn ook *homself* en sy poësie prys. So vertaal Jebb (vgl. ook Campbell, *GLP* 423; en kyk ook Maehler, *Lieder* 60 vir ander): 'And along with thy genuine glories men shall praise also the charm of the sweet singer, the nightingale of Ceos.' Fränkel, *EGP* 464 n.44 verwerp tereg die gedagte van 'n lied van lof *aan* Bakchulides; sien ook Maehler, *Lieder* 60–61. Woodbury, *Phoenix* 23,1969,331–335 en Barkhuizen, *Humanitas* 5,1979,126–127 betoog ook (met verdere literatuur) dat ἀλήθεια (ἀ + λανθάνω) 'ontbloting', 'openbaring', 'bekendmaking' beteken. Ons kan die betekenis van die reëls kortliks saamvat in (i) Woodbury se vertaling: 'By right of those glories that have been made manifest in the outcome of the contest, there shall be a song of praise (about them), and by the grace also of the honey-voiced nightingale of Ceos' (335; vgl. ook sy nota 17 oor Ode 13); of (ii) soos volg: 'Noudat u sukses aan die lig gekom het, sal mense ook daarvan sing — deur toedoen van die heuningsoete stem (lied) van Keos se nagtegaal.'

96 καλῶν: nie participium van καλέω nie (Kenyon), maar gen. mv. van καλά. Verandering van die papyruslesing lyk onnodig. Die καλά is die sege en alles wat daarop volg.

97–98 μελιγλώσσου .../... ἀηδόνοϋ: die nagtegaal verskyn dikwels in die liriese poësie (bv. Alkm. fr.10,6–7; Sappho fr. 136L–P; Alk. fr.307 1(c)L–P; Simon. fr.81P; Fr. adesp. 46(b)P; Theogn. 939) as simbool van die digter. Bakchulides identifiseer homself met die nagtegaal deur sy geboorteplek te noem (Κηῖας), as 'n soort 'handtekening' (σφραγίς) op sy werk. Die gen. is subjektief, nie objektief nie (sien nota by reëls 96–98).

97 ὕμνῃσει: 'sing', 'uitvoer'; sien Fränkel, *EGP* 464 n.44; Maehler, *Lieder* 60, 62, wat χάριν as die voorwerp lees i.p.v. 'n veronderstelde 'daarvan', 'daaroor' (Woodbury, Barkhuizen). Die vertaling sou dan lui: 'Tesame met die verkondiging van u sukses, sal iemand ook die liedgeskenk (χάριν) van die nagtegaal van Keos sing (uitvoer).' In hierdie vertolking blyk steeds die digter se besef van die mag van

sy poësie, maar verdring dit nie die lof aan Hierôn nie. Vgl. Maehler, *Lieder* 62–63.

Die futurum dui op die voordrag van die gedig tydens die feesviering in Sirakuse én in die toekoms (Fränkel, *EGP* 467; Maehler, *Lieder* 62).

4. INTERPRETASIE

4.1 GELEENTHEID EN AARD VAN DIE ODE

Bakchulides se *Derde Epinikion* word beskou as een van sy meesterstukke. Dit is as *epinikion* terselfdertyd ook 'n *consolatio ad Hieronem*, tiran van Sirakuse, magtigste en rykste heerser van die Griekse wêreld. Die hoogste sukses in die spele in dié tyd was die oorwinning met die strydwa te Olimpia. In 468 v.C. het Hierôn dié prestasie behaal, maar op 'n stadium toe hy prooi van 'n ongeneeslike siekte was. Tog was dit die hoogtepunt van 'n lewe wat ryk en vol was van militêre en oorwinningsprestasies. Sy keuse om dié oorwinning te laat verewig het op Bakchulides geval.

4.2 BETEKENIS VAN DIE TWEE MITES

Die konkrete beeld van die goue driepoot wat Hierôn aan Apollo se tempel te Delphi geskenk het, verkry in hierdie gedig 'n dubbele simboliese verwysing: die beeld verwys *terug* na die geskenke wat Kroisos aan dieselfde tempel gestuur het en só die god Apollo se beskerming bekom het; maar dit wys ook *heen* na die onsterflike glans van Hierôn se deug én die onsterflike roem wat Bakchulides se lied aan hom sal besorg.

Maar in die aangesig van roem verkondig die *epinikion* (as genre) steeds die beginsel van γῶθι σεαυτόν, die bewus-wees van die menslike beperktheid. Om dié gedagte tuis te bring én om rekening te hou met Hierôn se omstandighede kies Bakchulides twee mites (d.w.s. een mite én 'n mitiese *gnomê*): die verhaal van (i) Kroisos-Apollo en van (ii) Admetos-Apollo.

- (i) Die digter lê 'n duidelike, saaklike en verbale verband tussen Kroisos en Hierôn. Sentraal in die mite van Kroisos staan die konsep van vroomheid jeens Apollo en die gedagte van onsterflikheid. Van hierdie vroomheid is sowel Kroisos as Hierôn elk in hulle eie tyd die beste voorbeelde. Die twee prinse beleef dieselfde vermenging van seën en teenspoed, maar in omgekeerde orde. Waar Kroisos eers geskilder word in sy diepste nood en aan die einde redding ervaar, bevind Hierôn hom, omgekeerd, op dié oomblik op sy hoogtepunt,

maar wag die dood om die draai. Kroisos word aan die einde na die Huperboriërs verplaas as loon vir sy vroomheid; die digter kan sóiets nie aan Hierôn belowe nie, maar vind in die glansryke en onsterflike roem van die Muses se gawe 'n parallelle beloning. Só gesien is die sentrale gedagte van die ode ὄλβος, wat 'n innerlike gemoedstoestand is: Geluk (en hoop) wat gebaseer is op die aanvaarding van jou lot. Ons het hier 'n gedig wat 'n lofrede is op 'n unieke soort van *hoop te midde van smart*. In hierdie opsig moet ons die gedagte dat Bakchulides bloot 'n oppervlakkige sameflanser van tradisionele temas is, met versigtigheid bejeën.

Vir die bronne van hierdie verhaal by Bakchulides, vgl. Bright, *CF* 30, 1976, 177–188.

- (ii) In die Admetos-mite word daar meer klem gelê op die gedagte van sterflikheid (Apollo se eerste woord aan Admetos is θανάτον). Admetos is natuurlik bekend vir (a) sy toewyding aan Apollo, (b) as een wat in verskeie heroïese daade betrokke was, ook in dié een waarin hy Alkestis verower het as vrou; maar (c) veral vir sy beslistheid dat Thanatos, die Dood, iemand anders in sy plek moet opeis. Hy beskou die dood dus in dieselfde gees as Kroisos se familie: iets aakligs. Apollo se gawe aan Admetos neem dus die ander sy van Hierôn se posisie in ag: Apollo skenk aan Admetos nie redding (soos aan Kroisos nie) maar advies — die gawe van *aanvaarding sonder wanhoop*: 'Just as the situation of Croesus had matched that of Hieron, so now Apollo's twin perspectives on the uncertainties of life are suited to Hieron's need' (Bright, *CF* 30, 1976, 189, wat 'n goeie analise van beide mites gee). As opsomming van die *betekenis* van hierdie mitiese figure ten opsigte van Hierôn se situasie, verwys ons weer eens na Bright: 'Croesus and Admetus convey two different sorts of expectations, and two different responses from Apollo. Hieron is shown both, in order to reflect both his merit and his prospect of recompense.'

4.3 BETEKENIS VAN DIE PRIAMEL (85–92)

Die priamel vervat in hierdie reëls stel die onbederfbaarheid van die goddelike wêreld-elemente teenoor die situasie van die mens wat sterflik is. Bakchulides beweeg aldus vanuit die natuurlike permanensie tot die menslike impermanensie. Hy sien die goeie lewe, selfs dié van 'n koning, as 'a flowering, a gift of fortune, a temporary delight which must end in death' (Wind, *CJ* 67, 1971–1972, 13). Maar teenoor hierdie menslike grens staan en brand weer die lig van die deug wat deur die

Muses gevoed word, breek dit oor dié menslike grense heen, en reik dit na die oneindige, onsterflike roem. Bakchulides het aldus Pindaros se onwrikbare stelling oor die onsterflikheid van die spele en die betekenis van oorwinning, naas die goddelike elemente, omvorm tot 'n vingerwysing na die sterflikheid van die mens, wie se roem *na die dood* steeds afhang van goddelike guns (τρέφει). Vir die kwessie van imitasie en die aard daarvan, vgl. Gentili, *Bacchilide* 93 e.v.; Bowra, *Problems* 76; Wind, *CJ* 67, 1971–1972, 9–13; Lefkowitz 136 e.v.; Pieper 72 e.v., en verdere literatuur by Wind.

LITERATUUR

- Barkhuizen, *Humanitas* 5 (1979) 126–127.
 Brannan, *CF* 27 (1973) 187–229.
 Bright, *CF* 30 (1976) 174–190.
 Campbell, *GLP* 416–423.
 Demarque 66–67, 114–116, 132–134, 145–148, 154–155.
 Dickie, *ICS* 1 (1976) 7–14.
 Dumortier 414–417.
 Fränkel, *EGP* 462–467.
 Fagles 107–108.
 Gentili, *Bacchilide* 69–97.
 Hamilton 79–83.
 Jebb 252–266.
 Lefkowitz, *Victory Ode* 125–142.
 Lesky 204.
 Maehler, *Lieder* I (teks), II (kommentaar) 32–63.
 Pieper 62–75.
 Radermacher, *WS* 52 (1934) 139–140.
 Segal & Providence, *WS* 84 (1971) 39–51.
 Segal, *QUCC* 22 (1976) 109–114.
 Smyth, *GMP* 392–398.
 Schmitt, *Glotta* 53 (1975) 207–216.
 Schrijen, *Elpis* 55.
 Van Groningen, *Composition* 49, 196, 198.
 Wind, *CJ* 67 (1971–1972) 9–13.
 Woodbury, *Phoenix* 23 (1969) 331–335.

(JHB)

9. *Pindaros van Kunoskephalai*

9.1 LEWE EN WERK

Gegewens oor Pindaros se lewe en werke is grotendeels afkomstig uit vier antieke lewensbeskrywings (waarvan die *Vita Ambrosiana* die belangrikste is), 'n papiirusfragment (*P. Oxy.* 26, 1961, 2438), en die oorblywende gedigte self. Volgens Pindaros self (fr.193 Snell) en die *Souda* is hy gebore in die Puthiese (d.w.s. derde) jaar van die 65ste Olimpiade (= 520–517), nl. 518 v.C. Na opleiding in Athene het sy loopbaan as digter ontwikkel totdat hy op tagtigjarige ouderdom in 438 v.C. gesterf het, beroemd in sy eie tyd en deur die eeue heen as een van die grootste Griekse liriese digters beskou.

Dit is waarskynlik dat hy van aristokratiese herkoms was, alhoewel die getuienis wat gewoonlik hiervoor aangehaal word, nl. die aanspraak op afstamming van die legendariese Aigeidai in Puthiese Ode 5,75, op die minste as onbeslissend beskou moet word, aangesien die 'ek' op die koor van Kureners kan slaan eerder as op die digter self (vgl. Fränkel, *EGP* 427 n.2; Lesky 191). Wat wel seker is, is dat Pindaros in sy poësie die waardes en ideale van die aristokrasie, bedreig maar steeds invloedryk in die Griekse wêreld, vergestalt en uitgedra het. Telkens word aristo-

kratiese *aretai*, en veral die ingebore eienskappe en talente, belig in 'n dichotomie tussen natuurlike aanleg (φύα) en aangeleerde vermoë (τέχνη). En die hoogste versinnebeelding van hierdie *aretai* was in die helde van die mite en die wenners van atletiese wedywing te vind.

Die vroegste dateerbare gedig van Pindaros wat ons besit is Puthiese Ode 10, gekomponeer in 498 v.C. toe die digter 20 jaar oud was. Sy laaste gedig, *P.* 8, dateer uit die jaar 446 v.C., 52 jaar later. Gedurende hierdie lang periode van digterlike skepping het Pindaros 'n verskeidenheid liriese digvorms aangedurf. Sy werke is deur die Alexandrynse geleerde Aristophanes van Bisantium (c.257–180 v.C.), wat ook vir die kolometrie of reëlindeling wat ons vandag het, verantwoordelik was, in sewentien boeke verdeel: 1 boek himnes (*hymnoi*), 1 boek paiane (*paianes*), 2 boeke ditirambes (*dithuramboi*), 2 boeke optogliedere (*prosodia*), 3 boeke meisieskoorliedere (*partheneia*), 2 boeke danskoorliedere (*huporchēmata*), 1 boek prysliedere (*enkomia*), 1 boek treurliedere (*thrēnoi*), en 4 boeke oorwinningsliedere (*epinikia*). Van hierdie versameling bestaan nog net die vier boeke *epinikia* — die 14 Olimpiese Odes (waarvan *O.* 5 oneg is), die 12 Puthiese Odes (waarvan *P.* 4, vir Arkesilaos IV se wawedren-sege by Delphi in 462, die langste oorblywende *epinikion* is), die 11 Nemeïese Odes (waarvan *N.* 9 en 10 vir oorwinnings te Sikoon en Argos onderskeidelik gedig is), en die 8 Isthmiese Odes — in 'n manuskriptradisie. Die res word verteenwoordig deur fragmente uit papirovondse en aanhalings by ander skrywers.

Die *epinikia* is nie volgens chronologiese orde versamel nie, maar rondom die vier groot nasionale feeste van Griekeland gegroepeer: die Olimpiese Spele te Olimpia ter ere van Zeus in Augustus elke vier jaar; die Puthiese Spele te Delphi ter ere van Apollo in Augustus elke vier jaar in die derde jaar van elke Olimpiade; die Nemeïese Spele te Nemea ter ere van Zeus in Julie elke twee jaar in die eerste en derde jare van elke Olimpiade; en die Isthmiese Spele te Korinthe ter ere van Poseidon in April elke twee jaar in die tweede en vierde jare van elke Olimpiade. Die *epinikia* is as opdraggedigte geskep vir die wenners in die verskeie items van die spele, meestal atleties. Een *epinikion*, *P.* 12, besing Midas van Akragas vir sy oorwinning in die fluitspelwedstryd in 490; en *N.* 11 is nie 'n *epinikion* nie, maar eerder 'n *enkomion* vir Aristagoras van Tenedos by sy aanstelling as *prutanis* (voorsitter van die Raad). Om sy rol in hierdie milieu te vervul, moes Pindaros baie rondgereis het, nie net om die spele by te woon en self te sien nie, maar ook om die kore wat sy werke opgevoer het, af te rig en self dalk op sy lier te begelei. Veral drie plekke figuur in sy *epinikia*: Aigina, vir wie se atlete twaalf

epinikia gedig is; Thebe, sy tuisstad, en Sicilië, waar Pindaros vanaf ongeveer 476–470 aan die hof van die tiranne Hierôn van Gela-Sirakuse en Therôn van Akragas vertoef het om hulle prestasies te besing. Daarteenoor is onder sy oorgelewerde werke net een kort *epinikion* vir 'n Athener, Megakles, wat in 486 geostrakeer is en die wawedren by Delphi gewen het (P. 7). Thebe was gedurende die Persiese Oorloë pro-Persies en het daarvoor gely (vgl. 8,1 e.v.), en alhoewel Pindaros Athene se prestasie in die Griekse oorwinning erken het (vgl. fr. 76 en 77 Snell) en ook vir die Dionusia in Athene 'n ditirambe gedig het (fr. 75 Snell), het hy Athene se imperialistiese optrede en ambisies met agterdog bejeën, en sy dorpsgenote se prestasies vuriglik geloof (vgl. I. 7, 23–30; I. 1, 17 en 28–45). Vir die oorwinning oor die Perse by Salamis word Aigina vir lof uitgesonder, nie Athene nie (I. 5, 41–50; vgl. Lesky 191–194).

Die *epinikion* is 'n koorsang bestaande uit strofes of triades van strofe, antistrofe en epode. Dit is opgevoer deur 'n danskoor met instrumentale begeleiding. Wat ons dus van Pindaros se *epinikia* besit is net 'n derde van die totale inkleding van die gedig: choreografie en musiek het lank reeds van die woorde geskei en verlore geraak. Die *epinikia* is opgevoer kort ná die prestasie wat besing word, en wel by die spele-terrein, en/of by die wenner se terugkeer na sy stad. In die eerste geval sou die gedig uiteraard kort wees (bv. O. 11 en P. 7), en in die tweede geval meer ingewikkeld en langer. So 'n oorwinningslied sou vir geslagte in die familie gesirkuleer, gesing en bewaar gewees het.

Die elemente van so 'n *epinikion* is algemeen gesproke *gnomai*, waarin die digter se siening van die lewe (wêreldbeskoulik of religieus) en van die poësie tot uiting kom; *mitologiese stof* wat verband hou met die bepaalde spele, die wenner en sy familie, of sy stad; die *lof-element*, waarby ook wense en gebede ingesluit word: hierdie lof-element hou verband met die gode, veral die god tot wie se eer die spele gehou word; en die bepaalde prestasie van die wenner: sy vorige prestasies en dié van sy familie of stad. (Vgl. verder Thummer, I; Schadewaldt, *Aufbau*; Hamilton; Rubin, *Poetics Today* 5, 1984, 377–397). Gewoonlik neem hierdie laaste element baie min plek in die gedig in. Dit bied eerder die geleentheid, die wegspringplek vir die tema van die gedig. En dit is hier waar die genie van Pindaros tot sy volle reg kom. Vanuit die oënskynlik onbelowende stof van 'n opdragwerk om 'n atletiese prestasie te besing, styg hy tot 'n eie segging oor die gode, die mite, die mens en die digter. Die atletiese oorwinning word gesien as die hoogste menslike prestasie en glorie, en sodoende naas die heldeprestasies van die mitologie geplaas. Maar daarby word die digter se rol ewe belangrik: dis sý lied

wat menslike prestasie verewig vir die nageslagte en so roem waarborg. Oral in Pindaros se poësie kom hierdie gedagte na vore (vgl. bv. *O.* 7,1 e.v.; *P.* 9,103 e.v.; *N.* 9,103 e.v.; *N.* 3,6 e.v.; 4,83 e.v.; 8,39 e.v.; fr.121 Snell). Hierdie prestasie — ook dié van die digter — is alleen aan die gode te danke (*P.* 1,41 e.v.).

In die gedigte van Pindaros word 'n verbasend uniforme styl en toon weerspieël, wat oor sy loopbaan en verskeie digvorms heen strek. Altyd verhewe, diep ernstig, en ontginnend wat taal en denke betref (sy taal is 'n samestelling van verskeie dialekte) is sy poësie vir ons moeilik, maar vir wie hom die moeite wil getroos, eindeloos verrykend.

TESTIMONIA EN SCHOLIA

Drachmann, *Scholia Vetera in Pindari Carmina*, 3 vols. (Teubner, Leipzig 1903, 1910, 1927, Amsterdam 1964).

LITERATUUR

Bowra, *Pindar*.

Davison, *From Archilochus* 289–311 ('Pindar's Conception of Poetry').

Fränkel, *EGP* 425–504.

Fränkel, 'Pindars Religion' (in Calder-Stern, *Pindaros und Bakchylides* 232–258).

Lesky 190–202.

Norwood, *Pindar*.

Rubin, *Poetics Today* 5.2 (1984) 377–397.

Rudberg, 'Zu Pindaros' Religion' (in Calder-Stern, *Pindaros und Bakchylides* 259–277).

Sandys, *Pindar* (Loeb) vii–xxxix.

Schadewaldt, *Aufbau*.

Wilamowitz, *Pindaros* 12–114.

Young, 'Pindaric Criticism' (in Calder-Stern, *Pindaros und Bakchylides* 1–95).

(WJH)

ὄ τι μὴ σοφίας ἄωτον ἄκρον κλυταῖς ἐπέων ῥοαῖσιν ἐξίκηται ζυγέν. ¹² κώμαζ' ἔπειτεν ἄδυμελεῖ σὺν ὕμνῳ καὶ Στρεψιάδῃ· φέρει γὰρ Ἴσθμοῖ νίκαν παγκρατίου, σθένει τ' ἔκπαγλος ἰδεῖν τε μορ- φάεις, ¹³ ἄγει τ' ἀρετὰν οὐκ αἰσχίον ¹⁴ φυᾶς.	Strofe B 20
φλέγεται δὲ ἰοπλόκοισι ¹⁵ Μοῖσαις μάτρωϊ θ' ¹⁶ ὁμωνύμῳ δέδωκε κοινὸν θάλας, χάλκασπις ᾧ πότμον μὲν Ἄρης ¹⁷ ἔμειξεν. ¹⁸ τιμὰ δ' ἀγαθοῖσιν ἀντίκειται. ἴστω γὰρ σαφές, ὅστις ¹⁹ ἐν ταῦτα νεφέλα χάλα- ξαν αἵματος προδ ²⁰ φίλας πάτρας ἀμύνεται,	Antistrofe B 25
λοιγὸν ἄντα φέρων ²¹ ἐναντίῳ στρατῷ, αὔξων γενεᾷ μέγιστον κλέος ἀστῶν ²² ζῶων τ' ἀπὸ καὶ θανόν. τύ δέ, Διοδότοιο παῖ, μαχατάν αἰνέων Μελέαγρον, αἰνέων δὲ καὶ Ἑκτορα Ἀμφιάραόν τε, ²³ εὐανθέ' ἀπέπνευσας ἀλικίαν	Epode B 30
προμάχων ἀν' ὄμιλον, ἐνθ' ἄριστοι ἔσχον πολέμοιο νεῖκος ἐσχάταις ²⁴ ἐλπίσιν. ²⁵ ἔτλαν δὲ πένθος οὐ φατόν· ἀλλὰ νῦν μοι Γαῖαόχος εὐδίαν ὅπασσεν ἐκ χειμῶνος. αἰέσομαι χαίταν στεφάνοισιν ἀρ- μόζων. ὁ δ' ἀθανάτων μὴ θρασσέτω φθόνος.	Strofe C 36

12. cod. D: ζευγέν cod. B

13. Ceporinus: μορφάεσσ' codd. BD

14. cod. B: αἰσχθιον cod. D: αἰσχίω Triclinius

15. Bergk: δ' ἰοπλοκάμοισι codd. BD

16. Triclinius: μάτρῳ θ' codd. BD

17. ἄρης cod. B: ἄρ' cod. D

18. Schroeder: ἔμιξε codd. BD: ἔμειξεν Boeckh

19. codd. BD: ὅτις D p.c.

20. Schmid: προδς codd. BD

21. Thiersch: ἀμύνων codd. BD: ἀμφιβαλὼν Mair: ἀντιφέρων Bergk: ἀντιπίνων Hermann

22. codd. BD: ἀστῶν ... αὔξων Hartung

23. ἀμφιάραόν τε codd. BD: Ἀμφιάρηδόν τε Boeckh: (ἀν') Ἀμφιάρειον Bergk: (ἀμφ') Ἀμφιάρειον Burg: ἀντιφεριζών τε Norwood

24. Cod. B: ἐσχάτοισιν cod. D

25. Callierges: ἐπ' ἐλπίς cod. B: ἐπ' ἐλπίδιν cod. D

ὅ τι τερπνὸν ἐφάμερον ²⁶ διώκων	Antistrophe C
ἔκαλος ἔπειμι ²⁷ γῆρας ἔς τε τὸν μόρσιμον	41
αἰῶνα. θνήσκομεν γὰρ ὁμῶς ἅπαντες·	
δαίμων δ' αἴσιος ²⁸ τὰ μακρὰ δ' εἴ τις	
παπταίνει, βραχὺς ἐξικέσθαι χαλκόπεδον θεῶν	
ἔδραν· ὃ τοι ²⁹ πτερόεις ἔρριψε Πάγασος	
δεσπόταν ἐθέλοντ' ἐς οὐρανοῦ ³⁰ σταθμούς	Epode C
ἔλθειν μεθ' ὁμάγυριν Βελλεροφόνταν	46
Ζηνός. τὸ δὲ πὰρ δίκαν	
γλυκὺ πικροτάτα μένει τελευτά.	
ἄμμι δ', ὦ χρυσέα κόμα θάλλων, πόρε, Λοξία,	
τεαῖσιν ἀμίλλαισιν	50
εὐανθέα ³¹ καὶ Πυθοῖ ³² στέφανον.	

BRONNE

Die teks is op twee manuskripte oorgelewer (sien Farnell xxix; Snell-Maehler IX, wat ook 'n lys van die verskeie edisies verskaf, XI): B (codex Vaticanus gr.1312, uit die 12de eeu) en D (codex Laurentianus 32,52, uit die 14de eeu).

1. VERSMAAT

Die metrum van dié gedig is *Aiolies*, met die *glyconeus* (gl.: oo—υ—υ—υ—) as konstante motief in strofe en epode. Die *glyconeus* word uitgebrei met die *choriambus* (cho.: —υ—υ—), *baccheus* (ba.: υ—υ—), dubbeljambe (diia.: υ—υ—υ—), *creticus* (cr.: —υ—υ—), *ionicus* (ion.: υ—υ—υ—), spondee (sp.: ——) en υ— (= *hipponacteus*: hipp.: oo—υ—υ—υ—υ—), of verkort tot 'n *pherecrateus* (pher.: oo—υ—υ—υ—υ—). Die skema soos in Snell se uitgawe is soos volg:

Strofe en antistrophe

1	υ—υ—υ—υ— υ—υ—	^gl. ba.
2	υ—υ—υ—υ— υ—υ—υ—υ—	^gl. diia.cr.
3	—υ—υ—υ—υ—υ—υ—	diia. ^hipp.
4	—υ—υ—υ—υ— υ—υ—	^gl. ba.
5	—υ—υ—υ—υ—υ—υ—υ—υ—	gl. ^gl.
	x υ—υ—υ—υ—υ—υ—υ—	^cho.dim.(^gl.) of (^cho.dim.)

26. cod. B: ἐφάμερος cod. D

27. cod. B: ἐπεὶ μιν cod. D

28. Benedictus: αἴσιος codd. BD

29. cod. B: ὅτι cod. D

30. cod. B: οὐρανοῦς cod. D

31. cod. B: ἐνανθέα cod. D

32. Choeroboscus Schmid: πυθοῖ codd. BD

Epode

1	— ◡ — ◡ — ◡ — ◡ — ◡ — ◡ —	gl. diia.
2	— ◡ — ◡ — ◡ — ◡ — ◡ — ◡ —	^hipp. ion.
3	— ◡ — ◡ — ◡ —	^gl.
4	◡ — ◡ — ◡ — ◡ — ◡ —	^gl. ba
5	— ◡ — ◡ — ◡ — ◡ — ◡ — ◡ —	gl. ^gl.
6	— ◡ — ◡ —	cho. sp.
7	— ◡ — ◡ — ◡ — ◡ — ◡ —	^pher.(^pher.)

Sien Gentili, *La metrica dei Greci* 83–84 vir 'n ander skema.

2. KOMMENTAAR

- 1 μάκαιρα: Thebe is gelukkig as gevolg van al die ἀρεταί van haar helde van weleer.

Θήβα: dié naam wys na sowel die beskermgodin van die stad Thebe as na Thebe self. Theba was die dogter van Asopos en Metopa (*O.* 6,84–85).

- 2 ἐπιχωρίων: 'van jou eie land (of stad)'.

- 3 e.v. ἦρα (... ἦ ... ἦ ens.): die aanvang van die katalogus van roemdade van Thebe wat in reël 15 dié *prooimion* afsluit. Vgl. die Interpretasie en Struktuur.

χαλκοκρότου: die *scholia* verduidelik dié *epitheton* as sou dit verwys na die simbale wat Demeter gebruik het in haar soektog na Korê. Dit word bevestig deur die *scholion* op Aristophanes *Ach.* 708 met verwysing na die kultus van Demeter Ἀχαιά, 'n titel wat heenwys op Demeter se smarte (ἐν ᾧ χει τῆς Δήμητρος οὔσης, *Plut. de Isid. et Osir.* 378d). Farnell meen dat dít die bron van Pindaros se gebruik hier is, en dat dit nie verband hou met die simbale van Demeter-Kubele van die Eleusiniese Misteries, soos bv. Puech en Werner nog meen nie. Dié opvatting is onlangs deur Thummer gesteun. χαλκόκροτος wys dus heen na die luide geklaag van Demeter op soek na Korê. 'n Soortgelyke gedagte vind ons in Bury wat terugverwys na Müller. Die instrumente is nie κρόταλα (simbale) nie, maar die brons ἤχεϊα 'which were sounded in the worship of Demeter'. Vertaal: 'Demeter wat luid kerm'.

- 4 εὐρυχαίταν: 'n *hapax legomenon*: 'met die golwende hare'.

- 5 ἀντειλας: = ἀνέτειλας. Let daarop (i) dat ἀντέλλω poëties is vir ἀνατέλλω, en (ii) dat dit hier ougmentloos is.

Διώνυσον: die seun van Zeus by Semele, een van Kadmos, stigter van Thebe, se dogters. Vir haar tragiese dood kyk *O.* 2,22 e.v. Pindaros vertel hier hoedat Semele deur die κεραυνός (weerligstraal) neergevel is deur Zeus. Op aandrang van die jaloerse Hera het sy Zeus, haar minnaar, gevra om in sy ware gestalte aan haar te verskyn. Die vuur van sy weerligstrale het haar gedood, maar Zeus het haar ongebore kind, Dionusos, onsterflik gemaak. Ná Semele se dood is Dionusos deur haar suster, Ino, grootgemaak. Dionusos, as god van wyn en beskermmer van die wynstok, is dikwels geassosieer met Demeter, beskermster van die landbou en die vrugte van die aarde.

χρυσῷ ... νείφοντα: Zeus het ook aan Danaë verskyn in die gestalte van 'n goudreën en Perseus by haar verwek (*Soph. Ant.* 944–950). In *O.* 7,49 e.v. vertel Pindaros dat Zeus goud oor die Rhodiërs laat reën het. Dit wil dus blyk dat die opvatting dat Zeus hom in 'n goudreën openbaar in meerdere mites voorkom. 'n *Scholion* beweer nietemin (en dit word gevolg deur bv. Puech) dat Pindaros die openbaring aan Danaë (*P.* 12,17–18) oorgedra het op Alkmene, Amphitruon se vrou.

μεσονύκτιον: adjektief, nie bywoord soos in Theokritos nie. Vertaal: 'hy het 'n middernagtelike goudreën laat val'.

τὸν φέρτατον θεῶν: d.i. Zeus.

- 7 σταθείς: 'betree': die digter lê die fokus op die moment van epifanie, toe Zeus vir die eerste maal aan Alkmene verskyn het.

μετῆλθεν: μετέρχομαι word ook gebruik in 'n amoreuse verband, nl. om 'n vrou die hof te maak.

Ἡρακλείους γοναῖς: hierdie datief word op die volgende maniere verklaar: (i) 'n datief van doel na μετῆλθεν = ἐπὶ γοναῖς: 'om (met die oog daarop om) Herakles te verwek'; vgl. *O.* 9,83; *Pae.* 6,9–11; of (ii) 'n datief van oorsaak, afhanklik van εὐφρανας θυμόν (2–3) (veral bepleit deur Bury en Farnell), met 'n pouse na μετῆλθεν: 'was thy soul made glad by the birth of Heracles, when Zeus sought Amphitruon's wife?' (Bury, met verwysing na *P.* 9,16 vir dieselfde datief na εὐφραίνω, wat algemeen is).

- 8 Τειρεσίαιο: Teiresias was die blinde Thebaanse siener wat veral in Euripides se *Bakchai* en Sophokles se *Oidipous Tyrannos* sterk figureer. Vir sy verblinding vgl. Kallimachos *Himne* V.

- 8–9 ἢ ὄτ'.../ἢ ὄτ': die manuskripleasing pas in by die metrum (*sunizesis*)

ειν by die katalogusinkleding (reëls 3–15), maar lyk lomp. As ὅτ' egter weggelaat word (Benedictus, Schmid), word 'n lastige hiaat met ἧ gelaat. Berg se voorstel (ἦτ' = ἦτοι) verbeter die sintaksis; die fout kon gekom het van 'n verkeerde herhaling van ἧ ὅτε (reël 10). Sien Farnell 372–373.

ἀμφί: word in reël 8 gevolg deur die datief (βουλαῖς) en in reël 9 deur die akkusatief (Ἰόλαον). Fennell 203 skryf: 'The construction with two different cases but the same sense in consecutive lines is remarkable'. Hierteenoor tref Bury egter 'n goeie onderskeid: 'ἀμφί is used with the dative when the object is defined or narrowed ... to a single point; it takes the accusative when the object expresses sphere ... the wise counsels of Teiresias were definite and suggest nothing beyond themselves (vgl. hiervoor *N.* 10,60). But ἀμφ' Ἰόλαον means "in the whole career of Iolaos" ' (vgl. hiervoor *N.* 1,54).

9 ἱππόμετιν: 'n *hapax legomenon* gelyk aan ἱππηλάτην, 'ruiter'.

10 Σπαρτῶν: letterlik 'die gesaaides'. Dié naam word afgelei uit die mite van die krygsmanne wat ontspring het uit die aarde van die *gesaai*de tande van die draak wat deur Kadmos gedood is. Die genitief is ὃς (i) kousaal (Bury) ὃς (ii) afhanklik van 'n veronderstelde ἀμφί (Farnell). In lg. geval word ἀμφί agtereenvolgens met drie verskillende naamvalle gebruik.

ἀκαμαντολογχᾶν: 'met onvermoeide spiese'. Dit is 'n woord eie aan Pindaros. Vgl. by hom ook ἀκαμαντομάχας (*P.* 4,171), ἀκαμαντόπους (*O.* 3.3), ἀκαμαντοχάρμας (fr.184).

Ἄδραστος: hy was leier uit Argos van die ekspedisie van die Sewe teen Thebe, wat verslaan is (vgl. hiervoor Pindaros *N.* 9; Aisch. *Th.*; Soph. *Ant.*, eerste koorlied; Eur. *Ph.*).

ἀλαλᾶς: 'krygsrumoer' of 'krygseskreeu' (*N.* 3,60). In fr.78 is Ἄλαλά die dogter van Πόλεμος.

11 μυρίων: tot lof van Thebe word dit gestel as Thebe se oorwinning oor 'duisende' i.p.v. oor 'sewe'.

12 Δωρίς' ἀποικίαν: d.w.s. Sparta en haar grondgebied. Dié nuwe nedersetting, Sparta, het volgens Pindaros nie gevestig geraak nie voordat Amuklai, die vesting van die Achaiërs, verower was nie. Amuklai, ongeveer 8 km suid van Sparta geleë, is eers teen c.750 v.C. verower. Om dié vesting te verower, het die Spartane op advies van die Puthiese orakel, die hulp van die Aigidai ('n Thebaanse

familie volgens Pindaros) verkry. Vgl. vir die Aigidai, Pind. P. 5,75 e.v.

12–13 ὀρθῶ/ἔστασας ἐπὶ σφυρῶ: ‘op vaste voet geplaas’, ‘bevestig’. Vgl. vir hierdie uitdrukking O. 13,2: ἀνὰ δ’ ἔπαλτ’ ὀρθῶ ποδί; Kallim. *Himne aan Artemis* 128: τῶν δ’ οὐδὲν ἐπὶ σφυρὸν ὀρθὸν ἀνέστη en Hor. *Epist.* 2,1,176: *recto, stet ... talo*. Dié uitdrukking is bloot ‘n verbreiding van ὀρθὸν ἔστασας.

15 μαντεύμασι Πυθίοις: d.w.s. die orakel van Apollo. In die 6de eeu v.C. het ‘n sekere Bathukles van Magnesia die sogenaamde Troon van Apollo te Amuklai vervaardig.

16 ἀλλὰ ... γάρ: vir hierdie idiomatiese uitdrukking, vgl. ook I. 3,16 en Archil. fr.7,5D (sien *Kalliope* I,9). Vertaal: ‘maar dit is só (vir seker) dat ...’.

17 χάρις: ‘roem’, nie ‘dankbaarheid’, ‘dank’ nie. Vgl. hiervoor Young 3 n.6.

ἀμνάμονες: dié vergetelheid het géén historiese verwysing nie. Kommentators het gemeen, op voetspoor van Aristarchos, dat Pindaros hier afkeurend verwys na die Spartane wat die Thebane nie tot hulp gegaan het ná die neerlaag van die Boiotiërs te Oinophuta (457 v.C.) nie. Téén hierdie historiese interpretasie van die gedig, vgl. Young 4–14.

18 σοφίας: soos so dikwels, ‘poësie’.

ἄωτον (ἄκρον): dié metafoor dui op die hoogste sieraad van die poësie.’

19 κλυταῖς: ὅς (i) wat beroemd is ὅς (ii) wat roem meebring.

ῥοαῖσιν: die metafoor van waterstrome kom meermale by Pindaros voor: O. 6,83: καλλιρόαισι πνοαῖς; N. 7,12: ῥοαῖσι Μοισᾶν; 7,62: ὕδατος ὥτε ῥοάς.

20 κώμας(ε): hier sonder objek gebruik; vgl. I. 3,90 met objek: ‘te nader met ‘n κῶμος’, ‘te sing tot eer van’.

21 καί: ‘ook’. Strepsiades word aldus deel gemaak van die Thebaanse roemryke verlede.

Στρεψιάδᾳ: datief van voordeel na κώμας, ‘tot eer van’, ‘vir’.

21–22 φέρει .../νίκαν: φέρειν (ἄγειν en λαμβάνειν) word dikwels in die agonale sfeer gebruik vir ‘die prys wen’, ‘behaal’, ‘wen’; vgl. ook Theok. 1,1 e.v.

22 παγκρατίου: vgl. by Turt. fr.9D.

οθένει τ' ... μορφάεις: 'vreeslik (wonderbaarlik) is hy om te aanskou in sy krag, én hy is mooi van aansien'.

ἄγει τ' ἄρετάν: die beeldspraak wat ten grondslag van hierdie frase lê, is nie duidelik nie. (a) Bury meen dis 'n skeepsmetafoor: 'The figure in ἄγει is from the freight of a ship ... as is clearly shewn by Pyth. III.73 ... εἰ κατέβαν ὑγίειαν ἄγων χρυσέαν. The naval term κατέβαν proves the exact meaning of ἄγων there; and it is by far the most appropriate meaning here'; hy vertaal dan: 'and he carries (as it were, on deck) excellence (matching the favour of his form)'. (b) Fennell vertaal 'He holds virtue to be as fair a possession ...' en verwys na Soph. Ant. 34: τὸ πρᾶγμ' ἄγειν/οὐχ ὥς παρ' οὐδέν. (c) Dissen gee dit weer met 'habet ... veluti merces, opes'. (d) Farnell dui op twee moontlike bronne: (i) 'he is yoked to the car of virtue', of (ii) 'he is captain of virtue'. (e) Thummer vertaal 'hy besit 'n deug' en verwys na die schol. 30a, b: φέρει δὲ καὶ τὴν τῆς ψυχῆς ἀρετὴν οὐκ αἰσχύνουσιν τὴν τοῦ σώματος εὐμορφίαν, wat Bury nie as verkeerd oordeel nie, maar as nie duidelik nie. (f) LSJ bring dit in verband met die seremoniële of die hou van feestelikhede: 'keep, observe'. (g) Slater klassifiseer dit onder — "'guide" in various ways — "employ"'.

αἰσχίον: die lesing van manuskrip B gee goeie sin ('op geen slegter wyse as sy uiterlike nie'), terwyl dié van manuskrip D onsinnig is. Triclinius se emendasie word deur bv. Wilamowitz en Farnell gevolg.

φυᾶς: *scholion*: τὴν τοῦ σώματος εὐμορφίαν. Thummer meen dat die heenwyse op sy skone voorkoms 'n aanduiding van jeugdigheid is.

23 φλέγεται: die beeldspraak hierin vervat, verwys na die lig van die Muses wat die digter uitstraal en waardeur die *victor* se roem aangedui word. Vir dié beeld vgl. ook *P.* 5,45; *N.* 6,37; 10,2; *O.* 9,22.

24 μᾶτρωϊ θ' ὁμωνύμῳ: 'sy oom en naamgenoot', verwys na Strepsiadēs Senior.

κοινὸν θάλος: ' 'n krans (van roem, glans) wat beide deel'; vgl. ξυνὸν καλόν, *I.* 1,46.

θάλος: = θαλλός, ' 'n jong tak', metafores vir 'krans'.

25 ᾧ πότμον ... ἔμειξεν: Pindaros gebruik meermale die beeldspraak van μείγνυμι, 'om 'n persoon met iets te vermeng', d.w.s. akk. van die

persoon + dat. van die saak, soos in *N.* 4,21: νὺν ἄνθεσι μίγνυν; 2,22: στεφάνοις ἔμιχθεν; *I.* 2,29: ἐν τιμαῖς ἔμιχθεν; 3,3: εὐλογίαις μεμίχθαι; *O.* 1,22: κράτει προσέμιξε δεσπότην. Hier het ons egter die omgekeerde konstruksie. Farnell meen egter dat ons nie van die selfde metafoor in omgekeerde orde of konstruksie kan praat nie, en dat ons hier moontlik die metafoor van die ‘meng’ van ‘n beker het, met verwysing na Aisch. A. 1397: τοσόνδε, κρατῆρ’ ἐν δόμοις κακῶν ὅδε πλήσας ἀραίων. Slater vertaal ‘inflicted upon’.

25–26 μὲν .../δ’: let op die posisie van μὲν ... δέ. Die kontras is tussen πότμον en τιμά: wat vir Strepsiades ‘dood’ was, was terselfdertyd vir hom ook ‘eer’, ‘roem’. Die *gnomê* in reël 26 slaan dus op die voorafgaande, maar terselfdertyd word dit ook verbind met 27–30 deur γάρ in 27. Sodanige meer- of dubbelvoudige funksies van die *gnomê* is ‘n tipiese kenmerk van die Pindariese *gnomai*. Dieselfde tweevoudige funksie is reeds teenwoordig in reëls 16–19 hierbo. Vgl. ook o.a. *I.* 1,40 en meer volledig Thummer 1,131 e.v.

26 ἀγαθοῖσιν: ‘die dapperes’; in die konteks verwys dit na ‘die dapperes in die oorlog’. Vgl. Young 19 n.65 (met literatuur).

ἀντίκειται: Fennell meen die krag van ἀντι- is ‘in return for their life’, terwyl Bury dit lokaal neem: ‘the prize is set opposite, as it were, to those who strive for it’. Slater het ‘is established as recompense’, terwyl Thummer aansluit by Bury en daarop wys dat τιθέναι die tegniese term is vir die beskikbaarstelling van ‘n prys, en ἀντιτιθέναι (waarvan ἀντικείμεθα die passief is) verder die beskikbaarstelling van só ‘n prys as teenprestasie. Teen Fennell se interpretasie kan ons stel dat eer die dappere toekom al sterf hy nie, alhoewel toegegee moet word dat ‘dood’ in hierdie geval juis ter sprake is.

27 ἴστω ... αὔξων: die formule ἴστω + part. kom ook elders in Pindaros voor. *O.* 6,8: ἴστω ... ἔχων, en *N.* 9,45: ἴστω λαχών.

ταῦτα κτλ: Thummer skryf hieroor dat die indruk sou wees dat ταῦτα op ‘n huidige situasie (oorlog) dui, maar vermeld as beswaar die feit dat gedurende die panhelleense spele daar ‘n wapenstilstand gehandhaaf is. Hy wil dus saam met Rumpel ταῦτα parafraseer as ἐν τῇ τοῦ Ἄρεος νεφέλῃ: ‘in einem solchen Gewölke, wie es in den Versen vorher beschrieben wurde’. Pindaros vergelyk teenspoed dikwels met onweer; vgl. *I.* 3–4: τραχεῖα νιφάς πολέμοιο, en *N.* 9,37 e.v.: φόνου ... νεφέλαν, en reël 38–39 hieronder.

χάλαζαν αἵματος: Thummer praat hier van die ‘nie-passende’ meta-

foor as uitvloeisel van die νεφέλα-beeld. Pindaros praat egter ook in *I.* 5,49–50 in terme van hierdie beeld (ὄμβρος ... χαλαζάντι φόνω; vgl. Soph. *OT* 1279: ὄμβρος χαλάζης αίματοῦς ἐτέγγετο, terwyl Bury en Fennell ook na Simonides fr.116D verwys; λοῦσεν φοινίσσα θοῦρος Ἄρης ψακάδι. αίματος is *genitivus respectus*: ‘n haelstorm wat bloedvergieting bring’.

28 λοιγὸν ἅντα φέρων: die manuskripte se λοιγὸν ἀμύνων is sowel metries as inhoudelik onhoudbaar. Thummer meen die fout kon ingesluip het vanweë *N.* 9,37: ἀμύνειν λοιγὸν Ἐνυαλίου en die Homeriese λοιγὸν ἀμύνειν, ἀπὸ λοιγὸν ἀμύνειν, terwyl Farnell dit ook toeskryf aan die voorafgaande ἀμύνεται. Thiersch het na aanleiding van die *scholion* 37a se parafrasering (ἐναντίον φέρων ὄλεθρον τοῖς πολεμίοις) ἅντα φέρων voorgestel. Thummer verkies dit ook bo ἀντιφέρων (Bergk, Bury) en ἀντιπίνων (Hermann) omdat ἅντα Pindaries is (*N.* 4,91; 6,27; *Pae.* 2,69). Mair se ἀμφιβαλὼν het sy parallel in *O.* 1,8; *P.* 5,48 en fr.337,5 Snell, maar pas nie by die *scholion* se parafrase nie. ‘n Ander moontlikheid is ἀμείβων (vgl. Eur. *Cycl.* 312; Aisch. *A.* 725 — Maurach in korrespondensie).

29 γενεᾷ ... ἀστών: vertaal ‘vir sy medeburgers’.

μέγιστον: uitbreiding van die predikaat; vertaal: ‘tot die hoogste toe’.

30 ἀπὸ καὶ θανάων: *tnesis* vir καὶ ἀποθανών.

31 Διοδότιο παῖ: Pindaros spreek hier die afgestorwe oom (Strepsiades Snr.) van die *victor* aan. Vir die histories-biografiese ‘probleem’ rondom hierdie verse, vgl. Young 4–14.

32 αἰνέων: die *scholion* gee dit weer met ζηλῶν, ‘wedýwer’, ‘meeding met’, ‘nastrewe’. Vertaal derhalwe met: ‘as/tot voorbeeld neem’ of ‘naboots’.

Μελέαγρον: seun van Oineus, wat gesneuwel het in die oorlog tussen die Aitoliers en Kuretes (Hom. *Il.* 9,549).

Ἕκτορα: held van die Trojane, wat Pindaros in *O.* 2,81 e.v. omskrywe as Τροίας ἄμαχον ἀστραβῇ κίονα, en in *I.* 8,55 as ὑπέρθυμος. Hektor het in die oorlog vir sy land gesterf.

33 Ἀμφιάραον: hy het gesterf tydens ‘n veldtog teen Thebe, juis die tuiste van die *victor* en sy oom. Dit het twyfel laat ontstaan of Amphiaraios as geskikte ‘model’ hier kan dien. Inteendeel, Thebane sou met reg aanstoot kon neem. Bergk en Mezger lees derhalwe ἄν’

Ἀμφιάρειον wat die 'tempel van Amphiaraios' beteken. Bury steun hulle, maar verander na ἄμφ' Ἀμφιάρειον. Hierdeur wil bogenoemde geleerdes die plek aandui waar Strepsiades Snr. sou gesneuwel het vir Thebe, nl. naby Amphiaraios se heiligdom. Besware hierteen is dat (i) dit op 'n konjektuur berus, dat (ii) die vergelykingspunt dapperheid en heldedood in die algemeen is, nie noodwendig vir die vaderland nie (Thummer) en dat (iii) die heiligdom van Amphiaraios nie naby genoeg aan die slagveld van Tanagra of Oinophuta was vir Strepsiades om daar te sneuwel nie (Farnell). Wat bo gesê is, nl. dat Amphiaraios juis teen Thebe opgeruk het, bly nog as geldige beswaar staan: dié keuse is nie van pas nie. Aan die ander kant noem Pindaros Amphiaraios in *N.* 9,13: θρασυμήδης en word van hom in *O.* 6,16 e.v. gesê: ἀμφοτέρων μάντιν τ' ἀγαθὸν καὶ δοῦρὶ μάχνασθαι.

- 34 εὐανθέ(α): Strepsiades Snr. was dus nog in die fleur van sy lewe; vgl. vir dié beeld in hierdie verband ook *O.* 1,67. Die beeld word in die slotreël (51) herhaal, maar dan in sy letterlike betekenis.

ἀπέπνευσας: vgl. ook *N.* 1,46–47: χρόνος ψυχὰς ἀπέπνευσεν en Simonides fr.128D: ἔπνεεν ἡλικίην.

ἀλικίαν: 'sy bloei', 'sy jeug'.

- 35 προμάχων: vir die eer behaal deur onder die voorvegters te veg en te sterf, vgl. Turt. fr.6,1–2D; 9,16D; *Kalliope* I, 53.

- 36 ἔσχον πολέμοιο νεῖκος: 'n Homeriese frase: vgl. *Il.* 13,271: νεῖκος ... πολέμοιο.

ἔσχεται ἐλπίσιν: Die ἔσχεται ἐλπίδες is volgens Thummer dié hoopverwagtinge wat vanuit die situasie van die μέγας κίνδυνος en die πείρα, waarin dit om lewe en dood gaan, groei. Vgl. ook Slater wat ἔσχατος met 'supreme' weergee. Vertaal met ὅς 'met hoop op sy uiterste' ὅς 'met hoop op sy hoogste/grootste'. Bury meen die *paronomasia* ἔσχον ~ ἔσχεται is dalk bewustelik.

- 37 ἔτλαν: is dit 3de pers. mv. of 1ste pers. enkv.? Wilamowitz kies die eerste moontlikheid, maar die meeste ander kies die laasgenoemde. Thummer wys goed daarop dat ἔτλαν as 'ek het verduur' 'n effektiewe kontras vorm met die volgende ἀλλὰ νῦν μοι.

- 37–39 ἀλλὰ νῦν .../.../... ἀείσομαι: vir die kontras tussen die huidige geluk en die vroeëre ongeluk of teenspoed, vgl. ook *I.* 1,39 e.v. en 3–4, 36 e.v.: νῦν δ'.

- 38–39 εὐδῖαν/... χειμῶνος: vir die onweer-/stormbeelde by Pindaros, vgl. hierbo onder reël 27. Vgl. ook volledig hieroor Bowra, *Pindar* 249–252. Poseidon word hier genoem vanweë die seebeeld.
- 39 φθόνος: vir die φθόνος-motief by Pindaros, sien veral Burton op *P.* 10,20–31; Young 27 e.v. en Barkhuizen, *A Class* 19,1976,15–16. Burton 5 skryf in dié verband daarvan as ‘a primitive conception which at its crudest fostered the belief that human happiness automatically excited the jealousy of the gods’. Dit word in Pindaros verfynd tot ‘n lewensreël dat die mens nie moet strewe na meer as waartoe hy as sterfling in staat is nie.
- 39–40 μὴ θρασσέτω φθόνος./ὁ τι: θρασσέτω word hier (t.s.v. Farnell se stelling ‘θρασσέτω requires an accusative, and should therefore be linked with the next sentence’) absoluut gebruik, soos bv. Bury en Young (n.89) in navolging van die *schol.* 55b, wat ὅτι egter kousaal maak en nie as relatiewe pronomene neem nie. Hiermee stem Thummer saam, maar nie Bury nie. Daar is hier dus twee moontlikhede: (1) ὅτι is kousaal (*schol.* 55b; Thummer); vgl. hier die *schol.*: ὁ δὲ παρὰ τῶν θεῶν φθόνος μὴ συνθρανέτω, ὅτι ἐκάστης ἡμέρας ἥσυχος καὶ πρῶτος ὢν μετὰ ἡσυχίας καταγυράσσω, of (2) ὁ τι is ‘n betreklike vnw. (volgens Bergk e.a. wat ná φθόνος ‘n punt plaas); ὁ τι is dan voorwerp van διώκων. Bury vertaal dus: ‘pursuing whatever thing of delight comes to me from day to day, I shall peacefully traverse old age and advance to the fatal hour of life’. Bergk se lesing word hier nagevolg, alhoewel dié van die *schol.* en Thummer ewe goed is. Vgl. egter Young 27–28 n.92. Beide (1) en (2) ontkom aan die probleem as ons θρασσέτω laat oorgaan op ὁ τι. Die oorgang διώκων-ἔπειμι is egter dan geforseerd.
- τερπνὸν ... διώκων: vgl. hiervoor by Pind. *P.* 8,92–97 en Thummer II, 122–123.
- ἐφάμερον: hier beteken dit ‘van dag tot dag’, ‘wat elke dag aanbied’. Vir die betekenis ‘kortstondig’, vgl. by Bakch. 3,76.
- 41–42 τὸν μόρσιμον/αἰῶνα: vgl. *O.* 9,60: μὴ καθέλοι νιν αἰὼν πότμον ἐφάψαις. Dit dui op die mens se vasgestelde bestemde lewenseinde.
- 43–44 τὰ μακρὰ .../παπταίνει: ‘as iemand na die te-ver-dinge (teenoor die ἐφάμερον) staar of sy oë rig’. Vir hierdie waarskuwingsmotief, vgl. *O.* 1,114 (μηκέτι πάπτεινε πόρσιον) en *P.* 3,22 (παπταίνει τὰ πόρσω).
- 44 βραχύς: ‘te kort is die mens (te gering) om dit te bereik’.

χαλκόπεδον ... ἔδραν: dié beeld dui op die ontoeganklikheid van die hemelse woning. Vgl. net so *P.* 10,27: (ὁ χάλκεος οὐρανός) en *N.* 6,3 e.v. (ὁ ... χάλκεος ... οὐρανός). χαλκόπεδος is ἅπαξ εἰρημένον.

βραχὺς ἐξικέσθαι ... ἔδραν: vir hierdie motief van die mens wat die 'hemelse' nie kan betree nie, vgl. weer *P.* 10,27 e.v.: ὁ χάλκεος οὐρανός οὐ ποτ' ἀμβατὸς αὐτῶ.

45 σταθμούς: Pindaros gebruik die woord in die meer algemene sin van 'woonplek' (vgl. Slater).

46 μεθ' ὁμάγυριν: vgl. hiervoor Hom. *Il.* 20,142: θεῶν μεθ' ὁμήγυριν ἄλλων.

49 ἄμμι: = ἡμῖν.

χρυσέα κόμῃ: Bury is waarskynlik reg as hy meen dat die goue hare van Apollo hier die δάφνα χρυσέα (*P.* 10,40) suggereer, wat die prys was by sy spele.

θάλλων: die woord beteken 'floreer', 'blom'. Slater vertaal 'with luxuriant golden hair'. Dit wys dus op die weelderigheid van die god se hare. Vertaal 'met u digte (bos) goue hare'. Let wel χρυσέα wys hier op die kleur.

πόρε: aor. imperatief van die defektiewe aor. 2 (πορεῖν): 'skenk'!

51 εὐανθέα: die woord kom in posisie ooreen met εὐανθέ' van reël 34, nie onbewustelik nie, soos Mezger, Bury, Fennell e.a. opgemerk het. Thummer II, 124, meen egter dat dit niks tot die interpretasie van die ode bydra nie. Maar vir dié motief om 'n gedig met 'n gebed af te sluit, vgl. Thummer II, 53–54.

3. STRUKTUUR

Die gedig kan in die volgende 'blokke' verdeel word:

Blok	Reëls	Inhoud en Liedmotief
A	1–15	<i>Prooimion</i> : mitiese katalogus in vraagvorm oor Thebe se roemryke verlede.
B	16–19	<i>Gnomê</i> as slot van 1–15 en oorgang tot die lof van die hede: die lied bring ewige roem.
C	20–25	<i>Lofmotief</i> 1: Strepsiades Jnr. se sukses in die Isthmiese spele, wat oorgaan aan die einde (24) tot die lofvermelding van Strepsiades Snr.

- | | | |
|---|--------|---|
| D | 26–30 | <i>Gnomê</i> met as inhoud: die eer vir die dapperes wat hier <i>kategorie</i> s gestel word. |
| E | 31–36 | <i>Lofmotief 2</i> : die <i>gnomê</i> word nou <i>persoonlik</i> op Strepsiades Snr. toegepas — lof op sy heldedood vir Thebe met mitiese modelle/parallele. |
| F | 37–39b | <i>Die smart-rou-motief</i> : Strepsiades Snr. se dood het die digter met smarte gevul, gepaard met die <i>vreugde-motief</i> : die huidige sukses van Strepsiades Jnr. bring weer vreugde. |
| G | 39c | <i>Die φθόνος-motief</i> . |
| H | 40–48 | (i) <i>Gnomiese motief in die 1ste persoon</i> : die vreugde van elke dag word gestel teenoor die najaag van die onbereikbare wat ons moet vermy (40–44a).
(ii) <i>Die mitiese verwysing</i> na Bellerophontes wat te hoog wou reik (44b–47a).
(iii) <i>Gnomiese uitspraak</i> : die straf vir die hunkering na te veel (47b–48). |
| I | 49–51 | <i>Slotgebed</i> vir 'n oorwinning in die grotere Puthiese Spele. |

(Vir 'n ietwat ander indeling, vgl. Young 1 n.1, en Thummer II, 113–114).

Daar is 'n algemene gedagtegang vanaf die *gode* (musiek, magte) na *helde* (wysheid, sport, oorlog) en *manne* (stigting van dorpe volgens wet: ὁρθός suggereer voorspoed deur wetsgehoorsaamheid); en aan die einde kom *vroomheid*. Vgl. ook P. 5,69 e.v.

4. INTERPRETASIE

4.1 In die plek van die mite wat gewoonlik die middelste deel van 'n *epinikion* uitmaak, vind ons hier 'n mitologiese katalogus (A: 1–15) van Thebe se roemryke verlede aan die begin. Young 16 e.v. wys op die historiese insig van Pindaros; dié katalogus vorm 'n soort van 'Theban chronicle' met 'n 'chronological descent ...', wat begin met die geboorte van Dionusos en eindig met die Thebaanse hulp aan die Spartane om Amuklai te bekom. Dat die mitologie vir die Grieke antieke *geskiedenis* was, blyk dus weer eens uit hierdie katalogus. In hierdie katalogus verwys Pindaros veral na die buitengewone goddelike guns oor, en inheemse gode van, Thebe, asook na dié stad se belangrikste helde en stamme. Dié katalogus is inderwaarheid niks anders as 'n vorm van

priamel nie: die verskillende elemente daarvan wys heen na en verhelder die lof van Strepsiades, en het as doel om Strepsiades se oorwinning op dieselfde vlak te plaas as die ander patriotiese roemryke daade van Thebe. Sien veral hier ook Crotty, *Pindaric Beginnings* 113–119.

4.2 Die skakel (B: 16–19) wat as oorgang dien van die verlede na die hede is in die vorm van die sogenaamde $\chi\rho\acute{\epsilon}\omicron\varsigma$ -motief (Schadewaldt, *Aufbau* 268), wat handel oor die mag van die digter se lied: vergane roemdade kan selfs in die vergetelheid raak as die digter se lied dit nie verewig op mense se lippe nie.

4.3 Die uitdrukking $\epsilon\pi\epsilon\iota\tau\epsilon\nu \dots \kappa\alpha\acute{\iota}$ (20–21) bevestig die nasionale en patriotiese verband van Strepsiades se oorwinning (Young) en vorm die klimaks van die priamel: net soos die antieke glorieryke gebeure besing móét word, só ook die huidige suksesse van Strepsiades. Hierdie lofmotief (20–23) vertoon 'n konvensionele patroon (vgl. Thummer I, 29 en 46; Bowra, *Pindar* 34), en uit 'n verskeidenheid van elemente in die epinikiese repertoire van lofpryse (Bowra 34) kies Pindaros krag, skoonheid en *areté*. Een van hierdie elemente in só 'n lofmotief is onder andere die verwysing na roemryke verwante (Thummer I, 50); hier is dit Strepsiades se oom en naamgenoot Strepsiades Snr., wat op die wyse waarop mites ingelei word, bekendgestel word, nl. met 'n relatiewe voornaamwoord ($\tilde{\omega}$, 25). Strepsiades Snr. word bekendgestel deur te verwys na sy dood op die slagveld. (C: 20–25).

4.4 Dié verwysing na Strepsiades Snr. se dood word onderbreek en belig deur 'n *gnomé* (D: 26–30) wat ons kan klassifiseer as militêre *topos*, *dulce et decorum est pro patria mori* met verskeie parallelle uit die vroeëre literatuur (o.a. Hom. *Il.* 15,496 e.v.; Kallinos fr.1,6 e.v.; Turtaios fr.6,1 e.v. en 9,23–44; sien *Kalliope* I,39–49; 52–60; 61–71 i.v.m. Kallinos en Turtaios): eer wag op dié wat dapper in die stryd vir die vaderland veg ($\alpha\gamma\alpha\theta\acute{\omicron}\varsigma$, 'dapper in die stryd'; vgl. Bowra, *EGE* 69). Hierdie roem en eer geld vir die dapper krygsman of hy sterwe en of hy lewe. Young verwys hierna as die *mortuus vivus*-tema. Hý ontvang eer, maar hy vermeerder ook die eer van sy mede-burgers en stad.

Hierdie gedagte is eg Pindaries, nl. dat die *victor* nie net 'n individu is nie, maar juis gewortel is in 'n bepaalde gemeenskap. Deur die prestasie van die *victor* word die stad (Thebe) se glorie weer in ere gestel, maar ook deur die digter se σοφία, digterlike bekwaamheid. Daarom is 'n stad se glorie, 'n jong *victor* se roem en die digter se σοφία inengeweeft om 'n wonderbaarlike 'document humain' te vorm, gebaseer op die ou geloof dat die individu 'n integrerende deel vorm van 'n gemeenskap wat die

gode se guns verdien deur hulle innerlike deugde. Dit is die basis van die gebed in reëls 49–50.

Vgl. Turt. fr.9,24 (*Kalliope* I,61 e.v.) en die inskripsies Peek 11,2 en 12,12. Vir 'n volledige vergelyking tussen *I. 7*, die martiale of militêre elegie en die militêre inskripsies by Peek, vgl. Young se Bylaag.

4.5 Hierdie *algemene* militêre *topos* word nou persoonlik toegepas op Strepsiades Snr. (E: 31–36): Strepsiades pas in by die patroon van die ideale krygsman wat dapper in die voorste linies veg en sneuwel sonder om aan vlug te dink. Sodanige histories-mitiese voorbeelde was Meleagros, Hektor en Amphiaraios (vir die probleem rondom hierdie drie figure, vgl. Young 21–23 en die toepaslike notas). Om in die voorste linies te veg en dáár te sterf, is, soos Young 23 dit stel, 'the poetic formula for achieving the perfect heroic act' (vgl. die voorbeelde en parallelle in sy Bylaag). Vgl. hier bv. Turt. fr.6,1–2; *Kalliope* I,59–60.

4.6 Ná die verwysing na Strepsiades se heroïese dood, volg die πένθος- (37) en πόθος-motief wat so eie is aan die militêre elegie soos blyk uit Turt. fr.9,27 e.v. en Kallin. fr.1,17 e.v. Maar daar is wel 'n opmerklike verskil: terwyl die πόθος by Turtaios en Kallinos deur die stad en volk ervaar word, word dit hier deur Pindaros in die eerste persoon gestel, wat ons kan verklaar as òf (i) die 'koorlieriese ek' (*schol.* 51a: ὁ τῷ ἀποθανόντι διαφέρων ἐγὼ ὁ χορός, φησὶν, ἔτλαν), òf (ii) dat dit wel na die digter persoonlik verwys maar dat dit algemene geldigheid besit (Young n.81).

Met ἀλλὰ νῦν (37) word die smarte verlig deur die huidige suksesse van Strepsiades Jnr. Die weer-metafoor is analoog aan dié van *I. 4*,15–19 waar die onweer metafoor is vir 'n militêre dood in die familie, en die goeie weer atletiese oorwinning voorstel. Let hier daarop dat die stormbeeld in *I. 4*,17a parallel is aan dié van *I. 7*,27a. Die feit dat die verwysing na Strepsiades Snr. se dood deur die stormbeeld omraam word (27b–37b–39), verhoog die nadruk wat Pindaros daarop lê en beklemtoon die strukturele integriteit daarvan (Young 26), sodat die vroeëre gedagte, dat Pindaros hier treur oor 'n *Thebaanse* neerlaag, ongegrond is. Die vreugde van die atletiese oorwinning word hier feestelik verbeeld met die motief van die sing-met-krans-in-die-hare — 'n tipiese epinikiese atmosfeer (F: 37–39b).

4.7 Die vreugde van die huidige sukses word onmiddellik gestel teenoor die hoop (gebed) dat goddelike φθόνος (G:39c) dit nie sal vernietig nie. 'n Wens dat voorspoed en sukses *ongedeerd* mag voortduur is 'n algemene tema of motief in die epinikiese genre (vgl. bv. *P.10*,17–21 en

Barkhuizen, *Aclass* 19, 1976, 15–16; Young 27 e.v.). Die bede wys heen op die feit dat die menslike sukses afhanklik is van goddelike guns en derhalwe nooit permanent kan wees nie; en dit wys verder heen op die kosbare aard van voorspoed wat, soos hier, in die oorwinning beliggaam word. Sulke gebede dien tot verdere lof van die *victor*, en beoog die uitbreiding van sy geluk (vgl. Schadewaldt, *Aufbau* 288 e.v.; Thummer I, 79 e.v., Young 27 n.91, Bundy II, 78 e.v.).

4.8 (H: 40–48). Binne die breëre verband van reëls 40–48, vorm (i) 40–44a 'n eenheid (vgl. Young n.94): gestel in die eerste persoon met onbepaalde of algemeen-geldende krag (d.w.s. dit verwys nie na enige bepaalde persoon nie), volg hier 'n aaneenskakeling van gnomiese motiewe met as grondgedagte 'the philosophy of an easy-going life (ἔκκαλος), one that pursues gratifications as they arise, day by day, one by one (ὁ τι τερπνὸν ἐφάμερον διώκων), without much regard for what lies beyond the current concern. It is a kind of *carpe diem* philosophy, which often finds its justification in the universality of death (θνῄσκομεν γὰρ ὁμῶς ἅπαντες), and the uncertainty of the future' (Young 31). Wat Pindaros wil beklemtoon is dat ons doodslot egter verskil: ná die dapper heroïese dood (soos dié van Strepsiades Snr.) wag daar eer, maar bitter is die einde van een wat na die verre toekoms reik (τὰ μακρὰ staan in kontras tot ἐφάμερον), juis omdat dit onberekenbaar en onseker en die mens te gering is (vgl. Pind. *P.*10,22–30 en Barkhuizen, *Aclass* 19, 1976, 16).

(ii)+(iii) 44b–48. Die gedagte word deur Pindaros geïllustreer met die mitiese verwysing na Bellerophontes, wat te hoog wou reik en deur Pegasos afgegooi is. Die doodslot van Bellerophontes staan dus tog in 'n mate in skerp kontras met dié van Strepsiades Snr. Die *gnomê* oor die bitter einde wat op onregmatige 'soet' volg (let op die beklemtoonde kontrasposisie: γλυκὺ πικροτάτα) vorm 'n raam rondom die mitiese verwysing met 40–44a: γλυκύ (48) neem τερπνόν (40) weer op.

4.9 Die slotgebed (I: 49–51) vir toekomstige sukses (want die toekoms en/of voortduur van menslike sukses is afhanklik van goddelike guns alleen) vorm die natuurlike kulminasie van die gedig en van die voorafgaande gedeelte: 'the desired Pythian success is a modest and immediate enough concern, especially when contrasted with Bellerophon's high-flying schemes' (Young 33). Teenoor die dwaasheid van τὰ μακρὰ παπταίνειν geld hierdie gebed as ὁ τι τερπνὸν ἐφάμερον διώκειν. Só 'n strewe is nie πὰρ δίκαν nie, maar hou juis rekening met die goddelike guns, waarvan die mens afhanklik is.

LITERATUUR

- Barkhuizen, *AClass* 19 (1976) 1–19.
Bowra, *Pindar*.
Bundy II, 78.
Bury, *Isthmian Odes*.
Conway, *Odes of Pindar*.
Farnell, *Works of Pindar* 371–375.
Fennell, *Pindar*.
Gerber, *Bibliography of Pindar*.
Puech, *Pindare IV*.
Slater, *Lexicon to Pindar*.
Thummer, *Isthmische Gedichte I en II*.
Werner, *Pindar* 527.
Young, *Pindar Isthmian* 7.

(JHB)

Bibliografie

Studies wat met 'n asterisk (*) gemerk is, is nie in die teks ingewerk nie, maar verskyn volledigheidshalwe in die Bibliografie.

- Adrados, F.R. "Alcmán, el Partenio del Louvre: Estructura e interpretación", *Emerita* 41 (1973) 323-344.
- Alexiou, S. et al. *Ancient Crete* (Londen 1968).
- Alpers, K. "Zu Ibykos Fr.I,41 Page", *Hermes* 96 (1968) 127-128.
- Andronicos, M. *The Greek Museums* (Athene 1975).
- Bagg, R. "Love, Ceremony and Daydream in Sappho's Lyrics", *Arion* 3 (1964) 66-69.
- Barkhuizen, J.H., Henderson, W.J. & Van Rooy, C.A. *Kalliope Band I: Griekse jambiese en elegiese poësie van Archilochos tot Theognis* (Pretoria 1986).
- Barkhuizen, J.H. "Structural Text Analysis and the Problem of Unity in the Odes of Pindar", *AClass* 19 (1976) 1-19.
- Barkhuizen, J.H. "Die liefdesaspek in die digkuns van Sappho", *Akroterion* 22.1 (1977) 17-22.

- Barkhuizen, J.H. "Helena in Alkaios en Sappho. Aspekte van die mite in die vroeë Griekse digkuns", *AClass* 20 (1977) 1–21.
- Barkhuizen, J.H. "Aspekte van etimologisering by Pindaros", *Humanitas* 5 (1979) 126–127.
- Barkhuizen, J.H. "Pindar's Seventh Olympian Ode: Comments on Verdenius' Commentary", *AClass* 23 (1980) 107–108.
- Barkhuizen, J.H. "Alcaeus 42LP,5", *Mnemosyne* 4.36, 1/2 (1983) 151–152.
- Barkhuizen, J.H. & Els, G.H. "On Sappho, fr.16 (L.P.)", *AClass* 26 (1983) 23–32.
- Barrett, W.S. "The Oxyrhynchus Papyri. Part 24", *Gnomon* 33 (1961) 683–692.
- Barron, J.P. "The Son of Hyllis", *CR* 11 (1961) 185–187.
- Barron, J.P. "The Sixth-Century Tyranny at Samos", *CQ* 14 (1964) 210–229.
- Barron, J.P. "Ibycus: To Polycrates", *BICS* 16 (1969) 119–149.
- Beattie, A.J. "Sappho Fr.31", *Mnemosyne* 4.9 (1956) 103–111.
- Beattie, A.J. "A Note on Sappho Fr.1", *CQ* 7 (1957) 180–183.
- Benedetto, V.* "Intorno al linguaggio erotico di Saffo", *Hermes* 113 (1985) 145–156.
- Bergk, T. *Poetae Lyrici Graeci, Pars III: Poetas melicos continens* (Leipzig 1867, 3de uitgawe).
- Bielohlawek, K. "Gastmahls- und Symposiionslehren bei griechischen Dichtern", *WS* 59 (1940) 11–30.
- Bolling, G.M. "ΠΟΙΚΙΛΑΟΣ and ΘΡΟΝΑ", *AJPh* 79 (1958) 275–282.
- Bonaria, M. "Note critiche al testo di Saffo", *Humanitas* 25/26 (1973–1974) 155–183.
- Bonelli, G.* "Saffo, I,1", *AC* 49 (1980) 23–44.
- Bonelli, G.* "Saffo, 2 Diehl=31 Lobel-Page", *AC* 46 (1977) 453–494.
- Bonnano, Maria G. "Osservazioni sul tema della 'giusta' reciprocità amorosa da Saffo ai comici", *QUCC* 10 (1973) 110–123.

- Bowie, A.M.* *The Poetic Dialect of Sappho and Alcaeus* (New York 1981).
- Bowra, C.M. *Pindar* (Oxford 1946).
- Bowra, C.M. *Ancient Greek Literature* (Opus 28, Oxford Paperback Series, 1967).
- Bowra, C.M. *Problems in Greek Poetry* (Oxford 1953).
- Bowra, C.M. *Greek Lyric Poetry* (Oxford, 2de uitgawe 1961).
- Bowra, C.M. *Landmarks in Greek Literature* (Pelican Books, Londen 1968).
- Bowra, C.M. "Simonides on the Fallen of Thermopylae", *CPh* 28 (1933) 277–281.
- Brannan, P.T. "Bacchylides' Third Ode", *CF* 27 (1973) 187–229.
- Bremer, J.M. "A Reaction to Tsagarakis' Discussion of Sappho Fr.31", *RhM* 125 (1982) 113–116.
- Bremer, J.M. *Het gemaskerde ik* (Intreerede, Amsterdam 1978).
- Bright, D.F. "The Myths of Bacchylides III", *CF* 30 (1976) 174–190.
- Buck, C.P. *Introduction to the Study of the Greek Dialects* (Boston 1927).
- Bundy, E.L. *Studia Pindarica*, 2 vols. (Berkeley 1962).
- Burn, A.R. *The Lyric Age of Greece* (Londen 1960, herdruk 1967).
- Burnett, Anne P. *Three Archaic Poets. Archilochus, Alcaeus, Sappho* (Cambridge, Mass. 1983).
- Burnett, Anne P. "The Race with the Pleiades", *CPh* 59 (1964) 30–34.
- Burnett, Anne P.* *The Art of Bacchylides* (Boston 1985).
- Burton, R.W.B. *Pindar's Pythian Odes* (Oxford 1962).
- Bury, J.B. *The Isthmian Odes of Pindar* (Londen 1892, herdruk Amsterdam 1965).
- Calame, C. *Les chœurs de jeunes filles en Grèce archaïque: I. Morphologie, fonction religieuse et sociale; II. Alcmane* (Rome 1977).

- Calame, C. "Alcman laconien/sarde à n'en plus finir", *QUCC* 20 (1975) 227–228.
- Calame, C.* "Sappho immorale?", *QUCC* 28 (1978) 211–214.
- Calder, W.M. & Stern, J. (redd.) *Pindaros und Bakchylides (Wege der Forschung Band 134, Darmstadt 1970)*.
- Cameron, A. "Sappho's Prayer to Aphrodite", *HThR* 32 (1939) 1–17.
- Cameron, A. "Sappho and Aphrodite Again", *HThR* 57 (1964) 237–239.
- Campbell, D.A. *Greek Lyric, vol. I: Sappho, Alcaeus* (Cambridge, Mass./Londen 1982).
- Campbell, D.A. *Greek Lyric Poetry. A Selection of Early Greek Lyric, Elegiac and Iambic Poetry* (New York 1967, herdruk 1982).
- Campbell, D.A. *The Golden Lyre. The Themes of the Greek Lyric Poets* (Londen 1983).
- Carey, G.G. "The Tradition of St. Elmo's Fire", *Amer. Neptune* 23 (1963) 29–38.
- Carson, Anne* "The Burners. A Reading of Bacchylides' Third Epinician Ode", *Phoenix* 38 (1984) 111–119.
- Castle, W. "Observations on Sappho's To Aphrodite", *TAPhA* 89 (1958) 66–76.
- Cataudella, O. "L'ode di Alceo 'ΩΣ ΛΟΓΟΣ' ΚΑΚΩΝ ... (Diehl 74, Lobel 26)", *Atene e Roma* 9 (1928) 81–85 = *Intorno ai lirici greci* (Rome 1972) 61–65.
- Conway, G.S. *The Odes of Pindar* (Londen 1972).
- Crotty, K.M.* *Song and Action: the Victory Odes of Pindar* (Baltimore/Londen 1981).
- Crotty, K.M. *Pindaric Beginnings. The Uses of Structure in Pindar* (Michigan 1981).
- Da Rocha Perreira, Maria H. "Anacreon", *Das Altertum* 12 (1966) 84–96.
- Dale, A. Margaret "The Metrical Units of Greek Lyric Verse. I", *CQ* 44 (1950) 138–148; II, *CQ* n.s. 1 (1951) 20–30; III, *CQ* n.s. 1 (1951) 119–129.
- Dale, A. Margaret *Collected Papers* (Cambridge 1969).

- Dane, J.A. "Sappho Fr.16: An Analysis", *Eos* 69 (1981) 185-192.
- Davison, J.A. "Anacreon, Fr.5 Diehl", *TAPhA* 90 (1959) 44-47 = *From Archilochus*, 247-255.
- Davison, J.A. *From Archilochus to Pindar* (Londen/Melbourne 1968).
- Davison, J.A. "Simonides Fr.13 Diehl", *CQ* 29 (1935) 89-95 = *From Archilochus* 257-276.
- Degani, E. & Burzacchini, G. *Lirici greci* (Florence 1977, 3de herdruk 1984).
- Demargne, P. *Aegean Art. The Origins of Greek Art* (Londen 1964).
- Demarque, M.C. *Traditional and Individual Ideas in Bacchylides* (Urbana, Illinois 1966).
- Denniston, J.D. *The Greek Particles* (Oxford 1934, 2de uitgawe 1966).
- Des Bouvrie Thorsen, S.* "The Interpretation of Sappho's fr.16 L-P", *SO* 53 (1978) 5-23.
- Devereux, G. "The Enetian Horse of Alkman's Parthenaeion", *Hermes* 94 (1966) 129-134.
- Devereux, G. "The Nature of Sappho's Seizure in Fr.31LP as Evidence of her Inversion", *CQ* 20 (1970) 17-31.
- Devereux, G. "The Kolaxian Horse of Alkman's Parthenaeion," *CQ* 15 (1965) 176-184.
- Dickie, M.W. "On the Meaning of ephemeris", *ICS* 1 (1976) 7-14.
- Diehl, E. *Anthologia Lyrica Graeca* (Leipzig 1924, 1935-1942, heruitgegeve deur R. Beutler, 1949-1952: fasc. 2: *Theognis et al.* (1950).
- Dodds, E.R. *The Greeks and the Irrational* (Berkeley 1956).
- Drachmann, A.B. *Scholia Vetera in Pindari Carmina*, 3 vols. (Leipzig 1903, herdruk Amsterdam 1964).
- Du Bois, P.* "Sappho and Helen", *Arethusa* 11 (1978) 89-99.
- Dumortier, J. "De quelques associations d'images chez Bacchylide" (in Calder & Stern, *Pindaros und Bacchylides*, 414-417).

- Edgeworth, R.J. "Sappho Fr.31.14 L-P: ΧΑΛΟΠΟΤΕΡΑ ΠΟΙΙΑΣ", *AClass* 27 (1984) 121-124.
- Edmonds, J.M. *Lyra Graeca*, 3 vols. (Loeb, Londen 1922, herdruk 1964).
- Eisenberger, H. *Der Mythos in der Aeolischen Lyrik* (Frankfurt-am-Main 1956).
- Eisenberger, H. "Ein Beitrag zur Interpretation von Sapphos Fragment 16LP", *Philologus* 103 (1959) 130-135.
- Fagles, R. *Bacchylides, Complete Poems* (New Haven 1961).
- Färber, H. *Die Lyrik in der Kunsttheorie der Antike* (München 1936).
- Farnell, G.S. *Greek Lyric Poetry* (Londen 1891).
- Farnell, L.R. *The Works of Pindar* (Londen 1932).
- Fatouros, G. *Index Verborum zur frühgriechischen Lyrik* (Heidelberg 1966).
- Fennell, C.A.M. *Pindar: The Nemean and Isthmian Odes* (Cambridge 1899).
- Fränkel, H. "Man's 'Ephemerous' Nature", *TAPhA* 77 (1946) 131-145.
- Fränkel, H. *Early Greek Poetry and Philosophy* (vert. deur M. Hadas & J. Willis, Oxford 1975 = *Dichtung und Philosophie des frühen Griechentums*, New York 1951, München 1962, 3de uitga-we 1969).
- Fränkel, H. *Wege und Formen frühgriechischen Denkens* (München 1955, herdruk 1960).
- Fränkel, H. "Pindar's Religion" (in Calder & Stern, *Pindaros und Bacchylides*, 232-258). *Alcmane. I frammenti* (Napels 1954).
- Garzya, A. "Sul nuovo Alcmane", *Maia* 14 (1962) 209-211.
- Gelzer, T.* "Μοῦσα ἀϋθιγενής. Bemerkungen zu einem Typ Pindarischer und Bakchylideischer Epinikien", *MH* 42 (1985) 95-120.
- Gentili, B. *Bacchilide. Studi* (Messina 1953, Urbino 1958).

- Gentili, B. *Anacreon* (Roma 1958).
- Gentili, B. "La veneranda Saffo", *QUCC* 2 (1966) 37–62.
- Gentili, B. "Sul testo del fr.287P di Ibico", *QUCC* 2 (1966) 124–127.
- Gentili, B. "Metodi di lettura (su alcune congetture ai poeti lirici)", *QUCC* 4 (1967) 177–181.
- Gentili, B. "Il 'letto insaziato' di Medea e il tema dell' *Adikia* a livello amoroso nei lirici (Saffo, Teognide) e nella Medea di Euripide", *SCO* 21 (1972) 60–72.
- Gentili, B. "Il partenio di Alcmane e l'amore omoeerotico femminile nei tiasi spartani", *QUCC* 22 (1976) 59–67.
- Gentili, B. (et al.) "Mimnermo", *Maia* 17 (1965) 366–387.
- Gentili, B. *La Metrica dei Greci* (Messina-Florence 1973).
- Gerber, D.E. "A Survey of Publications on Greek Lyric Poetry Since 1952, I"; *CW* 61.7 (1968) 265–279; II, *CW* 61.8 (1968) 317–330; III, *CW* 61.9 (1968) 373–385.
- Gerber, D.E. "Studies in Greek Lyric Poetry: 1967–1975", *CW* 70 (1976) 65–157.
- Gerber, D.E. *Euterpe. An Anthology of Early Greek Lyric, Elegiac, and Iambic Poetry* (Amsterdam 1970).
- Gerber, D.E. *A Bibliography of Pindar 1513–1966* (Michigan 1969).
- Gerber, D.E. *Emendations in Pindar 1513–1972* (Amsterdam 1976).
- Giacomelli, Anne "The Justice of Aphrodite in Sappho Fr.1" *TAPhA* 110 (1980) 135–142.
- Giangrande, G. "Interpretationen griechischer Meliker", *RhM* 114 (1971) 97–131.
- Gianotti, G.F. "Mito ed encomio: il carme di Ibico in onore di Policrate", *RFIC* 101 (1973) 401–410.
- Greengard, C.* *The Structure of Pindar's Epinician Odes* (Amsterdam 1980).
- Griffiths, A. "Alcman's Partheneion: the Morning

- Halporn, J.W. "After the Night Before", *QUCC* 14 (1972) 7-30.
- Hamilton, R. "Agido, Hagesichora, and the Chorus. Alcman 1.37ff.PMG" (in *Antidosis. Festschrift Walther Kraus* = *WS Beiheft* 5, Wenen, 1972, 124-138).
- Hamm, E.M. *Epinikion. General Form in the Odes of Pindar* (Den Haag/Parys 1974).
- Hampé, R. *Grammatik zu Sappho und Alkaios* (Berlyn 1957).
- Harvey, A.E. "Paris oder Helena? Zu Sappho fr.27a Diehl", *MH* 8 (1951) 144-146.
- Harvey, A.E. "Homeric Epithets in Greek Lyric Poetry", *CQ* 7 (1957) 206-223.
- Harvey, A.E. "The Classification of Greek Lyric Poetry", *CQ* 5 (1955) 157-175.
- Harvey, F.D. "Oxyrhynchus Papyrus 2390 and Early Spartan History", *JHS* 87 (1967) 62-73.
- Heath, M.* "The Origins of Modern Pindaric Criticism", *JHS* 106 (1986) 85-98.
- Heitsch, E. "Zum Sappho-Text", *Hermes* 95 (1967) 385-392.
- Heitsch, E. "Sappho 2,8 und 31,9 L-P", *RhM* 105 (1962) 284-285.
- Henderson, W.J. *Aristoteles en Horatius, en die liriese gedig* (RAU Publikasiesreeks A78, Johannesburg 1975).
- Henderson, W.J. "Gesag en norm in die Griekse liriek" (in *Gesag en Norm in die Taal en Letterkunde*, red. F.F. Odendal, vol. I, 122-135, RAU Publikasiereeks C19, Johannesburg 1978).
- Henderson, W.J. "Apollo and Dionysos in Greek Lyric", *Apollo* 1 (1981) 10-15.
- Henderson, W.J. "Geleentheid en die antieke Griekse liriek", *Humanitas* 7 (1981) 61-64.
- Hiersche, R. "Zu Sappho 2,9D²", *Glotta* 44 (1966) 1-5.
- Hooker, J.T. "The Unity of Alcman's Partheneion", *RhM* 122 (1979) 211-221.

- Howie, J.G.* "Sappho fr.16 (LP). Self-Consolation and Encomium", *Papers of the Liverpool Latin Seminar* (1976) 207-235.
- Hubbard, T.K.* *The Pindaric Mind: A Study of Logical Structure in Early Greek Poetry* (Leiden 1985).
- Huxley, G.L. *Early Sparta* (Londen 1962).
- Irigoin, J.* "La composition métrique de la 3e Epinicie de Bacchylide", *Eclás* 26 (1924) 85-91.
- Jaeger, W. *Paideia. The Ideals of Greek Culture*, I (Oxford 1939, herdruk 1970).
- Janni, P. "Interpretazioni di Alcmane", *RFIC* 90 (1962) 180-185.
- Janni, P. "I nuovi papiri di Ossirinco e la patria di Alcmane", *Studi Urbinati* 32 (1958) 173-181.
- Janni, P. "Alcmane: problemi di cronologia", *Studi Urbinati* 33 (1959) 162-172.
- Janni, P. "Note esegetiche e testuali: Agido e Agesicora", *RFIC* 92 (1964) 59-65.
- Jebb, R.C. *Bacchylides. The Poems and Fragments* (Cambridge 1905).
- Johnson, W.R.* *The Idea of Lyric* (California 1982).
- Kamerbeek, J.C. "Sapphica", *Mnemosyne* 4.9 (1956) 97-102.
- Kamerbeek, J.C. & Verdenius, W.J. *Bloemlezing uit de Oudste Griekse Lyriek* (Zwolle, 2de uitgawe 1969).
- Kegel, W.J.H.F. *Simonides* (Groningen 1962).
- Kegel, W.J.H.F. "Anacreon en de Anacreontea: een merkwaardige receptiegeschiedenis", *Lampas* 13 (1980) 372-376.
- Kirby, J.T.* "Toward a General Theory of the Priamel", *CJ* 80.2 (1984-1985) 142-144.
- Kirkwood, G.M. *Early Greek Monody* (Ithaca/Londen 1974).
- Kirkwood, G.M. "A Survey of Recent Publications Concerning Classical Greek Lyric Poetry", *CW* 47 (1953) 33-54.
- Köhnken, A. *Die Funktion der Mythen bei Pindar* (Berlyn 1971).

- Koniaris, GL. "On Sappho, Fr.1 (Lobel-Page)", *Philologus* 109 (1965) 30–38.
- Koniaris, G.L. "On Sappho, Fr.31 (L-P)", *Philologus* 112 (1968) 173–186.
- Koniaris, G.L. "On Sappho, Fr.16 (LP)", *Hermes* 95 (1967) 257–268.
- Koster, W.J.H. "Ad Sapph. I,18–19", *Mnemosyne* 4.21 (1968) 415–417.
- Krischer, T. "Sapphos Ode an Aphrodite. (Typologische Bemerkungen)", *Hermes* 96 (1968) 1–14.
- Kukula, R.C. "Alkmans Partheneion. Ein Beitrag zum lakonisch Artemiskulte", *Philologus* 66 (1907) 202–230.
- Lasserre, F. *La figure d'Eros dans la poésie grecque* (Lausanne 1946).
- Latacz, J. "Realität und Imagination. Eine neue Lyrik-Theorie und Sapphos φαίνεται μοι κῆνος-Lied", *MH* 42 (1985) 67–94.
- Latacz, J.* "Zu den 'pragmatischen' Tendenzen der gegenwärtigen gräzistischen Lyrik-Interpretation", *WJA* 12 (1986) 34–56.
- Lattimore, R. *Greek Lyrics* (Chicago/Londen, 2de uitgawe 1970).
- Lawler, Lillian B. "Pepoikilmena zoia", *CJ* 56 (1960–1961) 349–351.
- Lefkowitz, Mary R. *The Victory Ode. An Introduction* (Park Ridge, New Jersey 1976).
- Lefkowitz, Mary R. *The Lives of the Greek Poets* (Londen 1981).
- Lefkowitz, Mary R. "Critical Stereotypes and the Poetry of Sappho", *GRBS* 14 (1973) 113–123.
- Liebermann, W.L.* "Überlegungen zu Sapphos Höchstwert", *AG&A* 26 (1980) 51–74.
- Lloyd-Jones, H. "Simonides, P.M.G. 351", *CR* 24 (1974) 1.
- Lobel, E. & Page, D.L. *Poetarum Lesbiorum Fragmenta* (Oxford 1955, 1968).
- Luppino, A. "In margine all'ode di Saffo ad Afrodite", *PP* 11 (1956) 359–363.

- Macleod, C.W.* "Two Comparisons in Sappho", *ZPE* 15 (1974) 217–220.
- Maehler, H. *Die Auffassung des Dichterberufs im frühen Griechentum bis zur Zeit Pindars* (Hypomnemata Heft 3, Göttingen 1963).
- Maehler, H. *Die Lieder des Bakchylides, Erster Teil, Die Siegeslieder: I. Edition des Textes mit Einleitung und Übersetzung, II. Kommentar* (Leiden 1982).
- Marcovich, M. "Sappho Fr.31: Anxiety Attack or Love Declaration?", *CQ* 22 (1972) 19–32.
- Marcovich, M. "Anacreon, 358 PMG (ap. Athen. XIII. 599C)", *AJPh* 104 (1983) 372–383.
- Marinatos, S. *Crete and Mycenae* (London 1960).
- Marry, J.D. "Sappho and the Heroic Ideal: ἔρωτος ἀρετή", *Arethusa* 12 (1979) 71–92.
- Martin, H. *Alcaeus* (New York 1972).
- Marzullo, B. "Il primo Partenio di Alcmane", *Philologus* 108 (1964) 174–210.
- McEvilley, T. "Sappho, Fragment Thirty-One. The Face behind the Mask", *Phoenix* 32 (1978) 1–18.
- Merkelbach, R. "Sappho und ihr Kreis", *Philologus* 101 (1956) 1–29.
- Meyerhoff, D.* *Traditioneller Stoff und individuelle Gestaltung. Untersuchungen zu Alkaios und Sappho* (Hildesheim/Zürich/New York 1984).
- Milne, H.J.M. "The Final Stanza of ΦΑΙΝΕΤΑΙ ΜΟΙ", *Hermes* 71 (1936) 126–128.
- Most, G.W.* "Sappho fr.16.6–7L–P", *CQ* 31 (1981) 11–17.
- Mullen, W.* *Choreia: Pindar and Dance* (Princeton, New Jersey 1982).
- Murgatroyd, P. "Anacreon in Translation", *Akroterion* 23.4 (1978) 11–22.
- Murgatroyd, P.* "Alcman in Translation", *Akroterion* 31.2/3 (1986) 51–63.
- Nannini, Simonetta "Alcmane e gli Euripontidi", *QUCC* 22 (1976) 69.

- Neuberger-Donath, Ruth "Sappho Fr.1.1. ΠΟΙΚΙΛΟΘΡΟΝ' oder ΠΟΙΚΙΛΟΦΡΟΝ'", *WS* 82 (1969) 15-17.
- Neuberger-Donath, Ruth* "Sappho 31.2S", *AClass* 20 (1977) 199-200.
- Newman, J.K. & F.S.* *Pindar's Art: Its Traditions and Aims* (Hildesheim 1984).
- Nierhaus, R. *Strophe und Inhalt im pindarischen Epinikion* (Würzburg 1936).
- Norden, E. *Agnostos Theos. Untersuchungen zur Formgeschichte religiöser Rede* (Stuttgart 1956).
- Norwood, G. *Pindar* (Berkeley/Los Angeles 1945).
- Nöthiger, M. *Die Sprache des Stesichorus und des Ibycus* (Zürich 1971).
- Oehler, R. *Mythologische Exempla in der älteren griechischen Dichtung* (Basel 1925).
- Page, D.L. *Alcman. The Partheneion* (Oxford 1951).
- Page, D.L. "Ibycus' Poem in Honour of Polycrates", *Aegyptus* 31 (1951) 158-172.
- Page, D.L. "Simonidea", *JHS* 71 (1951) 138-140.
- Page, D.L. *Poetae Melici Graeci* (Oxford 1962, herdruk 1967, 1975).
- Page, D.L. *Sappho and Alcaeus* (Oxford 1955).
- Page, D.L. "Poetry and Prose: Simonides, P.M.G. 531, Ibycus 298", *CR* 21 (1971) 317-318.
- Parry, M. "The Homeric Language as the Language of an Oral Poetry", *HSCP* 43 (1932) 1-50.
- Pavese, C.O. "Alcmane, il Partenio del Louvre", *QUCC* 4 (1967) 113-133.
- Peron, J. "Le poème à Polycrate, une 'palinodie' d'Ibycus", *RPh* 56 (1982) 33-56.
- Peron, J.* "Les mythes de Crésus et de Méléagre dans les Odes III et V de Bacchylide", *REG* 91 (1978) 307-339.
- Perrotta, G. "Il lamento di Danae", *Maia* 4 (1951) 81-117.
- Perrotta, G. & Gentili, B. *Polinnia. Poesia greca arcaica* (Messina/Florence 1948, 7de uitgawe 1973).
- Pieper, G. *Unity and Poetic Technique in the*

- Pisani, V. *Odes of Bacchylides* (Michigan 1969).
"Zwei Vermutungen zu Sappho", *Glotta* 50 (1972) 28–29.
- Platnauer, M. *Fifty Years (and Twelve) of Classical Scholarship* (Oxford 1968).
- Podlecki, A. "Simonides: 480", *Historia* 17 (1968) 257–275.
- Podlecki, A.* *The Early Greek Poets and their Times* (Vancouver 1984).
- Privitera, G.A. "La rete di Afrodite. Ricerche sulla prima ode di Saffo", *QUCC* 4 (1967) 7–58.
- Privitera, G.A. "Saffo Fr.31,13 L–P", *Hermes* 97 (1969) 261–272.
- Privitera, G.A.* *Pindaro, Le Istmitiche* (Milaan 1982).
- Puech, A. *Pindare, IV. Isthmiques et Fragments* (Parys 1961).
- Puelma, M. "Die Selbstbeschreibung des Chores in Alkmans grossem Partheneion-Fragment (fr.1P = 23B., 1D.V. 36–105)", *MH* 34 (1977) 1–55.
- Putnam, M.C.J. "Throna and Sappho 1.1", *CJ* 56 (1960–1961) 79–83.
- Race, W.H. " 'That man' in Sappho fr.31 L–P", *ClAnt* 11 (1983) 92–101.
- Radermacher, L. "Miscellen. Bacchylides III", *WS* 52 (1934) 139–140.
- Radt, S.L. "Sapphica", *Mnemosyne* 4.23 (1970) 337–347.
- Radt, S.L. "Nieuwe benaderingen van Pindarus", *Lampas* 13 (1980) 389–405.
- Raven, D.S. *Greek Metre. An Introduction* (Londen 1962).
- Reinach, T. & Puech, A. *Alcée. Sappho* (Budé, Parys 1960).
- Renahan, R. "Anacreon Fragment 13 Page", *CPh* 79 (1985) 28–32.
- Richter, Gisela *A Handbook of Greek Art* (Londen 1967; 7de hersiene druk 1974).
- Risch, E. "ἑρόνος, ἑρόνα und die Komposita vom Typus χερσόθερονος", *Studi Classici* 14 (1972) 17–25.

- Rissman, Leah* *Love as War: Homeric Allusion in the Poetry of Sappho* (Königstein 1983).
- Rivier, A. "Observations sur Sappho, 1, 19 sq.", *REG* 80 (1967) 84–92.
- Robbins, E.* "Everytime I Look at You ... Sappho Thirty-One", *TAPhA* 110 (1980) 255–261.
- Robertson, M. "Ibycus: Polycrates, Troilus, Polyxena", *BICS* 17 (1970) 11–15.
- Rosenmeyer, T.G. "Alcman's Partheneion I Reconsidered", *GRBS* 7 (1966) 321–359.
- Rösler, W. *Dichter und Gruppe* (München 1980).
- Rösler, W. "Persona reale o persona poetica? L'interpretazione dell' 'io' nella lirica greca arcaica", *QUCC* 19 (1985) 131–144.
- Rubin, Nancy F. "The Epinician Speaker in Pindar's First Olympian", *Poetics Today* 5.2 (1984) 377–397.
- Rudberg, G. "Zu Pindaros' Religion" (in Calder & Stern, *Pindaros und Bakchylides*, 259–277).
- Russell, D.A. *'Longinus' on the Sublime* (Oxford 1964).
- Rydbeck, L. "Sappho's ΦΑΙΝΕΤΑΙ ΜΟΙ ΚΗΝΟΣ", *Hermes* 97 (1969) 161–166.
- Saake, H. *Zur Kunst Sapphos* (München 1971).
- Saake, H. *Sappho-Studien* (München 1972).
- Sandys, J.E. *Pindar* (Loeb, London 1915, herdruk 1961).
- Schadewaldt, W. *Sappho* (Potsdam 1950).
- Schadewaldt, W. *Der Aufbau des pindarischen Epinikion* (Tübingen 1966).
- Schadewaldt, W. "Fragment 27aD. Das Schönste" (in *Antike Lyrik*, red. W. Eisenhut, Darmstadt 1970, 73–81).
- Scheidweiler, F. "Zu Alkmans Partheneion", *RhM* 93 (1950) 242–249.
- Schmid, W. & Stählin, O. *Geschichte der griechischen Literatur* (München 1959–1964).
- Schmitt, R. "Bakchylides' ἀβροβότας und die Ira-

- Schrijen, J.J.A. nien-Nomen mit Anlaut ABPA/O-", *Glotta* 53 (1975) 207-216.
- Schwenn, F. *Elpis. De Voorstelling van de Hoop in de Griekse Literatuur tot Aristoteles* (Groningen 1965).
- Schwyzer, E. "Zu Alkmans grossem Partheneion-Fragment", *RhM* 86 (1937) 289-315.
- Segal, C. *Griechische Grammatik*, vols. I-IV (München 1953-1971).
- Segal, C. "Bacchylides Reconsidered", *QUCC* 22 (1976) 109-114.
- Segal, C. "Sirius and the Pleiades in Alcman's Louvre Partheneion", *Mnemosyne* 4. 36 (1983) 260-275.
- Segal, C. & Providence, R.I. "Croesus on the Pyre: Herodotus and Bacchylides", *WS* 84 (1971) 39-51.
- Segal, C.* "Eros and Incantation. Sappho and Oral Poetry", *Arethusa* 7 (1974) 139-160.
- Simonini, Laura "Il Fr.282P. di Ibico", *Acme* 32 (1979) 285-298.
- Sinos, D.S.* "Sappho, fr.31 LP, Structure and Context", *Aevum* 56 (1982) 25-32.
- Sisti, F. "Ibico e Policrate", *QUCC* 2 (1966) 91-102.
- Sisti, F. "L'ode a Policrate. Un caso di recusatio in Ibico", *QUCC* 4 (1967) 59-79.
- Slater, W.J. *Lexicon to Pindar* (Berlyn 1969).
- Smyth, H.W. *Greek Melic Poets* (New York 1899, herdruk 1963).
- Snell, B. "Sappho's Gedicht φαίνεται μοι κῆνος", *Hermes* 66 (1931) 71-90.
- Snell, B. *Poetry and Society. The Role of Poetry in Ancient Greece* (Bloomington 1961).
- Snell, B. *Griechische Metrik* (Göttingen 1955, 3de uitgawe 1962).
- Snell, B. *Gesammelte Schriften* (Göttingen 1966).
- Snell, B. & Maehler, H. *Pindarus. Pars I. Epinicia* (Teubner, Leipzig 1980).
- Stanley, K. "The Role of Aphrodite in Sappho fr.1", *GRBS* 17 (1976) 305-321.

- Steiner, Deborah* *The Crown of Song: Metaphor in Pindar* (Londen 1986).
- Stern, E.M. "Sappho Fr.16 L.P. Zur strukturellen Einheit ihrer Lyrik", *Mnemosyne* 4. 23 (1970) 348–361.
- Thummer, E. *Pindar. Die Isthmischen Gedichte*, 2 vols. (Heidelberg 1969).
- Treu, M. *Alkaios. Lieder* (München 1952).
- Treu, M. *Von Homer zur Lyrik. Wandlungen des griechischen Weltbildes im Spiegel der Sprache* (Zetemata Heft 12, München 1968).
- Treu, M. "Alkman", *RE Suppl.* XI, kol. 19–29.
- Treu, M. *Sappho* (München, 2de uitgawe 1958).
- Treu, M. "Die mythischen Balladen des Alkaios" (in *Antike Lyrik*, red. W. Eisenhut, Darmstadt 1970, 51–72).
- Treu, M. "Alkaios", *RE Suppl.* XI, kol. 8–19.
- Treu, M. "Anakreon", *RE Suppl.* XI, kol. 30–37.
- Trumpf, J. "Kydonische Äpfel", *Hermes* 88 (1960) 14–22.
- Trumpf, J. "Über das Trinken in der Poesie des Alkaios", *ZPE* 12 (1973) 139–160.
- Trypanis, C.A. *The Penguin Book of Greek Verse* (Londen 1971, herdruk 1984).
- Tsagarakis, O. "Some Neglected Aspects of Love in Sappho's Fr.31LP", *RhM* 122 (1979) 97–118.
- Tsagarakis, O.* "Broken Hearts and the Social Circumstances in Sappho's Poetry", *RhM* 129 (1986) 1–17.
- Van Bennekom, R. "Sappho I, 18–19", *Mnemosyne* 4.25 (1972) 213–222.
- Van Erp Taalman Kip, A. Maria "Enige interpretatieproblemen in Sappho", *Lampas* 13 (1980) 336–354.
- Van Erp Taalman Kip, A. Maria "Problemen rond Sappho's poëzie", *Hermeneus* 58 (1986) 172–176.
- Van Groningen, B.A. "Das Rätsel des Alkmanschen Parthenions", *Mnemosyne* 3.3 (1935–1936) 241–261.
- Van Groningen, B.A. *La composition littéraire archaïque grecque* (Amsterdam 1958).

- Van Hooff, A.J.L. & Kock-Rademakkers, M.* "Een gebed van vrouw tot vrouw, bij een vertaling van de eerste ode van Sappho", *Hermeneus* 51 (1979) 190-194.
- Van Rooy, C.A. *Antieke Griekse Geschiedenis* (Durban-Pretoria 1980).
- Verdenius, W.J. "Two notes on Sappho Frag.1", *Mnemosyne* 4.9 (1956) 102.
- Verdenius, W.J. "Pindar's Seventh Olympian Ode. Supplementary Comments", *Mnemosyne* 4.29 (1976) 249.
- Voigt, Eva-Maria *Sappho et Alcaeus* (Amsterdam 1971).
- Weber, L. "Simonides' ἐγκώμιον auf die Thermopylenkämpfer", *PhW* 47 (1927) 473-478.
- Wellein, L.T. "Duality in Ibycus 3", *CB* 36 (1959-1960) 40-41.
- Werner, O. *Pindar* (München 1967).
- West, M.L. "Alcmanica", *CQ* 15 (1965) 188-215.
- West, M.L. "Conjectures on 46 Greek Poets", *Philologus* 110 (1966) 147-168.
- West, M.L. "Melica", *CQ* 20 (1970) 205-215.
- West, M.L. "Burning Sappho", *Maia* 22 (1970) 305-330.
- West, M.L. "Some Lyric Fragments Reconsidered", *CQ* 25 (1975) 307-309.
- West, M.L. "Prose in Simonides", *CR* 17 (1967) 133.
- West, M.L.* "Simonides' Danae Fragment. A Metrical Analysis", *BICS* 28 (1981) 30-38.
- Wigodsky, M. "Anacreon and the Girl from Lesbos", *CPh* 57 (1962) 109.
- Wilamowitz-Moellendorff, U. "Der Chor der Hagesichora", *Hermes* 32 (1897) 251-263.
- von Wilamowitz-Moellendorff, U. *Sappho und Simonides. Untersuchungen über griechische Lyriker* (Berlyn 1913, herdruk Berlyn/Zürich/Dublin 1966).
- von Wilamowitz-Moellendorff, U. *Griechische Verskunst* (Berlyn 1921).
- von Wilamowitz-Moellendorff, U. *Pindaros* (Berlyn 1922, herdruk Berlyn/Zürich/Dublin 1966).

- Will, F. *The Generic Demands of Greek Literature* (Amsterdam 1976).
- Wills, G. "The Sapphic 'Umwertung aller Werte' ", *AJPh* 88 (1967) 434–442.
- Wind, R. "Bacchylides and Pindar. A Question of Imitation", *CJ* 67 (1971–1972) 9–13.
- Woodbury, L. "Gold Hair and Grey, or the Game of Love. Anacreon Fr. 13.358 PMG, 13 Gentili", *TAPhA* 109 (1979) 277–287.
- Woodbury, L.* "The Art of Bacchylides: a Review Article", *Echos du Monde Classique/Classical Views* 30 (1986) 287–304.
- Woodbury, R. "Truth and the Song. Bacchylides 3. 96–98", *Phoenix* 23 (1969) 331–335.
- Wunsch, R. "Hymnos", *RE* IX, 1, kol. 140–183.
- Wyatt, W.F. "Sappho and Aphrodite", *CPh* 69 (1964) 213–214.
- Young, D.C. "Pindaric Criticism" (in Calder & Stern, *Pindaros und Bakchylides*, 1–95).
- Young, D.C. *Pindar. Isthmian 7. Myth and Exempla* (Leiden 1971).
- Zagagi, Netta* "Helen of Troy: Encomium and Apology", *WS* 19 (1985) 63–88.